DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

HANDELINGE

VAN DIE

BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE

TE POTCHEFSTROOM

OP 12 JANUARIE 2016 EN VOLGENDE DAE

Voorwoord

Dit is vir die *Deputate van die Algemene Sinode: Uitgee van Handelinge 2015,* 'n voorreg om die *Handelinge van die Buitengewone Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, gehou te Potchefstroom op 12 Januarie 2016 en volgende dae,* vir gebruik in die kerke beskikbaar te stel. Die Deputate het in die samestelling van die Handelinge gepoog om die feitelike korrektheid daarvan te verseker deur die noukeurige nagaan en orden van alle stukke en besluite, om sodoende 'n dokument daar te stel wat in die GKSA met gemak en vertroue gebruik kan word.

Die behandelde sake is daarom saaklik gegroepeer en van die toepaslike besluite, soos opgeneem in die goedgekeurde notule, voorsien. Wysigings deur die Sinode van stukke, rapporte en aanbevelings is deur die deputate aangebring (word op die toepaslike plekke aangedui).

Die Handelinge van die Buitengewone Algemene Sinode is verder voorsien van die nodige inhoudsopgawe, register van die artikels van die notule en alfabetiese indeks, om sodoende die nagaan van die verskillende stukke en besluite, te vergemaklik.

Mag hierdie Handelinge, deur die genade van die Here, tot heil van die kerke dien.

Ds HJP de Beer (Voorsitter)
Dr W du Plessis (Skriba)
Dr D Lartz
Ds MA Modise
Ds CA Jansen

ISBN: 978-0-86955-237-7

Gedruk en gebind deur:
V&R Drukkery (Edms) Bpk
Tel: 012 333 2462

Inhoudsopgawe

		Bl
1.	**AMPTELIKE OPENING**	
1.1	Opening Roepende Kerkraad	1
1.3	Verwelkoming	1
1.4	Konstituering	1
1.5	Verkiesing van Moderamen	4
1.6	Openlike Verklaring	5
2.	**MOSIES**	
2.1	*Mosies en gelukwensinge*	6
3.	**DAGOPENINGE**	5
4.	**DAGSLUITINGS**	5
5.	**DAAGLIKSE PRESENSIE**	5
6.	**BESOEKERS**	6
7.	**GOEDKEURING VAN DIE NOTULE**	7
8.	**RAPPORT VAN DIE ROEPENDE KERKRAAD**	8
9.	**RAPPORT DEPUTATE AGENDA VAN DIE BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE**	10
10.	**PROGRAMMERING**	12
10.1	Rapport van die Moderamen	22
11.	**BESWAARSKRIFTE – BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE 2016**	
11.	Rapport Deputate Ontvanklikheid van Beswaarskrifte	27
11.1	Beswaarskrif van GK Potchefstroom-Die Bult teen besluite van Sinode 2015 oor “Spesiale” Sinodes	29
11.2	Streeksinode Vrystaat-KwaZulu-Natal : Versoek tot ‘n Buitengewone Algemene Sinode	40
11.3	Beswaarskrif Streeksinode Randvaal teen besluite van Sinode 2015 oor “Spesiale” Sinodes	41
12.	**RAPPORT APPÈLDEPUTATE**	49
21.	**BESWAARSKRIFTE – ALGEMENE SINODE 2012 (Verwysingsnommers soos gepubliseer in Handelinge 2012 word gebruik)**	
21.3	Beswaarskrif GK Bloemfontein-Suid teen die besluit van Sinode 2009 oor dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie	50
21.4	Beswaarskrif GK Klerksdorp teen die besluit van Sinode 2009 tot die saak van die vrou in die diens van ouderling en predikant	62
21.5	Beswaarskrif GK Krugersdorp oor besluit van Sinode 2009 oor “Saak van die vrou”	71

21.7	Beswaarskrif van AH Klopper, AP Kruger, AH Stavast en RL Vorster oor besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die amp	84
21.8	Beswaarskrif van Klassis Oostelike Pretoria teen die besluit van Sinode 2009 – Dat vroue nie as predikant en ouderlinge mag dien nie	96
21.	**BESWAARSKRIFTE – ALGEMENE SINODE 2015 (Verwysings soos gepubliseer in Handelinge 2015 word gebruik)**	
21.2	Beswaarskrif GK Krugersdorp oor besluit van Sinode 2009 “oor saak van die vrou”	101
21.3	Beswaarskrif GK Potchefstroom-Die Bult teen die besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderlinge en predikant	128
	Samevattende Rapport van Kommissie Tematies en Sinchronisasie	134
	Dankwoord	139
	Afsluiting	139

REGISTER VAN ARTIKELS VAN DIE NOTULE
VAN DIE BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE
VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
GEHOU TE POTCHEFSTROOM
OP 12 JANUARIE 2016 EN VOLGENDE DAE

Art 1: Opening en verwelkoming
Art 2: Konstituering
Art 3: Verkiesing van ‘n Moderamen
Art 4: Openlike Verklaring
Art 5: Verdaging vir ete
Art 6: Tolkdienste
Art 7: Rapport Moderamen
Art 8: Rapport Roepende Kerkraad
Art 9: Rapport Deputate Agenda van die Buitengewone Sinode
Art 10: Verwelkoming
Art 11: Aanmelding afgevaardigdes
Art 12: Verwelkoming van professore teenwoordig
Art 13: Rapport: Deputate ontvanklikheid van beswaarskrifte (Bylae 3)
Art 14: Rapport Appèldeputate van die Algemene Sinode (Bylae 4)
Art 15: Rapport van die Deputate Algemene Sinode Programmering
Art 16: Aanvullende Rapport Deputate Programmering (Bylae 5)
Art 17: Beswaarskrif van GK Potchefstroom-Die Bult teen besluite van die Sinode
Art 18: Beswaarskrif Streeksinode Randvaal teen besluite van Sinode 2015 oor “Spesiale” Sinodes
Art 19: Streeksinode Vrystaat Kwazulu-Natal : Versoek tot ‘n Buitengewone Algemene Sinode
Art 20: Verdaging vir ete
Art 21: Ordevoorstel ds PW Kurpershoek
Art 22: Rapport Kommissie Ad Hoc – om die taalpraktyk van die Algemene Sinode na te gaan
Art 23 Dagsluiting, 12 Januarie 2016
Art 24: Dagopening, Woensdag 13 Januarie 2016
Art 25: Aanmelding afgevaardigdes

Art 26: Rapport Ordekommissie
Art 27: Beswaarskrif van GK Potchefstroom-Die Bult teen besluite van die Sinode 2015 oor "Spesiale Sinodes" (verwys na Artikel 17)
Art 28: Streeksinode Vrystaat-Kwazulu-Natal : Versoek tot 'n Buitengewone Algemene Sinode (verwys na Artikel 19)
Art 29: Beswaarskrif Streeksinode Randvaal teen besluite van Sinode 2015 oor "Spesiale" Sinodes (verwys na Artikel 18)
Art 30: Voorhou en goedkeuring van notule
Art 31: Aanmelding afgevaardigdes
Art 32: Rapport van Kommissie om te adviseer oor die besluit insake Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal insake Spesiale Sinodes (Bylae 6) (verwys na besluit Art 29)
Art 33: Tweede Rapport kommissie ad hoc – om die taalpraktyk van die Algemene Sinode na te gaan
Art 34: Verdaging vir ete
Art 35: Tweede Rapport kommissie ad hoc – om die taalpraktyk van die Algemene Sinode na te gaan (verwys na Art 33)
Art 36: Aanvullende rapport Deputate Programmering (verwys na art 16)
Art 37: Beswaarskrif GK Bloemfontein-Suid teen die besluit van Sinode 2009 oor dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie (Artt 17, 22, 258)
Art 38: Beswaarskrif GK Klerksdorp teen die besluit van Sinode 2009 tot die saak van die vrou in die diens van ouderling en predikant (Artt 17, 31, 258)
Art 39: Beswaarskrif GK Krugersdorp teen die besluit van Sinode 2009 oor "Saak van die vrou" (Artt 17, 23, 258)
Art 40: Beswaarskrif van AH Klopper, AP Kruger, AH Stavast en RL Vorster oor besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die amp (Artt 17, 25, 258)
Art 41: Beswaarskrif van Klassis Oostelike Pretoria oor besluit van Sinode 2009 – Dat vroue nie as predikant en ouderling mag dien nie (Artt 17, 27, 258)
Art 42: Beswaarskrif GK Krugersdorp oor besluit van Sinode 2009 "oor saak van die vrou" (Artt 33, 35, 245)
Art 43: Beswaarskrif GK Potchefstroom-Die Bult teen die besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderlinge en predikant (Artt 33, 36, 245)
Art 44: Rapport: Ad Hoc Kommissie vir die samestelling van kommissies
Art 45: Verdaging vir ete
Art 46: Dagsluiting, 13 Januarie 2016
Art 47: Dagopening, 14 Januarie 2016

Art 48: Aanmelding afgevaardigdes
Art 49: Rapport Ordekommissie
Art 50: Vergadering verdaag vir kommissiewerk
Art 51: Vergadering hervat
Art 52: Voorhou en goedkeuring van notule
Art 53: Deputate – Beswaargronde van Beswaarskrifte GK Potchefstroom-Die Bult en Streeksinode Randvaal (verwys art 32)
Art 54: Verwelkoming ds AH Reitsema
Art 56: Rapport Kommissie Tematiese en Sinchronisasie : Eerste Rapport
Art 57: Verdaging vir ete en verdere kommissiewerk
Art 58: Rapport: Beswaarskrif van Klopper, Kruger, Stavast en Vorster. Sinode 2003. Vrou in die amp van diaken
Art 59: Dagsluiting, 14 Januarie 2016
Art 60: Dagopening, 15 Januarie 2016
Art 61: Rapport Ordekommissie
Art 62: Aanmelding afgevaardigdes
Art 63: Rapport Kommissie GK Bloemfontein-Suid en GK Krugersdorp rakende 1 Korintiërs14
Art 64: Aanmelding afgevaardigdes
Art 65: Rapport Kommissie Beswaarskrifte – Prakties
Art 66: Rapport Kommissie Kerkregtelike aspekte van Beswaarskrifte
Art 67: Verdaging vir ete
Art 68: Rapport Kommissie Kerkregtelike aspekte van Beswaarskrifte (verwys art 66)
Art 69: Kommissie vir pre-advies 2.5.4.3.8.4 Beswaargronde: Openbaringshistories
Art 70: Verdaging vir ete
Art 71: Kommissie vir pre-advies 2.5.4.3.8.4 Beswaargronde: Openbaringshistories (verwys art 70)
Art 72: Rapport Kommissie Beswaarskrifte – Prakties (verwys art 65)
Art 73: Voorhou en goedkeuring van notule
Art 74: Toeligting deur Deputate Kerkgroei
Art 75: Afsluiting, 15 Januarie 2016
Art 76: Dagopening, 16 Januarie 2016
Art 77: Rapport Ordekommissie
Art 78: Aanmelding oudl MM Venter
Art 79: Kommissie rakende 1 Timoteus 2 – Minderheidsrapport

Art 80: Meerderheidsrapport : Beswaarskrif GK Krugersdorp oor besluit van Sinode 2009 “oor saak van die vrou” (nommering reggestel)

Art 81: Rapport: Beswaarskrif GK Bloemfontein-Suid teen die besluit van Sinode 2009 oor dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie (nommering reggestel)

Art 82: Rapport: Die beswaar van die GK Krugersdorp rakende die besluit van die Algemene Sinode 2009 oor die vrou in die amp van die ouderling en predikant

Art 83: Kommissie Tematiese en Sinchronisasie Eerste Rapport

Art 84: Kommissie Tematiese en Sinchronisasie Tweede Rapport

Art 85: Kommissie Tematiese en Sinchronisasie Derde Rapport GK Bloemfontein-Suid

Art 86: Kommissie Tematiese en Sinchronisasie Vierde Rapport Beswaarskrif GK Klerksdorp

Art 87: Kommissie Tematiese en Sinchronisasie Vyfde Rapport Beswaarskrif 1 van GK Krugersdorp

Art 88: Kommissie Tematiese en Sinchronisasie Sesde Rapport Beswaarskrif 2 van GK Krugersdorp

Art 89: Voorhou en goedkeuring van notule

Art 90: Bedankings

Art 91: Notule

Art 91: Afsluiting

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

HANDELINGE

VAN DIE BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE GEHOU TE POTCHEFSTROOM OP 12 JANUARIE 2016 EN VOLGENDE DAE

1. AMPTELIKE OPENING

1.1 *Opening* (Art 1)

Ds HS Coetzee, voorsitter van die Roepende Kerkraad GK Potchefstroom-Die Bult, open die vergadering deur Psalm 100 te laat sing, Psalm 130 te lees en 'n toepaslike verklaring van die gelese gedeelte te gee. Vervolgens gaan hy die vergadering voor in gebed.

1.2 *Verwelkoming* (Art 1)

Ds HS Coetzee heet alle teenwoordiges van harte welkom in Potchefstroom.

1.3 *Konstituering* (Art 2)

Ds HS Coetzee hou vervolgens die name van afgevaardigdes volgens die kredensiebriewe soos van die onderskeie Streeksinodes ontvang, aan die vergadering voor (Bylae 1). Die volgende broeders is as primi afgevaardigdes teenwoordig behalwe wanneer anders vermeld:

Streeksinode Bosveld

Predikante	***Ouderlinge***
Ds HJP de Beer	Oudl MPA de Beer
Dr EJ de Beer	Oudl JAJ Hoffman
Ds CJ Nagel (jr)	Oudl DM Kruger
Ds PJ Jansen van Nieuwenhuizen	Oudl G Schuring
Ds PR Gouws	Oudl JTS van der Merwe
Dr C Botha (Sek)	Oudl S Chambers
Ds CJJ Putter	Oudl JT van der Linde
Ds SP Venter	Oudl HCA Booysen
Ds N Boy	Oudl PH Rheeders
Dr DJ de Kock	Oudl RF van Aarde
Ds G Opperman	Oudl RA Nzero (Sek)
Ds NN Ligege	Oudl RB du Preez
Ds NJ van der Walt	Oudl KP Mapholi
Ds JL Lee	Oudl GT Siphoro (Sek)
Ds JG Tredoux	Oudl PJ Kruger
Ds MN Muhadi	

Oostelike Streeksinode

Predikante	***Ouderlinge***
Ds PW Kurpershoek	Oudl AT Dreyer
Ds LSD du Plessis	Oudl DL de Beer

Ds GJ Erasmus
Ds PJ van der Walt
Ds D Pansegrouw
Dr JJJ Erasmus
Ds GC Coetzee
Ds CJH Breed
Ds CA Jansen
Ds MAF Krüger
Ds AF Berg (Sek)
Ds AP Tredoux
Ds JL Aucamp
Ds RP Buys
Ds DJ Dykstra
Ds MA Modise
Dr AJ Krüger
Ds LP van Jaarsveld
Ds LJ Buys
Ds AJ Myburgh

Oudl J Potgieter
Oudl M van Wyk
Oudl JP Dreyer
Oudl L Venter
Oudl OJF Hartung
Oudl BD Bakker
Oudl SAJ vdM Venter
Oudl J Enslin
Oudl J Breed
Oudl JC Kruger
Oudl NJ Hartung
Oudl J Dube

Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal

Predikante

Ds OJ Struwig
Ds MJ Smidt
Ds AL Pelser
Ds TJ van Vuuren
Dr RM van der Merwe
Dr JA Erasmus
Ds AH Stavast
Ds JE Temba
Ds JL van der Schyff
Ds CD Jaftha
Ds JH Grobler
Ds FJ Potgieter
Ds MH le Roux
Ds JG van der Walt
Ds MS Mbatha
Ds JE Franck
Ds GJJ van der Merwe
Ds SPJ Vermaak
Ds PT Hlela
Ds SZ Phungula

Ouderlinge

Oudl PC Viljoen (Sek)
Oudl JA Kruger
Oudl R Muller
Oudl PA Welken
Oudl JP Van Jaarsveld
Oudl AB du Plessis
Oudl SP Ramile
Oudl DJ Coetzee
Oudl MA Sefo (Sek)
Oudl JW du Plessis
Oudl PJ Manake (Sek)
Oudl CS Botha
Oudl JJ Minnie
Oudl JA Khumalo
Oudl ES Phungula
Oudl AJ Burger

Streeksinode Pretoria

Predikante

Ds PJ Venter

Ouderlinge

Oudl J Beumer

Ds P van Wyk
Dr HM Zwemstra (Sek)
Dr JH Howell
Ds C Aucamp
Ds BC Smit
Dr GJ Meijer
Ds CB Swanepoel
Ds M van Helden
Ds GP van Rhyn
Ds HPM van Rhyn
Ds C Jooste
Ds BCG Fourie
Ds PJ Nel
Dr PH Heystek
Dr TD Mashau
Ds PGP le Roux
Dr DG Breed

Oudl HJP Steyn
Oudl PJ Grobler
Oudl DJP Erasmus
Oudl SW van der Walt
Oudl AM van der Kruk
Oudl DV Correia
Oudl GC Vermaak
Oudl WFA Kirsten
Oudl GJ Slothouber (Sek)
Oudl W Enslin
Oudl J Drenth
Oudl W van Wyk
Oudl PF Wolmarans
Oudl IK Barnard
Oudl J Meijer

Streeksinode Randvaal

Predikante

Dr D Lartz
Ds CJC Roets
Ds EP Nel
Ds JH Jordaan
Dr G van Wyk
Ds D van't Zand
Ds PM Modise
Ds ASA de Bruyn
Ds HJ Stoltz
Ds GM Mdluli
Ds LP Baloyi
Dr DM Nkulu
Dr KD Semenya
Ds J van Schaik
Ds HC Van Rooy

Ouderlinge

Oudl DJ Lourens
Oudl JL Pretorius
Oudl AJ Pienaar
Oudl AJJ Jordaan
Oudl EJ Msimanga
Oudl MJ Chaka
Oudl J Hoogendyk
Oudl G Kotzee
Oudl P Magqabi
Oudl A Niehof
Oudl K Mukata
Oudl JF Kyessa
Oudl P Joubert
Oudl JJ Howell
Oudl J de Koning
Oudl K Petzer
Oudl E Ngakane

Suidelike Streeksinode

Predikante

Ds PJ de Bruyn
Ds JJ de Kock
Ds AN du Plessis
Dr JV Fatuse
Ds RB Fourie
Ds W Jobse

Ouderlinge

Oudl P Aucamp
Oudl GK Bain
Oudl AJD Boon
Oudl P Clara
Oudl GL Erasmus
Oudl DB Groot

Dr SN Jooste
Ds BR Kingma
Ds LM Kruger
Ds MJ Lourens
Ds J Malan
Ds CCA Vrey
Ds DG Zwemstra

Oudl PJ Jacobs
Oudl J Majeng
Oudl WH Smit
Oudl JD Snyman
Oudl WHS Steinberg
Oudl BJ van der Walt
Oudl HJ vander Walt
Oudl J van Biljon
Oudl TJ van der Walt
Oudl MJ van Wyk
Oudl AJ Venter

Streeksinode Noordwes

Predikante

Ds OL Moncho
Ds JJ Venter
Ds AB van der Walt
Ds MM Magome (Sek)
Dr GJ van Wyk
Ds MJJ Erasmus (Sek)
Ds P Venter
Ds PT Masase
Ds HS Coetzee
Ds P Cilliers (Sek)
Dr WC Opperman
Ds CB Robinson
Ds SD de Kock (Sek)
Dr HF van Wyk
Dr AJ Coetsee
Dr J Lion-Cachet
Ds H Reinecke
Ds SFF van der Walt
Ds KP Steyn (Sek)

Ouderlinge

Oudl D Meijer (Sek)
Oudl WJ van der Walt
Oudl AJH Pieterse
Oudl FJWJ Slabbert
Oudl PWH Aucamp
Oudl JA Schutte
Oudl JL Kruger
Oudl SA de Villiers
Oudl HAJ Oosthuizen
Oudl M Venter
Oudl F Venter (Bult)
Oudl P Magonare

Ds HS Coetzee verklaar dat die vergadering in die lig van die afgevaardigdes teenwoordig, ordelik gekonstitueer is en kan voortgaan met sy werksaamhede.

1.4 *Verkiesing van Moderamen* (Art 3)
Die volgende broeders word per geslote stembrief met meerderheid van stem tot die Moderamen verkies:

Voorsitter:	Ds HJP de Beer
Ondervoorsitter:	Ds C Aucamp
Skriba:	Dr D Lartz
Adjunkskriba:	Ds CA Jansen
Adjunkskriba:	Ds MA Modise

Die verkose broeders neem hulle plekke in.

1.5 *Openlike Verklaring* (Art 4)
Die voorsitter, ds HJP de Beer, spreek die voorneme namens die Moderamen uit om na beste van hulle vermoë en gawes met die bystand van die Here die vergadering dienend te wees. Hy hou vervolgens die Openlike Verklaring aan die vergadering voor waarop alle afgevaardigdes sowel as verteenwoordigers van buitelandse kerke met wie die GKSA ekumeniese bande het, hulle instemming betuig deur op te staan.

1.6 *Tolkdienste* (Art 6)
Br GD Oosthuizen lig die vergadering in aangaande die tolkdienste wat tydens die Sinode beskikbaar is.

1.7 *Verwelkoming van professore teenwoordig* (Art 12)
Die voorsitter verwelkom proff JJ Janse van Rensburg, RS Letsosa en PH Fick wat by die vergadering aangesluit het.

2. DAGOPENINGE

2.1 Woensdag, 13 Januarie 2016 (Art 24)
Ds MA Modise open die dag se verrigtinge deur te lees van 2 Samuel 12:1-15 en Ps 116:1, 7 en Lifela Tsa Sione 12 te laat sing en ‘n gebed te doen.

2.2 Donderdag, 14 Januarie 2016 (Art 47)
Ds MJ Smidt open die dag se verrigtinge deur te laat sing van Ps 89:6, te lees van Ps 55, ‘n gebed te doen en te laat sing van Woza Nkosi Jesu woza.

2.3 Vrydag, 15 Januarie 2016 (Art 60)
Ds NN Ligege open die dag se verrigtinge deur te laat sing van Ps 42:1, te lees van Efesiërs 6:10-20, ‘n gebed te doen en te laat sing van Lifela Tsa Sione 183.

2.4 Saterdag, 16 Januarie 2016 (Art 76)
Dr AJ Kruger open die dag se verrigtinge deur te laat sing van Lifela Tsa Sione 183 en Sb 18-7:1, 12, te lees van Kol 2 en ‘n gebed te doen.

3. DAGSLUITINGS

3.1 Dinsdag, 12 Januarie 2016 (Art 23)
Oudl BD Bakker sluit die dag af met die sing van Ps 133:1 en 2 en ‘n gebed te doen.

3.2 Woensdag, 13 Januarie 2016 (Art 46)
Ds CD Jaftha sluit die dag af met die sing van Ps 146:1, 4, 5 en ‘n gebed te doen.

3.3 Donderdag, 14 Januarie 2016 (Art 59)
Oudl JTS van der Merwe sluit die dag af met die sing van Ps 25:2 en ‘n gebed te doen.

3.4 Vrydag, 15 Januarie 2016 (Art 75)
Oudl JJ Howell sluit die dag af deur te laat sing van Woza Noksi Jesu woza, Lifela Tsa Sione 314, Ps 147:1, 2, 2 Tim 4 te lees en ‘n gebed te doen.

4. DAAGLIKSE PRESENSIE

4.1 12 Januarie 2016 (Art 11)
Die volgende afgevaardigdes sluit by die vergadering aan waarna hulle, op die versoek van die ondervoorsitter, ds C Aucamp, hulle instemming met die Openlike Verklaring bevestig: Di JG Noëth (P), JH Venter (S), JJ Venter (B), ED Pelele (NW), EM Makhobosi (RV), MJ Nkili (RV), CJ van Vuuren (B), Oudle HJ Briel (B), CJ Kruger (B), PJ Pretorius (B), LHA Stavast (VS-KZN), CJ de Wet (B).

4.2 13 Januarie 2016 (Artt 25, 26, 31)
Die volgende afgevaardigdes sluit by die vergadering aan waarna hulle, op die versoek van die voorsitter, ds HJP de Beer, hulle instemming met die Openlike Verklaring bevestig: Di JA Berg (B), HL Stavast, (P), LJ Erasmus (B), PC van Rooy (B), TJ Potgieter (S), oudle MJ Berg (P), JMA Cronjé (P), JE Kotze (VS-KZN).
Verskonings is ontvang van: Di JG Noëth, C Jooste, CA Jansen (vanaf Donderdag om 16:00), drr JA Erasmus, GJ van Wyk, oudl SW van der Walt.

4.3 14 Januarie 2016 (Artt 48, 49)
Die volgende afgevaardigde sluit by die vergadering aan waarna hulle, op die versoek van die voorsitter, ds HJP de Beer, sy instemming met die Openlike Verklaring bevestig: Oudl JF Coetzee (RV).
Verskonings is ontvang van: Di PGP le Roux, P Venter, EM Makhobozi, oudle P Aucamp, MM Venter, JE Kotze, FJWJ Slabbert.

4.4 15 Januarie 2016 (Artt 61, 62, 64)
Die volgende afgevaardigde sluit by die vergadering aan waarna hulle, op die versoek van die voorsitter, ds HJP de Beer, sy instemming met die Openlike Verklaring bevestig: Oudl JAV van der Schyff (NW (Sek)), ds PA Coetzee (NW (Sek)).
Verskonings is ontvang van: Drr C Botha, JJJ Erasmus, KD Semenya, WC Opperman, di J Malan, JG Noëth, oudle WH Smit, JC de Wet, J Snyman.

4.5 16 Januarie 2016 (Art 77)
Verskonings is ontvang van: Di DG Zwemstra, D Pansegrouw, SP Venter, ED Pelele, JJ de Kock, MM Molokwane, J Malan, AB van der Walt, GS Kruger, drr EJ de Beer, KD Semenya, JV Fatuse, RM van der Merwe, oudle J van Biljon, RF van Aarde, DV Correia, JC de Wet, PJ Grobler, HJ van der Walt, AJ Venter.

5. VERWELKOMING VAN BESOEKERS (Artt 10, 54)

5.1 Die ondervoorsitter, ds C Aucamp stel dr DG Breed aan die woord om die besoekers van buitelandse kerke te verwelkom:

5.1.1 Vanaf die CRCA: Ds R Moppens en ds F van Schie
5.1.2 Vanaf die OPC: Dr B Wingard
5.1.3 Vanaf die URCNA: Ds R Sikkema
5.1.4 Vanaf die URCC Ds Kabango en K Malebongo

5.2 Die ondervoorsitter, ds C Aucamp heet die volgende persone van die media welkom:

5.2.1 Br P Steyn van *Beeld* en *Media 24*
5.2.2 Br AJ Rechterschot van *Reformatorisch Dagblad*

5.3 Die ondervoorsitter, ds C Aucamp heet die volgende besoekers van kerke in Suid-Afrika welkom:

5.3.1 Vanaf die NG Kerk: Dr G Claassen
5.3.2 Vanaf die NH Kerk: Dr R Denton

5.4 Ds HS Coetzee verwelkom ds AH Reitsema van die Nederlands Gereformeerde Kerken.

6. MOSIES EN GELUKWENSE (Artt 26, 49, 77)

6.1 *Mosies van meelewing – afsterwes*
Dr JJJ Erasmus se stiefbroer, dr W du Plessis se moeder, ds PJ Venter se suster, br PGW (Gertjie) Roets, lidmaat van GK Matlabas.

6.2 *Mosies van beterskap*
Ds WJ Steyn se skoonmoeder wat ‘n groot breinoperasie ondergaan het.

6.3 *Mosies van gelukwense*
Aan dr GJ Meijer en oudl M van Wyk met hulle verjaarsdag 13 Januarie 2016.
Ds R Sikkema (URCNA) wat 1 Augustus 2015 sy 80ste verjaarsdag gevier het. Ook gelukwense met sy 60ste huweliksdagherdenking oor ‘n paar maande.
Met die huwelik van ds JB du Plessis met sr Louise Vogel.
Gereformeerde Skool Dirk Postma met uitsonderlike matriekuitslae. Hulle handhaaf al 14 jaar ‘n 100% slaagsyfer.

7. GOEDKEURING VAN NOTULES

7.1 Die notule word voorgehou van art 1 tot art 23 en goedgekeur (Art 30).
7.2 Die notule word voorgehou van art 24 tot art 46 en goedgekeur (Art 52).
7.3 Die notule word voorgehou van art 47 tot art 59 en goedgekeur (Art 73).
7.4 Die notule word voorgehou van art 60 tot art 75 en goedgekeur (Art 89).
7.5 Art 76 tot Art 92 staan oor vir goedkeuring deur die Moderamen met ondertekening (Art 91).

8. RAPPORT VAN DIE ROEPENDE KERKRAAD (Art 8)

A. Ds HS Coetzee stel die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Met dank kennis geneem van Rapport waarop die voorsitter 'n dankwoord rig aan die Roepende Kerkraad vir ontvangs en ook aan laasgenoemde se voorsitter, ds HS Coetzee, vir die toepaslike opening van die vergadering.

D. **RAPPORT**

1. Oproep
Die oproep van die Sinode is vroegtydig in *Die Kerkblad* (Junie en Oktober 2015) gepubliseer, terwyl oproepe later aan al die Deputate vir Korrespondensie van die Streeksinodes gestuur is (26 Mei en 12 Augustus 2015).

2. Kredensiebriewe
Hieroor sal tydens die vergadering gerapporteer word.

3. Huisvesting
Die Universiteitskoshuis, Dennepark, is tot die beskikking van die Roepende Kerkraad gestel. Etereëlings sal in die Aanvullende Rapport bekendgemaak word. Die Sinodegangers kan van Dennepark gebruik maak van Maandag 11 Januarie 2016.

4. Die Sinode begin DV op 12 Januarie 2016 om 10:00.

5. Verversings
Die susters van die Potchefstroomse gemeentes sal aan die afgevaardigdes koffie, tee en vrugtesap tydens die pouses verskaf.

6. Sittingstye
Die Roepende Kerkraad beveel, in ooreenstemming met die sittingstye van die vorige Sinode, die volgende tye aan:

Weeksdae:	08:00 – 10:30	(Teepouse)
	10:45 – 12:30	
	14:00 – 16:00	(Teepouse)
	16:15 – 17:30	
	19:00 – 21:00	
Saterdag:	08:00 – 10:30	
	10:45 – 12:45	

7. Verwelkoming
Alle afgevaardigdes en besoekers is hartlik welkom op Potchefstroom en die Roepende Kerkraad sal graag u verblyf so aangenaam as moontlik maak.

Ons bid dat die Here sy seën sal gee sodat hierdie vergadering die instandhouding en groei van die Gereformeerde Kerke sal dien.

E. **AANVULLENDE RAPPORT**

Die Roepende Kerkraad, Potchefstroom-Die Bult rapporteer aanvullend oor die ontvangs en deputering na die Buitengewone Algemene Sinode 2016.

Kredensiebriewe is van al die Deputate Korrespondensie van die Streeksinodes ontvang. Dit is behoorlik onderteken en in orde bevind.

Besluit: Met dank kennis geneem van Rapport waarop die voorsitter 'n dankwoord rig aan die Roepende Kerkraad vir ontvangs en ook aan laasgenoemde se voorsitter, ds HS Coetzee, vir die toepaslike opening van die vergadering.

9. RAPPORT DEPUTATE AGENDA VAN DIE BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE (Art 9)

A. Ds CJ Nagel (jr) stel die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta 1991:60 en Acta 1997:37.

1.1 Ontvang stukke vir die Agenda, en berei stukke voor om na afgevaardigdes te stuur.

1.2 Reël Deputate wat aanbevelings maak oor die ontvanklikheid van Beswaarskrifte en ander Agendastukke.

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Drie (3) Beswaarskrifte is ontvang (Streeksinodes Randvaal, OVS & Kwazulu-Natal en Noordwes – voorgestelde Agenda 11.1, 11.2 en 11.3). Genoemde Streeksinodes het die Roepende Kerkraad (GK Potchefstroom-Die Bult) gevra om die Buitengewone Algemene Sinode (BAS) op te roep. Die inhoud van die Beswaarskrifte bepaal die Agenda van die BAS en is daarom 'n beperkte Agenda.

2.2 Die Agendastukke (die Beswaarskrifte – pt 2.1, die Beswaarskrifte Sinode 2012 en Beswaarskrifte Sinode 2015 wat die Sinodes nie afgehandel – KO, art 30 – het nie) is reeds in Oktober 2015 na al die kerke uitgestuur. Die volgende:

Sinode 2012

2.2.1 Beswaarskrif GK Bloemfontein-Suid teen die besluit van Sinode 2009 oor dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie (21.3/2).

2.2.2 Beswaarskrif GK Klerksdorp teen die besluit van Sinode 2009 tot die saak van die vrou in die diens van ouderling en predikant (21.4/2).

2.2.3 Beswaarskrif GK Krugersdorp teen die besluit van Sinode 2009 oor die "saak van die vrou" (21.5/2).

2.2.4 Beswaarskrif van AH Klopper, AP Kruger, AH Stavast en RL Vorster oor besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die amp (21.7/2).

2.2.5 Beswaarskrif van Klassis Oostelike Pretoria oor besluit van Sinode 2009 – dat vroue nie as predikant en ouderling mag dien nie (21.8/2).

2.2.6 Beswaarskrif GK Potchefstroom-Noord/Noordbrug teen die besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant (21.9/2).

Sinode 2015

2.2.7 Beswaarskrif GK Krugersdorp oor besluit van Sinode 2009 oor "saak van die vrou" (21.2/5).

2.2.8 Beswaarskrif GK Potchefstroom-Die Bult teen die besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant (21.3/5).

2.3 Die Rapport van die Roepende Kerkraad (voorgestelde Agenda 8) is ontvang en aan die kerke uitgestuur.

2.4 Kennisgewing van die Buitengewone Algemene Sinode is in *Die Kerkblad* (Oktober 2015:33) gepubliseer.

2.5 Kommissierapporte: dieselfde verwysings wat in die stukke gebruik word, word ook in Kommissierapporte gebruik. Dit maak die notulering en samestelling van die Handelinge makliker en is beter diensbaar vir toekomstige navorsing.

2.6 'n Beskrywingspunt is van Streeksinode Randvaal ontvang. Die Deputate oordeel dat die Beskrywingspunt nie ontvanklik is nie.

2.6.1 Motivering

Die Beskrywingspunt noem dat die Notule/Handelinge van Sinode 2015 nie 'n direkte besluit gee wat bepaal dat die saak van die vrou in die besondere dienste, 'n

wesenlike of nie-wesenlike saak is nie (pt 3.1 van die Beskrywingspunt). Hierin verwys die Beskrywingspunt na Handelinge 2015:320, 7.3.2 In 3.1.1.5 haal die Beskrywingspunt dan wel 'n besluit aan:

"Al die tersaaklike Beswaarskrifte handel oor die vrou in die besondere dienste. In die lig daarvan dat die Sinode besluit het dat die saak van die vrou in die besondere dienste 'n wesenlike saak is, word aanbeveel dat al die Beswaarskrifte na die Spesiale Sinode verwys word (Handelinge 2015:323, 2.1. Die bladsyverwysing in die Beskrywingspunt is verkeerd – Deputate). Wanneer die twee besluite, deur Sinode 2015 geneem, saam gelees word, is dit duidelik dat Sinode 2015 wel 'n direkte besluit geneem het en die besluit so in die Notule en Handelinge weergegee word.

Hierdie Beskrywingspunt toon egter nie die noodsaak aan waarom die saak weer deur die Sinode behandel moet word nie (KO, art 46). In die besluit geneem deur Sinode 2015 het die Sinode die saak behandel en afgehandel (KO, art 30). Die korrekte wyse waarop die saak weer in behandeling geneem sou moes word, is langs die weg van Beswaarskrif, waarin die beswaargronde die noodsaak aantoon waarom die saak weer in behandeling geneem moet word.

Die Deputate het vir verdere advies die Beskrywingspunt deurgestuur na die Deputate Ontvanklikheid Beswaarskrifte.

2.7 Die Deputate het vanaf GK Noordrand 5 Beswaarskrifte ontvang. Die beswaarde is geadviseer dat die BAS 'n beperkte Agenda het en die ordelike weg sou wees om die Beswaarskrifte vir Algemene Sinode 2018 voor te berei.

In die begeleidende skrywe (dd 02 Desember 2015, Bylae 1) meld GK Noordrand: "Ons vertrou dat die kerke wat in die Buitengewone Algemene Sinode 2016 vergader, die sake – weens die erns en dringendheid daarvan – sal opneem in die Agenda."

Die besware handel direk en indirek teen Sinode 2015 se besluite oor Appèlprosedure en die hantering van Appèlle.

Die begeleidende skrywe meld tereg dat die Beswaarskrifte ingedien kan word by die vergadering wat die besluite geneem het. GK Noordrand laat egter na om die dringendheid van die sake te bewys en daarin die noodsaak dat dit tydens BAS 2016 behandel moet word (KO, art 46) aan te toon. Die Deputate oordeel dat hierdie sake nie op die Agenda van die BAS tuishoort nie.

Gevolglik is die stukke nie na die kerke uitgestuur nie. Die Deputate Ontvanklikheid Beswaarskrifte sal die BAS hieroor adviseer.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.7 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

3.1 Dat die stukke (kyk pt 2.1, 2.2 en 2.3) aanvaar word vir die Agenda van die BAS om te behandel en af te handel (KO, art 30).

3.2 Dat die Beskrywingspunt van Streeksinode Randvaal (kyk pt 2.5) onontvanklik verklaar word.

3.3 Dat die Beswaarskrif van GK Potchefstroom-Noord/Noordbrug teen die besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant (Sinode 2012, kyk pt 2.2.6 hierbo) vervang word met die Beswaarskrif GK Potchefstroom-Die Bult teen die besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant (Sinode 2015, kyk pt 2.2.8 hierbo).

3.3.1 Motivering: die inhoud van die Beswaarskrifte is dieselfde.

3.4 Die Deputate Ontvanklikheid Beswaarskrifte adviseer die BAS oor die ontvanklikheid van die 5 Beswaarskrifte van GK Noordrand vir die Agenda van BAS 2016.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.4 kennis geneem in die lig van die Rapporte wat oor hierdie aanbevelings sal dien.

10. RAPPORT VAN DIE DEPUTATE BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE PROGRAMMERING (Artt 15, 16, 36, 44)

A. Ds CA Jansen stel die Rapport.
B. **Ordevoorstel:** Dat die Kommissies terugverwys word na die Deputate Programmering om, in die lig van die bespreking, die samestelling van die Kommissies te heroorweeg.
C. **Besluit:** Ordevoorstel goedgekeur.
D. Die volgende ad hoc-kommissie word deur die ondervoorsitter, ds C Aucamp, voorgehou: Dr DJ de Kock (s), ds CD Jaftha, dr TD Mashau, dr HF van Wyk, ds PJ Nel, dr PH Heystek, ds P Venter, ds SZ Phungula.
E. **Besluit: Goedgekeur.**
F. Ds CD Jaftha lewer die Rapport namens die ad hoc-kommissie.

G. **RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Opdrag*

Acta 1979:301, 1991:491–494, 1994:726–728, 2000:31, 2009:848 en 2012:13 (die tersaaklike opdragte van toepassing op ‘n Buitengewone Algemene Sinode (BAS)).

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Werkswyse*

1.2.1 Die Deputate het vorige Sinodes se besluite geraadpleeg.

1.2.2 Die Deputate aangewys deur Algemene Sinode 2015 (Handelinge 2015:534) het op 2 & 3 Desember 2015 vergader om die voorlopige programmering van die Agenda van BAS 2016 te doen. Geen afgevaardigdes van die Streeksinodes is uitgenooi nie, om kostes te bespaar.

Besluit: Punte 1.2.1 en 1.2.2 kennis geneem.

1.3 *Logistiek*

1.3.1 Alle logistieke reëlings is getref met ‘n duidelike versoek van die Bestuur van die Administratiewe Buro om kostes so ver as moontlik te beperk.

1.3.2 Dennepark is beskikbaar vir verblyf van afgevaardigdes tot en met 16 Januarie 2016.

1.3.3 Die reëlings vir etes is beplan tot Saterdag 16 Januarie 2016. Etes is gereël dat die afgevaardiges van Streeksinodes Bosveld, Randvaal en Oostelike en afgevaardigdes uit die buiteland in die onthaallokaal van die Administratiewe Buro eet en die afgevaardiges van Streeksinodes Noordwes, Suidelike, Vrystaat-Kwazulu Natal en Pretoria in die kerksaal van GK Potchefstroom-Die Bult.

Geen voorsiening kan gemaak word vir gaste om te eet nie. Etes is uitsluitlik vir afgevaardigdes.

1.3.4 Die BAS stel hom ten doel om Saterdag 16 Januarie 2016, om 13:00 klaar te maak.

Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.4 kennis geneem.

1.4 *Reiskoste*

1.4.1 Voor elke Sinode word afgevaardigdes gevra om saam te ry. Die grootste rekening van ‘n Sinode is die reiskoste. Met dankbaarheid word gemeld dat die ongeveer 65% afgevaardigdes hierin hulle samewerking gee. Ongelukkig is daar elke keer 35% wat ander reisreëlings tref, wat ‘n beduidende impak het op die reiskosterekening van elke Sinode.

Besluit: Kennis geneem.

1.5 *Beplanning*

1.5.1 Elke vergadering bepaal sy eie werkswyse.

1.5.2 In die lig van vorige Sinodes se besluite (Handelinge 1942:195–198, 1958:26–30, 1976:14–19, 2012:17, pt 2.3.1 en 2.3.2, 2015:16, pt 2.3.1 en 2.3.2) sou die mees effektiewe werkswyse wees om alle Rapporte staande die vergadering te behandel en af te handel, maar die Beswaarskrifte na Kommissies te verwys, behalwe as die Sinode oordeel dat van die Beswaarskrifte staande die vergadering afgehandel kan word.

1.5.3 Die Agendastukke is reeds in Oktober 2015 aan die kerke voorsien, sodat afgevaardiges genoegsaam tyd vir voorbereiding het.

Besluit: Punte 1.5.1 tot 1.5.3 kennis geneem.

1.6 *Spreekstem en Spreekbeurte*

1.6.1 Spreekstem behoort volgens Kredensiebrief by afgevaardigdes en volgens KO, art 18 by beroepe professore as adviseurs.

1.6.2 Nie-afgevaardigdes kry geen spreekbeurte nie.
Motivering: Die Sinode is 'n vergadering van Streeksinodes (KO, art 50) waarheen afgevaardigdes met las en volmag gestuur word.

1.6.3 Spreekbeurte moet so gebruik word dat dit die vergadering help om tot 'n besluit te kom.
Motivering: die Sinodes is 'n (kerklike) vergadering en nie 'n forum vir debat nie.

Besluit: Punte 1.6.1 tot 1.6.3 kennis geneem.

1.7 *Aanwys van Kommissies*
Die volgende kriteria is gevolg:

1.7.1 gawes, vir sover die Deputate dit kon beoordeel.

1.7.2 Beswaarskrifte waarby kerke of Klassisse direk of indirek betrek kan word, se afgevaardigdes dien sover moontlik nie op Kommissies wat die betrokke beswaar behandel nie.

Besluit: Punte 1.7 tot 1.7.2 kennis geneem.

1.8 *Kommunikasie*
Die Deputate het aandag gegee aan die verskillende maniere waarop besluite aan die media en kerklidmate gekommunikeer kan word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit
Die Deputate beveel aan:

2.1 *Logistieke reëlings*

2.1.1 Alle afgevaardigdes wat in Dennepark bly, bly by die verblyfreëlings en kamers soos toegeken. Enige verandering van verblyf in Dennepark word met ds CJ Nagel (jr) opgeneem en nie direk met die personeel van Dennepark nie.

2.1.2 Die verlies van 'n toegangskaart en sleutel, soos uitgereik met aankoms, sal direk betaalbaar wees @ R70,00. Alle sleutels en toegangskaarte word by ontruiming aan Ds Nagel terugbesorg.

Besluit: Punte 2.1.1 en 2.1.2 goedgekeur.

2.1.3 Reiskoste

2.1.3.1 Koste vir vervoer is R1,50/km op voorwaarde dat afgevaardigdes saamgery het.

2.1.3.2 Indien alleen gery, sal die koste R0,50/km wees.

2.1.3.3 Vliegkaartjies sal betaal word volgens die volgende formule: (Afstand X R1,50/km) deel deur 4 (gemiddeld 4 persone kan per voertuig ry). Geen voorsiening word vir huurvoertuie gemaak nie.

2.1.3.4 Heen en weer ry word net vir een retoerrit vergoed.

Besluit: Punte 2.1.3 tot 2.1.3.4 goedgekeur.

2.2 *Lokale*
Lokale waar die Kommissies vergader se name is op die deure aangebring en ter wille van ordelikheid, word dit nie verander nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Vergadertye*

2.3.1 Vergadertye verander vanaf die aanbevelings van die Rapport van die Roepende Kerkraad sodat aangepas kan word by die etenstye.

Vandag:	Woensdag tot Saterdag
10:00 – 12:30	07:00 – 08:00 ontbyt
12:00 – 13:30 middagete	08:00 – 10:00
13:30 – 15:30	10:00 – 10:30 teetyd
15:30 – 16:00 teetyd	10:30 – 13:00
16:00 – 17:30	12:00 – 13:30 middagete
17:30 – 18:45 aandete	13:30 – 15:30
18:45 – 20:30	15:30 – 16:00 teetyd
	16:00 – 17:30
	17:30 – 18:45 Aandete
	18:45 – 20:30

Besluit: Goedgekeur.

2.4 *Werkswyse*

2.4.1 Rapporte word ter tafel geneem, behandel en afgehandel (KO, art 30).

2.4.2 Die Beswaarskrifte van Streeksinodes Randvaal, Noordwes en OVS-Kwazulu Natal (teen die besluit van Sinode 2015 oor 'n Spesiale Sinode) word ter tafel geneem, behandel en afgehandel.

2.4.3 Die ander Beswaarskrifte word na Kommissies verwys om die BAS te adviseer om oor die Beswaarskrifte te besluit.

2.4.4 Indien die Beswaarskrifte genoem in 2.4.2 slaag, die ander Beswaarskrifte ter tafel geneem word. Toeligters kry 3 minute om toeligting te gee en die Beswaarskrif word na die betrokke Kommissie verwys. Die Sinode se Kommissies vergader Woensdag 13 Januarie en finaliseer hulle Rapporte voor 22:00 op 13 Januarie.
Die Rapporte word vertaal en doelwit word gestel om die vergadering in Sinode voort te sit op Donderdag 14 Januarie, vanaf 13:30.
Nota: die Ordekommissie werk om dokumente so vroeg as moontlik op 14 Januarie beskikbaar te hê vir afgevaardigdes. Die dokumente sal by die Sinodesaal afgehaal kan word.

2.4.5 Kommissies wat deur die Deputate voorsien word om vir die Sinode van diens te wees, is: Ordekommissie en Beswaarskriftekommissies.

Besluit: Staan oor in die lig van die Aanvullende Rapport.

2.5 *Spreekstem en spreekbeurte*

2.5.1 Met spreekstemme en spreekbeurte word gehandel volgens pt 1.5.

2.5.2 Spreekstem word gegee aan afgevaardigdes van kerke met wie die GKSA ekumeniese bande het.

Besluit: Goedgekeur (Wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

2.6 *Sinode "in camera"*

Wanneer die Sinode "in camera" gaan word aanbeveel dat, naas die afgevaardigdes, die volgende toegelaat word om in die vergadering te bly:

2.6.1 Adviseurs
2.6.2 Emerituspredikante en –professore
2.6.3 Diensdoende predikante en ouderlinge wat nie afgevaardig is nie
2.6.4 Diensdoende tikster
2.6.5 Kosters
2.6.6 Tolke

Besluit: Punte 2.6 tot 2.6.6 goedgekeur.

2.7 *Adviseurs*

Die professore van die TSP, ooreenkomstig KO, art 18, gee advies aan die Kommissies soos hulle daartoe versoek word.

Besluit: Goedgekeur.

2.8 *Ander reëlings*

2.8.1 Opening en afsluiting: Elke dag word geopen deur Skriflesing, gebed en Psalm/Skrifberyming/Lied en dagafsluiting deur sang en gebed.

2.8.2 Ds C Aucamp en ds MA Modise neem leiding met die sang.

Besluit: Punte 2.8.1 en 2.8.2 goedgekeur.

2.9 *Uitgee van Handelinge*

Die Deputate aangewys deur Sinode 2015 is verantwoordelik vir die Handelinge van die BAS (Handelinge 2015:534, 2.15.1).

Besluit: Kennis geneem.

2.10 *Stem en stemtelling*

2.10.1 Die Moderamen gee leiding van wanneer in sake van hoofdelike stemming of geslote stembriewe gebruik gemaak word. Prinsipieel behoort voorkeur gegee te word aan algemene stemme/instemming.

2.10.2 Die Ordekommissie tree op as stemtellers.

2.10.3 Die geel kartonne word gebruik vir hoofdelike stemme.

Besluit: Punte 2.10.1 tot 2.10.3 goedgekeur.

2.11 *Mediaskakeling*

2.11.1 Skakeling met die media word aan dr DG Breed en ds MA Modise oorgelaat.

2.11.2 Inligting word op die mees effektiewe metodes daagliks aan die kerke gekommunikeer.

Besluit: Goedgekeur (Wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

2.12 *Kommissies van die Sinode*

2.12.1 Kommissies hou hulle by die toegewysde vergaderlokale.

2.12.2 Kommissies fokus hulle werksaamhede om Kommissierapporte op 13 Januarie 2016 teen 22:00 af te handel.

2.12.3 Afgevaardigdes wat nie by Kommissies ingedeel is nie, kan na oorleg met die Kommissie gekoöpteer word en/of insette lewer.

2.12.4 Kommissierapporte word deurgegee aan dr W du Plessis (wymiedup@gksa.co.za) en/of ds CA Jansen (careljansen@vodamail.co.za) wat die dokumente prosesseer.

2.12.5 *Kommissies*

2.12.5.1 Ordekommissie

Opdrag:	Dagprogram, notule, logistiek, tel van stemme.
Vergaderplek:	P7 Administratiewe Buro
Voorsitter:	Ds GC Coetzee (O, Verantwoordelik vir: etereëlings, dagprogramme)
Skriba:	Dr D Lartz (RV, verantwoordelik vir etereëling)
Adjunk-skriba:	Ds CJ (Innes) Nagel (B, verantwoordelik vir verblyf, sekuriteit en dagopeninge)
Lede:	Dr W du Plessis, ds CA Jansen (O, verantwoordelik vir dokumente), ds FJ Potgieter (OVS-KZN, register van sake), oudl FJWJ Slabbert (NW, register van sake)

2.12.5.2 Beswaarskrifkommissie 1

Opdrag:	Beswaarskrif GK Bloemfontein Suid (21.3/2)
Vergaderplek:	P2 Administratiewe Buro
Voorsitter:	Dr RM van der Merwe (OVS-KZN)
Skriba:	Ds CB Swanepoel (P)
Adjunk-skriba:	Ds ASA de Bruyn (RV)
Lede:	Dr TD Mashau (P), oudle EJ Msimanga (RV), OJF Hartung (O), J Hoogendyk (RV)

2.12.5.3 Beswaarskrifkommissie 2

Opdrag:	Beswaarskrif GK Klerksdorp (21.4/2)
Vergaderplek:	P8 Administratiewe Buro
Voorsitter:	Dr GJ Meijer (P)
Skriba:	Ds TJ Potgieter (S)

Adjunk-skriba: Dr G van Wyk (RV)
Lede: Ds J van Schaik (RV), oudle DM Kruger (B), WHS Steinberg (S), J Dube (O)

2.12.5.4 Beswaarskrifkommissie 3
Opdrag: Beswaarskrif GK Krugersdorp (21.5/2)
Vergaderplek: P9 Administratiewe Buro
Voorsitter: Dr JH Howell (P)
Skriba: Ds P Venter (NW)
Adjunk-skriba: Ds JG Noëth (P)
Lede: Dr PH Heystek (P), oudle WH Smit (S), J Basson (NW), AT Dreyer (O)

2.12.5.5 Beswaarskrifkommissie 4
Opdrag: Beswaarskrif Di AH Klopper, AP Kruger, AH Stavast en RL Vorster (21.7/2)
Vergaderplek: P10 Administratiewe Buro
Voorsitter: Ds PW Kurpershoek (O)
Skriba: Ds J Malan (S)
Adjunk-skriba: Ds PM Modise (RV)
Lede: Ds NN Ligege (B), oudle F Venter (NW - Bult), P Joubert (RV), GK Bain (S)

2.12.5.6 Beswaarskrifkommissie 5
Opdrag: Beswaarskrif Klassis Oostelike Pretoria (21.8/2)
Vergaderplek: Ouditkantoor Administratiewe Buro
Voorsitter: Dr EJ de Beer (B)
Skriba: Dr JA Erasmus (OVS-KZN)
Adjunk-skriba: Ds MG Mdluli (RV)
Lede: Dr KD Semenya (RV), oudle JD Snyman (S), MJ Chaka (RV), C Jansen van Ryssen (NW)

2.12.5.7 Beswaarskrifkommissie 6
Opdrag: Beswaarskrif GK Krugersdorp (21.2/5)
Vergaderplek: K110 Teologiese Skool
Voorsitter: Ds BR Kingma (S)
Skriba: Dr J Lion-Cachet (NW)
Adjunk-skriba: Ds AB van der Walt (NW)
Lede: Ds CD Jaftha (OVS-KZN), oudle SAJ vdM Venter (O), DJP Erasmus (P), GK Schuring (B)

2.12.5.8 Beswaarskrifkommissie 7
Opdrag: Beswaarskrif GK Potchefstroom-Die Bult (21.3/5)
Vergaderplek: K111 Teologiese Skool
Voorsitter: Dr DJ de Kock (NW)
Skriba: Ds CJJ Putter (B)
Adjunk-skriba: Ds LSD du Plessis (O)
Lede: Ds HJ Stoltz (RV), oudle AM van der Kruk (P), JJ Howell, AJD Boon (S)

Besluit: Staan oor in die lig van die Aanvullende Rapport.

H. **AANVULLENDE RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 Die Deputate het advies gekry om aan die Sinode leiding te gee vir ‘n ordelike verloop van sake, sodat dit wat van belang is, volgens KO, art 30 behoorlik behandel en afgehandel kan word.

1.2 ‘n Skrywe is ontvang van die IPB (Presbeteriaanse Kerk in Brazilië – Bylae 1).

1.3 'n Kennisgewing van Appèl, sowel as die Appèl, gerig aan die Buitengewone Algemene Sinode 2016, is ontvang. Die Deputate het dit verwys na die Appèldeputate van die Algemene Sinode wat hieroor sal rapporteer.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

2.1 Dat in die Rapport Deputate Programmering, pt 2.4 (hierbo) geskrap word en vervang word met die onderstaande.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Dat die skrywe van die IPB verwys word na 'n Kommissie (kyk 2.4.4.3.2) om aan die Sinode te rapporteer.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 Die Sinodevergadering bestaan uit twee dele: behandeling van die Beswaarskrifte van Streeksinodes Randvaal, Noordwes en OVS-Kwazulu-Natal teen die besluit van die Algemene Sinode 2015 rakende 'n Spesiale Sinode.

Besluit: Kennis geneem.

2.4 Die Sinode behoort die 3 Beswaarskrifte (kyk pt 2.3) staande die vergadering af te handel, omdat die dokumente reeds in Oktober 2015 na die kerke gestuur was.
Of die Sinode wys 'n Kommissie aan met die opdrag om die 3 Beswaarskrifte te bestudeer en die Sinode te adviseer om tot 'n gemotiveerde besluit te kom. Hierdie behoort vandag nog afgehandel te word.

Besluit: Goedgekeur. Beswaarskrifte staande die vergadering afgehandel.

2.5 Dat, indien die Beswaarskrifte slaag, dat die Beswaarskrifte wat tydens Sinode 2012 en 2015 nie afgehandel is nie, behandel sal word, waarin die Sinode 3 moontlike werkswyses kan oorweeg:

2.5.1 Die Sinode gaan in reses, wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrifte te bestudeer om na 'n tydperk (waarop die Sinode besluit en dit kan bv oor 'n maand of 3 maande wees) die Sinode duidelik te adviseer om oor die Beswaarskrifte te besluit.

2.5.1.1 Hierdie werkswyse is prakties baie moeilik uitvoerbaar vanweë groot afstande, die bykans onmoontlike om verblyf te verkry, en geweldige kostes wat dit meebring.

Besluit: Punte 2.5.1 en 2.5.1.1 afgekeur.

2.5.2 Die Sinode wys Deputate aan met welomskrewe opdrag (KO, art 49) om die Beswaarskrifte te bestudeer en in 'n Rapport aan Sinode 2018 duidelike aanbevelings maak om oor die Beswaarskrifte te besluit (KO, art 30).

2.5.2.1 Die verwagtinge by die kerke is dat hierdie saak afgehandel sal word.

Besluit: Punte 2.5.2 en 2.5.2.1 afgekeur.

2.5.3 Die Sinode behandel in die tydsduur wat tans tot beskikking is (tot Saterdag 16 Jan 2016) die Beswaarskrifte en handel dit af (KO, art 30).

2.5.3.1 Binne die verwagtinge wat reeds sedert Sinode 2009 in die kerke bestaan en die logistieke werklikhede, lyk hierdie na die beste werkswyse.

Besluit: Punte 2.5.3 en 2.5.3.1 goedgekeur.

2.5.4 Indien 2.5.3 aanvaar word, die volgende as werkswyse gevolg sal word (dit word voorgehou vanuit die inisiatief van ds C Aucamp).

2.5.4.1 Die Sinode neem kennis van die agtergrond wat kortliks geskets word:
In 2009 moes ons die saak oor VIDA (vrou in die amp) uitstel na 'n voortgesette sitting in Julie.
In 2012 het ons voor die dillema te staan gekom: Sewe of agt Beswaarskrifte teen dieselfde besluit, elkeen met 'n stuk of agt beswaargronde. Elke Beswaarskrif is na 'n eie Kommissie verwys. Die Kommissies rapporteer terug, omtrent elkeen met 'n Meerderheids- en Minderheidsrapport. Meerderheids- en Minderheidsrapporte verskil oor feitlik identiese beswaargronde in verskillende Beswaarskrifte.

Die Sinode sien nie sy weg oop om ‘n besluit te neem nie, en met ‘n Ordevoorstel word die saak verwys na die Deputate Eenheid in Verskeidenheid.
Die Deputate Eenheid in Verskeidenheid verwys in hul Rapport aan Sinode 2015 na die “oorlaaide Agendas en beperkte tyd” van Algemene Sinodes wat daartoe lei “*dat daar nie voldoende geleentheid is om wesenlike sake deeglik en diepgaande uit te klaar nie”…*

2.5.4.2 Die Sinode neem kennis van die nadele van die gebruiklike prosedure.
Die gebruik om elke Beswaarskrif na ‘n afsonderlike Kommissie te verwys het die volgende nadele:

2.5.4.2.1 **Gebrek aan gerigtheid en spesifieke fokus by Kommissies:** Elke Kommissie word belas met ‘n aantal beswaargronde wat uiteenlopende dissiplines en probleemstellings dek. So moet dieselfde Kommissie bv oor eksegetiese, kerkregtelike en praktiese gronde vir beswaar oordeel, bloot omdat dit in dieselfde Beswaarskrif na vore kom.

2.5.4.2.2 **Oorvleueling en duplisering van werk van verskillende Kommissies:** Verskillende Kommissies kom met verskillende en uiteenlopende aanbevelings, gekompliseer deur Meerderheids- en Minderheidsrapporte, na die vergadering, en dit oor wesenlik identiese beswaargronde.

2.5.4.2.3 **Die Sinode word gekonfronteer met ‘n feitlik onoorsigbare stel feite en argumente.** Dieselfde saak/grond word in tot 14 Rapporte beredeneer (Meerderheids- en Minderheidsrapporte).

2.5.4.2.4 **Dit alles het die gevolg dat die versoeking groot is vir ‘n afgevaardigde om tussen die magdom verspreide feite maar bloot te bly by die oortuiging waarmee hy na die vergadering gekom het, of selfs om maar bloot “uitkomsgerig” te stem sonder werklike oorweging van elke grond.**

2.5.4.2.5 **Veral ouderlingafgevaardigdes** moes in die verlede, met hande in die hare vanweë die onoorsigtelike wyse waarop hulle met die feite gekonfronteer word, maar noodgedwonge agter hul dominee aan stem.

2.5.4.2.6 Die prosedure maak dit werklik moeilik om met verantwoording voor die Here te kan sê: ***Die Heilige Gees en ons het besluit.***

2.5.4.3 <u>Voorgestelde nuwe prosedure</u>

2.5.4.3.1 Die Beswaarskrifte ter sake is reeds tydens Sinode 2012 (Handelinge 2012:33–35) en Sinode 2015 (Handelinge 2015:33 & 34) ontvanklik verklaar. Omdat hierdie BAS ‘n nuwe vergadering is, beteken dit dat die sake opnuut behandel moet word, maar dat die Beswaarskrifte formeel weer aan die orde gestel word en dadelik na die Kommissies verwys word.

2.5.4.3.2 Dat ‘n **Kommissie aangewys word om die Beswaarskrifte deur te gaan en die verskillende beswaargronde tematies te orden.** Die toeligters van die onderskeie Beswaarskrifte kan hulle insette by die die Kommissie gee om seker te maak dat hul beswaargronde in die proses billik gegroepeer en ingedeel word. Elke beswaargrond moet in die konteks van die Beswaarskrif as geheel beoordeel word.

Besluit: Goedgekeur (Amendement bygevoeg – Deputate Handelinge).

2.5.4.3.3 Dat **elke kategorie van beswaargronde dan na ‘n Kommissie verwys word** wat die verskillende beswaargronde in daardie kategorie behandel en daaroor aan die Sinode ‘n Rapport met aanbevelings lewer. Elke Kommissie se Rapport/Rapporte handel dan oor dieselfde argument en feitestel, kan tot ‘n geheel-gevolgtrekking kom, maar maak ‘n aanbeveling oor elke beswaargrond wat na hulle verwys is.

2.5.4.3.4 Die **onderskeie Kommissies maak ook ‘n aanbeveling oor die gewig van die stel beswaargronde wat na hulle verwys is**. So kan ‘n Kommissie bv verskil oor die meriete van die verskillende beswaargronde, maar kan hulle tog eenstemmigheid hê oor die feit of daardie gronde die onderskeie Beswaarskrifte in kern laat slaag en die besluit van 2009 rojeer al dan nie.

2.5.4.3.5 Dieselfde Kommissie genoem in 2.5.4.3.2 werk saam met die Voorsitters en Skriba's van die onderskeie Kommissies om te verseker dat elke Beswaarskrif se beswaargronde beantwoord word.

Besluit: Punte 2.5.4.1 tot 2.5.4.3.5 goedgekeur.

2.5.4.3.6 Die S**inode neem dan 'n besluit** na aanleiding van elke Kommissierapport en beantwoord dan elke beswaargrond in die onderskeie Beswaarskrifte.

Besluit: Goedgekeur.

2.5.4.3.7 Moontlike indeling van beswaargronde

2.5.4.3.7.1 Beswaargronde op grond van 1 Kor 14

2.5.4.3.7.2 Beswaargronde op grond van 1 Tim 2

2.5.4.3.7.3 Beswaargronde op grond van algemeen openbaringshistoriese argumente

2.5.4.3.7.4 Beswaargronde op grond van kerkregtelike gronde en proseduredwalings

2.5.4.3.7.5 Beswaargronde op grond van onhoudbare praktiese implikasies

2.5.4.3.7.6 **'n Moontlike indeling van beswaargronde kan soos volg daar uitsien:**

	Openb Histories	**1 Kor 14**	**1 Tim 2**	**Kerkregtelik**	**Prakties**
Bfnt-Suid	1, 2	3, 4, 5	3, 5		
Klerksdorp				1, 2, 3, 4	
Krugersdorp 1	2, 3		4 (5.3)	1	4 (5.1, 5.2, 5.4)
OosPret				Geheel	
Die Bult				Geheel	
Krugersdorp 2		3, 7, 8, 9, 10	1, 2 ,4, 5, 6		

2.5.4.3.7.7 Notas

2.5.4.3.7.7.1 Steeds Minderheids-/Meerderheidsrapporte?

Uiteraard kan daar steeds Meerderheids- en Minderheidsrapporte van die onderskeie Kommissies af wees. Die voorgestelde werkswyse gaan dit nie uitskakel nie, maar: dan is die twee moontlike teenoorstaande standpunte oor elke aspek duidelik in twee teenoorstaande Rapporte gestel, en hoef afgevaardigdes nie vir dieselfde argument tussen 12 verskillende Rapporte te "surf" nie.

2.5.4.3.7.7.2 Voordele van voorgestelde werkswyse:

- Grootliks die uitskakeling van die nadele van die ou werkswyse. In kort:
- 'n Fokus en gerigtheid by elke Kommissie, wat ook beter aanwending van kundigheid meebring.
- Makliker oorsig en voorbereiding deur elke afgevaardigde
- Duideliker en meer-afgebakende bespreking deur die Sinode as geheel.
- In die proses word die SAAK en nie in hoofsaak DOKUMENTE behandel nie.
- Die proses is kerkregtelik verantwoordbaar, aangesien steeds oor elke beswaargrond van elke Beswaarskrif 'n besluit geneem word.
- 'n Veel duideliker en makliker oorsienbare besluit om na die tyd te kommunikeer.

Besluit: Punte 2.5.4.3.7 tot 2.5.4.3.7.7.2 kennis geneem.

2.5.4.3.8 Kommissies wat voorgestel word:

2.5.4.3.8.1 Kommissie wat beswaargronde tematies indeel, die Kommissies se aanbevelings sinkroniseer en die Sinode adviseer rakende die skrywe van IPB

Voorsitter: Dr DJ de Kock (B)
Skriba: Ds HPM van Rhyn (P)
Lede: Ds MJ Smidt (OVS-KZN), dr G van Wyk (RV), ds J Malan (S), oudle WH Smit (S), J Basson (NW), AT Dreyer (O)

2.5.4.3.8.2 Kommissie vir die beswaargronde rakende 1 Tim 2
Voorsitter: Dr DG Breed (P)
Skriba: Ds PW Kurpershoek (O)
Lede: Di HC van Rooy (RV), CB Swanepoel (P) RP van Wyk (S), oudle DM Kruger (B), WHS Steinberg (S), J Dube (O)

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

2.5.4.3.8.3 Kommissie vir die beswaargronde 1 Kor 14
Voorsitter: Dr WC Opperman (NW)
Skriba: Ds CCA Vrey (S)
Lede: Dr AJ Coetsee (NW), ds JG Noeth (P), dr KD Semenya (RV), oudle EJ Msimanga (RV), OJF Hartung (O), J Hoogendyk (RV)

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

2.5.4.3.8.4 Kommissie vir beswaargronde Openbaringshistories
Voorsitter: Dr GJ Meijer (P)
Skriba: Ds BCG Fourie (P)
Lede: Drr AJ Kruger (O), J Lion-Cachet (NW), dr TD Mashau (P), oudle F Venter (NW – Bult), P Joubert (RV), GK Bain (S)

2.5.4.3.8.5 Kommissie kerkregtelik
Voorsitter: Dr RM van der Merwe (OVS-KZN)
Skriba: Dr JH Howell (P)
Lede: Di P Venter (NW), BR Kingma (S), PM Modise (RV), oudle JD Snyman (S), MJ Chaka (RV), GK Schuring (B)

2.5.4.3.8.6 Kommissie praktiese uitvoerbaarheid
Voorsitter: Dr PH Heystek (P)
Skriba: Dr EJ de Beer (B)
Lede: Di NN Ligege (B), AL Pelser (OVS-KZN), dr JV Fatuse (S) oudle AM van der Kruk (P), JJ Howell (RV), AJD Boon (S)

Besluit: Punte 2.5.4 tot 2.5.4.3.8.6 staan oor tot die twee Beswaarskrifte, te wete van GK Potchefstroom-Die Bult en Streeksinode Randvaal teen besluite van Sinode 2015 oor "Spesiale Sinodes" en die versoek tot 'n Buitengewone Algemene Sinode deur Streeksinode Vrystaat-KwaZulu-Natal, afgehandel is.

I. **RAPPORT VAN DIE AD HOC-KOMMISSIE – SAMESTELLING VAN KOMMISSIES**
Die numering en opskrifte van die Aanvullende Rapport is behou. Die volgende Kommissies word aanbeveel:

2.5.4.3.8.1 Tematiese indeling en Sinchronisasie van aanbevelings
Voorsitter: Dr DJ de Kock
Skriba: Ds JL van der Schyff
Lede: Ds MJ Smidt, dr G van Wyk, di J Malan, NN Ligege, HPM van Rhyn, oudle WH Smit, J Basson, AT Dreyer

2.5.4.3.8.2 Beswaargronde 1 Tim 2
Voorsitter: Dr DG Breed
Skriba: Ds PW Kurpershoek
Lede: Di HC van Rooy, CB Swanepoel, LP Baloyi, oudle DM Kruger, J Dube

2.5.4.3.8.3 Beswaargronde 1 Kor 14
Voorsitter: Dr AJ Coetsee
Skriba: Ds CCA Vrey
Lede: Ds JG Noëth, oudle EJ Msimanga, OJF Hartung, J Hoogendyk, PJ Grobler

2.5.4.3.8.4 Beswaargronde Openbaringshistories
Voorsitter: Dr GJ Meijer
Skriba: Ds BCG Fourie

	Lede:	Drr AJ Kruger, J Lion-Cachet, ds PT Masase, dr DM Nkulu, oudle F Venter, P Joubert, GK Schuring, ES Pungula
2.5.4.3.8.5	Kerkregtelik	
	Voorsitter:	Dr RM van der Merwe
	Skriba:	Dr JH Howell
	Lede:	Ds BR Kingma, dr SN Jooste, ds SZ Phungula, oudle JD Snyman, MJ Chaka, GK Bain
2.5.4.3.8.6	Praktiese uitvoerbaarheid	
	Voorsitter:	Dr TD Mashau
	Skriba:	Dr EJ de Beer
	Lede:	Ds AL Pelser, drr JV Fatuse, PH Heystek, ds PT Hlela, oudle AM van der Kruk, JJ Howell, AJD Boon, KP Mapholi
2.5.4.3.8.7	Beswaarskrif: Vrou as diaken	
	Voorsitter:	Dr KD Semenya
	Skriba:	Ds PM Modise
	Lede:	Di TJ Potgieter, ASA de Bruyn, MG Mdluli, dr JA Erasmus, oudle R Muller, BD Bakker, HJ Briel

Besluit: Goedgekeur.

10.1 RAPPORT MODERAMEN (Artt 7, 22, 33, 35)

A. Ds C Aucamp stel die Rapport.
B. Die Sinode gaan in camera.
C. Dr PH Heystek lewer die Rapport van die ad hoc-kommissie – om die taalpraktyk van die Algemene Sinode na te gaan.
D. **Ordevoorstel:** In die lig van die bespreking, word die hele Rapport na die Kommissie terugverwys vir 'n Tweede Rapport.
Besluit: Goedgekeur.
E. Dr PH Heystek lewer die Tweede Rapport van die ad hoc-kommissie – om die taalpraktyk van die Algemene Sinode na te gaan.
F. **Ordevoorstel:** Dat voordat enige bespreking gevoer word, een van die afgevaardigdes die Sinode in gebed sal voorgaan.
Besluit: Ordevoorstel goedgekeur.
G. Ds N Boy gaan die vergadering voor in gebed.
H. Bespreking word gevoer.
I. **Ordevoorstel dat:**
   1. die Moderamen besluit oor hoe die saak hanteer moet word sodat hierdie vergadering met sy Agenda kan voortgaan, en
   2. dat ons as kerke dringend aandag gee aan die saak van taal en eenheid.
J. Bespreking word gevoer.
K. Ordevoorstel word nie tot stemming gebring nie.
L. Ds SZ Phungula hou die volgende voorstel aan die vergadering voor.
   1. Context
      People, who feel very strong that this Synod meeting should be run in English, sought the audience of the Moderamen. For the sake of unity and progress in moving the Agenda of this meeting forward, we propose the following:
      1.1 That the Report presented by the Ad-hoc Commission should be removed from the table.
      1.2 In the light of 4.2.1 of "Acta Synod GKSA 2006, 4.2, we should then decide that this meeting should be conducted in English for effective communication among all delegates.
      1.3 The Moderamen should use both English and Afrikaans to introduce Agenda points.
      1.4 Delegates should do their best to effectively communicate to the benefit of all.
      1.5 Delegates are free to use their mother tongues and direct interpretation should be sought.
   2. Conclusion
      2.1 It is not about seeking what is best for us (blacks and whites) but the Kingdom.
      2.2 Assurance from the Moderamen that they will do their best in running this meeting to God's glory.
M. Bespreking word gevoer.
N. Dr G van Wyk hou die volgende amendement voor: "Dat 1.2 geskrap word".
O. **Besluit:**
   1. Amendement word goedgekeur.
   2. Goedgekeur soos geamendeer.
P. Ds P Venter gaan voor in 'n dankgebed na aanleiding van die besluit.

Q. **RAPPORT VAN DIE MODERAMEN**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 'n Afgevaardigde het die taal van kommunikasie vir Sinode 2016 geopper.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

2.1 Die Sinode wys 'n ad hoc-kommissie aan met die opdrag:

2.1.1 om bestaande besluite oor die taalpraktyk van die Algemene Sinode na te gaan.

2.1.2 Die toepassing van die besluit vir hierdie Sinode.

2.1.3 Om die Sinode te adviseer in die verdere hantering van die saak, indien nodig.

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.3 goedgekeur.

2.2 Kommissie: Drr GJ Meijer (V), PH Heystek (S), di NN Ligege, PM Modise, oudl F Venter met as adviseur prof J Smit.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 Enig-iemand wat insette by die Kommissie wil gee, kry geleentheid daartoe.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 Die ondervoorsitter reël die saak van verwelkoming van binnelandse en buitelandse besoekers van kerke met wie die GKSA in ekumeniese eenheid is en ekumeniese bande het, en die media.

Besluit: Goedgekeur.

R. **EERSTE RAPPORT: AD HOC KOMMISSIE – OM DIE TAALPRAKTYK VAN DIE ALGEMENE SINODE NA TE GAAN**

1. Opdrag

1.1 Om bestaande besluite van die taalpraktyk van die Algemene Sinode na te gaan.

1.2 Die toepassing van die besluit vir hierdie Sinode.

1.3 Om die Sinode te adviseer in die verdere hantering van die saak, indien nodig.

2. Werkswyse

2.1 Die Kommissie het almal wat aangedui het om ons te ontmoet, aangehoor.

2.2 Die bestaande Sinodebesluite rakende die Kommissie se opdrag is:

2.2.1 Acta Sinode GKSA 4.2

"Language

Recommendation

4.2.1 That every new Classis and the new Synod should take its own steps with regard to its language medium, within the framework of the official languages of the country.

Besluit: Goedgekeur met die volgende byvoeging: Elke vergadering moet verseker dat taalverskille nie lei tot gebrekkige kommunikasie nie. Elke afgevaardigde moet kan deelneem aan gesprekvoering en besluitneming van sake op die Agenda.

3.2.2 "11.3 REPORT DEPUTY GROUP GENERAL SYNOD – LANGUAGE (ART 15)

A. Rev CA Jansen delivers the Report.

B. REPORT

1. Matters that the Synod take note of

1.1 The Deputy Group National Synod's assignment is formulated in the Acta of Synod 2006 (p842). In addition to this the Deputy group also took points 2.3.2 (p387) and 4.2.1 (389) into consideration – language matters.

1.2 Although language matters was not a direct assignment (CO, art 49), the Deputies deemed certain actions in the planning of the Synod necessary to ensure that the Synod will run as smoothly as possible.

1.3 The Deputies prepared the Agenda and Supplementary Agenda in both Afrikaans and English. Delegates each receive a printed copy in the language of their choice. The Agenda was made available to churches on CD.

1.3.1 Motivation: saving costs.

1.4 The Deputies have compiled a wordlist Afrikaans-English to aid translation. This list is available for Deputy groups, Commissions and the GKSA web page.
Decision: Noted.

2. Matters for decision by the Synod
The Deputies recommend:
2.1 The Agenda and Supplementary Agenda are made available in Afrikaans and English in future in printed version to delegates and on CD to congregations, until such time that circumstances require change.
2.2 The general language during the Synod is Afrikaans and this will simultaneously be interpreted into English (headphones are available for this purpose).
2.3 Delegates (when it is his turn to speak) expresses himself in the language in which he is most comfortable and in the case of other indigenous languages it will be interpreted into Afrikaans or English.
2.4 All documents, printed and on screen, appear in Afrikaans and English.
Decision: Approved."

3. Bevindinge

Die volgende frustrasies word deur die broeders wat die Kommissie ontmoet het, ondervind:

3.1 Die spesifieke afgevaardigdes wat van die interpretasiedienste gebruik maak is nie instaat om sinvol aan die vergadering deel te neem nie.
3.2 Op grond van 3.1 voel hulle uitgesluit en dus nie afgevaardigdes wat met hulle gawes insette kan lewer nie, maar waarnemers.
3.3 Die gebruik van die oorfone vir lang periodes is hinderlik.
3.4 Die afgevaardigdes voel dat die tempo van die vergadering te vinnig is. Gesien in die lig daarvan dat die interpretasiediens ietwat stadiger is, is dit vir die spesifieke broeders moeilik om die gang van die vergadering te volg en sinvol daaraan deel te neem. Hulle voel hulle is slegs luisteraars.

4. Aanbevelings

4.1 Dat die Sinodebesluite rakende die saak (vgl 3.2.1 en 3.2.2) gehandhaaf word. Die aanbeveling beteken nie dat die ordelike kerklike weg (KO, art 46) gevolg kan word om 'n Beswaarskrif teen 'n bepaalde besluit in te dien nie.
4.2 Dat die Deputate Bevordering van Eenheid en Verskeidenheid kennis neem van die problematiek en dringend versoek word om aan die saak aandag te skenk met die oog op die Algemene Sinode, DV 2018.
4.3 Dat die Voorsitter van die Algemene Sinode versoek word om in die hantering van die Agenda in gedagte te hou om Agendapunte nie te vinnig te hanteer nie.
4.4 Dat die Agendastukke en Rapporte in Afrikaans en Engels staande die vergadering te projekteer.

Ordevoorstel: In die lig van die bespreking, word die hele Rapport na die Kommissie terugverwys vir 'n Tweede Rapport.
Besluit: Goedgekeur.

S. **TWEEDE: AD HOC KOMMISSIE – OM DIE TAALPRAKTYK VAN DIE ALGEMENE SINODE NA TE GAAN**

1. Opdrag

1.1 Om bestaande besluite van die taalpraktyk van die Algemene Sinode na te gaan.
1.2 Die toepassing van die besluit vir hierdie Sinode.
1.3 Om die Sinode te adviseer in die verdere hantering van die saak, indien nodig.

2. Werkswyse

2.1 Die Kommissie het almal wat aangedui het om ons te ontmoet, aangehoor.

2.2 Die bestaande Sinodebesluite rakende die Kommissie se opdrag is:

2.2.1 Acta Sinode GKSA 2006, 4.2

"Language

Recommendation

4.2.1 That every new Classis and the new Synod should take its own steps with regard to its language medium, within the framework of the official languages of the country.

Besluit: Goedgekeur met die volgende byvoeging: Ellke vergadering moet verseker dat taalverskille nie lei tot gebrekkige kommunikasie nie. Elke afgevaardigde moet kan deelneem aan gesprekvoering en besluitneming van sake op die Agenda.

2.2.2 In Acta Sinode GKSA 2009

"11.3 REPORT DEPUTY GROUP GENERAL SYNOD – LANGUAGE (ART 15)

A. Rev CA Jansen delivers the Report.

B. REPORT

1. Matters that the Synod take note of

1.1 The Deputy Group National Synod's assignment is formulated in the Acta of Synod 2006 (p842). In addition to this the Deputy group also took points 2.3.2 (p387) and 4.2.1 (389) into consideration – language matters.

1.2 Although language matters was not a direct assignment (CO, art 49), the Deputies deemed certain actions in the planning of the Synod necessary to ensure that the Synod will run as smoothly as possible.

1.3 The Deputies prepared the Agenda and Supplementary Agenda in both Afrikaans and English. Delegates each receive a printed copy in the language of their choice. The Agenda was made available to churches on CD.

1.3.1 Motivation: saving costs.

1.4 The Deputies have compiled a wordlist Afrikaans-English to aid translation. This list is available for Deputy groups, Commissions and the GKSA web page.

Decision: Noted.

2. Matters for decision by the Synod

The Deputies recommend:

2.1 The Agenda and Supplementary Agenda are made available in Afrikaans and English in future in printed version to delegates and on CD to congregations, until such time that circumstances require change.

2.2 The general language during the Synod is Afrikaans and this will simultaneously be interpreted into English (headphones are available for this purpose).

2.3 Delegates (when it is his turn to speak) expresses himself in the language in which he is most comfortable and in the case of other indigenous languages it will be interpreted into Afrikaans or English.

2.4 All documents, printed and on screen, appear in Afrikaans and English.

Decision: Approved."

3. Ordevoorstel (deur BAS goedgekeur)

In die lig van die bespreking word die hele Rapport na die Kommissie terug verwys vir 'n 2de Rapport.

4. Bevindings

4.1 Die probleme wat afgevaardigdes vermeld het met die huidige taalpraktyke van die Sinode het die werklike potensiaal om 'n gevoel van vervreemding by hulle te veroorsaak en om hulle vermoë om vrylik aan die verrigtinge deel te neem te beperk, waardeur die Sinode ontneem word van die geleentheid om van hulle gawes en insigte gebruik te maak.

4.2 Die Buitengewone Sinode is nie ingevolge die KO bevoeg om Sinodebesluite rakende taalpraktyke in Sinodes te wysig of te herroep nie, maar is bevoeg om ad hoc reëlings wat nie met die staande besluite bots nie, vir die duur van die Sinode te tref.

5. Aanbevelings

5.1 Dat elke afgevaardigde sal streef na optimale kommunikasie in terme van uitdrukking en verstaanbaarheid.

5.2 Dat die tolke versoek word om vir die duur van die Sinode die probleme wat die nie-Afrikaanssprekende afgevaardigdes geïdentifiseer het, so ver doenlik en binne hulle kontraktuele mandaat te akkommodeer.

5.3 Dat die Deputate vir bevordering van eenheid in meerdere vergaderings/groei versoek word om 'n sterk fokus in hulle werk te plaas op die formulering van voorstelle rakende die funksionering van die Algemene Sinode wat in DV 2018 gehou word rakende taalpraktyke, en wel met in agneming van die vermelding deur die afgevaardigdes rakende die probleme wat hulle met taalpraktyke tydens die Buitengewone Sinode van 2016 ervaar het.

T. **Ds SZ Phungula hou die volgende voorstel aan die vergadering voor**

1. Context

People, who feel very strong that this Synod meeting should be run in English, sought the audience of the Moderamen. For the sake of unity and progress in moving the Agenda of this meeting forward, we propose the following:

1.1 That the Report presented by the Ad-hoc Commission should be removed from the table.

1.2 In the light of 4.2.1 of "Acta Synod GKSA 2006, 4.2, we should then decide that this meeting should be conducted in English for effective communication among all delegates.

1.3 The Moderamen should use both English and Afrikaans to introduce Agenda points.

1.4 Delegates should do their best to effectively communicate to the benefit of all.

1.5 Delegates are free to use their mother tongues and direct interpretation should be sought.

2. Conclusion

2.1 It is not about seeking what is best for us (blacks and whites) but the Kingdom.

2.2 Assurance from the Moderamen that they will do their best in running this meeting to God's glory.

11. RAPPORT DEPUTATE ONTVANKLIKHEID VAN BESWAARSKRIFTE (Art 13)

A. Dr JH Howell stel die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Beswaarskrifte/sake wat vir ontvanklikheid beoordeel moet word

1.1 Beswaarskrifte van GK Potchefstroom-Die Bult en Streeksinode Randvaal teen besluite van Sinode 2015 oor "Spesiale" Sinodes.
1.2 Saam met 1.1 die versoek van Streeksinode Vrystaat-Kwazulu-Natal tot 'n Buitengewone Algemene Sinode (BAS).
1.3 Vyf (5) Beswaarskrifte ingedien deur GK Noordrand oor onderskeie sake.
1.4 Beskrywingspunt van Streeksinode Randvaal rakende die wesentlikheid van die saak van die vrou in die amp al dan nie.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.4 kennis geneem.

2. Beoordeling van ontvanklikheid van Beswaarskrifte GK Potchefstroom-Die Bult en Streeksinode Randvaal teen besluite van Sinode 2015 oor "Spesiale" Sinodes

2.1 *Beoordeling van ontvanklikheid*
2.1.1 Beide Beswaarskrifte word gerig tot die vergadering wat die betrokke besluit geneem het waarteen beswaar gemaak word.
2.1.2 Beide Beswaarskrifte is betyds vir opname in die Agenda van die Sinode ingedien.
2.1.3 Die besluit waarteen die Beswaarskrifte ingedien word, word deur beide Beswaarskrifte woordeliks weergegee.
2.1.4 Die gronde waarop die Beswaarskrifte steun, word deur beide Beswaarskrifte duidelik aangetoon.

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.4 kennis geneem.

2.2 *Aanbeveling*
Beide hierdie Beswaarskrifte is ontvanklik en word ter tafel geneem vir beoordeling.

Besluit: Goedgekeur.

3. Beoordeling van die versoek van Streeksinode Vrystaat-Kwazulu-Natal tot 'n Buitengewone Algemene Sinode (BAS)

3.1 Streeksinode Vrystaat-Kwazulu-Natal gee hiermee gehoor aan die versoek van Klassis Potchefstroom, nl. om 'n Buitengewone Algemene Sinode te versoek.
3.2 *Aanbeveling*
Die Sinode neem kennis van hierdie versoek wat aanleiding gegee het tot die sameroeping van die Buitengewone Sinode 2016. In die lig van KO, art 50 het twee of meer Streeksinodes dus besluit om 'n BAS op te roep.

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 kennis geneem.

4. Beoordeling van die Vyf (5) Beswaarskrifte ingedien deur GK Noordrand oor onderskeie sake

4.1 *Beoordeling van ontvanklikheid*
4.1.1 Alleen maar die gewone kriteria vir die ontvanklikheid van Beswaarskrifte geld nie in die geval van 'n BAS by die beoordeling van ontvanklikheid nie.
4.1.2 Die saak/sake waarvoor 'n BAS opgeroep word, moet deur minstens 2 (twee) Streeksinodes ondersteun word (wat hier nie die geval was nie).
4.1.3 Die BAS is opgeroep met 'n vasgestelde voorgestelde Agenda. 'n BAS word dus opgeroep om 'n beperkte Agenda te behandel en af te handel.

4.1.4 Die BAS is opgeroep deur die twee Streeksinodes (KO, art 50) ter wille van die hantering van besware teen die besluite van Sinode 2015 oor Spesiale Sinodes en om, indien dit sou slaag, die stukke insake die vrou in die besondere dienste in terme van KO, art 30 wat by Sinode 2012 en 2015 op die Agenda was, maar nie behandel en afgehandel is nie, te hanteer.

Besluit: Punte 4.1.1 tot 4.1.4 kennis geneem.

4.2 *Aanbevelings*

4.2.1 Die Beswaarskrifte ingedien deur GK Noordrand is nie ontvanklik nie, aangesien dit nie handel oor die sake (die beperkte Agenda) waarvoor die BAS opgeroep is nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.2.2 Die Beswaarskrifte kan wel tydens 'n volgende Algemene Sinode ingedien word.

Besluit: Kennis geneem.

5. Beoordeling van Beskrywingspunt van Streeksinode Randvaal rakende die wesentlikheid van die saak van die vrou in die amp al dan nie

5.1 *Beoordeling van ontvanklikheid*

5.1.1 Alleen maar die gewone kriteria vir die ontvanklikheid van Beswaarskrifte/Beskrywingspunte geld nie in die geval van 'n BAS by die beoordeling van ontvanklikheid nie.

5.1.2 Die saak/sake waarvoor 'n BAS opgeroep word, moet deur minstens 2 (twee) Streeksinodes ondersteun word (wat hier nie die geval was nie).

5.1.3 Die BAS is opgeroep met 'n vasgestelde voorgestelde Agenda. 'n BAS word dus opgeroep om 'n beperkte Agenda te behandel en af te handel.

5.1.4 Die BAS is opgeroep deur die twee Streeksinodes (KO, art 50) ter wille van die hantering van besware teen die besluite van Sinode 2015 oor Spesiale Sinodes en om, indien dit sou slaag, die stukke insake die vrou in die besondere dienste in terme van KO, art 30 wat by Sinode 2012 en 2015 op die agenda was, maar nie behandel en afgehandel is nie, te hanteer.

Besluit: Punte 5.1.1 tot 5.1.4 kennis geneem.

5.2 *Aanbevelings*

5.2.1 Die Beskrywingspunt ingedien deur Streeksinode Randvaal is nie ontvanklik nie, aangesien dit nie handel oor die sake waarvoor die BAS opgeroep is nie.

Besluit: Goedgekeur.

5.2.2 Die Beskrywingspunt kan wel tydens 'n volgende Algemene Sinode ingedien word.

Besluit: Kennis geneem.

6. Samestelling van Deputate

6.1 *Beoordeling van die samestelling van Deputate*

Die Deputate het geoordeel dat dr RM van der Merwe nie impliseer kan word as regter in eie saak by die beoordeling van die ontvanklikheid van die Beswaarskrifte deur GK Noordrand nie, aangesien nie die inhoudelike nie, maar bloot die onvanklikheid van die Beswaarskrifte beoordeel is.

Besluit: Kennis geneem.

6.2 *Aanbeveling*

Die optrede van die Deputate word goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur.

11.1. BESWAARSKRIF VAN GK POTCHEFSTROOM-DIE BULT TEEN BESLUITE VAN SINODE 2015 OOR "SPESIALE" SINODES (Artt 17, 21, 27, 53)

A. Oudl F Venter (Bult) stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Geleentheid vir bespreking word toegelaat.
C. **Ordevoorstel:** Ds PW Kurpershoek maak die volgende Ordevoorstel: "Sonder om die Beswaarskrifte te beoordeel, sien die Buitengewone Algemene Sinode af van die gedagte om 'n Spesiale Sinode te hou om die onafgehandelde sake rondom die vrou in die besondere dienste (Sinodes 2012, 2015) te hanteer en gaan voort om die onafgehandelde sake te hanteer.
Motivering
1. Die besluite van Sinode 2015 insake die Spesiale Sinode is geneem om in sake wat verdelingspotensiaal het en waaroor ernstige verskille bestaan, die eenheid in die kerke te bevorder.
2. Besluite oor die Spesiale Sinode het egter onmiddellik spanning veroorsaak soos ook blyk uit die feit dat daar reeds Beswaarskrifte is wat gelei het tot hierdie Buitengewone Algemene Sinode.
3. Die beoordeling van die Beswaarskrifte moet kerkregtelik-verantwoord gedoen word, wat 'n deeglik-oorwoë besluitnemingsproses noodsaak wat tydrowend kan wees en die wyse en deeglike hantering van die onafgehandelde sake gaan bemoeilik".

D. **Besluit:** Ordevoorstel afgekeur.
E. **Voorstel ds C Aucamp:**
1. Die Beswaarskrif word oorhoofs gelyk gegee in terme van 1.3 (van die Beswaarskrif). Die doelstellings van effektiewe en eenstemmige afhandeling van die saak waarvoor die Spesiale Sinode opgeroep is, het in praktyk nie gerealiseer nie. In die lig daarvan besluit die Sinode om nie op elke beswaargrond in te gaan nie.
2. Motivering
2.1 Die Beswaarskrif is hanteer deurdat dit volledig gestel en toegelig is en bespreek is.
2.2 Dis nie sinvol om 'n saak wat in praktyk reeds gefaal het, verder te "dissekteer" nie.

F. **Besluit: Goedgekeur.**

G. **BESWAARSKRIF**

1. Oriëntering

1.1 *Die tersaaklike besluite aangehaal*

Hiermee word beswaar aangeteken teen besluite van Sinode 2015 waarvolgens die Sinode 'n "Spesiale" Sinode daarstel. Die tersaaklike besluite is soos volg genotuleer:

RAPPORT DEPUTATE EENHEID IN VERSKEIDENHEID (NOTULE 21.1)

"6.3.3 Aanbevelings

6.3.3.1 Dat Spesiale Sinodes gehou word volgens besluit van 'n Algemene Sinode wanneer wesentlike sake met 'n ernstige verdelingspotensiaal nie met eenstemmigheid deur die Algemene Sinodes afgehandel/opgelos kon word nie om dan deur voortgaande studie en oorweging, die sake tot eenstemmigheid te bring en so af te handel of op te los.

Besluit: Goedgekeur.

6.3.3.2 Streeksinodes wys afgevaardigdes vir hierdie moontlike Sinodes voor elke Algemene Sinode aan, naamlik vier predikante en vier ouderlinge sowel as die nodige sekundi.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

6.3.3.3 'n Spesiale Sinode konstitueer die eerste keer onder leiding van die Voorsitter en Skriba van die vorige Algemene Sinode waarna die vergadering 'n eie Moderamen aanwys vir hantering van verwysde sake vanaf die Algemene Sinode.

Besluit: Goedgekeur.
6.3.3.4 Spesiale Sinodes vergader so dikwels en so lank as wat dit nodig is vir die afhandeling van hulle opdrag en gee op 'n gepaste manier aan lidmate, gemeentes en kerke waarmee ons ekumeniese eenheid of bande het, geleentheid om voorleggings te maak mbt sake ter tafel.
Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).
6.3.3.5 Spesiale Sinodes handel verwysde sake af sodra daar eenstemmigheid oor 'n saak/sake bereik is en stel die kerke daarvan in kennis.
Besluit: Goedgekeur.
6.3.3.6 Die Spesiale Sinodes wys Deputate aan, om waar kerke wat besonderlik deur die besluite van die Spesiale Sinodes geraak word, indien so versoek, die besluite te gaan toelig.
Besluit: Goedgekeur."
"6.4 Dat die aanbeveling oor die verskeidenheid binne die kerke en die rol wat dit kan speel tot opbou van die eenheid en die uitleef van ons missionale roeping verwys word na die Deputate Omkeerstrategie (Kerkgroeibediening).
Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge)."

"7.3 *Aanbeveling*
7.3.1 Dat indien die aanbevelings in 4 tot 6 goedgekeur word, die verwysde Beswaarskrifte volgens dié tersaaklike besluite hanteer word.
Besluit: Goedgekeur.
7.3.2 Dat die Sinode met goedkeuring van 7.3.1 oordeel of die sake wesentlik of niewesentlik is.
Besluit: Dat verwysde Beswaarskrifte wesentlik is.
7.3.2.1 Indien die sake wesentlik is, moet die Sinode oordeel (kyk 6.3.3 van hierdie Rapport):
of die sake ernstige verdelingspotensiaal het,
Besluit: Dat die saak ernstige verdelingspotensiaal het.
of Algemene Sinodes in die verlede eenstemmigheid oor die sake kon bereik,
Besluit: Dat die Beswaarskrifte bevestig dat die Algemene Sinode nie in die verlede eenstemmigheid bereik het nie.
of die sake in die lig van bogenoemde na 'n Spesiale Sinode verwys word.
Besluit: Dat die sake in die lig van bogenoemde besluite (a en b) na 'n Spesiale Sinode verwys word en dat Kommissie Leerstellig die vergadering sal adviseer oor:
1. die verdere hantering van Beswaarskrifte by Sinode 2015 oor hierdie selfde saak en
2. 'n manier waarop so spoedig moontlik 'n wettige Spesiale Sinode saamgestel kan word.
Besluit: Punte 7.3.2 tot 7.3.2.2 goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge)."

BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA – SPESIALE SINODES (KOMMISSIERAPPORT EN BESLUIT) (NOTULE 11.3)
"2. Aanbeveling
2.1 Al die tersaaklike Beswaarskrifte handel oor die vrou in die besondere dienste. In die lig daarvan dat die Sinode besluit het dat die saak van die vrou in die besondere dienste 'n wesenlike saak is, word aanbeveel dat al die Beswaarskrifte na die Spesiale Sinode verwys word.
Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).
2.2 Die volgende word aanbeveel met betrekking tot die oproep van die Spesiale Sinode:
2.2.1 Dat die onderskeie Streeksinodes die nodige afvaardiging sal doen volgens eie reëlings vir die Spesiale Sinode Julie 2015.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

2.2.2 Dat afgesien van die primus afgevaardigdes ook 8 sekundi afgevaardigdes aangewys word. (Afgevaardigdes moet bewus gemaak word van die moontlike lang tydsduur van die Spesiale Sinode).

Besluit: Goedgekeur.

2.2.3 Die Sinode versoek die Gereformeerde Kerk Potchefstroom om in samewerking met die Administratiewe Buro, as Roepende en Korresponderende Kerkraad vir die Spesiale Sinode op te tree.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge)."

1.2 *Aangaande die besluite van Sinode 2015*

GKP Die Bult is van mening dat die besluit van Sinode 2015 nie die toets van die Kerkorde (KO) kan deurstaan nie. Sinode 2015 se besluit het meegebring dat die Gereformeerde (Skrifgefundeerde) benadering tot kerkregering in gedrang gebring is. Sinode 2015 het op 'n kollegialistiese wyse aan homself gesag toegeken waaroor 'n Sinode van die GKSA nie beskik nie. Dieselfde geld vir die "Spesiale" Sinodes wat Sinode 2015 tot stand wou bring. Die "Spesiale" Sinodes ontvang volgens die aangehaalde besluite bevoegdhede wat nie binne die raamwerk van die KO bestaanbaar is nie. *GKP Die Bult* is dus van mening dat Sinode 2015 onder meer –

(i) "Spesiale" Sinodes op 'n onregmatige wyse in die lewe wou roep; en

(ii) gesag/bevoegdhede aan sulke "Spesiale" Sinodes in stryd met die Gereformeerde kerkreg en kerkregering wou toeken.

Weens die ongeldigheid van die tersaaklike besluite kan die "Spesiale" Sinode wat vir Julie 2015 beoog is, nie tot stand kom nie.

In hierdie Beswaarskrif toon ons aan dat Sinode 2015 se besluit oor "Spesiale" Sinodes op 'n dwaling oor die Skrifopenbaring aangaande die kerk berus, naamlik die kollegialisme. Die essensie van die kollegialisme is dat daar 'n finale beslissingsgesag aan 'n liggaam ("Spesiale Sinode" genoem) toegeken word wat nie met die Skrifopenbaring aangaande die kerk en die kerkregering ooreenstem nie. In die onderstaande uiteensetting van die beswaargronde en die motivering daarvan word onder meer gewys op die kollegialistiese aard van die tersaaklike Sinodebesluit.

Verder word aangetoon dat Sinode 2015 homself buite die binding van die KO geplaas het. Die betrokke Sinodebesluite is in sommige gevalle direk in stryd met bepalings van die KO, in ander gevalle word 'n ongeoorloofde uitbreiding van die KO geïmpliseer, of die bedoeling van KO verydel.

In wese het Sinode 2015 dus vir homself gesag toegeëien waaroor 'n Sinode nie beskik nie. Daardeur het Sinode 2015 met die neem van die betrokke besluite buite die norme waarop die kerke met mekaar ooreengekom het, gehandel.

1.3 *Doel*

Die doel met hierdie Beswaarskrif is om binne die bepalings van die KO positief daartoe mee te werk dat daar orde op sake gebring word rakende die spoedige hantering, ordelike behandeling en afhandeling van die tersaaklike Beswaarskrifte.

Die doel met hierdie Beswaarskrif is juis nie om 'n struikelblok op die pad van die hantering van die Beswaarskrifte by Sinode 2015 of enige ander saak te veroorsaak nie. Inteendeel, GKP Die Bult is daarvan oortuig dat uitvoering van die besluite van Sinode 2015 waarteen hierdie Beswaarskrif gerig is, so 'n struikelblok daar sal stel. Ons noem die volgende voorbeeld: indien 'n Beswaarskrif teen die besluit van Sinode 2015 by Sinode 2018 sou slaag, kan dit meebring dat die saak na Deputate ingevolge KO, art 49 verwys word. Die Deputate sal dan volgens die gewone verloop van sake eers by Sinode 2021 oor die sodanige Beswaarskrifte kan rapporteer. Indien dit so sou verloop, sal die Beswaarskrifte wat by Sinode 2012 gedien het, eers by Sinode 2021 vir beslissing dien.

Daarteenoor sou Sinode 2015 die Beswaarskrifte en die aangeleentheid in sy geheel ordelik en regmatig op verskillende wyses kon hanteer (kyk byvoorbeeld KO, artt 30, 49). Die Deputate Eenheid en Verskeidenheid het ook nie in hulle Rapport die moontlikhede verreken wat reëlmatig ingevolge die KO bestaan om die aangeleentheid te hanteer nie en die Sinode het ook nie daardie moontlikhede oorweeg nie. Meerdere vergaderings se vereenselwiging met hierdie Beswaarskrif behoort dit moontlik te maak om die bestaande moontlikhede wat die KO bied, tot die heil van die GKSA in geheel te benut.

1.4 *Kerklike weg*

Die GKP Die Bult volg met hierdie Beswaarskrif die kerklike weg ooreenkomstig KO, art 46, soos dit vir die behandeling van Beswaarskrifte deur Sinode 1994 en Sinode 2012 goedgekeur is (Acta 2012:22-24, 11.1).

KLASSIS POTCHEFSTROOM het die Beswaarskrif beoordeel en soos volg besluit (uittreksel uit die notule van die vergadering van Klassis Potchefstroom van 5 Maart 2015):

"Artikel 13 Beswaarskrif

1. Dat die Klassis die Beswaarskrif oorweeg en hom in wese hiermee vereenselwig. Dat die GKP Bult in die lig van die bespreking versoek word om van die opmerkings wat tydens die vergadering gemaak is in die Beswaarskrif te verreken. Afgevaardigdes wat wil moet skriftelike bydraes in die verband by GKP Bult voor 9 Maart indien.

Besluit: Goedgekeur.

2. Dat die Klassis die gewysigde Beswaarskrif ooreenkomstig KO, art 48 aan die onderskeie Klassisse in die kerkverband deurgee vir oorweging.

Besluit: Goedgekeur.

3. Dat die Klassis op grond van sy vereenselwiging in wese met die Beswaarskrif nie persone afvaardig na 'n "Spesiale" Streeksinode nie.

Besluit: Die saak is reeds onder Artikel 11 van hierdie agenda behandel.

4. Dat die Klassis die Korresponderende Kerkraad van Streeksinode Noordwes versoek om so spoedig moontlik (indien moontlik teen einde Mei) 'n Streeksinode op te roep om die Beswaarskrif te behandel.

Besluit: Goedgekeur.

5. Dat die Klassis die Streeksinode Noordwes versoek om die Beswaarskrif te beoordeel en hom in wese daarmee te vereenselwig en ooreenkomstig KO, art 48 aan die ander Streeksinodes deur te stuur vir oorweging.

Besluit: Goedgekeur.

6. Dat die Klassis Streeksinodes in die kerkverband versoek om die nodige inisiatief te neem vir die spoedige oproep van 'n Buitengewone Algemene Sinode ooreenkomstig KO, art 50 alvorens die "Spesiale" Sinode sou plaasvind.

Besluit: Goedgekeur.

7. Dat twee agendapunte oop die Agenda van die Buitengewone Algemene Sinode geplaas word, nl:

(1) die hantering van die Beswaarskrif (KO, art 46) teen die besluit van Sinode 2015 om 'n "Spesiale" Sinode op te roep; en

(2) die behandeling van die tersaaklike Beswaarskrifte in terme van KO, art 30, wat by Sinode 2012 en Sinode 2015 op die Agenda was maar nie behandel of afgehandel is nie.

Besluit: Goedgekeur.

Die Moderamen word versoek om uitvoering te gaan aan bogenoemde besluite."

STREEKSINODE NOORDWES het die volgende versoek van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Die Bult hanteer: **Die GKP Die Bult versoek die Streeksinode Noordwes om hierdie Beswaarskrif te beoordeel, hom daarmee te vereenselwig en origens aan die versoek van Klassis Potchefstroom te voldoen om die Beswaarskrif ooreenkomstig KO, art 48 aan die ander Streeksinodes deur te stuur vir hulle oorweging.**

Streeksinode Noordwes het soos volg besluit: (uittreksel uit die notule van die vergadering van Streeksinode Noordwes 26 Mei 2015)
Pt i. a en b: Kennis geneem.
Beswaargrond 1. Goedgekeur.
Beswaargrond 2. Goedgekeur.
Beswaargrond 3. Goedgekeur.
Beswaargrond 4. Goedgekeur.
Beswaargrond 5. Goedgekeur.
Beswaargrond 6. Goedgekeur.
Beswaargrond 7. Goegekeur.
Beswaargrond 8. Goedgekeur.

Besluit insake die versoek van GK Potchefstroom-Die Bult:
Pt b nr 5: Besluit: die vergadering besluit om homself met die Beswaarskrif te vereenselwig en deur te stuur na die ander Streeksinodes vir oorweging en na die Deputate Korrespondensie van die Algemene Sinode.
Pt b nr 6: Dat die Roepende Kerkraad van die Algemene Sinode versoek word om 'n Buitengewone Algemene Sinode op te roep in Januarie 2016.
Pt b. nr 7. i Goedgekeur met die invoeging van die woord "hierdie" voor Beswaarskrif.
Pt b nr 7 ii. Goedgekeur.
Pt c. Versoek: Goedgekeur.

1.5 *Versoek aan Buitengewone Algemene Sinode*
Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Die Bult versoek die Buitengewone Algemene Sinode om die Beswaarskrif te hanteer en indien dit slaag, die stukke insake die vrou in die besondere dienste in terme van KO, art 30, wat by Sinode 2012 en Sinode 2015 op die Agenda was maar nie behandel of afgehandel is nie, te hanteer.

2. Beswaargronde en motivering
2.1 *Beswaargrond 1*
Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 is in stryd met KO, art 29, wat die wyse bepaal waarop die kerke ooreengekom het om sake van gemeenskaplike belang af te handel.
2.1.1 Motivering
2.1.1.1 Sinode 2015 fouteer deur 'n nuwe kerklike vergadering ('n "Spesiale" Sinode) in die vooruitsig te stel wat buite die bepalings van die KO moet funksioneer. Die beoogde "Spesiale" Sinodes word as selfstandige vergaderings opgeroep en konstitueer selfstandig. Sinode 2015 se besluit beoog verder dat die Streeksinodes, naas die gewone afvaardiging na 'n Algemene Sinode, ook na "Spesiale" Sinodes moet afvaardig (Notule 21.1, 6.3.3.2). Die klaarblyklike bedoeling met hierdie besluit was om 'n nuwe soort kerklike vergadering in die lewe te roep (Notule 21.1, 6.3.3.1, 6.3.3.3). Die kerke het met mekaar ooreengekom (KO, art 29) watter kerklike vergaderings onderhou word om sake van gemeenskaplike belang af te handel. KO, art 29 maak nie voorsiening vir "Spesiale" Sinodes nie. Sinode 2015 het dus nie by die neem van hierdie besluite in ag geneem nie dat die KO as bindende norm vir die kerklike lewe dien en as sodanig onderhou moet word.

2.1.1.2 Die KO kan nie by implikasie verander, vermeerder of verminder word deur ‘n Sinodebesluit te neem wat met die KO in stryd is nie. Die bedoeling is juis dat kerklike besluite binne die raamwerk van die KO geneem word en aan die KO getoets behoort te word. Kerklike besluite behoort dus nie met die KO in stryd te wees nie. Daarom kan die tersaaklike Sinodebesluite nie beskou word as ‘n geldige verandering van KO, art 29 nie. Die proses om die beoogde “Spesiale” Sinodes in die lewe te roep sou juis andersom moes verloop. Daar sou eers in terme van die kerkreg en kerkregering aangetoon moes word waarom ‘n wysiging van KO, art 29 noodsaaklik is (KO, art 46). Verder sou so ‘n wysiging slegs geldig kon wees indien ‘n Algemene Sinode so verorden het (KO, art 86). Tot dan geld die staande bepalings van die KO (art 86). Die aangehaalde Sinodebesluite is regstreeks in stryd met KO, art 29, en is dus ultra vires (buite die bevoegdheid van die Sinode) geneem.

2.2 *Beswaargrond 2*

Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 is in stryd met KO, artt 31 en 34, wat bepaal dat kerklike vergaderings sake behandel en indien daar nie konsensus oor ‘n saak is nie by wyse van stemming afhandel, en deeglik opteken wat noodsaaklik is.

2.2.1 Motivering

2.2.1.1 Sinode 2015 fouteer deur die bevoegdheid aan “Spesiale” Sinodes toe te ken om te bly vergader om “die sake tot eenstemmigheid te bring en so af te handel of op te los” (Notule 21.1, 6.3.3.1). Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 stel ‘n nuwe maatstaf waarvolgens die kerke besluite neem daar. “Eenstemmigheid” word naas “beslissings by wyse van stemming” die norm waarvolgens die kerke sake in ‘n “Spesiale” Sinode behandel en afhandel. Daarteenoor reël KO, art 31 slegs dat die kerke by wyse van stemming tot besluitneming kom indien daar nie konsensus oor ‘n saak is nie.

Daar is nêrens in die Sinode se beredenering na KO, art 31 verwys nie. Daar is ook geen motivering aangebied vir die uitbreiding van KO, art 31 nie (kyk ook 2.1.1.2 hierbo oor die wysiging van die KO). Sinode 2015 se besluit het die uitwerking dat KO, art 31 op ‘n onordelike wyse uitgebrei word.

2.2.1.2 Sinode 2015 fouteer verder deur nie aan te toon wat die verstaansmoontlikhede van die term “eenstemmigheid” binne die konteks van die besluit is nie. Die term is vreemd aan die presbiteriale kerkregering. Terme wat in dié konteks ingevolge die kerkregering gebruik word, is “konsensus”, “konformeer”, en besluitneming “met meerderheid van stemme”. “Eenstemmigheid” is ‘n vae term wat op verskillende wyses ingeklee kan word. Eenstemmigheid sou byvoorbeeld aan die hand van die vele verstaansmoontlikhede wat ‘n term soos “voldoende konsensus” bied verstaan kon word. Die Rapport is in hierdie opsig vaag en gebrekkig. Die onduidelikheid wat bestaan oor die tersaaklike terminologie van die Sinodebesluit is teen die bedoeling van KO, art 34, wat bepaal dat daar by die voorsitter ‘n skriba gevoeg moet word “om noukeurig op te skrywe wat noodsaaklik opgeteken moet word.” Die bedoeling van hierdie artikel is dat daar nie ná ‘n vergadering onduidelikheid en vaagheid behoort te wees oor die besluite van die vergadering nie.

2.2.1.3 Sinode 2015 fouteer deur nie die Gereformeerde benadering sedert die Reformasie oor die hantering van tweespalt in die kerke te verreken nie. Sedert die Reformasie is die gebruik dat afgevaardigdes wat nie met ‘n besluit saamstem nie met die geneemde besluit konformeer, al dan nie (KO, art 31). Sinode 2015 het nagelaat om op hierdie krities belangrike aspek van die Gereformeerde kerkregering in te gaan. In plaas daarvan besluit die Sinode op ‘n “Spesiale” Sinode vir die funksionering waarvan die KO nie voorsiening maak nie.

2.3 *Beswaargrond 3*

Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 is in stryd met KO, art 30, wat bepaal dat meerdere vergaderings kerklike sake op 'n kerklike wyse behandel en afhandel.

2.3.1 Motivering

Sinode 2015 fouteer deur 'n onderskeid tussen "wesenlike" sake en "nie-wesenlike" sake op die Agenda van 'n Sinode van toepassing te maak (Notule 21.1, 6.3.3.1). In teenstelling hiermee bepaal KO, art 30 net dat kerklike sake op 'n kerklike wyse behandel word. Die KO maak dus geen onderskeid tussen wesenlike en nie-wesenlike sake nie. Kerklike sake wat op meerdere vergaderings hoort is per definisie sake wat nie by 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie. Anders gestel: die onvermoë van 'n mindere vergadering om 'n saak af te handel word ondervang deurdat die saak by 'n meerdere vergadering hanteer word. Alle sake op die tafel van 'n Sinode is dus "wesenlik". Dit beteken egter nie noodwendig dat alle sake dieselfde "gewig" dra nie. Die aard en moeilikheidsgraad van sake kan natuurlik verskil, maar dit hef nie die verantwoordelikheid wat op 'n Sinode rus om sy Agenda af te handel op nie. Daarom hou die besluit van Sinode 2015, waarvolgens die tersaaklike Beswaarskrifte (asook die Beswaarskrifte wat nuut by Sinode 2015 ingehandig is) herhaaldelik uitgestel word in dat die reg van die beswaardes gekrenk is (kyk Notule 21.1, 7.3.2.1; Notule 11.3, 2.1). Deurdat die Beswaarskrifte wat nie hanteer is nie nou volgens die besluit van Sinode 2015 na 'n nuwe soort vergadering ('n "Spesiale" Sinode) vir hantering verwys is, het die Sinode versuim om sy kerkregtelike verantwoordelikheid na te kom om sake wat ordelik op sy agenda was, af te handel.

2.4 *Beswaargrond 4*

Sinode 2015 besluit ten gunste van die instelling van "Spesiale" Sinodes sonder dat die Sinode hom ooreenkomstig KO, art 33 van sy kerkordelike taak en funksie te kwyt.

2.4.1 Motivering

Sinode 2015 fouteer deurdat die Sinode 'n besluit neem wat nie aan die norme wat die kredensiebrief stel (KO, art 33) getoets is of daaraan voldoen nie. Die Kredensiebrief stel die normatiewe raamwerk daar waarbinne afgevaardigdes na 'n meerdere vergadering hulle taak moet uitvoer. Aan afgevaardigdes na 'n Sinode word die opdrag gegee om in alle sake volgens die Woord van God, die Formuliere van Eenheid, en die Kerkorde te help oordeel en te besluit. Hierdie opdrag moet teen die agtergrond daarvan verstaan word dat meerdere vergaderings handel oor kerkregering. Vanweë die aard van meerdere vergaderings is afgevaardigdes daartoe verbind om sake te beoordeel en om daaroor besluite te neem. Die norme (of normatiewe raamwerk) waaraan alle afgevaardigdes (en ook Deputate) gebonde is, is die Woord, die Formuliere en die Kerkorde. Die KO is een van hierdie norme waaraan meerdere vergaderings hulle besluite toets. Sinode 2015 het egter nagelaat om die KO in berekening te bring by die beoordeling van die aanbeveling rakende die instelling van "Spesiale" Sinodes. Die Sinode spreek hom nêrens daaroor uit dat daar geen beredenering in die Rapport van die Deputate Eenheid en Verskeidenheid was op grond waarvan die Sinode die betrokke besluite kon neem nie (KO, art 33). Die daarstel van "spesiale" Sinodes het by uitstek kerkregtelike implikasies. Die Deputate moes dus die tersaaklike kerkregtelike aspekte verreken het om die betrokke aanbevelings te regverdig ten einde die Sinode in staat te stel om 'n geldige besluit te neem. Weens hierdie wesenlike tekortkoming in die Rapport het Sinode 2015 hom in die beoordeling van die aanbevelings van die Deputate nie van sy kerkordelike taak en funksie gekwyt nie.

2.5 *Beswaargrond 5*

Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 is in stryd met KO, artt 31 en 46, wat die moontlikheid skep dat besluite van kerklike vergaderings hersien kan word indien bevind word dat 'n besluit verkeerdelik geneem is.

2.5.1 Motivering

2.5.1.1 Sinode 2015 fouteer deur die moontlikheid van Appèl en beswaar teen besluite van die beoogde "Spesiale" Sinodes effektief uit te sluit (KO, artt 31, 46). Die vraag is: waar kan daar teen 'n besluit van 'n "Spesiale" Sinode beswaar aangeteken word? Die beoogde "Spesiale" Sinodes hanteer volgens die aangehaalde besluite slegs verwysde sake. Dit is dus nie moontlik om by 'n "Spesiale" Sinode oor hulle besluit beswaar aan te teken nie. Daar kan ook nie by 'n "Gewone" Algemene Sinode beswaar aangeteken word nie, aangesien besluite van 'n "Spesiale" Sinode nie besluite van die Algemene Sinode is nie. Slegs die vergadering wat 'n besluit geneem het, kan die betrokke besluit verander. 'n Volgende Algemene Sinode kan dus 'n besluit van 'n vorige Algemene Sinode verander. As selfstandige konfigurasie behoort slegs 'n volgende "Spesiale" Sinode dus die besluite van 'n vorige "Spesiale" Sinode te kan verander. Die besluite van Sinode 2015 skakel egter so 'n moontlikheid uit, aangesien 'n "Spesiale" Sinode daarvolgens ad hoc deur 'n Algemene Sinode geskep word "wanneer wesentlike sake met 'n ernstige verdelingspotensiaal nie met eenstemmigheid deur die Algemene Sinodes afgehandel/opgelos kon word nie om dan deur voortgaande studie en oorweging, die sake tot eenstemmigheid te bring en so af te handel of op te los" (Notule 21.1, 6.3.3.1).

2.5.1.2 Wanneer so 'n "Spesiale" Sinode dus vergader het en sy ad hoc-opdrag van die Algemene Sinode afgehandel het, hou dit op om te bestaan. 'n Moontlike volgende "Spesiale" Sinode wat 'n Algemene Sinode tot stand mag bring, sal dan volgens die besluite 'n nuwe, onverwante opdrag moet ontvang, waarvan die hantering van besware teen 'n vorige "Spesiale" Sinode nie binne die KO deel kan wees nie, want die vorige "Spesiale" Sinode sou dit volgens opdrag van die Algemene Sinode reeds "afgehandel" of "opgelos" het.

Die aangehaalde besluite gee geen aanduiding van hoe 'n "Spesiale" Sinode vir sy besluite, of vir die optrede van Deputate wat hy mag aanwys om sy besluite toe te lig (Notule 21.1, 6.3.3.6) verantwoordbaar gehou kan word nie.

2.6 *Beswaargrond 6*

Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 is in stryd met KO, artt 41, 47 en 50, wat inhou dat 'n kerklike vergadering se onvermoë om 'n saak te besleg altyd op die kerklike weg deur meer kerke behandel word.

2.6.1 Motivering

2.6.1.1 Sinode 2015 fouteer deur te besluit dat 'n "Spesiale" Sinode sake afhandel en die kerke van die besluite wat geneem is, in kennis stel. Die besluite lui: "...om dan deur voortgaande studie en oorweging, die sake tot eenstemmigheid te bring en so af te handel of op te los", en "Spesiale Sinodes handel verwysde sake af sodra daar eenstemmigheid oor 'n saak/sake bereik is en stel die kerke daarvan in kennis" (Notule 21.1, 6.3.3.1; 6.3.3.5). Dit blyk hieruit dat die beoogde "Spesiale" Sinode nie as 'n vergadering van kerke beskou kan word nie (kyk KO, artt 41, 47, 50), want in so 'n vergadering besin en besluit die kerke nie saam nie, maar dat die "Spesiale" Sinode het die bevoegdheid om oor wesenlike sake met verdelingspotensiaal vir die kerke oplossings te vind en hulle dan daarvan in kennis te stel (Notule 21.1, 6.3.3.5). So 'n werkswyse sal ooglopend in stryd wees met KO, art 84 en lê aan die hart van 'n kollegialistiese wyse van kerkregering, nl. dat die "Spesiale" Sinode selfstandig (naas die kerke) funksioneer, en vir die kerke maar ook oor die kerke besluite neem.

2.6.1.2 Sinode 2015 fouteer deur die aantal persone wat na “Spesiale” Sinodes afgevaardig moet word, te beperk (Notule 11.3, 2.2.2). Die KO reël juis dat sake wat nie op mindere vergaderings afgehandel kan word nie by meerdere vergaderings dien. Meerdere vergaderings bied meer kerke, meer mense, meer gawes, dit wil sê meer insig vir die behandeling en afhandeling van ‘n saak (kyk KO, artt 30, 41, 47, 50). Meerdere vergaderings (soos ‘n Algemene Sinode) kan sake nie ordelik na ‘n vergadering met minder gawes vir afhandeling verwys nie. ‘n Synodus contracta vergader byvoorbeeld met minder afgevaardigdes, met ‘n verkleinde (saamgetrokke) Agenda (gewoonlik een saak), en oor sake wat nie omstrede is nie. Indien ‘n synodus contracta oor enige punt nie eenstemmigheid sou bereik nie, word die volle Sinode opgeroep om uitsluitsel daaroor te gee. Die beweging in die presbiteriale kerkregering om uitsluitsel te kry oor sake van gemeenskaplike belang is altyd van minder kerke, minder mense en minder gawes na ‘n groter versameling van kerke, gawes en insigte. Die besluite van Sinode 2015 druis dus in teen KO, artt 30, 41, 47, 50 in, waardeur kollegialisme ten koste van presbiteriale kerkregering bewerkstellig word.

2.6.1.3 ‘n Fundamentele tekortkoming van die aangehaalde besluite is dat Sinode 2015 skynbaar van die aanname uitgegaan het dat die KO (byvoorbeeld deur KO, artt 49 en 50) nie ‘n oplossing vir die problematiek waarmee geworstel is, bied nie, terwyl die veronderstelde tekortkominge van die KO nie uitgewys of beredeneer is nie.

2.7 *Beswaargrond 7*

Die aangehaalde besluite van Sinode 2015 verydel die doel van KO, artt 35, 37 en 45, wat in aansluiting by KO, artt 17 en 84 menslike hiërargievorming in die kerk verbied en doelbewus teëwerk.

2.7.1 Motivering

2.7.1.1 Sinode 2015 fouteer deur te besluit dat ‘n “Spesiale” Sinode onder die leiding van die voorsitter en skriba van ‘n vorige Algemene Sinode konstitueer. Daarteenoor bepaal KO, art 35 dat die voorsitter se amp ophou wanneer die vergadering verdaag. Die bedoeling van KO, art 35 is in lyn met KO, artt 17 en 84, naamlik dat daar geen hiërargievorming in die kerk van die Here mag wees nie. Die genoemde artikels werk hiërargievorming in die kerk doelbewus teë.

Daarom mag dieselfde persoon ook nie by twee geleenthede na mekaar as die voorsitter van ‘n spesifieke meerdere vergadering verkies word nie (KO, art 37).

2.7.1.2 Sinode 2015 fouteer deur nie in ag te neem nie dat ‘n Roepende Kerkraad die taak ontvang om kerke vir meerdere vergaderings op te roep. Hierdie taak behoort nie aan individue oorgelaat te word nie. Meerdere vergaderings is vergaderings van kerke en ‘n kerk het dus die verantwoordelikheid om die oproep te behartig. Plaaslike kerke is die enigste permanente kerklike “instellings”, aangesien meerdere vergaderings ontbind sodra hulle Agenda afgehandel is (KO, artt 30, 33). By vergaderings dra die onderskeie vergaderings die verantwoordelikheid aan ‘n Kerkraad op om die volgende vergadering op te roep. Daarom lewer die Roepende Kerkraad ook ‘n rapport oor die uitvoering van sy opdrag by die volgende meerdere vergadering. Die taak van die Roepende Kerkraad is “om die volgende vergadering op te roep en te ontvang” (KO, art 45). Aangesien die amp van die vorige vergadering se voorsitter en skriba verval het, kan ‘n meerdere vergadering nie wettig onder hulle leiding konstitueer nie (KO, art 35). Die verantwoordelikheid van ‘n Roepende Kerkraad om ‘n meerdere vergadering te ontvang sluit onder meer in om die oproep na die vergadering vroegtydig uit te stuur, die geloofsbriewe van die afgevaardigdes na te gaan (KO, art 33), en om die konstituering van die vergadering ordelik te laat plaasvind (KO, art 45) Die betrokke besluit van Sinode 2015 is dus in stryd met die wyse waarop kerklike vergaderings ooreenkomstig die KO konstitueer.

2.8 *Beswaargrond 8*

Sinode 2015 besluit ten gunste van beoogde "Spesiale" Sinodes sonder om daarop ag te slaan dat die aangeleentheid ("Spesiale" Sinodes) in terme van KO, artt 30, (33) en 49 by wyse van die Rapport, Deputate Eenheid in Verskeidenheid, onreëlmatig op die Agenda van Sinode 2015 gekom het.

2.8.1 Motivering

2.8.1.1 Sinode 2015 fouteer deur die agendapunt oor "Spesiale" Sinodes (Agenda 21.1, 6.3.3-6.3.3.6) te behandel, sonder om in ag te neem dat die agendapunt nie vanuit die plaaslike kerke op die Agenda van die Sinode geplaas is nie. KO, artt 30 en 33 reël die ordelike wyse waarop die Agenda van 'n meerdere vergadering daargestel word. Plaaslike kerke is ten volle bevoeg om sake af te handel, behalwe in gevalle waar meer kerke oor spesifieke sake behoort te oordeel (KO, art 30). Sake vir die Agenda van 'n meerdere vergadering kan dus slegs vanuit die plaaslike kerke via die ander meerdere vergaderings op die Agenda van 'n Sinode kom. Die idee dat "Spesiale" Sinodes deur 'n Algemene Sinode tot stand gebring kan word, het nie as 'n agendapunt op die Agenda van Sinode 2012 gedien nie en geen opdrag is daaroor aan Deputate gegee nie.

2.8.1.2 Sinode 2015 fouteer deur 'n punt (in 'n Deputaterapport) te behandel sonder dat die Deputate enigsins 'n opdrag (van watter aard ookal) daaroor ontvang het (Agenda 21.1, 6.3.3-6.3.3.6). Deputate word volgens die KO benoem om "wat besluit is" volgens 'n "welomskrewe" opdrag uit te voer (KO, art 49). Sinode 2012 se opdrag aan die Deputate Eenheid in Verskeidenheid maak nie melding daarvan dat die Deputate die moontlikheid moes ondersoek om "Spesiale" Sinodes in die lewe te roep nie, nóg ter uitvoering van die opdrag om te bepaal wat die redes vir die voortbestaan van verskille onder kerke is, nóg die opdrag om die betrokke Beswaarskrifte na te gaan, óf die opdrag om advies uit te bring oor sake rakende eenheid en verskeidenheid nie (kyk Notule 21.1, O. 1. 3.1-3.3.5; Acta 2012, 353; F3.1-3.3). Die Deputate het dus die punt oor "Spesiale" Sinodes buite om hulle welomskrewe mandaat (KO, art 49) onder bespreking gebring. Die besluit van Sinode 2015 oor "Spesiale" Sinodes behoort dus nie as 'n "wettige" besluit in terme van KO, artt 30 en 49 gehandhaaf of uitgevoer te word nie. Sinode 2015 het in gebreke gebly om die saak reg te stel deur nie die aanbeveling dat "Spesiale" Sinodes tot stand gebring word, te behandel nie.

Daardeur maak die Sinode hom van sy ordelik bepaalde Agenda los (KO, artt 30, 33) en behandel nie slegs sake wat deur die kerke op die Agenda geplaas is nie, maar eien hom die gesag toe om te besluit watter sake op die Agenda hoort. Die Sinode funksioneer in hierdie opsig nie meer as 'n meerdere vergadering met die mandaat om sy Agenda ordelik te behandel en af te handel nie (KO, artt 30, 31, 33). Inteendeel, die Sinode gee daardeur sy karakter as meerdere vergadering van kerke prys deur self te besluit watter sake op die Agenda hoort. In teenstelling daarmee het die Sinode besluit om sake wat ordelik op die Agenda van die Sinode gekom het (KO, art 46) nie te behandel en af te handel nie (KO, artt 30, 31, 33, 46), maar na 'n "Spesiale" Sinode te verwys. Die implikasie van hierdie werkswyse is dat die Algemene Sinode hom tot 'n instelling naas die kerke te verhef. Dit dui duidelik op 'n neiging tot kollegialisme en is in stryd met die GKSA se presbiteriale benadering tot kerkregering en die gesag van die Woord. Die betrokke Sinodebesluite is ook met elke ander KO artikel in stryd, aangesien die KO nie die inenting van die kollegialisme op enige aspek van die presbiteriale kerkregering veroorloof nie.

2.8.1.3 Die parallelle hantering van die Rapport van die Deputate Eenheid en Verskeidenheid en die Beskrywingspunt van Streeksinode Pretoria oor "spesiale" Sinodes, wat op sigself 'n buitengewone en verwarrende prosedure was, verander nie aan die feit dat die tersaaklike besluite onreëlmatig geneem is nie.

Selfs al sou die besluite op grond van die Beskrywingspunt ordelik geneem gewees het, oorvleuel die besluite wat n.a.v. die Deputaterapport geneem is (Notule 21.1) en dié wat n.a.v. die Beskrywingspunt geneem is (Notule 11.3) nie volledig nie. Dit wat op grond van die Deputaterapport onordelik besluit is, word dus nie voldoende "reggestel" of ondervang deur besluite wat geldig op grond van die Beskrywingspunt geneem mag gewees het nie. Buitendien regverdig 'n saak wat klaarblyklik ordelik op die Agenda van 'n Sinode gekom het nie die behandeling van dieselfde saak in 'n ander Rapport wat kennelik op 'n onregmatige wyse op die Agenda van die Sinode gekom het nie. Die ontvanklikheid van onderskeie agendapunte word onafhanklik van mekaar beoordeel en dienooreenkomstig afgewys of behandel (kyk byvoorbeeld KO, artt 30, 46 en 49). Dit het nie gebeur nie. In die lig van die ander beswaargronde wat hierin uiteengesit word, kan geen een van die genotuleerde besluite in elk geval geregverdig word nie, aangesien die konsep van "Spesiale" Sinodes in geheel onversoenbaar is met die Kerkorde.

3. Slot

Ons versoek die Buitengewone Algemene Sinode om op grond van hierdie Beswaarskrif aan die formele versoek wat ons stel (1.5 hierbo), te voldoen.

C. Ordevoorstel: Ds PW Kurpershoek maak die volgende Ordevoorstel: "Sonder om die Beswaarskrifte te beoordeel, sien die Buitengewone Algemene Sinode af van die gedagte om 'n Spesiale Sinode te hou om die onafgehandelde sake rondom die vrou in die besondere dienste (Sinodes 2012, 2015) te hanteer en gaan voort om die onafgehandelde sake te hanteer.

Motivering

1. Die besluite van Sinode 2015 insake die Spesiale Sinode is geneem om in sake wat verdelingspotensiaal het en waaroor ernstige verskille bestaan, die eenheid in die kerke te bevorder.
2. Besluite oor die Spesiale Sinode het egter onmiddellik spanning veroorsaak soos ook blyk uit die feit dat daar reeds Beswaarskrifte is wat gelei het tot hierdie Buitengewone Algemene Sinode.
3. Die beoordeling van die Beswaarskrifte moet kerkregtelik-verantwoord gedoen word, wat 'n deeglik-oorwoë besluitnemingsproses noodsaak wat tydrowend kan wees en die wyse en deeglike hantering van die onafgehandelde sake gaan bemoeilik".

D. Besluit: Ordevoorstel afgekeur.

E. Voorstel ds C Aucamp:

1. Die Beswaarskrif word oorhoofs gelyk gegee in terme van 1.3 (van die Beswaarskrif). Die doelstellings van effektiewe en eenstemmige afhandeling van die saak waarvoor die Spesiale Sinode opgeroep is, het in praktyk nie gerealiseer nie. In die lig daarvan besluit die Sinode om nie op elke beswaargrond in te gaan nie.
2. <u>Motivering</u>

2.1 Die Beswaarskrif is hanteer deurdat dit volledig gestel en toegelig is en bespreek is.

2.2 Dis nie sinvol om 'n saak wat in praktyk reeds gefaal het, verder te "dissekteer" nie.

F. Besluit: Goedgekeur.

11.2 STREEKSINODE VRYSTAAT-KWAZULU-NATAL : VERSOEK TOT 'N BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE (Artt 19, 28)

A. Dr JA Erasmus stel die Versoek.
B. **Besluit:** Geleentheid vir bespreking word toegelaat.

C. **VERSOEK**
Klassis Potchefstroom het 'n korrespondensiestuk op 11 Maart 2015 uitgestuur waarin hulle ander Klassisse in kennis stel van 'n Beswaarskrif wat by Klassis Potchefstroom geslaag het en waarin beswaar gemaak word teen die besluit van die Algemene Sinode 2015 om 'n Spesiale Sinode op te roep.

Klassis KZN-Noord het daardie korrespondensiestuk met die meegaande Beswaarskrif vir sy eie rekening geneem en deurgestuur na die Streeksinode OVS-KZN. Klassis Noord-Vrystaat het ook die korrespondensiestuk ter tafel geneem, en alhoewel Klassis Noord-Vrystaat net kennis geneem het van die korrespondensiestuk, het hulle wel besluit om gevolg te gee aan die versoek in die Beswaarskrif, nl. om die Streeksinode te vra om 'n Buitengewone Algemene Sinode te versoek[i].

Streeksinode OVS-KZN het op 14 April 2015 vergader en die volgende besluit geneem:

> 9. Description Point of Classes KZN-North regarding the Point of Protest from Classis Potchefstroom Classis KZN North send through the Point of Protest as formulated by Classis Potchefstroom (Unpublished Addendum H) for the attention of the Regional Synod – (Unpublished Addendum I).
>
> Decision
> 1. The Regional Synod took note of the Petition of Protest.
> 2. The Regional Synod agreed with the request in point 1.4 in the writing of Classis Potchefstroom that an Extraordinary General Synod according to Church Order, art 50 takes place.

In die lig van hierdie besluit is die versoek van Streeksinode OVS-KZN om 'n Buitengewone Algemene Sinode op te roep om aandag aan die sake te gee wat in die Beswaarskrif vermeld is.

Dit is ook nodig om te vermeld dat die doel van ons Streeksinode op 14 April 2015 was om afgevaardigdes aan te wys vir die Spesiale Sinode waartoe ons opgeroep is. Streeksinode OVS-KZN het wel 'n afvaardiging aangewys, maar terselfdertyd die besluit geneem waarna hierbo verwys is. Een van die Klassisse in ons Streeksinode, Klassis Suid-Vrystaat, het nie gereageer het op die oproep na ons Spesiale Streeksinode nie, aangesien hulle besluit het om nie deel te neem aan 'n proses om af te vaardig na die Spesiale Sinode nie. In hul motivering om nie deel te neem nie het ook hulle gemeld dat hulle van die oortuiging is dat die besluit van die Algemene Sinode om 'n Spesiale Sinode op te roep "nie kerkregtelik" (sic) is nie.
Besluit: Kennis geneem.

[i] Kyk ook laaste paragraaf. Klassis Suid-Vrystaat het nie deelgeneem aan die Streeksinode nie, maar hul besluit om nie deel te neem nie is ook duidelik gemotiveer deur die oortuiging dat 'n Buitengewone Algemene Sinode behoort plaas te vind.

11.3 BESWAARSKRIF STREEKSINODE RANDVAAL TEEN BESLUITE VAN SINODE 2015 OOR "SPESIALE" SINODES (Artt 18, 29, 32, 53)

A. Ds HJ Stoltz stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Geleentheid vir bespreking word toegelaat.
C. **Besluit:** Die volgende Kommissie word voorgehou om 'n voorstel te formuleer: Ds C Aucamp, drr DG Breed en AJ Kruger.
D. Dr AJ Kruger rapporteer namens die Kommissie.
E. **Rapport van die Kommissie om te adviseer oor die besluit insake Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal oor "Spesiale" Sinodes**
Die Sinode 2016 besluit dat, in die lig van die besluit ....Beswaarskrif van die GK Potchefstroom-Die Bult tydens hierdie Sinode, die beswaar van Streeksinode Randvaal ook gehandhaaf word.
Motivering
1. Die Streeksinode Randvaal het die saak van Klassis Wesrand gehandhaaf met die uitdruklike doel dat 'n Buitengewone Algemense Sinode (BAS) opgeroep word om die sake rondom vroue in kerklike dienste, wat ordelik op die tafel van Sinodes 2012 en 2015 gekom het, te behandel en af te handel (11.3, pt 1.3.2.2).
2. Dit is duidelik dat die besluit van BAS 2016, om gevolg te gee aan die beswaar van GK Potchefstroom-Die Bult daartoe lei dat die genoemde Beswaarskrifte nou ter tafel geneem gaan word.

F. Bespreking word gevoer oor die Rapport van die Kommissie.
G. Dr GJ Meijer hou 'n amendement voor: Dat die beswaargronde van die Beswaarskrifte van GK Potchefstroom-Die Bult en Streeksinode Randvaal na Deputate verwys word om by Algemene Sinode 2018 daaroor te rapporteer.
Motivering
1. Die Sinode lewer geen uitspraak oor die beswaargronde in die Beswaarskrif nie, maar slegs oor die doel van die Beswaarskrifte.
2. Daar is geen haas om die besluit insake Spesiale Sinodes tydens hierdie vergadering af te handel nie

H. **Besluit:**
1. Amendement goedgekeur.
2. Rapport goedgekeur soos geamendeer.

I. **Besluit: Goedgekeur.**
J. Die volgende Deputate word aan die Sinode voorgehou: Di CJ van Vuuren (s), SD Snyman, LP Baloyi, ASA de Bruyn, drr RM van der Merwe, GJ Meijer, JH Howell en prof J Smit as adviseur.
K. **Besluit: Goedgekeur.**

L. **BESWAARSKRIF**

1. Inleiding: Beswaarskrif

1.1 Streeksinode Randvaal het op 19 Mei 2015 vergader. 'n Beswaarskrif van Klassis Wesrand teen besluite van die Algemene Sinode 2015 oor Spesiale Sinodes is op die vergadering beoordeel.

1.2 Na deeglike oorweging besluit die Streeksinode om die Beswaarskrif te handhaaf.
Motivering:

1.2.1 Die motivering vir die beswaargronde en die aanbeveling van die Regsdeputate daaroor word deur die Streeksinode aanvaar.

1.2.2 Die besluite oor Spesiale Sinodes – soos aangetoon in die Beswaarskrif – is in stryd met die Kerkorde en met beginsels van presbiteriale kerkregering.

1.3 Die Streeksinode besluit verder om

1.3.1 die Beswaarskrif en die besluit daaroor in die lig van KO, art 48 aan die ander Streeksinodes te kommunikeer; en

1.3.2 om in die lig van die besware en die noodsaak daarvan, so spoedig moontlik, 'n Buitengewone Algemene Sinode (KO, art 50) saam met ander Streeksinodes bymekaar te roep met die doel om

1.3.2.1 die besware teen die besluite van die Algemene Sinode 2015 te beoordeel;

1.3.2.2 die Beswaarskrifte wat ordelik op die tafel van die Algemene Sinodes van 2012 en 2015 gekom het, te behandel en af te handel.

2. Besluite : Beswaar maak

Die besluite van die Algemene Sinode 2015 waarteen beswaar gemaak word (KO, artt 31 en 46), is die besluite oor Spesiale Sinodes:

6.3.3 Aanbevelings (Acta 2015:319-320, 6.3.3)

6.3.3.1 Dat Spesiale Sinodes gehou word volgens besluit van 'n Algemene Sinode wanneer wesentlike sake met 'n ernstige verdelingspotensiaal nie met eenstemmigheid deur die Algemene Sinodes afgehandel/opgelos kon word nie om dan deur voortgaande studie en oorweging, die sake tot eenstemmigheid te bring en so af te handel of op te los.

Besluit: Goedgekeur.

6.3.3.2 Streeksinodes wys afgevaardigdes vir hierdie moontlike Sinodes voor elke Algemene Sinode aan, naamlik vier predikante en vier ouderlinge sowel as die nodige sekundi.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

6.3.3.3 'n Spesiale Sinode konstitueer die eerste keer onder leiding van die Voorsitter en Skriba van die vorige Algemene Sinode waarna die vergadering 'n eie Moderamen aanwys vir hantering van verwysde sake vanaf die Algemene Sinode.

Besluit: Goedgekeur.

6.3.3.4 Spesiale Sinodes vergader so dikwels en so lank as wat dit nodig is vir die afhandeling van hulle opdrag en gee op 'n gepaste manier aan lidmate, gemeentes en kerke waarmee ons ekumeniese eenheid of bande het, geleentheid om voorleggings te maak mbt sake ter tafel.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

6.3.3.5 Spesiale Sinodes handel verwysde sake af sodra daar eenstemmigheid oor 'n saak/sake bereik is en stel die kerke daarvan in kennis.

Besluit: Goedgekeur.

6.3.3.6 Die Spesiale Sinodes wys Deputate aan, om waar kerke wat besonderlik deur die besluite van die Spesiale Sinodes geraak word, indien so versoek, die besluite te gaan toelig.

Besluit: Goedgekeur.

***2. Aanbeveling** (Acta 2015:323-324, 2)*

2.1 *Al die tersaaklike Beswaarskrifte handel oor die vrou in die besondere dienste. In die lig daarvan dat die Sinode besluit het dat die saak van die vrou in die besondere dienste 'n wesenlike saak is, word aanbeveel dat al die Beswaarskrifte na die Spesiale Sinode verwys word.*

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

2.2 *Die volgende word aanbeveel met betrekking tot die oproep van die Spesiale Sinode:*

2.2.1 Dat die onderskeie Streeksinodes die nodige afvaardiging sal doen volgens eie reëlings vir die Spesiale Sinode Julie 2015.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

2.2.2 Dat afgesien van die primus afgevaardigdes ook 8 sekundi afgevaardigdes aangewys word. (Afgevaardigdes moet bewus gemaak word van die moontlike lang tydsduur van die Spesiale Sinode.)

Besluit: Goedgekeur.

2.2.3 Die Sinode versoek die Gereformeerde Kerk Potchefstroom om in samewerking met die Administratiewe Buro, as roepende en korresponderende kerkraad vir die Spesiale Sinode op te tree.
Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

3. Beswaargrond 1

Die saak van Spesiale Sinodes kom onordelik, met 'n verbreking van KO, artt 30, 33 en 49, op die tafel van die Algemene Sinode 2015 vir behandeling.

Artikel 30

Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort.

Artikel 33

Die afgevaardigdes na die meerdere vergaderinge moet hulle geloofsbriewe en opdragte saambring, onderteken deur die wat hulle stuur...

Artikel 49

Elke meerdere vergadering benoem Deputate om wat besluit is, uit te voer volgens 'n welomskrewe opdrag....

3.1 *Motivering : Beswaargrond 1*

3.1.1 KO, artt 30 en 33 reël dat sake deur die kerke op die tafel van meerdere vergaderings (vergaderings van meer kerke) gebring word.

3.1.2 Die saak van Spesiale Sinodes word nie deur die kerke nie maar deur die Deputate Eenheid in Verskeidenheid (2015, 6.3.3) op die tafel van die Algemene Sinode 2015 gebring.

3.1.3 KO, art 49 bepaal dat meerdere vergaderings Deputate kan aanwys om 'n welomskrewe opdrag, in 'n saak, waaroor die Sinode klaar besluit het, uit te voer. Die saak van Spesiale Sinodes was nie deel van die opdrag (Acta 2012:353, F3) aan die Deputate Eenheid in Verskeidenheid nie.

3.1.4 Spesiale Sinodes is 'n nuwe saak wat deur die Deputate op die tafel van die Algemene Sinode 2015 gebring word.

3.1.5 "Deputate van meerdere vergaderings (art 49) sondig gewoonlik die meeste teen artikel 33. *"Talle Deputate kry nooit klaar met hulle werk nie en probeer gedurig om nuwe sake ter tafel te lê..."* (Spoelstra 1989:210, 3).

3.2 *Bevinding : Beswaargrond 1*

3.2.1 Die onordelike wyse waardeur Spesiale Sinodes deel word van die Agenda van die Algemene Sinode 2015, is in stryd met bepalings van KO, artt 30, 33 en 49.

3.2.2 Indien die Sinode 'n saak – wat nie deur die kerke nie (KO, artt 30 en 33) maar deur Deputate (KO, art 49) op sy tafel gebring is – behandel, daaroor besluit en die kerke daarin bind, kom dit neer op kollegialisme. Die Sinode neem as vergadering 'n besluit oor kerke. Die kerke in die GKSA het met die aanvaarding van die Kerkorde ooreengekom op presbiteriale-kerkregering en nie op kollegiale-kerkregering nie. Die kollegialistiese wyse waarop Sinode 2015 oor Spesiale Sinodes handel en besluit is strydig met die presbiteriale wyse van kerkregering waarop die kerke ooreengekom het.

4. Beswaargrond 2

Die besluit van die Algemene Sinode 2015 *"dat die onderskeie Streeksinodes die nodige afvaardiging sal doen volgens eie reëlings vir die Spesiale Sinode Julie 2015"* (Acta 2015:323, 2.2.1), verbreek KO, artt 31 en 46.

Artikel 31

As iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verontreg is, mag hy hom op 'n meerdere vergadering beroep. Wat met 'n meerderheidstem besluit is, sal vir vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit met die Woord van God of die artikels van die Kerkorde in stryd is.

Artikel 46
Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande Sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander.

4.1 *Motivering : Beswaargrond 2*

4.1.1 Die Algemene Sinode 2015 besluit dat 'n Spesiale Sinode in Julie 2015 sal vergader.

4.1.2 Die besluit word geneem in die lig van 'n Kommissierapport. Die aanbevelings van die Kommissie, dat 'n Spesiale Sinode in Januarie 2016 sal vergader, word nie aanvaar nie.

4.1.3 Die besluit van die Algemene Sinode 2015 dat 'n Spesiale Sinode in Julie 2015 sal vergader is in stryd met 'n vorige besluit oor Spesiale Sinodes. Die vorige besluit van die Algemene Sinode 2015 lui as volg:
"Streeksinodes wys afgevaardigdes vir hierdie moontlike Sinodes voor elke Algemene Sinode aan, naamlik vier predikante en vier ouderlinge sowel as die nodige sekundi." (Acta 2015:319, 6.3.3.2).

4.1.4 Die besluit (Acta 2015:319, 6.3.3.2) is vas en bindend (KO, artt 31 en 46).

4.1.5 Volgens die besluit sou 'n Spesiale Sinode eers na die Algemene Sinode van 2018 kon realiseer. Streeksinodes wat in die lig van die besluit afgevaardigdes voor 'n Algemene Sinode kan aanwys, is die Streeksinodes van 2017. Die tydsverloop sou die geleentheid gegee het om enige besware teen die besluit oor Spesiale Sinodes ordelik ter tafel te bring by die Algemene Sinode van 2018.

4.1.6 Om kerklike besluite en ook die besluit (Acta 2015:319, 6.3.3.2) ordelik te wysig moet daar volgens die bepalings van KO, artt 31 en/of art 46 gehandel word. Die noodsaak dat 'n besluit gewysig moet word, moet vir beoordeling en besluitneming voorgelê word.

4.2 *Bevinding : Beswaargrond 2*

4.2.1 Die Algemene Sinode 2015 se besluit dat 'n Spesiale Sinode in Julie 2015 vergader verbreek die bepalings van KO, artt 31 en 46.

4.2.2 Die besluit word geneem sonder dat die besluit wat reeds geneem is (Acta 2015:319, 6.3.3.2) ordelik volgens die bepalings van die Kerkorde (artt 31 en 46) gewysig is.

5. Beswaargrond 3

Die besluit van die Algemene Sinode 2015 dat Spesiale Sinodes gehou word *(*Acta 2015:319, 6.3.3.1) is in stryd met KO, artt 29, 46 en 86.

Artikel 29
Kerklike vergaderings wat onderhou word, is: Kerkraad, Klassis, Streeksinode en Algemene Sinode.

Artikel 46
Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande Sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander.

Artikel 86
Hierdie artikels wat betrekking het op die wettige orde van die kerk, is so opgestel en aangeneem met algemene stemme dat hulle, as die belang van die kerk dit anders vereis, verander, vermeerder of verminder kan word en behoort te word. Geen besondere kerk, Klassis of Sinode het egter die reg om dit te doen nie, maar hulle moet hul daarop toelê om dit te onderhou, totdat die Algemene Sinode anders verorden.

5.1 *Motivering : Beswaargrond 3*

5.1.1 Die kerke het in KO, art 29 ooreengekom op die meerdere vergaderings wat nodig is vir die welwese van die kerk.

5.1.2 KO, art 46 reël dat besluite verander kan word indien die noodsaak daarvoor bewys word.

5.1.3 KO, art 86 bepaal dat die artikels van die Kerkorde verander kan word maar dat die Algemene Sinode daaroor besluit.

5.1.4 Die Algemene Sinode 2015 besluit:
"Dat Spesiale Sinodes gehou word volgens besluit van 'n Algemene Sinode wanneer wesentlike sake met 'n ernstige verdelingspotensiaal nie met eenstemmigheid deur die Algemene Sinodes afgehandel/opgelos kon word nie om dan deur voortgaande studie en oorweging, die sake tot eenstemmigheid te bring en so af te handel of op te los" (Acta 2015:319, 6.3.3.1).

5.1.5 Die Spesiale Sinode is nie 'n voortsetting van die Algemene Sinode nie maar 'n ander 'nuwe' Sinode.

5.1.6 Die meerdere vergaderings deur KO, art 29 gereël kan ordelik uitgebrei word in die lig van KO, artt 41, 45, 47, en 50.

5.1.7 Die besluit oor Spesiale Sinodes kom neer op 'n uitbreiding en daarmee op 'n verandering van KO, art 29. Hierdie verandering is nie met die bepalings van KO, artt 41, 45, 47 en 50 versoenbaar nie.

5.1.8 Die noodsaak (KO, art 46) van die verandering van KO, art 29 is nie bewys nie en die Algemene Sinode (KO, art 86) het nie so besluit.

5.2 *Bevinding : Beswaargrond 3*
Die besluit van die Algemene Sinode 2015 dat Spesiale Sinodes gehou word is strydig met KO, artt 29, 46 en 86.

6. Beswaargrond 4

Die besluit van die Algemene Sinode 2015 dat Spesiale Sinodes gehou word (Acta 2015:319, 6.3.3.1), is in stryd met KO, artt 31 en 46.

Artikel 31

As iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verontreg is, mag hy hom op 'n meerdere vergadering beroep. Wat met 'n meerderheidstem besluit is, sal vir vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit met die Woord van God of die artikels van die Kerkorde in stryd is.

Artikel 46

Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande Sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander.

6.1 *Motivering : Beswaargrond 4*

6.1.1 'n Wesenlike beginsel in die Presbiteriale kerkregering is dat kerklike besluite verander kan word.

6.1.2 KO, art 31 bepaal dat besluite wat die reg gekrenk by wyse van Appèl, met die nodig bewyse, ter syde gestel kan word.

6.1.3 KO, art 46 bepaal dat besluite, waar die noodsaak met 'n Beswaarskrif bewys is, verander kan word.

6.1.4 Die bepalings van KO, artt 31 en 46 kan nie op besluite van Spesiale Sinodes toegepas word nie.

6.1.5 Waarheen kan daar in die lig van KO, art 31 teen besluite van Spesiale Sinodes beswaar gemaak word?

6.1.6 Die adres van 'n Beswaarskrif is die kerklike vergadering wat die besluit geneem het. Hoe kan daar teen besluite van 'n Spesiale Sinode beswaar gemaak word in die lig van KO, art 46? Gaan die Spesiale Sinode aanhou vergader of weer vergader totdat moontlike besware oor sy besluite – nadat eenstemmigheid daaroor bereik is – afgehandel kan word?

6.2 *Bevinding : Beswaargrond 4*
Wesenlike beginsels van die Presbiteriale kerkregering, soos dit neerslag vind in KO, artt 31 en 46, word met die besluit oor Spesiale Sinodes verbreek.

7. Beswaargrond 5

Die besluit van die Algemene Sinode 2015 dat "*Spesiale Sinodes handel verwysde sake af sodra daar eenstemmigheid oor 'n saak/sake bereik is en stel die kerke daarvan in kennis"* (Acta 2015:319, 6.3.3.5), is in stryd met KO, artt 30 en 31.

Artikel 30

Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuishoort.

Artikel 31

As iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verontreg is, mag hy hom op 'n meerdere vergadering beroep. Wat met 'n meerderheidstem besluit is, sal vir vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit met die Woord van God of die artikels van die Kerkorde in stryd is.

7.1 *Motivering : Beswaargrond 5*

7.1.1 KO, art 30 bepaal dat kerklike sake op 'n kerklike wyse afgehandel word en KO, art 31 reël dat die wyse waarop sake afgehandel word. Sake word afgehandel deur besluitneming met 'n meerderheidstem.

7.1.2 Die Algemene Sinode 2015 besluit dat Spesiale Sinodes sake met eenstemmigheid afhandel.

7.1.3 Die besluit kom neer op 'n uitbreiding en verandering van KO, art 31 wat bepaal dat kerklike sake met meerderheidstem beslis word.

7.1.4 Die noodsaak van die verandering (KO, artt 46 en 86) is nie met die nodige bewyse voorgelê vir oorweging en besluitneming nie.

7.1.5 Meerderheidstem (KO, art 31) is die wyse waarop kerke, kerklike sake op 'n kerklike wyse afhandel (KO, art 30). Die minderheid berus/konformeer met die besluit en so word eenstemmigheid bereik. Wie nie kan konformeer nie moet die kerklike weg (KO, artt 31 en 46) volg en aandui waarom die besluit nie as vas en bindend aanvaar kan word nie.

7.1.6 Die besluit dat Spesiale Sinodes sake afhandel sodra eenstemmigheid bereik is, is in wese 'n onuitvoerbare besluit. Wat eenstemmigheid is word nie deur die besluit aangedui nie. Is dit 80% of 100%? Indien daar nie eenstemmigheid bereik word nie, kan die saak nie afgehandel word nie en kan die Sinode ook nie verdaag nie want die Sinode vergader so lank as wat nodig is om sake af te handel (Acta 2015:319, 6.3.3.4).

7.2 *Bevinding : Beswaargrond 5*
Die besluit van Algemene Sinode, dat Spesiale Sinodes sake afhandel sodra eenstemmigheid bereik is en nie deur meerderheidstem nie, is in stryd met KO, artt 30 en 31.

8. Beswaargrond 6

Die besluit van die Algemene Sinode 2015 *dat "'n Spesiale Sinode konstitueer die eerste keer onder leiding van die Voorsitter en Skriba van die vorige Algemene Sinode waarna die vergadering 'n eie Moderamen aanwys vir hantering van verwysde sake vanaf die Algemene Sinode"* (Acta 2015:319, 6.3.3.3), is in stryd met KO, artt 34 en 35.

Artikel 34

In alle vergaderinge moet by die praeses 'n skriba gevoeg word om noukeurig op te skrywe wat noodsaaklik opgeteken moet word.

Artikel 35

Op meerdere vergaderinge presideer 'n bedienaar van die Woord en die werk van die praeses is om voor te dra en te verduidelik wat behandel moet word, toe te sien dat elkeen op sy beurt spreek, om die wat redetwis en alte heftig spreek die swye op te lê en as hulle geen gehoor gee nie, die gepaste sensuur oor hulle uit te oefen. Sy amp hou op as die vergadering beëindig is.

8.1 *Motivering : Beswaargrond 6*

8.1.1 Artikels 34 en 35 reël dat 'n skriba en 'n voorsitter by kerklike vergaderings nodig is om sake ordelik (KO, art 30) af te handel. Die ampte hou op as die vergadering beëindig is.

8.1.2 Die Algemene Sinode 2015 besluit dat Spesiale Sinodes vir die eerste keer onder leiding van die voorsitter en skriba van die vorige Algemene Sinode konstitueer.

8.1.3 Die amp van die voorsitter en skriba het nie saam met die Algemene Sinode 2015 tot 'n einde gekom nie maar word in wese gekontinueer om leiding te neem by die konstituering van 'n Spesiale Sinode.

8.1.4 In 'n latere besluit versoek die Algemene Sinode 2015 die Gereformeerde Kerk Potchefstroom om in samewerking met die Administratiewe Buro as Roepende en Korresponderende Kerkraad vir die Spesiale Sinode op te tree (Acta 2015:324, 2.2.3).

8.1.5 Die besluit geneem (Acta 2015:319, 6.3.3.3) is nie ordelik (KO, artt 31 en 46) gewysig nie. Hoe die besluite met mekaar versoenbaar is, is nie duidelik nie.

8.2 *Bevinding : Beswaargrond 6*

Die besluit dat die skriba en voorsitter van die vorige Algemene Sinode leiding neem by die konstituering van 'n Spesiale Sinode is in stryd met die bepalings van KO, artt 34 en 35.

9. Beswaargrond 7

Die besluit van die Algemene Sinode 2015 dat Spesiale Sinodes gehou word (Acta 2015:319, 6.3.3.1), is in stryd met KO, art 36.

Artikel 36

Dieselfde seggenskap het die Klassis oor die Kerkraad wat die Streeksinode oor die Klassis, die Algemene Sinode oor die Streeksinode.

9.1 *Motivering : Beswaargrond 7*

9.1.1 KO, art 36 reël die verhouding tussen die kerklike vergaderings. Alle kerklike vergaderings bedien dieselfde gesag – die van Christus. Dié bepalings erken die selfstandigheid van die plaaslike kerk en die noodsaak dat meer kerke saam vergader.

9.1.2 Spesiale Sinodes, soos deur die Algemene Sinode 2015 besluit, se verhouding met ander kerklike vergaderings kan nie onder KO, art 36 tuisgebring word nie.

9.1.3 Die besluit van Sinode 2015 dat Spesiale Sinodes kerke in kennis stel van hulle besluite en dat Deputate aangewys kan word om hulle besluite in kerke te gaan toelig (Acta 2015:319, 6.3.3.5 en 6.3.3.6) kan nie met die bepalings van KO, art 36 versoen word nie.

9.1.4 Dat kerke in kennis gestel word van besluite dui daarop dat die kerke nie saam die besluite geneem het nie, maar 'n Spesiale Sinode. In wese kom dit neer op kollegialisme. Die Spesiale Sinode besluit en maak sy besluit aan die kerke bekend.

9.2 *Bevinding : Beswaargrond 7*

Die besluit van die Algemene Sinode 2015 om Spesiale Sinodes te hou is in stryd met die bepalings van KO, art 36.

E. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE OM TE ADVISEER OOR DIE BESLUIT INSAKE BESWAARSKRIF VAN STREEKSINODE RANDVAAL INSAKE SPESIALE SINODES**

Die Sinode 2016 besluit dat, in die lig van die besluit ....Beswaarskrif van die GK Potchefstroom-Die Bult tydens hierdie Sinode, die beswaar van Streeksinode Randvaal ook gehandhaaf word.

Motivering

1. Die Streeksinode Randvaal het die saak van Klassis Wesrand gehandhaaf met die uitdruklike doel dat 'n Buitengewone Algemense Sinode (BAS) opgeroep word om die sake rondom vroue in kerklike dienste, wat ordelik op die tafel van Sinodes 2012 en 2015 gekom het, te behandel en af te handel (11.3, pt 1.3.2.2).
2. Dit is duidelik dat die besluit van BAS 2016, om gevolg te gee aan die beswaar van GK Potchefstroom-Die Bult daartoe lei dat die genoemde Beswaarskrifte nou ter tafel geneem gaan word.

F. Dr GJ Meijer hou 'n amendement voor: Dat die beswaargronde van die Beswaarskrifte van GK Potchefstroom-Die Bult en Streeksinode Randvaal na Deputate verwys word om by Algemene Sinode 2018 daaroor te rapporteer.

Motivering

1. Die Sinode lewer geen uitspraak oor die beswaargronde in die Beswaarskrif nie, maar slegs oor die doel van die Beswaarskrifte.
2. Daar is geen haas om die besluit insake Spesiale Sinodes tydens hierdie vergadering af te handel nie

G. **Besluit:**

1. Amendement goedgekeur.
2. Rapport goedgekeur soos geamendeer.

H. **Besluit: Goedgekeur.**

I. Die volgende Deputate word aan die Sinode voorgehou: Di CJ van Vuuren (s), SD Snyman, LP Baloyi, ASA de Bruyn, drr RM van der Merwe, GJ Meijer, JH Howell en prof J Smit as adviseur.

J. **Besluit: Goedgekeur.**

12. RAPPORT APPÈLDEPUTATE (Art 14)

A. Ds CA Jansen stel die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 Die Deputate van die Agenda en Programmering het kennisgewing van ‘n Appèl sowel as die Appèl (met aangehegte dokumente) na die Appèldeputate verwys, om die Sinode hieroor te adviseer.
1.2 Die Appèl doen ‘n beroep op die Buitengewone Algemene Sinode 2016 (BAS) om regspraak.
1.3 Die Appèldeputate het Maandag 11 Januarie 2016 vergader en kennis geneem van die Appèl.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbeveling

2.1 Die Appèl is nie ontvanklik vir die Agenda van BAS 2016 nie.

Motivering

2.1.1 Die saak van die Appèl is nie relevant vir die Agenda van die Buitengewone Algemene Sinode 2016, wat opgeroep is om te handel oor die besware ivm Spesiale Sinodes en die Beswaarskrifte teen besluite van Sinode 2012 en 2015 oor die vrou in die amp.
2.1.2 Die Appèl moet volgens die prosedure soos deur Algemene Sinode 2015 (Handelinge 2015:6-10) besluit, behandel word.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.2 goedgekeur.

21.3 BESWAARSKRIF GK BLOEMFONTEIN-SUID TEEN DIE BESLUIT VAN SINODE 2009 OOR DAT VROUE NIE IN DIE BESONDERE DIENSTE VAN PREDIKANTE EN OUDERLINGE MAG DIEN NIE (2012: Artt 17, 22, 258) (2016: Artt 37, 63, 69, 81)

2016

A. Die Beswaarskrif word gestel.
B. Ds HPM van Rhyn hou die volgende voorstel aan die vergadering voor:
   1. Om die vergadering te bespoedig, gaan elke Tematiese Kommissie self deur al die beswaargronde om te sien watter beswaargronde by hulle tuishoort.
   2. Die oorhoofse Kommissie gaan al die beswaargronde deur om te sien of alle kategorieë gedek is en of daar meer temas is waarvoor daar nie Kommissies aangewys is nie.

   Besluit: Goedgekeur.
C. Ds CCA Vrey rapporteer namens die Kommissie Beswaargronde oor 1 Kor 14.
D. Ds BCG Fourie rapporteer namens die Kommissie Openbaringshistories.
E. Dr DG Breed rapporteer namens die Kommissie Beswaargronde oor 1 Tim 2.

2012

A. Dr SJ van der Walt stel die beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die beswaarskrif word verwys na Kommissie Beswaarskrifte 3.
C. **Ordevoorstel:** Dr WC Opperman hou die ordevoorstel voor.
D. **Besluit:** Ordevoorstel word aanvaar met aanbevelings.

E. **BESWAARSKRIF**

1. Besluit waarteen beswaar gemaak word

"Besluit: Die vergadering besluit volgens goedgekeurde aanbeveling, pt 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie" (Acta 2009:667, 4).

2. Die weg van kerklike oorlegpleging

Die Kerkraad van Bloemfontein-Suid het na 'n tyd van groei in studie, besinning en begronding, asook in die lig van die keerdatum vir Agendastukke vir die Agenda van Sinode 2012, nie die geleentheid gehad om hierdie Beswaarskrif vir oorlegpleging aan 'n meerdere vergadering voor te lê nie. Gevolglik word dit aan die Algemene Sinode vir beoordeling voorgelê.

3. Beswaargrond 1

3.1 Die besluit en voorafgaande beredenering integreer nie die onveranderlike getrouheid van God nie wat gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is (Heb 13:8), aangesien God, volgens die Rapport, die vrou in die Ou-Testamentiese kerk wel as regeerder en verkondiger van sy Woord gebruik het, maar in die Nuwe Testament weerspreek God Homself in sy Woord deur dit nie toe te laat nie.

3.2 *Motivering*

3.2.1 In die OT-tyd het God Debora as rigter geroep en as rigter moes sy God se Woord bekend maak en regspreek (Rigt 5). God het Hulda as profeet geroep en sy moes die boodskapperformule gebruik, naamlik "so spreek die Here" (2 Kon 22: 14-16).

3.2.2 Wat is die verband tussen die OT dienste/ampte van koning en profeet en die besondere diens van ouderling en predikant? In die Rapport van Sinode 2009 word dit as volg verduidelik (Acta 2009:591, 592): Die oorsprong van alle dienste in die kerk (OT en NT) lê in Christus wat met sy doop deur die Heilige Gees tot die eintlike Ampsdraer in die kerk gesalf is.

Hy is naamlik ons hoogste Profeet en Leraar, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning (HK, Son 12). Christus maak egter van mense se diens gebruik in die uitoefening van sy dienswerk. In die OT-tyd het Hy die besondere dienste van profeet, priester en koning gebruik. Hierdie dienste is in en deur Hom ten volle vervul. Hy gee nuwe besondere dienste wat tegelyk kontinue en diskontinue lyne met die OT-dienste van profeet, priester en koning het. Hierdie kontinue en diskontinue lyne word gesien in sowel die drie kategorieë van verkondiging, hulpverlening en regering as in die drieërlei NT-dienste wat te doen het met lering, regering en barmhartigheid.

3.2.3 Die klem moet nie net op die diskontinue lyn geplaas word nie, maar ook op die kontinue lyn. Daar is dus 'n bepaalde verband tussen die OT-dienste en die besondere diens van ouderling en predikant. Met verwysing na NGB. art 25 wat die vervulling van die seremoniële wet in Christus bely, kan dit gestel word dat die OT-dienste in en deur Christus vervul is, maar die waarheid en inhoud daarvan bly vir ons in Christus bestaan.

3.2.4 Ons bely ook die eenheid van die Bybel (NGB, art 3-5) en dat die Ou en Nuwe Testament gesagvol is. In die Rapport (Sinode 2009) word ook daarna verwys dat die OT en die NT gelykelik Woord van God is en dat daar nie 'n ander waarheid in die NT geopenbaar word as in die OT nie (p606).

3.2.5 Dit is wel so dat Debora en Hulda as uitsonderings aangedui kan word. In die lig van die vrou se sosiaal-onderdrukkende posisie in die OT-tyd is hierdie uitsonderings tog ook belangrik en merkwaardig. Van belang is die Bybelse gegewe dat in die OT-tyd met sy meer wettiese karakter, God dit gewil het om die vrou in die diens van regering en in die diens van die Woord te gebruik.

3.2.6 Die onveranderlikheid van God se trou en wil word breedvoerig in ons belydenis beskrywe (vgl DL, hoofstukke 1 en 5).

3.2.7 In die Rapport (Sinode 2009:605 en 608) word die openbaringshistoriese lyne as 'n hermeneutiese vertrekpunt verduidelik. Elke Bybeldeel as deel van die geheel van die geskrewe Woordopenbaring moet binne die groter openbaringshistoriese samehang van die Skrif gelees word. Die eksegese moet aantoon hoe die betrokke Skrifdeel wat bestudeer word met die openbaringshistoriese lyne saamhang. Binne hierdie breë openbaringshistoriese lyne moet die eksegeet die verskillende Skrifdele wat met die betrokke Skrifdeel/vraagstuk verband hou, tot 'n geheelbeskrywings saamvoeg.

3.2.8 In die eksegetiese beredenering van 1 Kor 14 en 1 Tim 2 (vgl Acta 2009:633, 10.8.4, en 10.9.4, p639 ev) waarop die besluit berus, is daar geen bewys dat die betrokke Skrifdele met die openbaringshistoriese lyne tot 'n geheelbeskrywing saamgevoeg word nie. In die Rapport is daar wel vanaf p653 'n samevatting van eksegetiese en hermeneutiese gevolgtrekkings (10.13) en 'n openbaringshistoriese samevatting op p658 ev, maar dit is slegs 'n opstapeling van reeds genoemde gevolgtrekkings en nie 'n integrering en sintese van openbaringshistoriese lyne tot 'n geheelbeskrywing nie.

4. Beswaargrond 2

4.1 Die besluit en voorafgaande beredenering integreer nie die soewereine vrymag van God nie, wat sonder enige grens enige persoon in sy kerk kan roep en gebruik.

4.2 *Motivering*

4.2.1 In die Rapport (Sinode 2009) is daar nie 'n enkele eksplesiete verwysing na die soewereine vrymag van God nie, behalwe een verwysing in die beredeneringskolom van dié standpunt wat nie deur die Sinode aanvaar is nie (vgl p659). Daar is wel vroeër in die Rapport 'n beskrywing van die gesagsposisie van Christus as Hoof van die kerk deur wie alle handelinge in die kerk begrens word (vgl p597). 'n Ontbreking van 'n besinning oor die implikasies van die soewereine vrymag van God as die Een wat mense roep en gebruik, is 'n leemte in die Rapport. Die meeste aandag word gegee aan wie in die besondere dienste mag dien, en nie aan God wat roep nie.

4.2.2 Die soewereine vrymag van God het die betekenis van die Allerhoogste en Almagtige God se onbegrensde mag. In die Bybel word daar nêrens aan die mag van God 'n grens gestel nie.

Daarvan getuig die beryming van Psalm 66:1: "...Sy grootheid ken geen maat of perke, geen grens is daar vir sy gesag...". Dwarsdeur die Skrif openbaar God Hom in sy soewereine vrymag en almag vir wie alle dinge moontlik is (Job 42:2; Ps 93-99;Jes 46:10; Matt 3:9; 19:21).

4.2.3 Die kwalifisering van die vrymag as soewereine vrymag beteken dat God se mag en gesag die hoogste is. Alhoewel God deur natuurwette en verordeninge werk, is Hy nooit daaraan onderhewig of daarin vasgevang nie. Hy kan selfs natuurwette verander om die son te laat stilstaan of om op die water te loop (vgl Job 9:4-10), en Hy sal geen verordening daarstel wat sy mag begrens nie.

4.2.4 Die Sinodebesluit waarteen beswaar gemaak word en wat tussen twee gemotiveerde verklarings moes kies, lê geslagtelikheid as grens vir God se vrymag neer. En dit terwyl God in sy Woord ook leer dat Hy almal in sy kerk tot 'n nuwe mensheid skep waar daar nie mure van skeiding is nie, ook die muur van die voorhof tussen die man en die vrou is afgebreek (Ef 2:14 ev), en dat Hy nie 'n keuse tussen volkskap, status of geslagtelikheid maak nie, maar dat Hy almal in sy verlossende genade omhels (Gal 3:28).

5. Beswaargrond 3

5.1 Die besluit rus op Skrifverklaring met weersprekende elemente, wat nie duidelike Skrifgronde bevat nie en wat die reëls van Skrifverklaring nie deeglik en konsekwent verreken nie.

5.2 *Motivering*

5.2.1 In die Rapport (Sinode 2009) word dit genoem dat daarna gestrewe moet word dat die Skrifverklaring eksegeties oortuigend moet wees (p604). Reeds met die verklaring van die maatstaf van "eksegeties oortuigend" is daar onderliggend iets weersprekends. Want die verklaring van die rapport lui dat oortuigende eksegese kan beteken dat 'n Skrifdeel totaal verskillend verstaan word, soos dit later genoem word dat die eksegese tot " twee teenoorstaande gevolgtrekkings" en tot "twee uiteenlopende gevolgtrekkings" gelei het (p611). Eksegeties oortuigend bedoel tog dat die logiese begronding, die duidelikheid en die gesag van die Woord die Skrifverklaarder tot hierdie een gevolgtrekking lei. Binne die een gevolgtrekking mag daar wel aksente van verskil wees.

5.2.2 As vertrekpunt stel die Rapport dieselfde vertrekpunt as die Rapport van Sinode 1988, naamlik: "Daar is nie 'n teks in die Bybel waarin spesifiek gesê word of vroue in die besondere ampte mag dien of nie … Wie dan 'n Bybelgefundeerde standpunt oor hierdie sake en oor die algemene plek van die vrou in die kerk wil formuleer, is daarop aangewese om uit ander Skrifuitsprake afleidings te maak" (vgl p611). Let wel dat daar van Skrifuitsprake gepraat word vir die afleidings wat gemaak kan word en nie Skrifgedeeltes nie. Hierdie vertrekpunt moet vir die beoordeling van hierdie beswaargrond konsekwent vasgehou word. Daar is geen Skrifgedeelte wat spesifiek sê dat geslagtelikheid 'n rol speel wanneer God 'n persoon tot die besondere dienste roep nie.

5.2.3 In die Rapport ter sprake word 6 Skrifgedeeltes bespreek wat moontlik 'n afleiding kan bied of die vrou in die besondere diens van predikant en ouderling mag dien al dan nie. In 4 van die 6 word die gevolgtrekking gemaak dat daardie gedeelte nie handel oor die kwessie of die vrou mag dien al dan nie (vgl Ef 5:21-33, p618; 1 Petrus 3: 1-7, p621; Gal 3:26-29, p625; 1 Kor 11:2-16, p633). Die besluit van die Sinode 2009 dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie, berus dus op die ander twee Skrifgedeeltes, naamlik 1 Korintiërs 14:26-40 en 1 Timoteus 2:8-15.

5.2.4 Na die bespreking van een van die Skrifdele (Galasiërs 3:26-29) waarin dit gestel word dat man en vrou in Christus een is, word 'n belangrike stelling deur die rapport gemaak: "Dit is egter in die lig van hierdie oorweldigende waarheid duidelik dat, wanneer onderskeid getref word tussen mans en vroue met betrekking tot die besondere dienste, daar duidelike Skrifgronde voor moet wees.

Net so: Alleen as God in sy Woord bepaal dat net mans in die besondere dienste mag dien, mag vroue daartoe verbied word" (p625). Let wel, daar moet duidelike Skrifgronde wees, bedoelende sekerlik dat die Skrifgronde logies, uitdruklik en oortuigend moet wees. Dit moet ook duidelik blyk dat dit 'n bepaling in God se Woord is dat net (slegs) mans in die besondere dienste mag dien.

5.2.5 Met die eksegetiese beredenering van 1 Korintiërs 14:26-40, waarop die besluit van Sinode 2009 deels berus, word daar in 10.8.5.2b die gevolgtrekking gemaak dat die "swyggebod" in 14:34-35 wel daarop dui dat vroue nie die Woord in gemeentelike byeenkomste amptelik mag bedien nie. En dan spreek die Rapport self twyfel oor die gevolgtrekking uit: "Op sigself gee 1 Korintiërs 14:34-35 nie duidelik blyke hiervan nie, maar in die lig van ander duideliker Skrifdele soos 1 Tim 2:8-15 word dit duidelik dat dit wel so verstaan moet word". Hoe rym hierdie twyfel-stelling met die vertrekpunt (genoem in 5.2.2 hierbo) dat daar nie 'n teks in die Bybel is waarin spesifiek gesê word of vroue in die besondere ampte mag dien al dan nie, asook met die stelling in 5.2.4 hierbo dat daar duidelike Skrifgronde moet wees?

5.2.6 Die gevolgtrekking van die Rapport op 1 Kor 14:34-35 skep die verwagting dat 'n duideliker Skrifdeel soos 1 Tim 2:8-15 die deurslag sal gee dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie. Vol verwagting word na die verklaring van 1 Tim 2:8-15 in die Rapport geblaai en dan word die leser gekonfronteer met twee uiteenlopende verklarings met lang deeglike en begronde beredenering wat hulle albei op erkende eksegete beroep. Is dit 'n duideliker Skrifdeel soos genoem? En weer eens word 'n kategoriese gevolgtrekking vanuit 'n Skrifgedeelte gemaak dat 'n vrou dus nie as predikant of ouderling mag dien. En weer eens kan die "hoe rym dit"-vraag soos aan die einde van 5.2.5 hierbo gestel word.

5.2.7 Die eksegetiese verklaring van beide 1 Kor 14 en 1 Tim 2 waarop die besluit van Sinode 2009 berus, pas die reëls vir Skrifverklaring nie korrek en konsekwent toe nie. Die volgende drie voorbeelde word genoem:

5.2.7.1 In die eerste deel van die Rapport word baie aandag aan die reëls vir Skrifverklaring gegee. Onder meer word dit telkens genoem dat elke Bybeldeel is deel van die geheel van die Woordopenbaring van God en moet dus gelees word binne die groter openbaringshistoriese samehang van die Skrif. By die samevatting van die uitleg tov die twee Skrifdele word hierdie vereiste grootliks deur beide standpunte verswyg.

5.2.7.2 'n Tweede reël vir Skrifverklaring wat deur die Studierapport van 1988 benadruk word, is: "Al die Skrifuitsprake wat op die plek van die vrou in die kerk betrekking het, moet op so 'n wyse verdiskonteer word dat hulle nie teenoor mekaar as botsende uitsprake te staan kom nie, maar langs mekaar as aanvullende uitsprake (Bylae 1988:12)". Die beredeneringskolom waarop die besluit van die Sinode berus, hanteer die stilbly-opdrag as botsend wat teen die getuienis van die res van die Skrif inbeweeg.

5.2.7.3 'n Derde Skrifverklaringsreël waarop die Studierapport van 1988 wys, is die onderskeid tussen sentrum en periferie (hoofsaak en bysaak). Dit behels dat sake wat deur die Skrifdeel op die periferie gestel is, mag nie deur die Skrifverklaarder in die sentrum gestel word nie, en andersom. Die Skrifdele 1 Kor 14:34 en 1 Tim 12 kan nie sonder meer so verklaar word dat dit verbied dat die vrou in die amp mag dien nie, aangesien nie een van die twee Skrifgedeeltes dit as hoofsaak het oor wie in die amp mag dien en wie nie (Bylae 1988:21).

5.2.8 In die Rapport word onder 10.7.4.6 (p632) die gevolgtrekking gemaak dat daar 'n verskil is tussen profesie aan die een kant en lering en onderrig aan die anderkant. Die stelling word uitdruklik gemaak "dat profesie in die Nuwe Testament nooit deel was van die diens van leraar of opsiener nie". Net enkele bladsye verder is daar die weerspreking met die beredenering van 1 Kor 14:34-35 en word prediking met profesie in verband gebring.

Sulke weersprekende elemente verwar en wil die leser laat dink dat begronding ontbreek.

6. Beswaargrond 4

6.1 Die besluit van Sinode 2009 berus onder meer op 'n verklaring wat die gawe van profesie sonder deeglike begronding versmal tot 'n openbaring wat iemand persoonlik ontvang het om spontaan en nie-amptelik in die samekoms oor te vertel (vgl 10.7.4.6, p632; 10.8.4.1b, p633).

6.2 *Motivering*

6.2.1 In die beredenering (p632) word dit enersyds genoem dat profesie as gawe in die gemeente dien tot vermaning, bemoediging en lering. In die Skrifdele wat as verwysing genoem word (Hand 15:32; 1 Kor 14:3, 24, 31) word dit ook in daardie terme omskrywe. Net daarna weerspreek die Rapport homself deur te noem dat profesie nie lering is nie (p632) en dan weer later (p637) te redeneer dat die beoordeling van die profesieë toesig oor die prediking is. Hierdie weerspreking toon dat die beredenering oor wat die gawe van profesie beteken onder 10.7.4.6 nie deeglik begrond is nie. In dieselfde punt word die beoefening van profesie as spontane optrede beskryf, maar dit word gegrond op 'n onsekere afleiding sonder Skrifgronde, naamlik: "Dit was waarskynlik so omdat profesie blykbaar spontaan ('charismaties') beoefen is en nie verbind was aan een van die besondere dienste nie.

6.2.2 Vir die verstaan van 1 Korintiërs 14:33-35 is die regte begrip van wat die gawe van profesie behels, en waar en deur wie dit beoefen is van groot belang. Deeglik begronding vir so 'n begrip ontbreek in 10.7.4.6 en 10.8.4.1b.

6.2.3 Wat opvallend is, is dat die profete naas die apostels 'n belangrike plek inneem soos dit in 1 Korintiërs 12:28 en Efesiërs 4:11 vermeld word. In 1 Korintiërs 14 gee Paulus ook besondere aandag aan die beoefening van hierdie gawe in die samekoms van die gemeente en hy prys dit as gawe aan waarna gestreef moet word (1 Kor 14:1, 39). Hoe rym dit dan met die rapport se standpunt dat profesie 'n openbaring is wat iemand persoonlik ontvang om spontaan en nie-amptelk in die samekoms oor te vertel? Oor die "openbaring" van 1 Korintiërs 14:30 en die sogenaamde ontvang daarvan, stel Ridderbos (Paulus, p504) die volgende: " Deze profetie en openbaring is intussen niet te verstaan als een uitzonderingsgave, waaraan de gemeente als zodanig geen deel zou hebben en die zij slechts als een van buiten tot haar komende onfeilbare boodschap van de Geest zou hebben te ontvangen". In Romeine 12:7 verbind Paulus die beoefening van profesie aan "die maat van die geloof". Daarmee word nie bedoel die hoeveelheid van geloof nie, maar 'n bepaalde geloofsinhoud as maatstaf vir die profesie – 'n verdere grond dat profesie nie 'n openbaring was wat iemand persoonlik ontvang het nie.

6.2.4 Wat was die onderskeid tussen profete en leraars? Hierdie onderskeid word in die Bybel nie eenvoudig en waterdig aangedui nie. 'n Vergelyking van Skrifgegewens toon aan dat beide profete en leraars gerig was op die geestelike leiding en opbou van die gemeente (vgl Hand 13:1; 15:32; 1 Tim 1:18; 4:14; 1 Kor 14:3, 24, 31; 1 Kor 4:17; 2 Tim 2:2).

6.2.5 Floor (Hy wat met die Heilige Gees doop, p105) omskrywe profesie as die verkondiging van die Woord van God aan die gemeente. Volgens Calvyn (vgl kommentaar op Romeine 12:6; Institusie 44:1319) is profesie die regte verstaan van die Skrif en die gawe om die Skrif uit te lê. JD du Toit (Totius) se standpunt is dat profeteer in die NT nie die gawe is om toekomstige dinge te voorspel nie, maar dit is wel die regte begrip om die Skrif uit te lê en tot vertroosting en vermaning van die gemeente toe te pas. Om te profeteer is vandag die besielde prediking en die uitlegging van die Skrif (Versamelde Werke, Boek 6, p75 ev).

6.2.6 Was die gebruik van die gawe van profesie deur vroue slegs beperk tot die amp van die gelowige? Daar is goeie eksegetiese grond vir die gevolgtrekking dat vroue wat volgens 1 Korintiërs 11:5 in die erediens kon profeteer deel van die profetiese ampsdraers van 1 Korintiërs 12:28 was (Versteeg, 1985:37). Dit word ook bevestig deur Ridderbos (Paulus, p516, 517) wat dit duidelik stel dat daar geen aanduiding in Paulus se briewe is "als zou aan de vrouw in de gemeente enkel het niet-ambtelijke charisma toekomen en niet het geordende ambt". In die Skrifdele wat die algemene en besondere dienste in meer besonderhede vermeld (Ef 4:8-11; 1 Kor 12:12-30) is dit tog opvallend dat die vrou in albei Skrifgedeeltes by beide dienste nie uitgesluit word nie.

6.2.7 Bostaande motivering toon aan dat die gawe van profesie nie versmal kan word tot 'n persoonlike openbaring wat spontaan in die samekoms uitgespreek word nie. Met die begrip dat profesie ook kan beteken dat die Woord van God aan die gemeente bedien is, is dit duidelik dat die regte verstaan van profesie ingrypende betekenis sou gehad het vir die eksegetiese verklaring van 1 Korintiërs 11 en 14. Want hoe kan 'n vrou dan nie praat by die beoordeling van die profete nie as sy dan wel met die profetiese gawe die Skrif in die gemeente kon uitlê? Dan roep 1 Korintiërs 14:34 en 35 om 'n dieper verstaan.

7. Beswaargrond 5

7.1 Die ongetroude vrou word sonder die korrekte en konsekwente toepassing van die reëls vir Skrifverklaring saam met die getroude vrou verbied om in die besondere diens van predikant en ouderling te dien.

7.2 *Motivering*

7.2.1 In die Rapport is drie moontlike Skrifdele van toepassing op die posisie van die getroude vrou:

7.2.1.1 Die eerste Skrifdeel is 1 Korintiërs 11. Na kontrastering van twee standpunte is die eenstemmige gevolgtrekking dat 1 Korintiërs 11:2-16 nie uitsluitsel gee oor die vraag of hierdie hoofskap beperk is tot 'n getroude man oor sy vrou, en of dit geld vir die verhouding van alle mans met alle vroue nie.

7.2.1.2 Die tweede Skrifdeel is Efesiërs 5: 21-33. Volgens hierdie Skrifgedeelte is die Rapport daaroor duidelik dat die hoofskap van die man oor sy vrou in die konteks van die huwelik bespreek word.

7.2.1.3 In die derde Skrifdeel (vgl 1 Timoteus 2:8-15) word daar nêrens in die beredeneringskolom van die Rapport waarop die besluit van die Sinode berus moeite gedoen om die posisie van die ongetroude vrou te bespreek nie. Met stilswye word aanvaar dat die ongetroude vrou by die posisie van die vrou in 1 Timoteus 2 ingesluit is.

7.2.2 Oor die posisie van die ongetroude vrou ontbreek twee belangrike reëls vir Skrifverklaring in die eksegetiese verklaring van 1 Timoteus 2. Die eerste reël is die belangrikheid van die openbaringshistoriese posisionering van die Skrifgedeelte en die integrering van die gedeelte tot 'n openbaringshistoriese geheelomskrywing. Die belangrikheid van hierdie reël is reeds in 3.2.7 hierbo aangehaal. Die ander reël vir Skrifverklaring is Skrif-met-Skrif-vergelyking (Rapport, p608). Geen poging word aangewend om dit te doen nie. Indien Skrif-met-Skrif-vergelyking toegepas was, sou die eenstemmige konklusie oor 1 Korintiërs 11 ter sprake gekom het (vgl 7.2.1.1 hierbo), asook dat Efesiërs 5 die hoofskap van die man in die konteks van die huwelik bespreek, en dat die Bybel nêrens 'n universele ondergeskiktheid van vroulike persone aan manlike persone leer nie, met ander woorde dat "my vrou" alle mans se hoofskap oor haar moet erken nie. So 'n ingrypende inkorporering van die ongetroude vrou by die getroude vrou in 1 Timoteus 2 het tog geen grond voordat die reël van Skrif-met-Skrif-vergelyking nie toegepas is nie.

7.2.3 Die droefheid van gewetensbinding deur onbewese en ongegronde Skrifverklaring kom hier sterk op die voorgrond, aangesien die verbod op die toelating van die vrou tot die besondere diens van predikant en ouderling ook op die ongetroude van toepassing gemaak word.

8. Slot

In die Rapport staan: “Dit wat in die Bybel geopenbaar word, staan vas, maar die leser se verklaring en afleidings moet altyd weer aan die Bybel gekontroleer word” (p603). Dit is die gesindheid waarmee hierdie Beswaarskrif aan u voorgehou word. Dankie vir die voorreg om dit te kon doen. Help ons asb om te luister “so sê die Here, Here”. Luister ons reg?

F. **ORDEVOORSTEL**

1. Die Beswaarskrifte in verband met die vrou in die besondere dienste eers op 'n volgende Sinode beoordeel word, aangesien daar sake is wat dringende aandag moet geniet alvorens hierdie Beswaarskrifte tot opbou van kerke gehanteer kan word.
2. Motivering

2.1 Die Algemene Sinode 2012 het agt Beswaarskrifte in verband met die vrou in die besondere dienste ter tafel. Dit het tydens hierdie Sinode duidelik geblyk dat daar by kerke, ondanks besluite wat tydens Sinodes geneem is, verskille in standpunte en praktyke bestaan met betrekking tot die vrou in die besondere dienste. Al sou die Sinode uitsluitsel op die Beswaarskrifte gee,
sou dit nie werklik die problematiek rondom die verskille oplos nie. Die moontlikheid is groter dat – as 'n beoordeling tans gedoen word – die uitslag die verskille mag verdiep. Die grondliggende rede(s) vir hierdie verskille in standpunte en praktyke behoort eerstens vasgestel te word en konkrete aandag te geniet.

2.2 Die Here het die Algemene Sinode gelei om die missionêre roeping van die Kerke op die voorgrond te stel. Die Sinode het besluit om ‘n **Omkeerstrategie** vir die GKSA uit te werk om hierdie roeping na te kom. Indien daar tydens hierdie Sinode uitspraak gegee word oor die Beswaarskrifte, gaan die verskillende standpunte nog nie opgeklaar wees nie. Inteendeel, dit kan die fokus van ons kerke eerder op die onderlinge verskille plaas. En daardeur kan die heerlike positiewe en eenparige gesindheid by kerke jeens die besluit oor ons roeping gedemp word.

3. Aanbevelings

Die Algemene Sinode wys Deputate aan met die volgende opdrag:

3.1 Om in samewerking met plaaslike kerke te bepaal wat die grondliggende redes is waarom daar, ondanks besluite wat kerke gesamentlik geneem het, steeds verskille in standpunte en praktyke bestaan in die sake waaroor besluite reeds geneem is.

3.2 Om die Beswaarskrifte na te gaan en in 2015 te rapporteer.

3.3 Om die Sinode te adviseer:

3.3.1 oor hoe eenheid en verskeidenheid in ons kerke ons missionêre roeping kan dien.

3.3.2 wanneer gaan vryheid in verskeidenheid oor in ongehoorsaamheid aan die Woord.

3.3.3 wanneer die besluite en optrede van die plaaslike kerk die gemeenakkoord in gedrang bring.

3.3.4 wanneer kerklike besluite 'n las plaas op mense se gewetens (NGB, art 32).

3.3.5 hoe die Gereformeerde Kerke verlos kan word van 'n verlammende persepsie van 'n sterwende kerk tot ‘n helder beeld van ons missionêre roeping.

3.4 Die Sinode doen ‘n ernstige beroep op kerke om in hierdie tyd, totdat die Beswaarskrifte afgehandel is:

3.4.1 die verskeidenheid in gebruike in ons kerke met liefde en begrip teenoor mekaar te hanteer in die gees van Rom 14.

3.4.2 nie ander gebruike in te voer, wat verskil van dit waarin kerke met mekaar ooreengekom het of wat tans in kerke in gebruik is nie.

4. Hierdie oproepe word spesifiek gemaak om kerke in hierdie tyd te help om op die **Omkeerstrategie** en ons missionêre roeping te fokus en nie deur verskille tot strydvrae verlei te word nie.

Besluit: Ordevoorstel word aanvaar met aanbevelings.

F. **KOMMISSIERAPPORT: OPENBARINGSHISTORIES**

1. Opdrag en mandaat

Om die Sinode van pre-advies te bedien oor verskeie beswaargronde.

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering van opdrag

2.1 *GK Bloemfontein-Suid Beswaargrond 1 (p347-348)*

2.1.1 Sinode 2009 se besluit en voorafgaande beredenering integreer nie die onveranderlike getrouheid van God deur vroue in die OT te gebruik as regeerder en woordverkondiger en nie in die NT nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.2 Beredenering Minderheid

2.1.2.1 God roep Debora en Hulda (3.2.1) weliswaar as uitsonderings (3.2.5)

2.1.2.2 Daar is kontinue en diskontinue lyne van die OT na die NT rakende dienste (3.2.2)

2.1.2.3 Die beswaargrond gaan nie soseer oor die ampte nie alhoewel dit in die motiverings funksioneer. Dit gaan wel oor die bewys dat en of daar teenwoordige onveranderlikheid van God se getrouheid vertolk word.

> Meerderheid
> Die beswaargrond is daarop gefokus op die onveranderlikheid van God en dat die besluit van Sinode 2009 nie daarmee rekening gehou het nie. Die implikasie van die besluit is dat, aangesien God die vrou in die Ou-Testamentiese kerk wel as regeerder en verkondiger van sy Woord gebruik het, Hy homself sou weerspreek as Hy dit nie in die Nuwe Testament sou toelaat nie.

Besluit: Punte 2.1.2.1 tot 2.1.2.3 kennis geneem.

2.1.3 Bevindinge Minderheid

2.1.3.1 Daar is verwysings in die besluit van 2009 (10.13.1.3 en 10.14.1(b) waar God se getrouheid in berekening gebring word.

2.1.3.2 Daar word nie deur die Beswaarskrif bewys dat God Homself sou weerspreek nie. Die kontinuelyn van die bevestiging in 'n amp lê in die dienste van die priesters, Leviete en konings maar nie in die van die rigters en die profete nie.

2.1.3.3 Die diskontinuelyn word verreken in die amp van die gelowige.

2.1.3.4 Die Beswaarskrif onderskei nie tussen die ampte van profeet en oudste nie en tussen die heilshistoriese lyne van profeet en oudste nie. (Vgl die Bylae deur oudl Schuring saamgestel ter motivering van laasgenoemde.

2.1.3.5 Die beswaargrond identifiseer (maak gelyk) die profeet (vrou in die OT kerk) met die ouderling (regeerder).

> Meerderheid
> Die motivering (pte 3.2.1 tot 3.2.8) is oortuigend, veral op sterkte van die argumente dat daar nie net op die diskontinue lyn in die Skrif klem gelê moet word nie, maar dat ook rekening gehou moet word met die kontinuïteit van die Skrifopenbaring (3.2.3); dat, uit hoofde van die eenheid van die Bybel, sowel die Ou as die Nuwe Testament gesagvol is (3.2.4); en die feit dat die onveranderlikheid van God se trou breedvoerig in ons Belydenis beskrywe word (3.2.6).

Besluit: Punte 2.1.3.1 tot 2.1.3.5 kennis geneem.

2.1.4 Aanbevelings

2.1.4.1 Minderheidsrapport: In die lig van die bevindinge word nie gevolg gegee aan hierdie beswaargrond nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.1.4.2 Meerderheidsrapport

Dat hierdie beswaargrond slaag.

Besluit: Afgekeur.

Bylae vergelyking oudste en profeet ter ondersteuning van die minderheidsaanbeveling

Vergelykings profete en oudstes

Profete ontvang direk van God of Sy engel openbarings in woorde of gesigte. Daaruit het die hele word van God ontstaan.

Profete het 'n leertaak om die openbaring aan die volk oor te dra en toe te pas in regspraak soos Moses, Debora en Samuel.

Oudstes het regeer- en leertaak.

Die heilshistoriese lyn vir profete is

A Dat Jesus Christus die hoogste profeet geword het wat die verborge wil en raad van God oor ons verlossing ten volle bekendgemaak het.

B Dat by Pinkster die hele gemeente van ongeveer profete geword het.

C Dat almal 'n ryker boodskap ontvang het as in die OT om uit te dra

D Dat die ontvangs van openbaringe tot 'n einde gekom het. Die kanon is afgesluit. Vandag is daar geen direkte openbarings uit die hemel meer nie. Slegs die profetiese leertaak het oorgebly byv die gawe om die reeds-geopenbaarde Woord uit te lê en toe te pas.

Die heilshistoriese lyn van oudstes is dat die amp van oudste tot volle ontplooiing gekom het in Jesus Christus, ons Opsiener en Opperherder. Agter die goeie herder aan het die oudstes van die OT die ouderlinge van die Christelike gemeentes geword tot vandag toe.

Profete kan enige mens wees:

- *Ouer en jonger: Abram en Samuel*
- *Priesters en boere: Esegiël en Amos*
- *Aartsvader en koning: Jakob en Dawid*
- *Mans en vroue: Moses en Hulda*
- *Geleerde en ongeleerd: Moses en Petrus*
- *Gelowig en ongelowig: Miga en Bileam*

Oudstes is net mans:

- *Oudstes in die OT verwys nooit na vroulike oudstes nie*
- *Ouderlinge in die NT verwys nooit na vroue nie*
- *Nie een van die 12 stamhoofde in die OT is 'n vrou nie*
- *Nie een van die 12 apostels in die NT is 'n vrou nie*
- *Die raad van 70 oudstes in die OT is mans*
- *Die 70 lede van die Sanhedrin was mans*
- *Die 70 dissipels wat Jesus uitgestuur het was mans*

2.2 *GK Bloemfontein-Suid Beswaargrond 2 (p348)*

2.2.1 Die besluit en voorgaande beredenering integreer nie die vrymagtige almagtige gesag van God om enige persoon te roep en gebruik sonder enige begrensing nie

2.2.2 Beredenering

2.2.2.1 Die beswaar handel oor iets wat nie in die rapport staan nie (vgl 4.2.1).

2.2.2.2 Die beswaargrond is 'n baie breë stelling waarvolgens daar geredeneer kan word dat enigeen tot die amp geroep kan word.

2.2.2.3 Die beswaargrond beredeneer dat Sinode 2009 seksualiteit plaas as limiet op die krag en almag van God.

2.2.3 Bevindinge

2.2.3.1 Die besluit van 2009 gaan nie oor wat God kan doen nie. Dit is vanselfsprekend.

2.2.3.2 Dit is egter belangrik om te eien dat God, met inagneming van Sy vrymag, Sy wil oor dienste openbaar.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.3.2 kennis geneem.

2.2.4 Aanbeveling

Daar word nie gevolg gegee aan hierdie beswaarpunt nie.

Besluit: Goedgekeur.

G. **KOMMISSIERAPPORT: BESWAARGRONDE OOR 1 KOR 14**

1. Opdrag

Beoordeling van die beswaargronde 3 en 4 van die Beswaarskrif van GK Bloemfontein-Suid teen die besluite van die Algemene Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van predikant en ouderling.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering Beswaargrond 3

2.1 Beswaargrond 3 beweer drie sake: dat die besluit rus op Skrifverklaring met weersprekende elemente wat nie duidelike Skrifgronde bevat nie en wat die reëls van Skrifverklaring nie deeglik en konsekwent verreken nie.

2.2 Die motivering 5.2.1 is geldig. Dit is inderdaad so dat oortuigende eksegese behoort tog tot een duidelike gevolgtrekking te lei.

2.3 Motivering 5.2.2, 5.2.3 en 5.2.4 vermeld sake wat in vorige Rapporte hanteer is en daarvan word kennis geneem.

2.4 In motivering 5.2.5 word beweer dat die Rapport van 2009 sy eie gevolgtrekking betwyfel. Die Rapport van 2009 stel egter met die woord “opsigself” dat 1 Kor 14:34-35 alleen nie duidelike Skrifgronde gee nie, maar dat dit met ‘n duideliker gedeelte soos 1 Tim 2:8-15 saam gelees moet word om 1 Kor 14:34-35 te verstaan. Dit is immers ‘n algemene Skrifverklaringsreël om Skrif met Skrif te vergelyk om tot ‘n duidelike gevolgtrekking te kom.

2.5 Motivering 5.2.6 vermeld wat neerslag gevind het in die Rapport van 2009 en daarvan word net kennis geneem.

2.6 Dit blyk tog dat die Rapport van 2009 inderdaad ingebreke bly in beide standpunte om die groter openbaringshistoriese samehang te verdiskonteer in die gevolgtrekkings by 1 Kor 14:35-35 en 1 Tim 2:8-15.

2.7 Die beswaargrond bly in gebreke om duidelik aan te toon hoe die verklaring waarop die besluit berus botsend is met die getuienis van die res van die Skrif.

2.8 Dit is inderdaad so dat 1 Kor 14:34-35 nie wie in die diens mag dien of nie, maar die hoofsaak is die orde in die samekoms van die gemeente.

2.9 Die Beswaarskrif bly in gebreke om die weerspreking tussen die beredenering (2009:632) en die verklaring van 1 Kor 14 aan te toon.

2.10 Bevinding

Die Skrifverklaring waarop die besluit van 2009 rus het duidelik Skrifgronde en verreken die reëls van Skrifverklaring deeglik en konsekwent. Daar is elemente in die verklaring wat duideliker toegelig kon word. Tog sou hierdie enkele elemente nie die besluit van 2009 ongeldig maak nie.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.10 kennis geneem.

2.11 Aanbeveling

Beswaargrond 3 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

3. Beredenering Beswaargrond 4

3.1 Beswaargrond 4 beweer dat die Rapport van 2009 die begrip profeteer versmal.

3.2 Motivering 6.2.1 beweer dat die Rapport homself weerspreek, maar die Rapport stel duidelik dat profesie dien tot lering, maar is nie opsigself lering nie. Die Beswaarskrif bly in gebreke om duidelik die weerspreking aan te toon (2009:637).

3.3 Dit is inderdaad so dat daar in die Rapport nie uitgebreide begrondinge gegee word oor die gawe van profesie nie, maar dit is nie so krities vir die verstaan van die Skrifgedeelte nie.

3.4 Die aansporing van profesie in 1 Kor 14 is teenoor die spreek in tale wat heeltemal ongekontroleerd gebeur het.

3.5 Dit is inderdaad so dat profete en leraars se arbeid tot geestelike leiding en opbou gerig is. Die onderskeid is dat die profete direk deur die Heilige Gees in diens geneem is, maar die leraar is amptelik deur handoplegging in sy diens bevestig.

3.6 Die Beswaarskrif maak die aanname dat die profetiese gawe gekoppel is aan 'n profetiese amp, 'n amp wat nie in die Skrif verkondig word nie.

3.7 Bevinding

Die Rapport van 2009 het nie die begrip van profesie versmal nie. Die besluit van Sinode 2009 berus onder meer op 'n verklaring wat die gawe van profesie sonder deeglike begronding versmal tot 'n openbaring wat iemand persoonlik ontvang het om spontaan en nie-amptelik in die samekoms oor te vertel (vgl 2009:632, 10.7.4.6, 10.8.4.1b, p633).

Besluit: Punte 3.1 tot 3.7 kennis geneem.

3.8 Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie ten opsigte van hierdie grond nie.

Motivering

Die Beswaarskrif se beredenering vanuit 1 Korintiërs 14, spesifiek verse 34-35, oortuig nie dat met profesie bedoel word "amptelike" Woordverkondiging nie. Dit blyk eerder dat Paulus leiding gee sodat spreek in tale, profesie en lering op 'n ordelike manier in die samekoms van die gemeente sal plaasvind. Die stelling in 34-35 fokus dus op die lering, waarin die vrou moet swyg, asook dat sy haar tuis deur haar man moet laat leer. Die Beswaarskrif poog om profesie as amptelike Woordverkondiging te laat verstaan, maar oortuig nie deur die aanhaal van verskeie Skrifgedeeltes nie.

Daarom vind ons nie verskraling in die besluit van Sinode 2009 ten opsigte van hierdie saak nie.

Besluit: Goedgekeur.

H. **KOMMISSIERAPPORT BESWAARGRONDE OOR 1 TIMOTEUS 2**

1. Opdrag

Adviseer die Sinode oor die Beswaarskrif van GK Bloemfontein-Suid mbt beswaargrond 5.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beswaargrond 5 (p352)

2.1 *Beredenering van die beswaardes*

2.1.1 In Beswaargrond 5 word gestel: "Die ongetroude vrou word sonder die korrekte en konsekwente toepassing van die reëls vir Skrifverklaring saam met die getroude vrou verbied om in die besondere diens van predikant en ouderling te dien."

2.1.2 Hoewel die beswaardes nie uitdruklik noem waar die saak waarteen in hierdie grond beswaar aangeteken word voorkom nie, kan binne die konteks van die vorige beswaargronde en die motiverings in 7.2 aanvaar word dat die 2009-Studierapport bedoel word.

2.1.3 Ter motivering van die beswaargrond gee die beswaardes in 7.2.1 tot 7.2.3 argumente spesifiek ten opsigte van die eksegese van 1 Korintiërs 11, waarom getroude en ongetroude vrouens nie eenders hanteer kan word nie.

Daarby word daarop gewys dat die betrokke argumente nie in die 2009-Kommissierapport bespreek of behandel word nie.

2.2 Beoordeling

Soos in die res van die Beswaarskrif hou die beswaardes ook in hierdie beswaargrond nie rekening met die feit dat die 2009-Kommissierapport in samehang met die beredenering en besluite in vorige Sinoderapporte gelees en verstaan moet word nie.

Indien die beswaardes met hierdie samehang rekening gehou het, sou hulle hulle daarvan vergewis het dat die Studierapport wat by Sinode 2006 gedien het, die vraagstuk oor getroude en ongetroude vroue met betrekking tot die besondere dienste uitdruklik hanteer het, ook in die eksegese van 1 Korintiërs 11 (Acta 2006:431-439, veral 4.6).

2.3 Bevinding

In Beswaargrond 5 slaag die beswaardes nie daarin om aan te toon dat die besluit van Sinode 2009 ongetroude vroue sonder die korrekte en konsekwente toepassing van die reëls vir Skrifverklaring saam met getroude vroue verbied om in die besondere dienste te dien nie.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.

2.4 Aanbeveling

Die beswaar slaag nie op beswaargrond 5 nie.

Besluit: Goedgekeur.

21.4 BESWAARSKRIF GK KLERKSDORP TEEN DIE BESLUIT VAN SINODE 2009 TOT DIE SAAK VAN DIE VROU IN DIE DIENS VAN OUDERLING EN PREDIKANT (2012: Artt 17, 31, 258) (2016: Artt 38, 66, 68)

2016

A. Die Beswaarskrif word gestel.
B. Dr JH Howell rapporteer namens die Kommissie Kerkregtelik.

2012

A. Oudl D de Kock stel die beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die beswaarskrif word verwys na Kommissie Beswaarskrifte 4.
C. **Ordevoorstel:** Dr WC Opperman hou die ordevoorstel voor.
D. **Besluit:** Ordevoorstel word aanvaar met aanbevelings.
E. Met die aanvaarding van die ordevoorstel word die beswaarskrifte in verband met die vrou in die besondere dienste eers op 'n volgende Sinode beoordeel word, aangesien daar sake is wat dringende aandag moet geniet alvorens hierdie beswaarskrifte tot opbou van kerke gehanteer kan word (kyk Beswaarskrif 21.3 in Handelinge 2012).

F. **BESWAARSKRIF**

1. Besluite waarteen beswaar aangeteken word

"12 Aanbevelings aan die Sinode
Die Kommissie beveel aan dat die Sinode soos volg oor die Rapport besluit...
12.10 Punt 10 (Die vrou in dienste van ouderling en bedienaar van die Woord)
Die Sinode besluit:
12.10.1 Punt 10.1 tot 10.14 – Kennis geneem.
Besluit: Goedgekeur." (Acta 2009:665)
"Die Kommissie het tot die bevinding gekom dat dit noodsaaklik is dat hierdie Sinode tot 'n beslissing moet kom en 'n besluit moet neem oor die vraag of die vrou in die diens van ouderling en predikant mag dien al dan nie en wel om die volgende redes:
3.1 Oor die voorstel van Kurpershoek en Coetzee dat plaaslike kerke toegelaat word om self oor die saak te besluit (2.1) oordeel die Kommissie dat dit om die volgende redes na ons mening nie die oplossing is nie:
3.1.1 In die lig van KO, art 30 is die saak van ouderling en predikant nie net 'n saak van die plaaslike kerk nie.
3.1.2 Die voorstel impliseer in homself dat daar gekies moet word vir die oopstelling van die dienste.
3.1.3 Inligting van wat gebeur het in buitelandse kerke dui daarop dat die werkwyse problematies is...
3.4 Die voortgesette Sinode is gereël met die verwagting dat daar tot 'n beslissing gekom en 'n besluit geneem sal word.
Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.4."
en
"4.2 Die Sinode stem aan die hand van die volgende veranderde bewoording van pt 10.15 en 12.10.2 van die Rapport: Die Sinode het in die lig van die behandeling van die Rapport tot die oortuiging gekom dat vroue in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien OF dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie...
Besluit: Pte 4.1 tot 4.3 word goedgekeur.
Besluit: Die vergadering besluit volgens die goedgekeurde aanbeveling, pt 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie" (Acta 2009:667).

2. Inleiding

Die Kerkraad van die GK Klerksdorp maak beswaar teen die besluit van die Nasionale Sinode 2009 oor die vrou in die diens van ouderling en bedienaar van die Woord. Die Kerkraad het verwag dat die Sinode duidelike, Skrifgefundeerde riglyne aan die Kerkraad sou gee om hom in staat te stel om 'n prinsipiële besluit te kan neem oor die posisie van die vrou in die dienste van ouderling en bedienaar van die Woord. Soos die besluit nou daaruit sien, gaan die besluit maak aan Skrifgefundeerde gronde en is daar geen aanduiding waarom die Sinode die een standpunt bo die ander verkies het, behalwe dat 'n meerderheid stem daaroor besluit het. Daarom lê ons die volgende besware oor die besluit aan die Sinode voor vir oorweging.

Indien die beswaar slaag, versoek die Kerkraad van die GK Klerksdorp die Algemene Sinode om in gehoorsaamheid aan die Skrif vir die Kerkraad leiding te gee sodat hulle 'n prinsipiële besluit kan neem waarom die vrou in die diens van ouderling of predikant kan dien of nie dien nie. Indien die Skrif nie duidelik is oor die posisie van die vrou in die diens van ouderling of predikant nie, of as die Algemene Sinode nie in gehoorsaamheid aan die Skrif 'n keuse tussen twee interpretasies kan maak nie, moet dit aan Kerkrade oorgelaat word om immers self in hulle verskillende omstandighede oor die saak te beslis. Alleen op hierdie wyse kan ons getrou bly aan die Skrif en almal saam as gelowiges tot diens wees in die koninkryk van God in hierdie wêreld.

3. Beswaar

Die Kerkraad van die GK Klerksdorp maak beswaar dat die beginsel-gewende besluit van die Sinode 2009 oor vroue in besondere dienste van predikante en ouderlinge geneem is "in die lig van die behandeling van die Rapport" en nie in gehoorsaamheid aan die Skrif nie.

3.1 *Beswaargrond 1*

Die besluit is geneem "in die lig van die behandeling van die Rapport" en nie in "gehoorsaamheid aan die Skrif" nie.

Motivering

Die voorstel van die Kommissie was dat die Sinode sy besluit grond in "gehoorsaamheid aan die Skrif," en dit sou die ideaal gewees het indien Skrifstudie die Sinode by 'n konsensus besluit kon uitbring. Maar "in die lig van die behandeling van die Rapport" het dit duidelik geword dat dit nie die geval sou wees nie, en dat daar twee uitgangspunte onder die afgevaardigdes na die Sinode was wat van mekaar verskil het. Hierdie verskille onder die afgevaardigdes verteenwoordig teenoorgestelde uitgangspunte en is moeilik om met mekaar te versoen. Die afgevaardigdes na die Sinode was deurentyd onder die indruk dat die verskille in mening oor vraag of die vrou in die diens van ouderling en predikant mag staan, **verskillende interpretasies** was wat beide op grond van aanvaarbare eksegetiese beginsels gemaak is. Die Kommissie het in sy rapport oor die aard van die verskil tussen die twee standpunte gerapporteer dat dit "op die vlak van eksegetiese sintese" lê en "nie opsigself 'n belydenis saak is nie" (vgl Acta 2009:664). Hiervan het die Sinode "kennis geneem" (Acta 2009:666). Indien die Sinode se besluit "in die lig van die behandeling van die Rapport" geneem was, sou dit beide die Skrifverklarings in ag moes geneem het en daarvolgens 'n gunstige besluit na beide kante toe verseker het.

Die aard van die verskil tussen die twee standpunte het daarom nie 'n besluit oor die vraag van vroue in die diens van ouderling en predikant op grond van "gehoorsaamheid aan die Skrif" regverdig nie, en is die besluit verander om te lees: "... in die lig van die behandeling van die Rapport." Met die behandeling van die Rapport was daar afgevaardigdes wat oortuig was vanuit hulle interpretasie van die Skrifbewyse dat die vroulike lidmaat in die besondere diens van ouderling en predikant mag dien, en daar was afgevaardigdes wat vanuit hulle interpretasie van die Skrifbewyse 'n probleem gehad het of die vrou in die besondere diens van ouderling en/of predikant mag dien. Die interpretasie verskille was ook duidelik in die Rapport van die Kommissie wat hierdie saak hanteer het.

Die Rapport het verskillende en selfs **'n teenoorgestelde** verstaan van sekere Skrifgedeeltes gegee, sowel as verskillende en teenoorgestelde aanbevelings gemaak. Terselfdertyd was die afgevaardigdes onder druk om 'n besluit "hierdie Sinode" te neem, soos wat die Advieskommissie se aanbeveling dit verwoord het (vgl Acta 2009:666-667).

In die kerk is die saak oor die vrou in die besondere diens van ouderling en predikant baie aktueel en 'n prinsipiële standpunt daaroor is noodsaaklik. So 'n prinsipiële standpunt oor die vrou in die diens van ouderling en predikant moet op "duidelike oorweginge en grond rus." Spoelstra skrywe hieroor: "Omdat die besluit van 'n kerkvergadering deur sy kwaliteit en inherente waarde gedra moet word, moet dit op duidelike oorweginge of grond rus, ongeag die vorm van die Beskrywingspunt, Versoek, Rapport of Appèl waaroor besluit is. Dit moet elke uitspraak so verwerk dat die gronde daarvoor duidelik is" (Spoelstra, 1989:195, 196). Die enigste grond waarop die besluit deur die Algemene Sinode 2009 berus, is op "die behandeling van die Rapport" (Acta 2009:667).

'n Prinsipiële saak soos die vraag van die vrou in die diens van ouderling en predikant wat ons kerke na aan die hart lê, moet in gehoorsaamheid aan die Skrif geneem word. Daarvoor is dit nodig dat die Sinode ten minste konsensus moet hê oor wat die toepaslike Skrifuitsprake daaroor is, en dat daar nie "in die lig van behandeling van die Rapport" twee duidelik teenoorgestelde uitgangspunte bestaan wat berus op die menslike interpretasie van die Skrifgedeeltes nie. Dit is ook ondenkbaar in die Gereformeerde wêreld dat daar oor 'n prinsipieel belangrike saak soos hierdie gestem word "in die lig van die behandeling van die Rapport", terwyl die Rapport self nie duidelik is oor die vraag of die vrou as ouderling en predikant mag dien nie, en dat die onus nou op die meerderheid stem van 'n Sinode berus om tussen waarheid en dwaalleer in 'n Kommissierapport te beslis. Indien die meerderheidstem in die Sinode bepalend moet wees oor wat die waarheid in die Skrif is of nie, behoort almal wat hulle nie met hierdie waarheid kan versoen nie, deur hulle onderskeie Kerkrade onder die nodige stappe van kerklike sensuur geplaas te word. Dit sou dan die suiwerheid van die verkondiging van die Woord van God in die Gereformeerde Kerke verseker het. Daar is 'n probleem of hierdie besluit wel op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde geneem is, soos wat besluite in die Gereformeerde wêreld behoort geneem te word (KO, art 30). In hierdie geval bestaan daar nie konsensus oor die interpretasie van die Skrifgetuienis nie, die besluit oor die vrou in die diens van ouderling en predikant "is nie opsigself 'n belydenissaak nie" (Acta 2009:664) en die Kerkorde, wat die orde in die kerk reël en op sigself gegrond is op die Skrif, behoort so verander te kan word dat dit in lyn met die Skrifgetuienis is.

3.2 *Beswaargrond 2*

Die Sinode stem oor die vraag of die vrou in die diens van ouderling en predikant mag staan waar twee interpretasies oor die Skrifuitsprake moontlik is.

Motivering

Prinsipiële besluite oor dit wat die Skrif oor 'n saak sê berus op oortuigende Skriftuurlike gronde en nie op 'n meerderheid van stemme in 'n kerkvergadering nie. Die verskille in die Rapport van die Kommissie is duidelik gegrond op menslike interpretasie van die Skrifgedeeltes, en alhoewel daar ooreenstemming is oor die uitgangspunte van die eksegese, kon daar nie tot ooreenstemmende en duidelike Skrifbeginsels gekom word nie. Twee **uiteenlopende standpunte** oor die vrou in die diens van ouderling en predikant word in die Rapport en in die behandeling van die Rapport tydens die Sinode gestel. Die Sinode neem kennis van beide standpunte. Sonder dat daar enige motivering gegee word waarom die een standpunt verwerp word en die ander standpunt méér aanvaarbaar is, word daar aan die vergadering gevra om daaroor te stem. In sy Institusie van die Christelike Geloof het Calvyn op die gevare daarvan gewys: "Want wanneer menings bloot getel en nie oorweeg word nie, moes die beter groep noodwendig baie dikwels deur die meerderheid oorweldig word" (Calvyn, 1992:IV.9.8).

Die vraag ontstaan hoe bloot die meerderheid stem van die Sinode van die een standpunt die waarheid en van die ander standpunt dwaalleer kan maak? Moes die Sinode nie 'n prinsipiële besluit op grond van bewese eksegese en Skrifgetuienis oor hierdie saak geneem het nie? As die Sinode dit nie kon gedoen het nie, moes hy dit dan nie eerder erken het dat daar nie duidelikheid in die Skrif oor hierdie saak is nie, eerder as om te stem en deur middel van 'n meerderheidstem 'n besluit op die kerke af te dwing nie?

Spoelstra (1989:193) waarsku teen dieselfde gevaar wat kan ontstaan: "Dwang om die wil van die meerderheid as sodanig deur te voer is die belangrikste oorsaak van kerklike breuke en skeurings in die geskiedenis... Indien in 'n kerkvergadering soveel verskil van mening heers oor wat die Here vir sy kerk sê, hoe kan 'n paar stemme voorskryf wat as vas en bindend beskou moet word? Is dit Gereformeerd om bloot vir orde of die struktuur van 'n vergadering te buig? Indien die skerp verskil oor 'n middelmatige saak gaan, waarom wil die vergadering 'n besluit daaroor afdwing?" Hy maak die volgende gevolgtrekking: "Met reg kan dus gevra word of 'n klein meerderheid in 'n kerkvergadering nie in werklikheid nog maar op staking van stemme neerkom nie" (Spoelstra, 1989:193). Indien dit nie 'n middelmatige saak is waaroor daar verskil bestaan nie, haal Spoelstra vir Van der Linde aan wanneer hy sê dat "Van der Linde gelyk het dat kerklike besluite wat nie blote orde reël nie, minstens met tweederde meerderheid geneem behoort te word" (Spoelstra, 1989:193). Van der Linde (1983:127) skryf self: "Dit lyk asof die verwyt teen die kollegialisme dat die heerskappy van Christus verdring word deur die meerderheidstem ook hier van toepassing kan wees. Wat in artikel 31 staan, is ook maar dat 'n bindende besluit op 'n kerklike vergadering geneem word deur die helfte plus een van die lede van so 'n vergadering. Dan lyk dit selfs veiliger om te bepaal dat in geval van gewigtige sake (soos by die NGK) alleen besluite wat met tweederde meerderheid is, bindend sal wees."

3.3 *Beswaargrond 3*

Die besluit van die Sinode oor die vraag of die vrou in die diens van ouderling en predikant mag dien motiveer nie vir die Kerkraad op Skrifgronde waarom vroue nie as ouderlinge bevestig mag word nie.

Motivering

Die Algemene Sinode moet aan die kerke duidelike en gemotiveerde Skrifgronde gee waarop hulle besluite berus. Indien sodanige Skrifgronde ontbreek of as, soos in hierdie geval, die motivering ontbreek waarom sekere interpretasies bó ander meer aanvaarbaar vir die Sinode is, berus die besluit net op die gesag van die Sinode self. Die Skrif moet steeds die eerste en hoogste plek beklee. In sy Institusie van die Christelike Geloof waarsku Calvyn (IV:9.10.6) teen Sinodes wat soewereine gesag oor die gemeente wil voer en maan dat besluite met die Heilige Skrif moet ooreenstem (IV:9.8). Hy skryf: "So sou dit geskied dat konsilies die majesteit wat daaraan verskuldig is, het en tog sou die Skrif intussen 'n hoër plek inneem, sodat niks sou wees wat nie aan die rigsnoer daarvan onderwerp sou wees nie" (Calvyn, 1992:IV:9.8.25).

Spoelstra (1989:195) het die dilemma waarin 'n Kerkraad hom kan bevind as hy prinsipiële besware het teen 'n besluit wat nie op duidelike gemotiveerde Skrifgronde berus nie, as volg beskrywe: "Kragtens die Gereformeerde kerkbegrip en uitgangspunt van die Kerkorde moet besluite van meerdere vergadering deur die Kerkrade in die kerke uitgevoer word. Meerdere vergaderings regeer nie langs of oor die Kerkrade in die gemeentes nie. In die federale opset van die Gereformeerde kerkgemeenskap is dit ondenkbaar om te verwag dat 'n Kerkraad wat sy roeping en selfstandigheid hoog skat, 'n besluit waarteen hy prinsipiële besware koester vir 'n jaar of meer moet nakom totdat 'n volgende meerdere vergadering saamkom. Dit is egter ook onbehoorlik dat 'n Kerkraad 'n besluit van 'n meerdere vergadering wat hom nie aanstaan nie, net so een kant sal plaas (vgl art .46)".

3.4 *Beswaargrond 4*

Die Sinode neem slegs kennis van 'n voorstel deur Kurpershoek en Coetzee sonder om daaroor 'n besluit te neem.

Motivering

Daar is in die Advieskommissie se Rapport stellings gemaak waaroor die Sinode nie besluit het nie maar net kennis van geneem het, soos byvoorbeeld "dat dit noodsaaklik is dat hierdie Sinode tot 'n beslissing moet kom," dat "wat gebeur het in buitelandse kerke dui daarop dat die werkwyse problematies is," en dat "die voortgesette Sinode is gereël met die verwagting dat daar tot 'n beslissing gekom en 'n besluit geneem sal word." Terselfdertyd het die Sinode nie oor die voorstel van Kurpershoek en Coetzee gestem nie, maar onder andere op grond van **praktiese oorwegings** (ander kerke se ervaring) en in die lig van art 30 net kennis geneem van die advies daaroor deur die advieskommissie. Op grond van die advies word die voorstel nie verder bespreek of daaroor besluit nie, en is daar oorgegaan tot stemming wat in wese die voorstel van die tafel af haal en nie akkommodeer nie, asof die Sinode die advies wel goedgekeur het. In die advies word geargumenteer dat onder andere ander kerke se ervaring die voorstel onprakties maak, terwyl besluite op die Sinode prinsipieel op Skrifgronde berus en nie op praktiese oorwegings nie (KO, art 31).

C. **KOMMISSIERAPPORT: KERKREGTELIK**

1. Opdrag

Kyk na die kerkregtelike aspekte uit al die toegewysde Beswaarskrifte ingedien op die Buitengewonde Algemene Sinode 2016 (BAS).

1.1 Al die kerkregtelike beginsels wat aangespreek moet word uit die verskillende Beswaarskrifte, moet uitgewys word (pt 4).

1.2 Kerkregtelike beginsels moet toegepas word in die konteks van elke afsonderlike Beswaarskrif (pte 5-8).

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Werkswyse

2.1 Al die Beswaarskrifte is deurgewerk, en relevante Kerkordelike aangeleenthede is geïdentifiseer en aangespreek. Die Rapport spreek oorsigtelik al die kerkregtelike sake aan wat in die Beswaarskrifte na vore kom, en daarna word al die Beswaarskrifte afsonderlik en puntsgewys beoordeel.

2.2 Ds HS Coetzee van GK Potchefstroom-Die Bult en dr J Lion-Cachet van GK Klerksdorp het by die Kommissie aangemeld ten einde toeligting te gee.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.

3. Kerkregtelike beginsels ter sprake

3.1 Sedert die reformasie is daar 'n bepaalde ampsbeskouing wat ook in ons Kerkorde sy grondslag gekry het. Van die beswaardes beredeneer dat die Sinode alleen die diskontinuïteit, en nie ook die kontinuïteit in die ampte in die Ou en die Nuwe Testament ondersoek het nie. Die vervulling van die ampte is in Christus. Daarom is daar nie 'n reglynige sprong tussen die ampte in die Ou en die Nuwe Testament nie. Ons Kerkorde gaan uit van die veronderstelling dat daar vier dienste is, naamlik professore, predikante, ouderlinge, diakens (KO, art 2).

3.2 Van die Beswaarskrifte stel dit dat die twee keuses waar tussen gekies moes word, maak dat die minderheid voor die meerderheid moet buig sonder enige aanduiding oor waarom die Sinode die een bo die ander verkies het. Daar word ook beweer dat die Sinode nie in gehoorsaamheid aan die Skrif 'n keuse kon maak nie – tog is daar 'n keuse gemaak. Dit veronderstel dat die keuse wat verkies is, die een is wat die Sinode onder leiding van die Gees bepaal het as die korrekte. Wie die oordeel nou wil oorlaat aan die plaaslike kerkraad "***om immers self in hulle verskillende omstandighede oor die saak te beslis***", maak die weg oop vir independentisme.

Kerkverband waarborg juis dat ons nie weens die gebrek aan gawes oor besondere sake ons eie weg loop en sodoende die kenmerke van die ware kerk begin prysgee nie. Die weg van KO, art 31 (meerderheid besluit) het onsself as kerke met mekaar vasgemaak. Die ordelike weg kan gevolg word om dit te verander (indien die ander kerke op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde daartoe oortuig kan word).

3.3 In van die Beswaarskrifte word daar onderskeid gemaak tussen die "***in die lig van die behandeling van die Rapport***" teenoor die "***gehoorsaamheid aan die Skrif***". Dit is 'n valse onderskeid. Juis op grond van die Skrifgegewens (soos vervat in die Rapport) is daar bepaalde besluite geneem. Hier word, deur 'n woordspeling, die indruk geskep dat die Sinode nie die Skrifgegewens behoorlik in aanmerking geneem het nie.

3.4 Wanneer 'n Sinode besluite neem, word die Here gesmeek om aan die vergadering leiding te gee deur sy Gees (vgl KO, art 32). Alle Skrifverklarings, motiverings en beredenerings word in oorweging geneem voordat daar tot stemming oorgegaan word. Die besluit wat geneem word, staan, tensy die teendeel uit die Woord bewys kan word deur beswaar of appèl (KO, artt 31 & 46).

3.5 Die vereiste dat daar konsensus moet wees oor die verklaring van die Skrif, stel 'n nuwe werkswyse deur die Sinode voor. 'n Nuwe werkswyse moet deur middel van Beswaarskrif of Beskrywingspunt op die tafel gebring en getoets word. Op Sinode 2015 (Acta 2015:276, 20.4) is daar nie aan 'n Beskrywingspunt deur Streeksinode Pretoria gevolg gegee nie. Hierdie Beskrywingspunt het versoek dat besluite rondom wesenlike sake met eenstemmigheid geneem moet word. Deur nie aan hierdie Beskrywingspunt gevolg te gee nie, het die Sinode die beginsel van KO, art 31 bekragtig.

3.6 Indien daar nie op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde duidelikheid oor 'n saak is nie, word die *status quo* gehandhaaf (KO, artt 31 & 46). Die bewyslas rus op die beswaarde of die persoon wat wil verander, om op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde die teendeel te bewys (KO, artt 31 & 46). Daar word deur sommige beswaardes beweer dat die Sinode aan die kerke duidelike en gemotiveerde Skrifgronde moet gee om die *status* quo te bewys. Die Sinode is egter geen studieliggaam nie. Die kerke moet studeer en hul studie deur die Sinode laat toets. Die *onus* rus dus op beswaardes om besluite te wysig. Hulle moet met Skrifgronde duidelik en gemotiveerd aantoon waarom daar kan/mag/moet verander word.

3.7 'n Meerdere vergadering se werkswyse word deur daardie vergadering onder leiding van die Moderamen vasgestel (KO, art 35). 'n Vergadering het, byvoorbeeld, die prerogatief om bloot kennis te neem van 'n voorstel wat hy nie vir sy eie rekening wil neem nie.

3.8 Daar word beweer dat gewetensbinding plaasvind wanneer meerderheidstem, en nie Skrifgronde nie, die deurslag van besluite gee. KO, art 31 is die ooreengekome wyse waarop besware hanteer behoort te word. Die leiding van die Heilige Gees by besluitneming deur vergaderings mag nooit misken word nie (kyk Hand 15:28, en ook KO, art 32). Wanneer 'n besluit met meerderheidstem geneem word op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde, word daar nie geheers nie ('n foutiewe interpretasie van KO, art 84), want dan regeer die Skrif.

3.9 Die woord "gewetensbinding" word dikwels in die kerke verkeerdelik gebruik as synde net negatief. Besluite deur meerdere vergaderings word juis geneem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings het hul gewetens gebind deur die Openlike Verklaring af te lê. Daardeur onderneem hulle om besluite te neem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes het ook reeds, toe hulle Belydenis van geloof afgelê het, onderneem om Skrif, Belydenis en Kerkorde te honoreer.

3.10 Daar moet gewaak word om te redeneer vanuit die kollegialistiese siening dat dit die Sinode is wat besluite neem en afforseer. Wanneer kerke byeenkom in meerdere vergaderings word daar nie deur 'n "hoër vergadering" besluite op mindere vergaderings afgedwing nie, maar die kerke besluit saam op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde, in ooreenstemming met die presbiteriale kerkregeringstelsel.

3.11 Uit die beredenering van bepaalde Beswaarskrifte, kom die suggestie dat daar 'n spanning, en selfs teenstrydigheid, bestaan tussen die Skrif aan die een kant, en die Kerkorde aan die ander kant. Hierdie is 'n foutiewe redenasie aangesien die Kerkorde op die Skrif en Belydenis gebaseer is.

3.12 'n Beswaar moet behoorlik begrond word op Skrif, Belydenis en Kerkorde (KO, art 31). Die blote uitspreek van 'n opinie, (byvoorbeeld sogenaamde "***onwyse optrede***"), is geen afdoende bewys nie.

3.13 Die *onus* rus op die beswaarde om te bewys dat besluite nie volgens Skrif, Belydenis en Kerkorde is nie. Die *onus* rus dus nie op meerdere vergaderings om te bewys dat dit wel die geval is nie (KO, art 31). Die werking van die Heilige Gees moet nie by die neem van besluite misken word nie.

3.14 Daar word deur sommige beswaardes beweer dat die saak rondom die vrou nie 'n wesenlike of prinsipiële saak is nie. Sinode 2015 het egter besluit dat dit wel 'n wesenlike of prinsipiële saak is, welke besluit as vas en bindend beskou moet word (KO, art 31).

3.15 Daar word deur sommige beswaardes om verdraagsaamheid gevra om mekaar se verskillende standpunte oor die saak van die vrou te akkommodeer, aangesien die saak belangrik is, maar na hulle mening nie so belangrik is dat die eenheid in die kerk daardeur in gedrang moet kom nie. Wat wesenlike sake aanbetref, mag ons egter nie net bloot in verdraagsaamheid verskillende standpunte akkommodeer nie maar bly by Skrif, Belydenis en Kerkorde. Feitlik 'n derde van die Kerkorde handel oor die dienste. Dit dui op die belangrikheid van die dienste vir die orde binne die kerk. Dit impliseer dat die dienste 'n wesenlike saak is wat alle kerke se kerkwees raak (KO, art 1).

Besluit: Punte 3.1 tot 3.15 kennis geneem.

4. 21.4 (p354): Beswaarskrif GK Klerksdorp teen die besluit van Sinode 2009 tot die saak van die vrou in die diens van ouderling en predikant

4.1 *Inleiding* (pt 2, p354): Die inleiding van hierdie Beswaarskrif stel dit dat die twee keuses waartussen gekies moes word, maak dat die minderheid voor die meerderheid moet buig sonder enige aanduiding oor waarom die Sinode die een bo die ander verkies het. Daar word ook beweer dat die Sinode nie in gehoorsaamheid aan die Skrif 'n keuse kan maak nie.

4.1.1 Beoordeling

4.1.1.1 Die Sinode het, onder leiding van die Heilige Gees, 'n besluit geneem (KO, art 35). Daardeur het die Sinode geoordeel dat die een standpunt korrek is. Wie die oordeel nou wil oorlaat aan die plaaslike Kerkraad "***om immers self in hulle verskillende omstandighede oor die saak te beslis***", maak die weg oop vir independentisme. Kerkverband waarborg juis dat ons nie weens die gebrek aan gawes oor besondere sake ons eie weg loop en sodoende die kenmerke van die ware kerk begin prysgee nie. Die weg van KO, art 31 (meerderheid besluit) het onsself met mekaar vasgemaak. Die ordelike weg kan gevolg word om dit te verander (indien die ander kerke op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde daartoe oortuig kan word).

4.1.1.2 Die bewyslas rus op die beswaarde (KO, art 31). Indien daar nie op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde duidelikheid oor 'n saak is nie, word die *status quo* gehandhaaf. Die bewyslas rus op die beswaarde of die persoon wat wil verander, om op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde die teendeel te bewys. Daar word deur sommige beswaardes beweer dat die Sinode aan die kerke duidelike en gemotiveerde Skrifgronde moet gee om die *status* quo te bewys. Die Sinode is egter geen studieliggaam nie. Die kerke moet studeer en hul studie deur die Sinode laat toets. Die *onus* rus dus op beswaardes om te bewys dat besluite gewysig moet word. Hulle moet met Skrifgronde duidelik en gemotiveerd aantoon waarom daar kan/mag/moet verander word.

Besluit: Punte 4.1 tot 4.1.1.2 kennis geneem.

4.2 *Beswaargrond 1 (p355)*

4.2.1 Beoordeling

4.2.1.1 Die beweerde onderskeid tussen die “in die lig van die behandeling van die Rapport” teenoor die “gehoorsaamheid aan die Skrif” is ‘n valse onderskeid. Juis op grond van die Skrifgegewens soos vervat in die Rapport is daar bepaalde besluite geneem. Hierdie is dus niks anders as ‘n woordspeling wat die indruk skep dat die Sinode nie die Skrifgegewens deeglik in aanmerking geneem het nie.

4.2.1.2 Die Sinode het voor stemming ook spesifiek oorgegaan tot gebed (wat vreemd is aan die normale optrede (KO, art 32) deur die Sinode wat daagliks geopen en gesluit word met die veronderstelling dat alles gedoen en besluit word in diepe afhanklikheid van die Here se leiding deur sy Gees) en die Here gesmeek om aan die vergadering leiding te gee deur sy Gees. Daarna het die Sinode sy besluit geneem. Beide die Skrifverklarings is dus in oorweging geneem en daar is vir die een verklaring bo die ander gekies. Die keuse wat gemaak is, word dan die prinsipiële standpunt, tensy die teendeel uit die Woord bewys kan word deur beswaar of appèl (KO, artt 31 & 46).

4.2.1.3 Die vereiste dat daar oor hierdie saak (hier word erken dat dit ‘n prinsipiële saak is, wat dus ‘n “wesenlike” saak is) ten minste konsensus moet wees oor die Skrifuitsprake, stel ‘n nuwe werkswyse deur die Sinode voor. Hierdie voorgestelde nuwe werkswyse is nie by wyse van beswaar of Beskrywingspunt op die tafel gebring of getoets nie.

4.2.1.4 Die beswaardes beweer dat daar ‘n probleem is of hierdie besluit wel op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde geneem is (KO, art 30). So ‘n bewering moet op Skrifgronde bewys word. Hierdie bewering word nie met bewyse gestaaf nie.

Besluit: Punte 4.2.1 tot 4.2.1.4 kennis geneem.

4.2.2 Aanbeveling

4.2.2.1 Beswaargrond 1 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.3 *Beswaargrond 2 (p356)*

4.3.1 Beoordeling

4.3.1.1 Die vraag word gevra of gestem mag word oor ‘n saak waar twee Skrifinterpretasies moontlik is. Die vraag is egter of daar werklik twee korrekte interpretasies is? Daar kan tog net EEN wees. En daarvoor is gekies. Die ander interpretasie is afgewys. Per implikasie is die besluit dat die een interpretasie korrek is en die ander foutief is.

4.3.1.2 Daar word na Calvyn verwys en na die gevaar om menings bloot te tel en nie te oorweeg nie en dat die groep wie se standpunt afgewys is, deur die meerderheid oorweldig word. Die beswaardes beskou hulle dus as die verontregtes. Die saak is egter, voordat besluit is, duidelik na beide kante toe gestel en beredeneer.

4.3.1.3 Indien die Sinode moes erken dat daar nie duidelikheid oor hierdie saak is nie, moet die *status quo* gehandhaaf word. Die bewyslas rus op die beswaardes of die persoon wat wil verander.

4.3.1.4 Spoelstra word verkeerdelik aangehaal omdat sy argument oor ‘n middelmatige saak gaan. Hy wys daarop dat kerke nie besluite moet neem wat skeuring veroorsaak waar dit oor middelmatige sake gaan nie. Die beswaardes het egter self die stelling gemaak dat die Kerkraad in staat gestel wou word om ‘n prinsipiële besluit te neem. Hoe kan daar ‘n prinsipiële besluit oor ‘n middelmatige saak geneem word? Ook Sinode 2015 het duidelik besluit dat dit hier om ‘n wesenlike saak gaan. Die beswaardes toon aan dat Van der Linde (1983:100) wys op die moontlikheid van ‘n twee-derde meerderheid wanneer besluit word oor gewigtige (wesenlike) sake. Van der Linde (1983:100) wys egter self hierdie moontlikheid af as ‘n kollegialistiese werkswyse. Die beswaardes het nie ‘n Beswaarskrif of Beskrywingspunt hieroor ingedien nie.

4.3.1.5 Tydens Sinode 2015 (Acta 2015:276) is ‘n Beskrywingspunt deur Streeksinode Pretoria ingedien wat versoek dat KO, art 31 gewysig word om voorsiening te maak dat daar in die geval van wesenlike sake met eenstemmigheid besluit moet word. Aan hierdie Beskrywingspunt is nie gevolg gegee nie. In die lig van KO, art 46 kan hierdie beswaar nie gehandhaaf word nie.

Besluit: Punte 4.3.1 tot 4.3.1.5 kennis geneem.

4.3.2 Aanbeveling

4.3.2.1 Beswaargrond 2 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.4 *Beswaargrond 3 (p357)*

4.4.1 Beoordeling

4.4.1.1 Die beswaardes beweer dat daar nie op Skrifgronde motiveer word waarom vroue nie as ouderlinge bevestig mag word nie. Tog het die Sinode deur sy besluit wel vir die een interpretasie met die ondersteunende Skrifgegewens gekies. Dit dien dus as die Skrifmotivering. Die bewyslas rus dus nou op die beswaardes om die teendeel te bewys (KO, art 31).

4.4.1.2 Daar word beweer dat die Sinode aan die kerke duidelike en gemotiveerde Skrifgronde moet gee. Die Sinode is geen studieliggaam nie. Die kerke moet studeer en hul studie deur die Sinode laat toets. Die onus rus op die beswaardes om die teendeel te bewys waar afgewyk word van die *status quo*. Hulle moet met Skrifgronde duidelik en gemotiveerd aantoon waarom daar kan/mag/moet verander word (KO, art 31).

Besluit: Punte 4.4.1.1 en 4.4.1.2 kennis geneem.

4.4.2 Aanbeveling

4.4.2.1 Beswaargrond 3 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.5 *Beswaargrond 4 (p357)*

4.5.1 Beoordeling

4.5.1.1 Daar word beswaar gemaak omdat slegs kennis geneem is van ‘n voorstel (Acta 2009:665) deur Kurpershoek en Coetzee (dat plaaslike kerke toegelaat word om self te besluit of vrouens as ouderlinge en predikante toegelaat kan word) sonder om daaroor ‘n besluit te neem. ‘n Vergadering het die prerogatief om bloot kennis te neem van ‘n voorstel wat hy nie vir sy eie rekening wil neem nie. Die Kommissie (vgl 3.1.1) het daarop gewys dat, in die lig van KO, art 30, die saak van ouderling en predikant nie net ‘n saak van die plaaslike kerk is nie (waarvan die Sinode net kennis geneem het). Omdat die Kommissie uitgewys het dat die plaaslike kerk nie alleen hieroor kan oordeel nie, het die Sinode derhalwe bloot kennis geneem van die voorstel.

4.5.1.2 Die vergadering, onder leiding van die Moderamen, reël die vergadering se werkswyse (KO, art 35).

Besluit: Punte 4.5.1.1 en 4.5.1.2 kennis geneem.

4.5.2 Aanbeveling

4.5.2.1 Beswaargrond 4 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.6 *Aanbeveling ten opsigte van die kerkregtelike gronde van die Beswaarskrif.*

4.6.1 Beswaargronde 1, 2, 3 en 4 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4.6.2 Die Beswaarskrif in sy geheel slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

21.5 BESWAARSKRIF GK KRUGERSDORP TEEN DIE BESLUIT VAN SINODE 2009 OOR "SAAK VAN DIE VROU" (2012: Artt 17, 23, 258) (2016: Artt 39, 65, 66, 68, 69, 71, 72, 82)

2016

A. Die Beswaarskrif word gestel.
B. Dr EJ de Beer rapporteer namens die Kommissie Praktiese uitvoerbaarheid.
C. **Ordevoorstel:** Die Kommissierapport word terugverwys na die Kommissie Praktiese uitvoerbaarheid om meer inligting te gee asook duideliker te motiveer.
D. **Besluit:** Ordevoorstel word goedgekeur.
E. Dr TD Mashau rapporteer namens die Kommissie Praktiese uitvoerbaarheid.
F. Dr JH Howell rapporteer namens die Kommissie Kerkregtelik.
G. Ds BCG Fourie rapporteer namens die Kommissie Openbaringshistories.
H. Dr DG Breed rapporteer namens die Kommissie Beswaargronde oor 1 Tim 2.

2012

A. Dr WC Vergeer stel die beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die beswaarskrif word verwys na Kommissie Beswaarskrifte 5.
C. **Ordevoorstel:** Dr WC Opperman hou die ordevoorstel voor.
D. **Besluit:** Ordevoorstel word aanvaar met aanbevelings.
E. Met die aanvaarding van die ordevoorstel word die beswaarskrifte in verband met die vrou in die besondere dienste eers op 'n volgende Sinode beoordeel word, aangesien daar sake is wat dringende aandag moet geniet alvorens hierdie beswaarskrifte tot opbou van kerke gehanteer kan word (kyk Beswaarskrif 21.3 in Handelinge 2012).

F. **BESWAARSKRIF**

1. Besluit waarteen beswaar gemaak word

"Die vergadering besluit volgens die goedgekeurde aanbeveling, pt 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie" (Acta 2009:667).

2. Beswaargrond 1 – Gewetensbinding

Die besluit van die Sinode kom neer op die binding van lidmate se gewetens op grond van meerderheid van stemme en nie op grond van die Skrif nie.

2.1 Die verskil in bewoording van die besluite oor die diens van diaken en die diens van ouderling en predikant is opvallend en bevestig dat die twee besluite op verskillende basis geneem is:

"*Die Sinode keur* ***in die lig van die Skrif*** *goed dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word"* (Acta 2009:668).

"*Die Sinode het* ***in die lig van die behandeling van die Rapport*** *tot die oortuiging gekom dat vroue nie in die besondere dienste van predikant en ouderling mag dien nie"* (Acta 2009:669).

2.2 Die "Rapport" (in die lig waarvan die besluit geneem is dat vroue nie as predikante en ouderlinge mag dien nie) kom self tot die volgende gevolgtrekking:

(a) dat die twee standpunte wat daarin uiteengesit word **beide** in ooreenstemming met die Gereformeerde Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte is, en dat die verskille bloot op die vlak van eksegetiese sintese lê,

(b) en dat die saak van vroue in die besondere dienste "nie op sigself 'n belydenissaak is nie" (Acta, 2009:664).

Terwyl die Rapport dus erken dat nie een van die twee standpunte as on-Gereformeerd, on-Skriftuurlik of in stryd met die Belydenis beskou kan word nie, dwing die Sinode die kerke in sy besluit nogtans tot een standpunt – bloot op grond van meerderheid van stemme.

(a) Deur hierdie werkwyse te volg, was die binding van lidmate se gewetens, op grond van getalle (ongeag die uitslag van die stemming) 'n onvermydelike gevolg.
(b) Terwyl die Notule verklaar dat die besluit "in die lig van die behandeling van die Rapport" geneem is, gaan die besluit self teen die Rapport se bevindinge in.

2.3 Ons Belydenis verbied dat aan "groot getalle" dieselfde gesag as die Skrif toegeken word (NGB, art 7), en dat gelowiges se gewete gebind word (NGB, art 32).

3. Beswaargrond 2 – Verreken nie Skrifgetuienis genoegsaam nie

3.1 Vorige Rapporte wat voor die Sinode gedien het, toon aan dat daar wel in die Ou Testament voorbeelde is waar God vroue in besondere dienste geroep, toegerus en gebruik het, en dat hulle nie daarvan weerhou is omdat hulle vroue is of getroud is nie (bv samevatting in Acta 2009:613, 658).

3.2 Die (ongemotiveerde) opmerking van die 2009-Rapport, dat hierdie Skrifgetuienis bloot 'n "indirekte verband" met die besondere dienste in die Nuwe-Testamentiese kerk het en dat die besondere dienste van die Nuwe Testament nie sonder meer na dié van die Ou Testament herlei kan word nie (Acta 2003:571), is onduidelik en verreken die getuienis uit die Ou Testament oor vroue in besondere dienste nie genoegsaam nie:

3.2.1 Die vraagstuk waaroor Sinode 2009 moes beslis, was nie of daar 'n direkte verband tussen die koningskap/profeetskap van die Ou Testament en die ouderlingskap/diakenskap in die Nuwe Testament is nie. Die vraagstuk voor die Sinode was of God ook vroue wil roep, toerus en gebruik in besondere dienste. Die Ou Testament gee op hierdie vraag 'n onmiskenbare en duidelike "ja" as antwoord.

3.2.2 Die Rapport bly in gebreke om aan te toon hoe die genoemde "indirekte verband" tussen die besondere dienste in die OT en NT, meebring dat God van besluit verander het en Hy nou nie meer ook vroue in besondere dienste kan/wil roep, toerus en gebruik nie.

3.2.3 Die Rapport fouteer deur nie die vraagstuk van die ontwikkeling en vervulling van die Ou-Testamentiese dienste duidelik te onderskei van die vraag na die Bybelse uitsig op die rol van geslag van persone in God se diens nie.

4. Beswaargrond 3 – Neem nie getuienis uit die vroeë Christelike Kerke genoegsaam in ag nie

4.1 In die bespreking en beoordeling van die rol van vroue in die vroeë Christelike kerke, verlaat die Rapport voor Sinode 2009 hom slegs op een bron en hierdie bron se bevindinge (Schwertley, 1988).

4.2 Die Sinode se vermoë om 'n goeie oordeel te vorm oor die rol van vroue in die vroeë Christelike kerke word hierdeur ernstig benadeel omdat:

4.2.1 Die aanvaarde wetenskaplike praktyk om meerdere bronne te raadpleeg nie gevolg word nie.

4.2.2 Die bron wat gebruik is, redelik verouderd is.

4.2.3 Hierdie bron hom in sy studie beperk tot slegs die rol van vrouediakens in die vroeë Christelike kerk.

4.2.4 Die studie nie die omvattende nie-literêre getuienis wat oor die dienswerk van vroue in die vroeë Christelike kerk bestaan, genoegsaam verreken het nie.

4.3 Ander bronne en jonger navorsing bevestig die wydverspreide voorkoms van dienswerk deur vroue in **alle** besondere dienste in die eerste 500 jaar van die vroeë Christelike kerk.

4.3.1 Navorsing deur Eisen (1996) bied byvoorbeeld omvattende en onweerlegbare literêre en argeologiese getuienis uit primêre bronne (letterlik honderde voorbeelde) oor die uitgebreide dienswerk van vroue in die vroeë Christelike kerk as sowel apostels, profete, teoloë, ouderlinge, dienende weduwees, diakens, biskoppe en bestuurders.

4.4 Die Rapport voor die 2009 Sinode erken dat die opkoms van die Rooms Katolisisme (en gevolglike sentralisering van kerklike gesag in die man, die biskop en die pous) uiteindelik 'n invloed gehad het op die verdwynende rol van die vroulike dienswerk in die vroeë Christelike kerk (Acta 2009:601).

4.4.1 Die GKSA behoort hom dus te verantwoord oor die vraag of die posisie van vroue in die kerk en in besondere dienste nie (net soos die res van die episkopaalse [Roomse] ampsbeskouing) reformasie benodig nie.

Voetnoot: Dit is opmerklik dat die Rooms Katolieke Kerk deurlopend vroue toegelaat het om die Woord amptelik te bedien. Hulle word slegs daarvan weerhou om die Sakramente te bedien, omdat (volgens Rooms oortuiging) die Sakramente geloof bewerk. Daarteenoor bely die Gereformeerde Kerke dat die Heilige Gees die geloof deur die verkondiging van die evangelie bewerk (HK, So 25). Daar bestaan dus 'n ooreenkoms tussen die Roomse en (huidige) Gereformeerde standpunt, daarin dat beide nie toelaat dat vroue die genade-instrumente, wat geloof kan bewerk, amptelik bedien nie. Daar is na ons oortuiging geen Skrifgronde om so 'n standpunt te regverdig nie.

5. Beswaargrond 4 – Teenstrydige Kerklike praktyk en eksegese

Die besluit van die Sinode dat vroue nie as ouderlinge en predikante mag dien nie, lei tot teenstrydighede in die eksegese en hermeneuse van die Skrif, asook tot teenstrydighede in die kerklike praktyk. Deur hierdie teenstrydighede word die Gereformeerde Kerke in die oë van sy lidmate en die wêreld ongeloofwaardig gemaak en word sy verkondigingstaak belemmer.

5.1 Die besluit om vroue wel tot die amp van diaken en nie tot die amp van predikant en ouderling toe te laat nie, kom neer op 'n onderskeid tussen die ampte op grond van geslag – iets wat nie deur die Skrif beveel word nie.

5.1.1 As God lidmate van die vroulike geslag kan roep en bekwaam om as diakens te kan dien, is daar geen rede waarom Hy nie ook vroue kan roep en bekwaam om as ouderlinge te dien nie. Daar is ook al sedert Sinode 1988 duidelikheid in die GKSA dat daar geen Skrifgedeelte is wat dit verbied nie (Acta 2009:611).

5.1.2 Die werk van diakens behels nie minder nie: huisbesoeke, gesagvolle bediening van die Woord, gebede, toesig oor die liefdesgemeenskap van die gemeente en leierskap (wat tradisioneel as ouderlingtake beskou word).

5.1.3 Deur wel op grond van geslag onderskeid tussen die ampte te maak, laat Sinode 2009 "iets van die mens self" (geslagtelikheid) 'n rol speel in die bekwaamheid tot die amp. Hierteenoor bely ons dat geen bekwaamheid om God te dien uit die mens self is nie, maar alleen deur God self is, wat ook die gawes gee (2 Kor 3:5; NGB, art 14).

5.2 Die uitsluiting van vroue uit die amp van predikant en ouderling is ooglopend kunsmatig en ongeloofwaardig.

5.2.1 In die gemeentes van die Gereformeerde Kerke word vroue wel toegelaat om op allerhande maniere die Woord te verkondig/bedien. Dit sluit in die kategese, in die eredienste (deur sang en belydenis), in diensgroepe/kommissies, in Sustersorganisasies, as diakens, in die samelewing ens.

5.2.2 Die uitsluiting van vroue van die verkondiging van die Woord as predikante, is kunsmatig omdat daar op geen manier aangetoon kan word hoe vroue deur die "betreding van die kansel" onbekwaam word/is om die Woord gesagvol te bedien nie; terwyl hulle suiwere Woordverkondiging op al die ander bogenoemde terreine volgens die GKSA wel Bybels aanvaarbaar is en as gesagvol beskou word.

5.2.3 Dat die besluit van Sinode 2009 neerkom op 'n kunsmatige onderskeid tussen geslagte blyk ook uit die volgende voorbeeld: Vroue word nie deur die GKSA verhinder om teologie te studeer en as teoloë te kwalifiseer nie. Niks verhinder verder 'n manlike predikant om in die GKSA 'n preek te lewer wat volledig berus op die suiwer eksegese van vroulike teoloë nie.

Niks verhoed hom ook om ‘n oordenking of “stigtelike woord” wat deur ‘n vroulike teoloog geskryf is, (met erkenning) as preek te lewer nie. Maar die besluit van Sinode 2009 verhinder die vroulike teoloog om self as predikant beroep te word en self die boodskap te bring. Die implikasie van die Sinodebesluit is dus dat bloot ‘n predikant se “manlikheid” die preek “gesagvol/amptelik/aanvaarbaar” maak, terwyl die vroulike teoloog nie self die preek sal mag lewer nie, bloot as gevolg van haar vroulikheid, al is die inhoud van die preek dan ook suiwer en word dieselfde boodskap uiteindelik gelewer.

5.2.4 Die besluit van 2009 Sinode om nie vroue in die kerk as predikante of ouderlinge te laat dien nie, kom ook neer op ‘n kunsmatige en onhoudbare onderskeid tussen die rol van Christenvroue in die kerk en die samelewing.

5.2.4.1 Gereformeerde vroue dien allerweë as leiers (ook van mans) in die samelewing. (‘n Vrou was bv geruime tyd die rektor van die NWU, en talle teologiese professore het op verskillende terreine onder haar leiding gedien.)

5.2.4.2 Vroue is in baie Gereformeerde gesinne (en in die meerderheid predikantsgesinne) mede-broodwinners en beklee in hierdie verband dikwels leiersposisies in die samelewing.

5.2.4.3 Die besluit van Sinode 2009 lei tot die implikasie dat die rol van ‘n vrou verander wanneer sy haar “binne die mure van die kerkgebou”/”in ‘n erediens”bevind. Sy moet dan ‘n “swyende lidmaat” wees wat haar slegs “laat leer” en wat nie as leier (predikant of ouderling) mag optree nie.

5.2.4.4 Hierdie radikaal verskillende rolle vir Christenvroue in die kerk en in die samelewing, is kunsmatig, onhoubaar en kan nie op ‘n geldige wyse uit die Skrif regverdig/verdedig word nie.

5.3 Die besluit om vroue uit die amp van ouderling en predikant te weer, berus wat ‘n sleutelteks betref, op selektiewe en willekeurige eksegese.

5.3.1 Die verstaan van die opdragte aan vroue in 1 Timoteus 2:1-8 speel ‘n sleutelrol in die standpunt van diegene wat vroue nie as ouderling of predikante wil laat dien nie (Acta 2009:638-651).

5.3.2 Die verstaan van hierdie opdragte as dat hulle betrekking het op die erediens (Acta 2009:651, 10.9.5.2b-10.9.5.3b) is nie geldig nie en willekeurig, omdat die woorde “in die erediens” nie in die grondteks voorkom nie. Daarby is dit duidelik dat die opdragte aan vroue algemene gedragsvoorskrifte is, wat nie direk op die erediens betrekking het nie. (Byvoorbeeld die opdrag tot “goeie werke” [1 Tim 2:10] wat nie so verstaan kan word dat hulle “goeie werke” is wat net binne die erediens gedoen moet word nie.)

5.3.3 Die besluit van Sinode 2009 bring mee dat die sogenaamde “swyggebod” op ‘n ongeldige en willekeurige wyse in hierdie Skrifgedeelte uitgesonder word en dat hierdie opdrag as “meer gesagvol” as ander opdragte in hierdie Skrifgedeelte hanteer word.

5.3.3.1 Behalwe die “swyggebod” is daar in 1 Tim 2:8-15 ook verskeie ander opdragte aan vroue waaronder ‘n verbod op gevlegte hare, die dra van goud, pêrels en duur klere en ‘n verbod aan die vrou om (enige) onderrig te gee.

5.3.3.2 Deur die besluit van Sinode 2009 word net een van hierdie opdragte (die “swyggebod”) met sinodale gesag op Gereformeerde vroue afforseer, terwyl die ander opdragte bloot geïgnoreer word en nie met dieselfde erns in die kerke toegepas word nie. (In geen Gereformeerde Kerk word vroue byvoorbeeld verbied om hulle hare te vleg of goud of pêrels te dra nie.)

5.3.3.3 Daar bestaan geen grammatiese, semantiese of enige ander eksegetiese gronde om op hierdie manier selektief onderskeid te maak tussen die opdragte in 1 Tim 2:8-15 nie. Hulle staan in dieselfde Skrifgedeelte en word aan dieselfde mense wat in dieselfde omstandighede lewe, gegee.

5.3.3.4 Sulke willekeurige omgaan met, en toepassing van die Skrif voldoen nie aan die Gereformeerde hermeneutiese vertrekpunte nie (Acta 2009:604-610).

5.4 Die uitsluiting van vroue uit die amp van predikant belemmer die kerk se verkondigingstaak.
5.4.1 Dit is uit ander kerkverbande en die lewenspraktyk duidelik dat ook vroue deur die Heilige Gees met die nodige gawes toegerus kan word om as ouderlinge en predikante te kan dien, en dat hulle bediening geseënd is.
5.4.2 Die miskenning van hierdie gawes en die nalating om die gawes wat die Gees gee te gebruik, verhinder die kerk in sy verkondigingstaak.

Die GK Krugersdorp versoek die Sinode dringend om die erns van bogenoemde besware en die meriete daarvan in te sien, aangesien ons as Kerkraad en gemeente nie langer in ons gewete voor God kan voortgaan om vroue uit die amp van ouderling en predikant te weer nie.

I. **KOMMISSIE RAPPORT OPENBARINGSHISTORIES**

1. Opdrag en mandaat

Om die Sinode van preadvies te bedien oor verskeie beswaargronde.

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering van opdrag

2.1 *GK Krugersdorp Beswaarskrif 1, 2012, Beswaargrond 2 (p359)*
2.1.1 Die besluit van Sinode 2009 dra ongenoegsame verrekening van Skrifgetuienis.
2.1.2 Beredenering
2.1.2.1 Dit is moeilik om "genoegsaam" te verreken ten opsigte van die impak op 'n besluit.
2.1.2.2 Die informasie in die motiverings is nie genoegsaam om die beswaar te regverdig of te ondersteun nie.
2.1.3 Bevinding
Die beswaargrond met die motiverings is vaag en veralgemenend.

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.3 kennis geneem.

2.1.4 Aanbeveling
Daar word nie gevolg gegee aan hierdie beswaargrond nie.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *GK Krugersdorp Beswaarskrif 1, 2012, Beswaargrond 3 (p 360)*
2.2.1 Die besluit van 2009 bring die getuienis van die vroeë kerk nie genoegsaam in berekening nie.
2.2.2 Beredenering
2.2.2.1 Die beswaargrond bied geen openbaringshistoriese argumente nie.
2.2.2.2 Daar word op kerkhistoriese argumente staatgemaak in hierdie beswaargrond.
2.2.2.3 In teenstelling met die beswaar dat die 2009-besluit nie resente bronne gebruik om kerkhistoriese lyne te ondersteun nie, word wel in 5.1 en 5.2 van die besluit verskeie bronne aangebied.
2.2.3 Bevindinge
2.2.3.1 Die beswaargrond is nie Bybels begrond nie en bied nie openbaringshistoriese lig nie.
2.2.3.2 Die indruk word gewek dat meer as die Bybel se inligting gebruik moet word om beswaar te handhaaf.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.3.2 kennis geneem.

2.2.4 Aanbeveling
Daar word nie gevolg gegee aan die beswaar op hierdie grond nie.

Besluit: Goedgekeur.

J. **KOMMISSIE RAPPORT OOR PRAKTIESE UITVOERBAARHEID**

1. Opdrag

Om aan die Sinode aanbevelings te doen ten opsigte van *Beswaargrond 4 – Teenstrydige kerklike praktyk en eksegese* van die Beswaarskrif van die GK Krugersdorp teen die besluit van Sinode 2009 oor die "Saak van die Vrou" (p361, art 5).

Besluit: Kennis geneem.

2. Besluit waarteen beswaar gemaak word

"Die vergadering besluit volgens die goedgekeurde aanbeveling, pt 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van ouderlinge en predikante mag dien nie" (Acta 2009:667).

Besluit: Kennis geneem.

3. Beweringe: Beswaargrond 4 (5.1-5.1.3)

3.1 Die beswaardes beweer dat die besluit om vroue tot die diakenamp toe te laat en nie tot die amp van ouderling en predikant neerkom op 'n onderskeid tussen die ampte op grond van geslag – iets wat nie deur die Skrif beveel word nie.

3.1.1 Die beswaardes beweer dat as God lidmate van die vroulike geslag roep en bekwaam maak om as diakens te dien, is daar geen rede waarom Hy hulle nie ook kan roep om as ouderlinge te dien nie.

3.1.2 Die beswaardes beweer dat al die dienste gelyk is, ook ten opsigte van verantwoordelikhede.

3.1.3 Die beswaardes beweer dat die bekwaamheid om God te dien nie uit die mens self is nie, maar dat dit alleen van God af kom. Sinode 2009 laat "iets van die mens self" 'n rol speel in die bekwaamheid tot die amp.

3.1.4 Bevinding

3.1.4.1 Die Beswaarskrif bewys nie genoegsaam hoe die Sinodebesluit van 2009 (Acta 2009:667) soos bo aangehaal daartoe lei dat daar 'n teenstelling is ten opsigte van kerklike gebruik en eksegese nie.

3.1.4.2 Dit is waar dat die gebruik van die kerk (toepassing van besluit gegrond op suiwere eksegese en hermeneuse) moet geloofwaardig wees in die oë van die kerk en die wêreld, maar die Beswaarskrif slag nie daarin deur dat daar geen Skrifbewyse verskaf word nie.

3.1.4.3 Die saak ten opsigte van die gelykheid van ampte is 'n kerkregtelike saak maar die beswaar doen nie gestand daaraan wanneer die verskillende verantwoordelikhede van die ampte ter sprake is nie. Daar kan oorvleuelings tussen die ampte wees, maar daar is sekerlik ook verskille.

3.1.4.4 Die beswaar wys tereg daarop dat God mense toerus, maar Hy het die saak van uiterlike roeping aan die kerk oorgelaat, waar die kerk Sy instrument is.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.1.4.4 kennis geneem.

4. Beweringe: Beswaargrond 4 (5.2-5.2.4.4)

4.1 Die beswaardes beweer dat die uitsluiting van vroue uit die amp van predikant en ouderling ooglopend kunsmatig en ongeloofwaardig is.

4.1.1 Die beswaardes beweer dat vroue toegelaat word om die Woord van God op verskillende wyses te bedien, insluitende kategese, erediens (deur sang en belydenis), in diensgroepe, sustersorganisasies, diakens, ens.

4.1.2 Die beswaardes beweer dat die uitsluiting van vroue om die Woord te preek kunsmatig is aangesien vroue toegelaat word om die Woord in bogenoemde gevalle te bedien.

4.1.3 Die beswaardes beweer dat die uitsluiting van vroue uit die bediening van die Woord kunsmatig tussen geslagte onderskeid maak aangesien vroue in die GKSA toegelaat word om hulself as teoloë te kwalifiseer, manlike predikante kan die eksegese van vroulike teoloë gebruik om preke te maak en manlike predikante kan oordenkings van vroulike teoloë as preke gebruik (met erkenning).

4.1.4 Die beswaardes beweer dat Sinode 2009 kunsmatig en onhoudbaar onderskei tussen die rol van Christenvroue in die kerk en die samelewing. Vroue uit die GKSA dien as leiers in die samelewing en is dikwels ook mede-broodwinners. In die erediens moet sy 'n "swyende lidmaat" wees wat haar "laat leer" en wat nie as leier mag optree nie. Dit kan nie uit die Skrif geregverdig word nie.

4.1.5 Bevinding

4.1.5.1 Die Beswaarskrif neem 'n vernoude benadering d.w.s. dat indien jy as kategeet werksaam is, of steun verleen tydens eredienste, of by die susters betrokke is en as diaken dien, dan behoort jy ook as ouderling of predikant te kan dien. Dit kom neer daarop dat die verkondiging van die Woord beperk is tot die amp van ouderling of predikant.

4.1.5.2 Die Beswaarskrif lewer geen bewys hoe hulle argument deur die Skrif ondersteun word nie, maar hulle neem die gebruik in die samelewing as 'n norm wat moet aandui hoe die kerk sy besluite neem.

4.1.6 Motivering

Alhoewel Sinode 2009 tot besluit gekom dat daar twee verskillende benaderings tot eksegese en hermeneuse is, bied die beswaardes nie nuwe lig tot die korrekte verstaan van die Skrif wat sal lei tot die bevestiging van vrouens as ouderling en predikante nie.

Besluit: Punte 4.1 tot 4.1.6 kennis geneem.

5. Beweringe: Beswaargrond 4 (5.4-5.4.1)

5.1 Die beswaardes beweer dat die uitsluiting van vroue uit die amp van predikant die kerk se verkondigingstaak belemmer.

5.2 Bevinding

5.2.1 Ons erken dat daar kerkverbande is wat vrouens in die ampte van ouderling en predikant het en terwyl daar niks verkeerd is daarmee om te leer uit die praktyk van ander kerke nie, kan die praktyk van ander kerkverbande nie gebruik word as norm om te besluit in sulke binne die GKSA nie.

5.2.2 Die beswaar stel voor dat die uitsluiting van vroue vanuit die bediening, die kerk se taak om die Evangelie te verkondig kortwiek, maar dit slaag nie daarin om prakties aan te toon vanuit die Woord hoe die uitsluiting van vroue uit die bediening die Kerk van die Evangelie ontneem nie.

5.2.3 Die beswaar steun swaar op algemene praktyke in die samelewing en nie wat op die Woord van God sê nie.

5.3 Motivering

5.3.1 Die gebruik van praktyke in ander kerkverbande as 'n norm kom neer op veralgemening en wat in ander kerke gebeur kan nie noodwendig net so aangewend word in die GKSA sonder onderskeid nie.

5.3.2 Die argument aangevoer in die beswaar dra nie water omrede dit nie op enige manier bewys hoe die uitsluiting van vrouens uit die ampte die verkondiging van die Evangelie kortwiek nie, in die praktyk of uit die Skrif nie.

5.3.3 Hierdie beswaargrond dra nie water omdat die verkondiging van die Evangelie nie afhanklik is van 'n person wat in die amp van ouderling of predikant bevestig is nie. God roep alle gelowiges om die evangelie te verkondig. In sy bediening roep Jesus Christus die dissipels maar werk ook saam met vrouens om die Evangelie te verkondig (Lukas 8:1–3). Die taak om die Evangelie te verkondig word nie beperk tot mense wat net in die amp staan nie, maar elke lidmaat soos beskryf in Matteus 28:19.

Besluit: Punte 5.1 tot 5.3.3 kennis geneem.

6. Besluite om te neem

6.1 *Aanbeveling: Beswaargrond 4: 5.1-5.1.3*
Gronde van beswaar 5.1-5.1.3 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

6.2 *Aanbeveling: Beswaargrond 4: 5.2-5.2.4.4*
Gronde van beswaar 5.1-5.1.3 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

6.3 *Aanbeveling: Beswaargrond 4: 5.4-5.4.1*
Gronde van beswaar 5.4-5.4.1 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

K. **KOMMISSIERAPPORT: KERKREGTELIK**

1. Opdrag

Kyk na die kerkregtelike aspekte uit al die toegewysde Beswaarskrifte ingedien op die Buitengewonde Algemene Sinode 2016 (BAS).

1.1 Al die kerkregtelike beginsels wat aangespreek moet word uit die verskillende Beswaarskrifte, moet uitgewys word (pt 4).

1.2 Kerkregtelike beginsels moet toegepas word in die konteks van elke afsonderlike Beswaarskrif (pte 5-8).

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Werkswyse

2.1 Al die Beswaarskrifte is deurgewerk, en relevante Kerkordelike aangeleenthede is geïdentifiseer en aangespreek. Die Rapport spreek oorsigtelik al die kerkregtelike sake aan wat in die Beswaarskrifte na vore kom, en daarna word al die Beswaarskrifte afsonderlik en puntsgewys beoordeel.

2.2 Ds HS Coetzee van GK Potchefstroom-Die Bult en dr J Lion-Cachet van GK Klerksdorp het by die Kommissie aangemeld ten einde toeligting te gee.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.

3. Kerkregtelike beginsels ter sprake

3.1 Sedert die reformasie is daar ‘n bepaalde ampsbeskouing wat ook in ons Kerkorde sy grondslag gekry het. Van die beswaardes beredeneer dat die Sinode alleen die diskontinuïteit, en nie ook die kontinuïteit in die ampte in die Ou en die Nuwe Testament ondersoek het nie. Die vervulling van die ampte is in Christus. Daarom is daar nie ‘n reglynige sprong tussen die ampte in die Ou en die Nuwe Testament nie. Ons Kerkorde gaan uit van die veronderstelling dat daar vier dienste is, naamlik professore, predikante, ouderlinge, diakens (KO, art 2).

3.2 Van die Beswaarskrifte stel dit dat die twee keuses waar tussen gekies moes word, maak dat die minderheid voor die meerderheid moet buig sonder enige aanduiding oor waarom die Sinode die een bo die ander verkies het. Daar word ook beweer dat die Sinode nie in gehoorsaamheid aan die Skrif ‘n keuse kon maak nie – tog is daar ‘n keuse gemaak. Dit veronderstel dat die keuse wat verkies is, die een is wat die Sinode onder leiding van die Gees bepaal het as die korrekte. Wie die oordeel nou wil oorlaat aan die plaaslike kerkraad “***om immers self in hulle verskillende omstandighede oor die saak te beslis***”, maak die weg oop vir independentisme. Kerkverband waarborg juis dat ons nie weens die gebrek aan gawes oor besondere sake ons eie weg loop en sodoende die kenmerke van die ware kerk begin prysgee nie. Die weg van KO, art 31 (meerderheid besluit) het onsself as kerke met mekaar vasgemaak. Die ordelike weg kan gevolg word om dit te verander (indien die ander kerke op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde daartoe oortuig kan word).

3.3 In van die Beswaarskrifte word daar onderskeid gemaak tussen die “***in die lig van die behandeling van die Rapport***” teenoor die “***gehoorsaamheid aan die Skrif***”. Dit is ‘n valse onderskeid. Juis op grond van die Skrifgegewens (soos vervat in die Rapport) is daar bepaalde besluite geneem. Hier word, deur ‘n woordspeling, die indruk geskep dat die Sinode nie die Skrifgegewens behoorlik in aanmerking geneem het nie.

3.4 Wanneer ‘n Sinode besluite neem, word die Here gesmeek om aan die vergadering leiding te gee deur sy Gees (vgl KO, art 32). Alle Skrifverklarings, motiverings en beredenerings word in oorweging geneem voordat daar tot stemming oorgegaan word. Die besluit wat geneem word, staan, tensy die teendeel uit die Woord bewys kan word deur beswaar of appèl (KO, artt 31 & 46).

3.5 Die vereiste dat daar konsensus moet wees oor die verklaring van die Skrif, stel ‘n nuwe werkswyse deur die Sinode voor. ‘n Nuwe werkswyse moet deur middel van Beswaarskrif of Beskrywingspunt op die tafel gebring en getoets word. Op Sinode 2015 (Acta 2015:276, 20.4) is daar nie aan ‘n Beskrywingspunt deur Streeksinode Pretoria gevolg gegee nie. Hierdie Beskrywingspunt het versoek dat besluite rondom wesenlike sake met eenstemmigheid geneem moet word. Deur nie aan hierdie Beskrywingspunt gevolg te gee nie, het die Sinode die beginsel van KO, art 31 bekragtig.

3.6 Indien daar nie op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde duidelikheid oor ‘n saak is nie, word die *status quo* gehandhaaf (KO, artt 31 & 46). Die bewyslas rus op die beswaarde of die persoon wat wil verander, om op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde die teendeel te bewys (KO, artt 31 & 46). Daar word deur sommige beswaardes beweer dat die Sinode aan die kerke duidelike en gemotiveerde Skrifgronde moet gee om die *status* quo te bewys. Die Sinode is egter geen studieliggaam nie. Die kerke moet studeer en hul studie deur die Sinode laat toets. Die *onus* rus dus op beswaardes om besluite te wysig. Hulle moet met Skrifgronde duidelik en gemotiveerd aantoon waarom daar kan/mag/moet verander word.

3.7 ‘n Meerdere vergadering se werkswyse word deur daardie vergadering onder leiding van die Moderamen vasgestel (KO, art 35). ‘n Vergadering het, byvoorbeeld, die prerogatief om bloot kennis te neem van ‘n voorstel wat hy nie vir sy eie rekening wil neem nie.

3.8 Daar word beweer dat gewetensbinding plaasvind wanneer meerderheidstem, en nie Skrifgronde nie, die deurslag van besluite gee. KO, art 31 is die ooreengekome wyse waarop besware hanteer behoort te word. Die leiding van die Heilige Gees by besluitneming deur vergaderings mag nooit misken word nie (kyk Hand 15:28, en ook KO, art 32). Wanneer ‘n besluit met meerderheidstem geneem word op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde, word daar nie geheers nie (‘n foutiewe interpretasie van KO, art 84), want dan regeer die Skrif.

3.9 Die woord “gewetensbinding” word dikwels in die kerke verkeerdelik gebruik as synde net negatief. Besluite deur meerdere vergaderings word juis geneem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings het hul gewetens gebind deur die Openlike Verklaring af te lê. Daardeur onderneem hulle om besluite te neem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes het ook reeds, toe hulle Belydenis van geloof afgelê het, onderneem om Skrif, Belydenis en Kerkorde te honoreer.

3.10 Daar moet gewaak word om te redeneer vanuit die kollegialistiese siening dat dit die Sinode is wat besluite neem en afforseer. Wanneer kerke byeenkom in meerdere vergaderings word daar nie deur ‘n “hoër vergadering” besluite op mindere vergaderings afgedwing nie, maar die kerke besluit saam op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde, in ooreenstemming met die presbiteriale kerkregeringstelsel.

3.11 Uit die beredenering van bepaalde Beswaarskrifte, kom die suggestie dat daar ‘n spanning, en selfs teenstrydigheid, bestaan tussen die Skrif aan die een kant, en die Kerkorde aan die ander kant. Hierdie is ‘n foutiewe redenasie aangesien die Kerkorde op die Skrif en Belydenis gebaseer is.

3.12 ‘n Beswaar moet behoorlik begrond word op Skrif, Belydenis en Kerkorde (KO, art 31). Die blote uitspreek van ‘n opinie, (byvoorbeeld sogenaamde “***onwyse optrede***”), is geen afdoende bewys nie.

3.13 Die *onus* rus op die beswaarde om te bewys dat besluite nie volgens Skrif, Belydenis en Kerkorde is nie. Die *onus* rus dus nie op meerdere vergaderings om te bewys dat dit wel die geval is nie (KO, art 31). Die werking van die Heilige Gees moet nie by die neem van besluite misken word nie.

3.14 Daar word deur sommige beswaardes beweer dat die saak rondom die vrou nie 'n wesenlike of prinsipiële saak is nie. Sinode 2015 het egter besluit dat dit wel 'n wesenlike of prinsipiële saak is, welke besluit as vas en bindend beskou moet word (KO, art 31).

3.15 Daar word deur sommige beswaardes om verdraagsaamheid gevra om mekaar se verskillende standpunte oor die saak van die vrou te akkommodeer, aangesien die saak belangrik is, maar na hulle mening nie so belangrik is dat die eenheid in die kerk daardeur in gedrang moet kom nie. Wat wesenlike sake aanbetref, mag ons egter nie net bloot in verdraagsaamheid verskillende standpunte akkommodeer nie maar bly by Skrif, Belydenis en Kerkorde. Feitlik 'n derde van die Kerkorde handel oor die dienste. Dit dui op die belangrikheid van die dienste vir die orde binne die kerk. Dit impliseer dat die dienste 'n wesenlike saak is wat alle kerke se kerkwees raak (KO, art 1).

Besluit: Punte 3.1 tot 3.15 kennis geneem.

4. 21.5 (p359): Beswaarskrif GK Krugersdorp teen die besluit van Sinode 2009 "Oor die saak van die vrou"

4.1 *Beswaargrond 1 (p359)*

4.1.1 Beoordeling

4.1.1.1 Daar word beweer dat gewetensbinding plaasvind deurdat die meerderheidstem, en nie Skrifgronde nie, die deurslag van die besluit gegee het. Sou die beswaardes hiermee 'n probleem hê, moet hulle die kerklike weg volg om ooreenkomstig KO, art 31 (waarop saam ooreengekom is) te wysig.

4.1.1.2 Daar word beweer dat die sinode die kerke deur sy besluit tot een standpunt dwing bloot op grond van 'n meerderheid van stemme. So 'n redenasie misken KO, art 31.

4.1.1.3 Daar word beweer dat gewetensbinding plaasvind wanneer meerderheidstem, en nie Skrifgronde nie, die deurslag van besluite gee. KO, art 31 is die ooreengekome wyse waarop besware hanteer behoort te word. Die leiding van die Heilige Gees by besluitneming deur vergaderings mag nooit misken word nie (Hand 15:28 en ook KO, art 32). Wanneer 'n besluit met meerderheidstem geneem word op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde, word daar nie geheers nie (foutiewe interpretasie van KO, art 84), want dan regeer die Skrif.

4.1.1.4 Besluite deur meerdere vergaderings word juis geneem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings het hul gewetens gebind deur die openlike verklaring af te lê. Daardeur onderneem hulle om besluite te neem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes het ook reeds, toe hulle Belydenis van geloof afgelê het, onderneem om Skrif, Belydenis en Kerkorde te honoreer.

4.1.1.5 Daar moet gewaak word om te redeneer vanuit die kollegialistiese siening dat dit die Sinode is wat besluite neem en afforseer. Wanneer kerke byeenkom in meerdere vergaderings word daar nie deur 'n "hoër vergadering" besluite op mindere vergaderings afgedwing nie, maar die kerke besluit saam op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde.

4.1.1.6 Ten opsigte van die aanhaling van NGB, art 32 in punt 2.3 om nie met groot getalle gewetens te bind nie en nie dieselfde gesag aan getalle as aan die Skrif te bied nie, kan die volgende gestel word: Die beswaardes kon of het nie op grond van die Skrif aangetoon dat vroue wel as ouderlinge of predikante bevestig mag word nie. Die bewyslas rus op die beswaardes (KO, art 31).

Besluit: Punte 4.1.1 tot 4.1.1.6 kennis geneem.

4.1.2 Aanbeveling
4.1.2.1 Beswaargrond 1 slaag nie.
Besluit: Goedgekeur.

4.2 *Beswaargrond 4 (p361)*
4.2.1 Beoordeling ten opsigte van pt 5.3.3.2 (p362) dat besluite deur Sinodes afforseer word.
4.2.1.1 Besluite deur meerdere vergaderings word nie op lidmate of kerke afforseer nie. Meerdere vergaderings se besluite word in wese geneem deur kerke wat saam vergader deur hulle afgevaardigdes. Besluite van 'n meerdere vergadering word geneem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde in ooreenstemming met die presbiteriale kerkregeringstelsel. Besluite word dus nie op 'n kollegialistiese wyse op kerke "afforseer" nie. KO, art 84 kom dus geensins hier in gedrang nie.
Besluit: Punte 4.2.1 en 4.2.1.1 kennis geneem.
4.2.2 Aanbeveling
4.2.2.1 Wat hierdie motiveringspunt betref, slaag beswaargrond 4 nie.
Besluit: Goedgekeur.

4.3 *Aanbeveling ten opsigte van die kerkregtelike gronde van die Beswaarskrif*
4.3.1 Beswaargronde 1 en 4 ten opsigte van punt 5.3.3.2 slaag nie.
Besluit: Kennis geneem.

L. **KOMMISSIERAPPORT BESWAARGRONDE OOR 1 TIMOTEUS 2**

1. Opdrag

Om die beswaar van die GK Krugersdorp te behandel en aan die vergadering aanbevelings te doen ten opsigte van die beswaar.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beswaargrond 4 (p361)

2.1 *Bewering (5.3.1-5.3.2)*
Die verstaan van die opdragte aan vroue in 1 Timoteus 2:1-8 speel 'n sleutelrol in die standpunt van diegene wat vroue nie as ouderling of predikante wil laat dien nie (Acta 2009:638-651). Die verstaan van hierdie opdragte as dat hulle betrekking het op die erediens (Acta 2009:651, 10.9.5.2b-10.9.5.3b) is nie geldig nie en willekeurig, omdat die woorde "in die erediens" nie in die grondteks voorkom nie.

2.2 *Beoordeling*
Vanaf 1 Tim 2:8 gee die apostel voorskrifte vir optrede letterlik "op elke plek" (ἐν παντὶ τόπῳ). Dit is belangrik om daarop te let dat vooraanstaande eksegete soos Groenewald 1977:35; Hendriksen (1976:102) Marshall (1999:437), Van Houwelingen (2009:70-71) en ander aanvaar dat ἐν παντὶ τόπῳ op plekke dui waar gemeentes bymekaar gekom het om te aanbid.

2.3 *Bewering (5.3.3)*
Daarby is dit duidelik dat die opdragte aan vroue algemene gedragsvoorskrifte is, wat nie direk op die erediens betrekking het nie. (Byvoorbeeld die opdrag tot "goeie werke" [1 Tim 2:10] wat nie so verstaan kan word dat hulle "goeie werke" is wat net binne die erediens gedoen moet word nie.)

2.4 *Beoordeling*
Die voorskrifte in 2:9-10 gaan inderdaad oor die manier waarop vroue in die gemeentelike samekoms teenwoordig moet wees. Die sake wat genoem word, geld uiteraard vir die vroue se hele lewe. Maar haar optrede in haar lewe oor die algemeen is direk ter sprake wanneer sy in die gemeentelike samekomste teenwoordig is. Solank sy in haar daaglikse lewe met allerlei sondige praktyke volhou en dit aanhou doen, kan sy nie met die innerlike skoonheid wat in verse 9 en 10 voorgeskryf word, in die samekoms van die gemeente teenwoordig wees nie.

Daarom gee die apostel die opdrag dat sy haar moet versier “met goeie werke soos dit vroue betaam wat die godsvrug bely”. Dieselfde geld vir die versiering van beskeidenheid en ingetoënheid en behoorlike kleding wat van vroue geverg word. Dit geld natuurlik vir haar algemene lewe, deugde wat sy met haar moet saamdra ook wanneer sy in die gemeentelike samekoms verskyn (vgl Schreiner, 2005:91-96).

2.5 *Bewering (5.3.3)*

Die besluit van Sinode 2009 bring mee dat die sogenaamde “swyggebod” op ‘n ongeldige en willekeurige wyse in hierdie Skrifgedeelte uitgesonder word en dat hierdie opdrag as “meer gesagvol” as ander opdragte in hierdie Skrifgedeelte hanteer word.

5.3.3.1 Behalwe die “swyggebod” is daar in 1 Tim 2:8-15 ook verskeie ander opdragte aan vroue waaronder ‘n verbod op gevlegte hare, die dra van goud, pêrels en duur klere en ‘n verbod aan die vrou om (enige) onderrig te gee.

5.3.3.2 Deur die besluit van Sinode 2009 word net een van hierdie opdragte (die “swyggebod”) met sinodale gesag op Gereformeerde vroue af forseer, terwyl die ander opdragte bloot geïgnoreer word en nie met dieselfde erns in die kerke toegepas word nie. (In geen Gereformeerde Kerk word vroue byvoorbeeld verbied om hulle hare te vleg of goud of pêrels te dra nie.)

5.3.3.3 Daar bestaan geen grammatiese, semantiese of enige ander eksegetiese gronde om op hierdie manier selektief onderskeid te maak tussen die opdragte in 1 Tim 2:8-15 nie. Hulle staan in dieselfde Skrifgedeelte en word aan dieselfde mense wat in dieselfde omstandighede lewe, gegee.

5.3.3.4 Sulke willekeurige omgaan met, en toepassing van die Skrif voldoen nie aan die Gereformeerde hermeneutiese vertrekpunte nie (Acta 2009:604-610).

Beoordeling

(1) Die opdrag aan die Deputate was om te rapporteer oor die lig wat die Skrif gee oor die vraag of vroue in die besondere dienste mag optree. Daarom is uiteraard in die 2009-Rapport gefokus op die perikoop se gegewens oor of sy mag onderrig gee en gesag uitoefen, sonder om oor ander aspekte van die perikoop hulle verantwoording volledig in die Rapport in te sluit.

Oor hierdie ander sake wat in 2:9-15 aan die orde kom, is dit egter moontlik om goeie verantwoording te doen. Die beswaardes het nie daartoe oorgegaan om aan te dui hoe hierdie ander sake dan wel verstaan moet word nie. Dit lê sekerlik ook nie op die weg van die Kommissie om dit te doen nie. By die punte hieronder word egter wel in enkele pennestrepe ’n aanduiding gegee.

(2) In 2:9-10 is die apostel duidelik besig om te skryf oor die “versierings” waarmee vroue in die gemeentelike byeenkomste moet verskyn. Die “versierings” wat vroue in die samekoms moet vertoon, word dan in drie groepe genoem:

(i) Vers 9b: Dit moet WEL wees: behoorlike kleding, beskeidenheid en ingetoënheid.

(ii) Vers 9c: Dit moet NIE wees nie: vlegsels, goud, pêrels, kosbare klere.

(iii) Vers 10: Dit moet WEL wees: goeie werke, soos dit vroom vroue betaam.

In die “NIE”-gedeelte (vers 9c) word dit duidelik gemaak: wanneer vroue in die gemeentelike samekomste teenwoordig is, moet hulle versiering nie, soos dikwels in die algemene lewe gebeur, in uiterlike versierings geleë wees nie. Vers 9c is dus nie bedoel as ’n algehele verbod op die dra van juweliersware nie. Dit stel bloot die feit dat uiterlike versierings nie in gemeentelike samekomste van waarde is nie.

In die “WEL”-gedeeltes van verse 9 en 10 word duidelik gemaak: Die sieraad van vroue in die gemeentelike samekomste is ‘n innerlike skoonheid. Hierdie innerlike skoonheid kom selfs in uiterlike sake soos “behoorlike kleredrag” na vore, maar is eintlik geleë in ’n lewensingesteldheid: “beskeidenheid en ingetoënheid” (vers 9b). Dit kom ook na vore in lewensoptrede: “goeie werke” (vers 10). Die bedoeling van vers 10 is nie dat vroue <u>in die samekomste</u> moet kom goeie werke doen nie.

Nee, goeie werke wat sy elke dag doen en wat 'n daaglikse bevestiging van haar godsvrug is, is iets wat sy lewenslank moet beoefen en gevolglik met haar as sieraad saamdra wanneer sy in die gemeentelike samekomste teenwoordig is.

Hierdie voorskrifte aan vroue vir hoe hulle in die erediens teenwoordig moet wees, is wel in die perikoop aanwesig, maar het geen direkte betrekking op die vraag of sy in die besondere dienste mag optree nie. Daarom was dit nie relevant vir die Rapport nie.

2.6 *Bevinding*

Die beswaardes slaag nie daarin om aan te toon dat die 2009 Rapport op ongeldige wyse gedeeltes van die teks in 1 Timoteus 2:8:15 buite rekening laat nie.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.6 kennis geneem.

2.7 *Aanbeveling*

Die beswaar slaag nie op beswaargrond 4 nie.

Besluit: Goedgekeur.

21.7 BESWAARSKRIF VAN AH KLOPPER, AP KRUGER, AH STAVAST EN RL VORSTER OOR BESLUIT VAN SINODE 2003 OOR DIE VROU IN DIE AMP (2012: Artt 17, 25, 258) (2016: Artt 40, 58)

2016

A. Die Beswaarskrif word gestel.
B. Ds PM Modise rapporteer namens die Kommissie: Vrou as diaken.

2012

A. Ds AH Stavast stel die beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die beswaarskrif word verwys na Kommissie Beswaarskrifte 9.
C. **Ordevoorstel:** Dr WC Opperman hou die ordevoorstel voor.
D. **Besluit:** Ordevoorstel word aanvaar met aanbevelings.
E. Met die aanvaarding van die ordevoorstel word die beswaarskrifte in verband met die vrou in die besondere dienste eers op 'n volgende Sinode beoordeel word, aangesien daar sake is wat dringende aandag moet geniet alvorens hierdie beswaarskrifte tot opbou van kerke gehanteer kan word (kyk Beswaarskrif 21.3 in Handelinge 2012).

F. **BESWAARSKRIF**

1. Die Sinodebesluit waarteen beswaar gemaak word

Die beswaar is gerig teen die volgende besluit van **Nasionale Sinode 2003** (Acta 2003:591, E. Kommissierapport, 4 en p593. Besluit. Soos gewysig deur "Errata Handelinge" soos voorsien deur die Administratiewe Buro):

"E. KOMMISSIERAPPORT

"Samevattende aanbevelings van die Kommissierapport.

"Die Sinode besluit in die lig van jarelange studie die volgende oor die plek van die vrou in die kerk:

"4. Die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word. Die Sinode oordeel verder dat bepaalde tekste soos Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9-15 baie lank reeds in die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband 'n belangrike ondersteunende rol vir vroue in 'n besondere amp speel, alhoewel daar enersyds nie duidelike sekerheid bestaan nie, maar andersyds ook geen verbod op vroue in die amp van diaken geplaas word nie." (Acta 2003:591, 4).

"BESLUIT:

1. Goedgekeur.

2. Die Deputaterapporte (3) sowel as die Kommissierapport word na Deputate verwys vir verdere studie."

2. Beswaargronde

2.1 *Beswaargrond 1*

Gelowiges kan nie van harte glo dat ***vroue*** in die amp (diens) van diaken verkies en bevestig kan word nie.

2.1.1 Beredenering

2.1.1.1 Die ampte (dienste) van die Kerk is 'n saak van geloof

Die ware Kerk van Jesus Christus is nie iets wat deur mense uitgedink is nie, maar is 'n skepping van Jesus Christus Self deur sy Woord en Gees (Matt 16:18). Vir sover dit die mens betref, is die Kerk die liggaam van Christus (1 Kor 12:27) daarom 'n saak van geloof (NGB, art 27).

Die ampte (dienste) van of in die kerk is instellings van God (Rom 1:1; Ef 4:11,12 en 1 Tim 3:1,10), en daarom beginselsake.

Alle beginselsake ten opsigte van die wese en die welwese van die Kerk moet geglo kan word op grond van die Woord van God.

Die ampte (dienste) van die Kerk is so 'n beginselsaak (NGB, art 31) wat deur die Kerk geglo word. "Alle besondere dienste is gelyk, want almal bedien Christus se gesag. Daar is wel 'n onderskeid in die gerigtheid van die onderskeie dienste. By die regeerouderling is die diens gerig op die bediening van Christus se koningskap, by die diaken op die bediening van sy priesterskap, en by die leerouderling op die bediening van sy profeetskap" (vgl Acta 2009:598, 4.4, voorlaaste paragraaf).

2.1.1.2 Die Kerk kan egter sonder twyfel wel glo dat Jesus Christus ***manlike*** ampsdraers (dienaars) roep

God se Woord stel dit in geen onduidelike taal nie dat daar ouderlinge, diakens en predikante in 'n gemeente moet wees:

Jesus Christus, die Hoof van sy Kerk (Ef 1:22), het aanvanklik apostels en profete laat optree (Ef 2:19-22; Heb 1:1; 2 Pet 1:16-19). Hierdie apostels het ouderlinge, diakens en evangeliste of leraars aangestel (Hand 6:2-6; 14:23; 1 Tim 1:18; 1 Tim 3; 1 Tim 4:6-16). Telkens word van manne gepraat wat in hierdie besondere ampte, of dienste aangestel is.

Dit is dus onwaar dat geslagtelikheid nie in die besondere ampte (dienste) ter sprake is nie (vgl Acta 2009:533, 6.4.4, Verstaanswyse 2).

Daarom kan die Kerk met alle vrymoedigheid glo dat Jesus Christus manlike ouderlinge, diakens en predikante in sy diens roep en gebruik (Rom 1:1).

2.1.1.3 Geloof berus op sekerheid

2.1.1.3.1 Die Heidelbergse Kategismus, Son 7:21, stel dit duidelik dat geloof op sekerheid berus:

"Ons glo met die hart en bely met die mond dat 'n ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir die waarheid aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk"… (HK, 7:21).

2.1.1.3.2 Die Heilige Gees werk ware geloof in my hart slegs wanneer ek 'n vasstaande, versekerde kennis het van 'n saak uit God se Woord (Rom 10:17). Die Heilige Gees werk nie geloof in my hart deur middel van onsekerhede nie, want Hy is die Gees van waarheid (Joh 14:17).

2.1.1.3.3 Die HERE God kan nie verheerlik word deur geloofsdade wat op onsekerheid berus nie (Heb 11:6).

2.1.1.4 Die Sinodebesluit oor **vroulike** diakens berus op **onsekerheid**

2.1.1.4.1 Die Sinode 2003 oordeel self dat daar "nie duidelike sekerheid bestaan" (dws, in God se Woord) dat vrouens in die amp van diaken verkies kan word nie (vgl Acta 2003:591, E. Kommissierapport, 4 en ook p574, 3.6.2.1 tot 3.6.2.3).

2.1.1.4.2 In die lig van die sekerheid vanuit God se Woord waarop geloof gegrond is, hoe kan die Sinode nou verwag dat iets waarvan hyself nie seker is nie, van harte geglo moet word? Dit is gewoon onmoontlik – die Heilige Gees werk nie so nie. Hy werk en leer sy gelowiges vanuit die versekerde waarheid van die Woord. (Joh 14:26; 16:13; 17:17). Die seën van die HERE kan ook nie verwag word op 'n saak wat nie vanuit die Woord geglo kan word nie.

2.1.1.4.2.1 Die onsekerheid ten opsigte van vroulike diakens word verder beklemtoon deur die feit dat bogenoemde Rapport (2.1.1.2 hierbo) die begrip van twee of meer "verstaanswyses" gebruik (vgl Acta 2009:515, 517, 518, 519, 522, 532 en 533). Die Rapport sê o.a: "Die verskillende verstaanswyses is die gevolg van ons onvermoë om die Skrif duidelik te verstaan. Die Deputate hou gevolglik twee stelle aanbevelings aan die Sinode voor met aanbevelings" (Acta 2009:533, 7, Samevattende opmerking).

Dit is mos ‘n duidelike erkenning dat daar onsekerheid bestaan of vroue wel in die diens van diaken mag word!

2.1.1.4.2.2 Dieselfde onsekerhede kom navore in die boek “Manlik en Vroulik in die Kerk. Geslagtelikheid en die besondere dienste” (Breed, DG, JvRensburg, Fika, Jordaan, GJC. 2008). Ná die eksegese en hermeneuse van die betrokke Skrifgegewens word deurgaans verskillende “verstaansmoontlikhede” voorgestel (bv p130-131). Die boek sluit af met: “Hiervolgens is daar by die betrokke Skrifdele nie noodwendig meervoudige betekenismoontlikhede nie, maar wel meervoudige verstaansmoontlikhede” (Douw G Breed, Fika J van Rensburg en Gert JC Jordaan 2008:204, par 17.3.2.2 Besluitneming, eerste kol). As ‘n saak moontlik só of sus kan wees, is dit mos nie ‘n sekerheid nie!
As ons dan onseker is oor wat God se Woord openbaar ten opsigte van vroue in die besondere dienste, waarom hou ons nie by wat seker is nie – soos bv in Hand 6:3 en 1 Tim 3:2, waar duidelik van “manne” as diakens gepraat word?

2.1.1.4.3 Die onsekerheid van **vroulike** diakens word ook beklemtoon deur die besluit van Sinode 1988: “Daar kan ook nie sonder teëspraak voldoende bewys word dat vroulike lidmate (getroud of ongetroud) in die diens van diaken dien nie. BESLUIT: Goedgekeur” (Acta 1988:522, 3.7.3). (Hierdie besluit staan steeds!)

2.1.1.5 Die implikasie van die **onsekerheid** dat daar nie geglo kan word dat **vroue** in die amp (diens) van diaken verkies en bevestig kan word nie

2.1.1.5.1 In die Bevestigingsformulier vir diakens word gevra: “Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God Self tot hierdie heilige diens geroep is?” Iemand wat hierop bevestigend voor God wil antwoord, moet verseker kan glo dat hy (of sy) deur God geroep is op grond van sy Woord.

2.1.1.5.2 As twee Nasionale Sinodes van die GKSA (1988 en 2003) besluit het daar is onsekerheid in die Woord is of vroue in die amp (diens) van diakens bevestig mag word, hoe kan dan van ‘n vrou verwag word om te sê sy is oortuig, dit wil sê, sy glo en vertrou dat sy deur God as diaken geroep is?

2.1.1.5.3 Die implikasie is dat daar ‘n valse roeping na die vrou kom, want roeping kan tog nie losgemaak word van wat die Woord sê nie. Om ‘n onsekere roeping te aanvaar kom neer op gewetebinding (NGB, 32).

2.1.1.5.4 Dit is ook ‘n gewetebinding op diegene (die Kerkraad en die gemeente) wat die uitwendige roeping laat uitgaan.

2.2 *Beswaargrond 2*
Sinode 2003 se besluit oor vroulike diakens impliseer ‘n verkeerde siening oor die gesag van die Skrif

2.2.1 Beredenering

2.2.1.1 Die Sinode “oordeel dat belangrike tekste soos Rom 16:2; 1 Tim 3:11 en 5:9-11 baie lank reeds in die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband ‘n belangrike en ondersteunende rol vir vroue in ‘n besondere amp speel…” (vgl Acta 2003:591, E. Kommissierapport, 4).

2.2.1.2 Die Sinode weerspreek homself met hierdie “oordeel” as besluit word dat: “Daar kan nie op grond van Rom 16:1-2 met absolute sekerheid gesê word of Fèbè in die besondere diens van diaken gedien het of nie” (Acta 2003:574, 3.6.2.1) en: “Dit is nie moontlik om met sekerheid te sê of “die vroue” hier na vroulike diakens, of na vroue van diakens, of na vroue wat diakonale diens saam met diakens verrig het, verwys nie” (Acta 2003:577, 3.8.4.3), maar dan tóg sê dat hierdie tekste (Rom 16:1-2; 1 Tim 3:11 en 5:9-11) ‘n belangrike en ondersteunende rol speel.

2.2.1.3 Verder kan gevra word: Wát “ondersteun” hierdie tekste?

2.2.1.3.1 Die logiese antwoord behoort te wees: 'daar is ander tekste wat die saak onbetwisbaar ondersteun'. Maar sulke tekste is daar nie!

2.2.1.3.2 Die implikasie is dan: Dit is "Die Kerk" (maw die "Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband") wat besluit het dat daar vroulike diakens kan wees, en dat bogenoemde tekste dié besluit sou ondersteun.

2.2.1.3.3 Maar dit is 'n verkeerde siening van die gesag van die Skrif. Hier gaan die inisiatief van "Die Kerk" uit, terwyl die Woord bloot net 'n ondersteunende rol speel. Eintlik behoort dit andersom te wees: op gesag van wat die Woord sê, besluit "Die Kerk"!

2.3 *Beswaargrond 3*

Die besluit dat vroulike diakens verkies kan word, is besig om die eenheid van die geloof in die GKSA te vernietig.

2.3.1 Beredenering

2.3.1.1 In HK, 21:54 bely die GKSA dat Jesus Christus vir Hom 'n gemeente uitverkies het in die eenheid van die ware geloof. Dit wil sê, die hele GKSA glo presies dieselfde oor die beginsels van die ware geloof vanuit God se Woord. Daar is nie sommiges wat só glo oor 'n saak en ander weer sus nie.

2.3.1.2 Hierdie eenheid (en eendersheid) in die ware geloof moet bewaar word.

2.3.1.3 Wanneer prof PJ de Bruyn in sy boek, "*Die Gesonde Leer*" (1998:13) vra: Waarom is Belydenisskrifte noodsaaklik, is die antwoord: "Om eenheid tussen die verskillende kerke en gelowiges te bewaar, sodat elkeen nie maar verkondig wat hy wil en daar verwarring ontstaan nie".

2.3.1.4 Ook die hele Kerkorde is daarop uit om die eenheid van die gelowiges te bevorder. Vergelyk KO, artt 1, 3-5, 9, 15-17, 22-25, 31, 35, 43, 44, 53-55, 61-62, 71-81, 82-85, 86. Terwille van die eenheid onder kerke sluit die KO af met art 86 wat dit stel dat daar "algemene stemme" (algemene instemming) moet wees wanneer die KO gewysig sou word. Dit dui daarop dat ons as gelowiges die eenheid van die geloof moet opsoek en bewaar. Die Here het juis die dienste/ampte (KO, artt 1, 2) daargestel om toe te rus, op te bou tot eenheid, "sodat ons nie meer kinders sou wees wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering … nie" (vgl Ef 4:11-16).

2.3.1.5 Sinode 2003 se besluit dat vroue in die amp van diaken bevestig kan word, se gevolge is egter dat die eenheid van die geloof in die GKSA ernstig geknou is. En selfs die kiem het dat hierdie eenheid vernietig kan word. Sommige lidmate meen vroue kan dien as diakens, ander glo dit nie. En dan soek hulle maar 'n ander heenkome in 'n ander gemeente waar daardie gemeente die gebruik het wat hulle pas. Talle kerkregtelike onsmaaklikhede en verdeeldheid het ontstaan as gevolg hiervan. Van hierdie kerkregtelike onsmaaklikhede en verdeeldheid kan die Gereformeerde Kerke in Klassis Ventersburg besonderlik getuig. Hierdie droewige toestand van verdeeldheid word so te sê in die hele GKSA opgemerk.

2.3.1.6 Die Sinode het besluit: vrouens "kan" as diakens in die GKSA verkies en bevestig word – dit wil sê dit kan gedoen word, of maar gelaat word. Hoe verwarrend is dit nie! Werk geloofseenheid só? Is dit die werkswyse van die HERE God met sy gelowiges? Nee, Hy laat hulle in sy diens nie op twee gedagtes hink nie (1 Kon 18:21, Ef 4:11-16).

2.3.1.7 Die genoemde besluit bedreig die eenheid in geloof deurdat die indruk geskep word dat die ampte in die Kerk 'n middelmatige saak is waaroor ooreengekom kan word om van mekaar te verskil, of wat maar goedskiks gelaat kan word na gelang van omstandighede. Intussen is die ampte 'n beginselsaak (NGB, 31).

2.3.1.8 Die genoemde besluit is daarom ook in stryd met NGB, 32 waar onder andere bely word: "Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou."

2.4 *Beswaargrond 4*

Die Sinode 2003 mislei onbewustelik die kerkvolk in sy uitspraak tov die vrou as diaken wanneer die "Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband" as 'n motivering gebruik word waarom dit dan geregverdig is dat vroue wel diakens mag wees.

2.4.1 Beredenering

2.4.1.1 Die Sinode sê die volgende op p591, 4, tweede sin: "Die Sinode oordeel verder dat bepaalde tekste soos Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9-15 baie lank reeds in die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband 'n belangrike ondersteunende rol vir vroue in 'n besondere amp speel, alhoewel daar enersyds nie duidelike sekerheid bestaan nie, maar andersyds ook geen verbod op vroue in die amp van diaken geplaas word nie." (Ondergetekendes se beklemtoning.)

2.4.1.2 Die implikasie van hierdie stelling is

2.4.1.2.1 dat al die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband eintlik al lankal duidelikheid het dat bepaalde tekste soos Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9–15 vroue in besondere ampte ondersteun. Dit is eintlik net 'n kwessie van formaliteit dat GKSA ook dit so formeel moet besluit. Waarom nog langer wag?! Die hele Gereformeerde wêreld doen dit – waarom nie ook ons nie!? Eintlik is daar geen onduidelikheid oor wat daardie bepaalde tekste oor die vrou as diaken sê nie. Dit is so duidelik dat die hele Gereformeerde ekumeniese wêreld dit eens is dat hierdie tekste ondersteunend is vir vroue in besondere ampte (dienste).

2.4.1.2.2 dat alle Gereformeerde Kerke wêreldwyd dit ondersteun;

2.4.1.2.3 dat alle Gereformeerde Kerke dit al lank reeds ondersteun – net GKSA nog nie. Ons is dus ver agter. Ons moet by die ander kerke aansluit!

2.4.1.2.4 dat nie-Bybelse gronde meer krag het as Bybelse argument, want daar is "enersyds nie duidelike sekerheid" nie, maar omdat al die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband dit eintlik al lankal ondersteun en wel goedkeur, keur Sinode 2003 dit ook nou maar goed.

2.4.1.3 Die ondergetekendes is egter van mening dat dit nie waar is dat al die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband eintlik al lankal duidelikheid het dat bepaalde tekste soos Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9–15 vroue in besondere ampte ondersteun nie!

Byvoorbeeld:

2.4.1.3.1 Sinode Middelburg (Nederland) van 1581 (soos beskryf deur GKSA Sinode 1988, Acta:517, 3.5.3) en ook Sinode van Dordtrecht (Nederland) van 1618-1619 (soos beskryf deur GKSA Sinode 1988, Acta:517, 3.5.3) het nie die gedagte van vroue as diakens ondersteun nie.

2.4.1.3.2 So ook het Sinode GKSA van 1988 (Acta:507–523) en Sinode 2003 (Acta:545-556; en 559-590 – die hele 3) die teendeel besluit!

2.4.1.3.2.1 Vergelyk bv Sinode 1988, Acta 507-523.

2.4.1.3.2.2 Vergelyk bv Sinode 2003, Acta:545-556: bv 5.1.1.7 en 5.2.1.4.

2.4.1.3.2.3 Sinode 2003, Acta:559-590 – die hele 3, vgl byvoorbeeld 3.2.3.5.2, 3.2.3.5.3, 3.2.3.5.3, 3.2.3.6.4, 3.2.3.6.5, 3.2.3.9, 3.2.3.10 en 3.3.1.6.

2.4.1.3.2.4 Sinode 2003, Acta:559-590: bv p574, 3.6.2 (spesifiek van Rom 16:1-2) en p577, 3.8.4 (spesifiek van 1 Tim 3:11) en p579, 3.9.2 (spesifiek van Rom 1 Tim 5:9-15) en ook p580-590, 3.10.2, 3.11.4, 3.12.2, 3.13.5 en p590, 3.14.2 bevestig telkens dat Sinode 2003 nie die gedagte van vroue as diakens ondersteun nie.

2.4.1.3.2.5 Vergelyk bv Acta 2003:561, 3.2.1.1.1; p568, 3.2.3.10.6; p569, 3.3.2; p574, 3.6.2; p576, 3.8.3.3; p577, 3.8.4; p578, 3.9.1.4 en 3.9.1.5; p579, 3.9.2; p585, 3.11.4; p587, 3.13.2.4; p589, 3.13.4.2 en 3.13.5 en p590, 3.14.2.

2.4.1.3.3 Sinode Middellande het in 2004 besluit (soos aangehaal deur *Die Kerkblad*, April 2005:23) dat:

2.4.1.3.3.1 "'n brief aan Sinode GKSA gerig moes word waarin Middellande se wantroue uitgespreek word, omdat hulle nie vir advies gevra is hieroor nie. En dat Sinode GKSA in die toekoms almal moet ken in sake wat die kerk as geheel raak…".

2.4.1.3.3.2 "Die Sinode het besluit dat kerke wat reeds vroue as diakens bevestig het hierdie gebruik sal stop totdat advies van die deputate tydens die volgende sitting van die Sinode gedien het".

2.4.1.3.4 Ekumeniese kerke

2.4.1.3.4.1 As die stelling van Acta 2003:591, 4 net dui op al die ander kerke met wie GKSA in korrespondensie staan of in gesprek is, is dit ook nie waar dat "al die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband eintlik al lankal duidelikheid het dat bepaalde tekste soos Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9–15 vroue in besondere ampte ondersteun nie"!

2.4.1.3.4.2 Die boek van Douw G Breed, Fika J van Rensburg en Gert JC Jordaan (2008: Manlik en Vroulik in die kerk. Geslagtelikheid en die besondere dienste) meld op bladsye 33-35 dat die GKSA met die volgende 13 kerklike gemeenskappe bande van kerklike eenheid het, naamlik:
Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland; Nederlands Gereformeerde Kerken; Gereformeerde Kerken Nederland (Vrijgemaakte); Gereformeerde Kerk Botswana; Eglise Reformee Confessante au Congo; Christian Reformed Church in North America; Orthodox Presbyterian Church; Free Church of Scotland; Free Church of Scotland (Continuing); Christian Reformed Churches of Australia; Reformed Churches of New Zealand; The Reformed Church in Japan; The Presbyterian Chuch in Korea.

2.4.1.3.4.3 Slegs die volgende van hierdie 13 kerkgemeenskappe het besluite geneem dat vroue in al die besondere dienste toegelaat kan word, naamlik: Die Christian Reformed Church in North America en die Nederlands Gereformeerde Kerken (Breed, *et* al. 2008:34).

2.4.1.3.4.4 Die Christian Reformed Churches of Australia het besluit dat die vrou tot die diakenamp toegelaat kan word (Breed, *et* al. 2008:34).

2.4.1.3.4.5 Die Presbyterian Chuch in Korea "gebruik vroue as diakonesse op die wyse waarop Calvyn dit gereël het" (Breed, *et* al. 2008:34). Met ander woorde dat vroue saam met die diakens mag werk om armes en siekes te versorg en te help (Breed, *et* al. 2008:32 en 34).

2.4.1.3.4.6 Dus: Daar is slegs 3 van die 13 kerkgemeenskappe met wie die GKSA 'n kerklike eenheid het wat aanvaar dat vroue wel as diakens kan diens doen en 1 wat van diakonesse gebruik maak. Breed (*et* al. 2008:34 en 35) meld ook dat teen die tyd van die Dordtse Sinode 1618/1619 die gebruik om van diakonesse gebruik te maak verval het.

2.4.1.3.4.7 Die volgende voorbeelde van Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband, gebruik nie Rom 16:1,2; 1 Tim 3:11 en 5:9-15 as ondersteunende tekste ten gunste van vroue in 'n besondere amp nie:

2.4.1.3.4.7.1 Reformed Churches of New Zealand: Rev John Rogers was hierdie kerke se afgevaardigde by GKSA se Sinode 2003.

2.4.1.3.4.7.1.1 Hy het soos volg op die besluit insake die vrou in die amp as diaken tydens die Sinode geantwoord (aangehaal uit 'n brief, p1, 2 van Rev John Rogers aan ds AH Stavast, dd 17 Junie 2005):
"I quote from my report to our Ecumenical Relations Committee;
"… Let me express my concerns at this point only very briefly. Perhaps the Church has been wrong for many 100s of years regarding the office of deacon as having the same status as an office holding a ruling authority in the church altho exercising a different ministry than that of the elder and deacon. And we would have no problem discussing that & if in fact we have been wrong, then opening up the office as a non-authority bearing office.

"But up until now that is what we have all believed. You have today opened the office of deacon to women without first discussing two aspects of the question that concern me and I think would concern the RCNZ:

(i) You have not thought about your theology of ordination. If ordination confers an authority derived from the apostles, the question of the relative authority of the offices needs to be settled first.

(ii) *In your present CO you allow for deacons to be co-opted onto the session when a session has only three members or fewer. That infers that you see the office of deacon as an authority-bearing office. There must be a biblical rationale behind that. But you have made your decision today without first studying whether that rationale was a correct understanding of Scripture or not.*

"In short bro chairman you have put the cart before the horse and that will concern us. I may also say that these are also the sentiments of bro Sikkema of the URCNA."

2.4.1.3.4.7.1.2 Ten opsigte van 'n vraag oor wat die amptelike standpunt van die Reformed Churches of New Zealand (RCNZ) oor vroue in die amp van diaken is, antwoord hy (p3, 5.2):

"As a matter of fact, we have never, as a Synod, studied the whole question, so you could say, on paper, we don't have an official position. Yet, is most definitely our practice and position since the beginning of our Churches; it was one of the stated reasons we broke relations with the CRCNA and we discussed the whole question of our relationship with the CRCNA for fifteen years and sympathy for their position did not gain traction within our Churches right through that time; it is one of the points of controversy between us and the CRCA (Australia) at the present time."

2.4.1.3.4.7.2 United Reformed Churches of North America: Ook hulle was nie te vinde vir die besluit wat GKSA tydens Sinode 2003 geneem het nie (so bevestig Rev John Rogers in die brief van 17 Junie 2005):

"In short bro chairman you have put the cart before the horse and that will concern us. I may also say that these are also the sentiments of bro Sikkema of the URCNA." (p2, punt 2).

En:

"I showed Ray Sikkema (United Ref Chs NA) before I spoke and he agreed with me. He was very upset." (p3, 5.3).

2.4.1.3.4.7.3 The Presbyterian Church in Korea: Volgens Acta 2000 (416, 417, 2.2.4; 3.1.1.2.2) word twee soorte diakensdienste gehandhaaf. Die een diens is vir 'n beperkte tyd en vir bepaalde take wat nie met die bestuur van die diakens te make het nie, maar met die versorging in die gemeente. Hierdie soort diakens funksioneer sonder om as diakens bevestig te word.

2.4.1.3.4.7.4 Reformed Church of Australia: Volgens Acta 2000 (416, 417, 2.2.4; 3.1.1.2.1) word vroue lidmate in diakonale dienste geïmplementeer, maar sonder om hulle in die diens van diaken te bevestig. Hulle is deel van die diakonale span, maar funksioneer afsonderlik van die Kerkraad.

2.4.1.3.4.7.5 Die mening van prof GJC Jordaan in 'n artikel in *Die Kerkblad* (29 Januarie 2003:5, 6) bevestig verder dat daar nog meer kerke in ekumeniese verband is wat nie die betrokke teksverse ondersteunend gebruik nie: "Maar terselfdertyd is dit 'n koers wat die GKSA verder [weg] laat beweeg van 'n beduidende deel van die Gereformeerde wêreld, soos die *Reformerd Church of New Zealand,* die *United Reformed Church of North America,* die *Christelik Gereformeerde Kerken* en *Christelik Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt)* in Nederland."

2.4.1.4 Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar nie eenstemmigheid is onder die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband oor die sogenaamde ondersteunende rol wat die betrokke kerke in die argumentasie speel nie. Die stelling van Sinode 2003 kan dus lidmate verwar en mislei.

2.4.1.5 Kan vroue én die Kerkraad én die gemeente met oortuiging glo en met approbasie (goedkeuring) die verkose of aangewese vroue in die amp (diens) laat bevestig as dit uit bostaande getuienisse duidelik blyk dat al die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband NIE hierdie Bybeltekste as ondersteuning van vroue in die diens van diaken gebruik nie? Dit gee die vroulike lidmaat wat as diaken verkies kan word geen geloofssekerheid dat sy wel in die amp bevestig mag word nie.

3. In die geheel gesien

Hoe kan lidmate 'n vroulike diaken as gesant van die HERE in hulle huise ontvang as daar nie die sekerheid is dat sy wel volgens die HERE se Woord wettig tot die amp (diens) verkies en bevestig is nie, of as daar nie sekerheid is dat God se Woord vroue as diakens toelaat nie?

4. Versoek

Sinode 2012 word dus versoek om die besluit van die Nasionale Sinode 2003 (Acta 2003:591. E. Kommissierapport, 4 en p593. Besluit. Soos gewysig deur "Errata Handelinge" soos voorsien deur die Administratiewe Buro), naamlik dat vrouens in die amp van diaken kan dien, onvoorwaardelik te herroep en te erken dat God se Woord nie só leer nie.

G. **KOMMISSIERAPPORT: VROU AS DIAKEN**

1. Opdrag

Om die Sinode te adviseer insake die Beswaarskrif van Klopper, Kruger, Stavast en Vorster. Sinode 2003: Vrou in die amp van diaken.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Werkswyse*

2.1.1 Die Kommissie het die Beswaarskrif van Klopper, Kruger, Stavast en Vorster teen die besluit van Sinode 2003 (Acta 2003:591, E. Kommissierapport, 4 en p593. Besluit: soos gewysig in die Errata Acta) in besonderhede nagegaan.

2.1.2 Ds AH Stavast, een die beswaardes, is geleentheid gegee om die Beswaarskrif toe te lig.

2.1.3 Die Kommissie het ook vir prof G Breed aangehoor.

2.1.4 Die Kommissie het ook die Kommissierapporte (beide Minderheids- en Meerderheidsrapporte) wat nie op Sinode 2012 oor hierdie Beswaarskrif behandel is nie, bestudeer.

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.4 kennis geneem.

2.2 *Beredenering*

2.2.1 <u>Beswaargrond 1</u>

Die beswaardes beweer dat gelowiges nie kan glo dat die vrou in die diens van diaken verkies en bevestig word nie, omdat:

(i) Dit 'n beginselsaak is wat op grond van die Woord van God geglo moet kan word.

(ii) Die geloof moet op sekerheid berus, terwyl die Sinode se besluit aangaande die vrou op onsekerheid berus.

(iii) Die beswaardes beweer verder dat slegs met sekerheid geglo kan word dat mans as ampsdraers bevestig mag word.

(iv) Om 'n onsekere roeping te aanvaar kom volgens die beswaardes neer op gewetensbinding.

2.2.1.1 Beoordeling

Die beswaardes neem slegs een deel van die besluit van Sinode 2003 en maak daarteen beswaar. Die Sinodebesluit waarteen beswaar gemaak word toon aan dat daar enersyds nie duidelike sekerheid bestaan nie, maar andersyds ook geen verbod daarop is dat vroue in die diakenamp bevestig mag word nie. Wanneer die Sinodebesluit egter in sy geheel gelees word, word dit duidelik dat die besluit op deeglike en jarelange studie gegrond is. Die beswaardes se beoordeling dat die Sinodebesluit op onsekerheid berus is dus verkeerd. Die Sinodebesluit toon juis met sekerheid aan dat daar nie genoeg bewyse uit die Skrif gevind kan word om 'n besluit te neem wat mense se gewetens bind nie. Derhalwe besluit die Sinode nie dat die vrou in die diakenamp bevestig moet word, of nie bevestig mag word nie, maar dat dit **kan** gebeur volgens die oordeel van die plaaslike kerk.

Die volgende beredenering oor die teksgebruik van die beswaardes in hierdie punt word gegee:

1. Die beswaargrond stel dat gelowiges nie van harte kan glo dat vroue in die diens van diaken bevestig kan word nie. In 2.1.1.2 beweer hulle: "Die Kerk kan egter sonder twyfel wel glo dat Jesus Christus ***manlike*** ampsdraers (dienaars) roep God se Woord".

   Opsigself is hierdie stelling waar. Dit is duidelik dat mans geroep is om in die besondere dienste te dien. Wat die beswaardes egter moet bewys is dat net mans en nie vrouens nie as diakens mag dien. Om die Sinode se besluitnemingsgrond ongeldig te maak moet hulle bewys dat daar sekerheid is dat vrouens nie mag dien nie.

   Die beswaardes haal die volgende tekste aan as bewys vir hulle beswaargrond: Hand 6:2-6; 14:23; 1 Tim 1:18; 1 Tim 3; 1 Tim 4:6-16.

   Van hierdie tekste is daar slegs moontlik van diakens sprake in Handelinge 6:2-6 en 1 Timoteus 3.

   Handelinge 6

   Reeds in 1967 het prof Christi Coetzee aangetoon die 7 manne wat in Handelinge 6 verkies is, nie gesien kan word as diakens nie. Breed (2010) toon aan dat wat hier gebeur ook nie gesien kan word as die instelling van 'n nuwe amp of diens nie.

   Motivering:

   (i) Die woord diakonos word nie in Handelinge 6 gebruik om die 7 manne te beskryf nie.

   (ii) Die woord diakonia word wel gebruik om hulle dienswerk te beskryf maar dieselfde woord word ook gebruik om die apostels se werk te beskryf.
      (a) Die apostels sou die diakonia van die Woord en gebede doen.
      (b) Die 7 sou die diakonia van die tafels behartig.
      (c) Dit is nie duidelik wat die taak van die 7 was nie, dit is moontlik dat hulle leiding geneem het by die huis tot huis vergaderings wat gehou is. Daar sou hulle dan die nagmaal bedien het, die bespreking van die apostels se verkondiging in die tempel gelei het ens.
      (d) Dit is ook moontlik dat die nood van die Griekssprekende weduwees ,'n taalkwessie was – al sewe manne het Griekse name en kon dus hierdie probleem en die pastorale probleme van konflik tussen Griekssprekendes en Hebreeussprekendes help oplos.
      (e) Twee van die 7 (Philipus en Stefanus) tree later op as evangeliste.
      (f) Die doel van Handelinge 6 is nie om die inhoud van hierdie 7 se werk te beskryf nie, maar om aan te toon hoe innerlike konflik aangespreek word en dat die bediening van elkeen in die gemeente uiters belangrik is.

(iii) Wanneer die betekenis van die woord diakonia in die NT bestudeer word is dit duidelik dat dit verskeie betekenisinhoude dra en nie primêr op barmhartigheidsdiens of selfs onderlinge gemeenskap dui nie.
   (a) Paulus sê bv in Ef 3:7 dat hy 'n diakonos van die evangelie geword het.
   (b) Jesus beskryf in Markus 10 en Matteus 20 sy eie dienswerk met die werkwoord diakoneo.
   (c) Die diakon woordgroep (diakonia- dienswerk, diakonos – dienaar, diakoneo – om te dien) beskryf dus 'n baie wye betekenisveld.

Handelinge 6 kan dus nie dien as bewysplaas dat mans (of selfs net mans) in die diens van diaken gedien het nie.

1 Timoteus 3

Uit 1 Timoteus 3 is dit wel so dat dit duidelik is dat manne in die diens van ouderling en diaken gedien het, maar die beswaardes toon nie aan dat net manne mag dien nie.

2. In 2.1.1.3 beweer die beswaardes "Geloof berus op sekerheid"

Hulle argument wil aantoon dat die Sinode se besluit op onsekerheid berus en daarom nie 'n geldige besluit is nie. Die Sinode het egter by die sekerheid uitgekom dat daar nie in die NT uitsluitsel gegee word oor of 'n vrou in die diens van diaken mag dien of nie mag dien nie. Daar was geen onsekerheid by die Sinode hieroor nie. Op grond van hierdie sekerheid het die Sinode besluit dat vrouens wel in die diens van diaken bevestig kan word. Indien die beswaardes glo dat die Sinode se besluit op onsekerheid berus, berus hulle aandrang dat vrouens nie diakens mag wees nie, ook op dieselfde onsekerheid. Hulle toon nie uit die Skrif aan dat vrouens verbied word om as diakens te dien nie.

Wat wel uit die NT duidelik is, is dat vroue wel diakonale werk gedoen het.

Indien aanvaar word dat Handelinge 6 nie die instelling van of beskrywing van die inhoud van die diens van diaken beskryf nie, vind ons nêrens in die NT 'n beskrywing van die inhoud van die besondere diens van diaken nie. Dit is duidelik uit die gebruik van die diakon woordgroep (diakonos, diakonia, diakoneo) dat die woordgroep verskeie tipes dienswerk beskryf het:

(i) Vroue: Matt 27:55 (Markus 15:41). En daar was baie vroue wat dit van ver af aanskou het, wat vir Jesus van Galiléa af gevolg en Hom gedien (diakoneo) het.
(ii) Petrus se skoonmoeder: Matt 8:15. En Hy het haar hand aangeraak, en die koors het haar verlaat, en sy het opgestaan en hulle bedien (diakoneo).
(iii) Enige-iemand: **Joh 12:26**. As iemand My dien (diakoneo), laat hom My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar (diakonos) ook wees; en as iemand My dien (diakoneo), sal die Vader hom eer.
(iv) Pet 4:10. Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien (diakoneo) soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God. 11 As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien (diakoneo), laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag toekom tot in alle ewigheid. Amen.

Verskeie mense word ook 'n diakonos genoem:

(v) Kol 4:7. Al my omstandighede sal Tíchikus, die geliefde broeder en getroue dienaar (diakonos) en mededienskneg in die Here, julle bekend maak.
(vi) Rom 16:1. Ek beveel by julle aan ons suster Fébé, wat 'n dienares (diakonos) is van die gemeente in Kenchréë.

(vii) Vergelyk ook: Matt 20:26, Mark 10:43, Rom 13:4 (2), Rom 15:8, Gal 2:17, Ef 3:7, Ef 6:21, Kol 1:7, Kol 1:23, Kol 1:25, Kol 4:7, 1 Tess 3:2, 1 Tim 4:6, 1 Kol 3:5, 2 Kol 3:6, 2 Kol 6:4, 2 Kol 11:15 (2), 2 Kol 11:23.

In 1 Tim 3 word die vroue saam met die manlike diakens genoem. In 1 Tim 5 word van die diakonale diens van die weduwees gepraat.
Hierdie is alles getuienis wat die Sinode in ag geneem het in sy besluit. Die Sinode was dus seker dat volgens die insig wat hulle toe gehad het, die vrou wel in die diens van diaken mag dien.

2.2.1.2 Bevinding

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie beswaargrond nie.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.1.2 kennis geneem.

2.2.2 Beswaargrond 2

Beswaargrond 2 vloei voort uit beswaargrond 1. Die beswaardes beweer dat die besluit van Sinode 2003 oor vroulike diakens 'n verkeerde siening oor die gesag van die Skrif impliseer. Die Sinode sou haarself weerspreek deur aan die een kant te sê dat die Sinode nie op grond van Romeine 12:1-2 met absolute sekerheid gesê kan word dat vroue diakens mag wees nie, maar aan die ander kant tog sê dat tekste soos Romeine 16:1-2 'n belangrike rol speel in die ondersteuning van vroue as diakens.
Verder word beweer dat dit "'Die Kerk' (maw die Gereformeerde Kerke in Ekumeniese verband)" is wat besluit het dat daar vroue diakens kan wees, en dat tekste (soos Romeine 12) die besluit sou ondersteun. Hieruit sou dit blyk dat dit die kerk is wat besluit het dat vroue diakens mag wees, en nie die Skrif wat so leer nie.

2.2.2.1 Beoordeling

Die Sinode het haarself nie weerspreek nie, want Sinode 2003 se besluit berus op deeglike Skrifstudie deur die Deputate en ander. Die gewig van Sinode 2003 se besluit lê daarin dat duidelik aangetoon is dat daar sekerheid is in die feit dat daar geen sekerheid is oor of vroue diakens mag wees of nie mag wees nie. Inderwaarheid is daar oorwig getuienis dat vroue wel diakonale werk verrig het.
Verder is die verwysing na die feit dat ander Gereformeerde Kerke in Ekumeniese verband sekere tekste bestudeer nie 'n aanduiding dat die Sinode daardie kerke slaafs nagevolg het nie. Inteendeel handhaaf die Sinode deurgaans die gesag van die Skrif. Die Sinode se besluit gaan nie verder as dit wat uit die studie van die Skrif na vore gebring is nie.

2.2.2.2 Bevinding

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie beswaargrond nie.

Besluit: Punte 2.2.2 tot 2.2.2.2 kennis geneem.

2.2.3 Beswaargrond 3

Die beswaardes beweer dat die besluit dat vroue diakens verkies kan word, besig is om die eenheid in die GKSA te vernietig. Die feit dat sommige oortuig is dat vroue diakens kan wees en ander nie, bedreig die eenheid. Die beswaardes beweer ook dat die Belydenisskrifte en Kerkorde onder verdenking gebring word vanweë hierdie besluit. Verder lei die beswaardes af dat die feit dat besluit is dat vroue diakens mag wees na gelang van plaaslike omstandighede, die indruk skep dat hierdie 'n middelmatige saak is. Daarmee saam sou strydig met NGB, art 32 opgetree gewees het.

2.2.3.1 Beoordeling

Eenheid in die kerk word alleen bewerk deur die Heilige Gees. Eenheid impliseer ook nie eendersheid nie. Die feit dat kerke in Sinode ooreen kan kom dat daar nie sekerheid ook 'n saak is nie, en daarom dat gewetens nie gebind kan word nie, bevorder inderwaarheid eenheid.

Die beswaardes toon nie aan hoe die eenheid van die GKSA in gevaar gestel word deur die besluit van die Sinode nie. Die Belydenisskrifte spreek hulle ook nie oor die saak uit nie. Daar is verder ook geen Kerkorde artikel wat as gevolg van die besluit verander hoef te word nie.

Die beswaardes oortuig ook nie met hul argumentering dat die saak van die ampte in die kerk deur die besluit van die Sinode tot 'n middelmatige saak gemaak word nie.

Een van die kenmerke van die ware kerk (vgl NGB, art 29) is die suiwer verkondiging van die Woord – daarin lê eenheid. Om saam te stem dat die Skrif nie sekerheid oor 'n saak gee nie, en gewetens nie oor daardie saak te bind nie, bevorder daarom ook eenheid.

2.2.3.2 Bevinding

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie beswaargrond nie.

Besluit: Punte 2.2.3 tot 2.2.3.2 kennis geneem.

2.2.4 Beswaargrond 4

Die beswaardes beweer dat die besluit van Sinode 2003 die "kerkvolk" onbewustelik mislei deur "die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband" as motivering te gebruik in die regverdiging dat vroue wel diakens kan wees. Die beswaardes toon dan aan dat baie Gereformeerde kerke in die wêreld nie vroue as diakens bevestig nie. Die beswaardes bied ook verskeie uitsprake en skrywes aan om aan te toon dat baie Gereformeerde kerke nie vroue as diakens bevestig nie.

2.2.4.1 Bevinding

Die beswaardes se bewering is nie waar nie. Die Sinode se besluit is nie geneem op grond van besluite deur ander Gereformeerde kerke in ekumeniese verband nie. Dit was 'n opdrag van die Sinode aan die Deputate om te kyk na daardie kerke se besluite. Daarom dat in die Rapport van die Deputate verwys word na ander kerke in ekumeniese verband se besluite oor teksgedeeltes. Daardie kerke se besluite is daarom ook verreken in die Sinodebesluit se beredenering oor Skrifgetuienis. Die Sinode het uiteindelik haar besluit geneem op grond van Skrifgetuienis.

2.2.4.2 Bevinding

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie beswaargrond nie.

Besluit: Punte 2.2.4 tot 2.2.4.2 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Die Beswaarskrif slaag nie op beswaargrond 1 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Die Beswaarskrif slaag nie op beswaargrond 2 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 Die Beswaarskrif slaag nie op beswaargrond 3 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 Die Beswaarskrif slaag nie op beswaargrond 4 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.5 Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

Besluit: Goedgekeur.

21.8 BESWAARSKRIF VAN KLASSIS OOSTELIKE PRETORIA OOR BESLUIT VAN SINODE 2009 – DAT VROUE NIE AS PREDIKANT EN OUDERLINGE MAG DIEN NIE (2012: Artt 17, 27, 258) (2016: Artt 41, 66, 68)

2016

A. Die Beswaarskrif word gestel.
B. Dr JH Howell rapporteer namens die Kommissie Kerkregtelik.

2012

C. Dr FP Kruger stel die beswaarskrif.
D. **Besluit:** Die beswaarskrif word verwys na Kommissie Beswaarskrifte 7.
E. **Ordevoorstel:** Dr WC Opperman hou die ordevoorstel voor.
F. **Besluit:** Ordevoorstel word aanvaar met aanbevelings.
G. Met die aanvaarding van die ordevoorstel word die beswaarskrifte in verband met die vrou in die besondere dienste eers op 'n volgende Sinode beoordeel word, aangesien daar sake is wat dringende aandag moet geniet alvorens hierdie beswaarskrifte tot opbou van kerke gehanteer kan word (kyk Beswaarskrif 21.3 in Handelinge 2012).

H. **BESWAARSKRIF**

1. Besluit waarteen beswaar gemaak word

Die besluit waarteen beswaar gemaak word: Sinode 2009 "…besluit volgens die goegekeurde aanbeveling, 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie" (Acta 2009:667).

2. Beswaargrond

Die Sinode 2009 het nie wys gehandel deur oor hierdie saak 'n gewetensbindende besluit te neem nie.

3. Motivering

Vir ongeveer 25 jaar voor Sinode 2009 is daar reeds in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika studie gedoen oor vroue se plek in die kerk en hulle moontlike betrokkenheid by die besondere dienste in die kerk. In al hierdie jare kon daar nooit tot eenstemmigheid gekom word oor hierdie saak nie. Dit het ook weer uit die laaste Kommissierapport by Sinode 2009 geblyk waar indringende studie gedoen is oor die saak van vroue in die besondere dienste. Veral by die eksegese van die Skrifgedeeltes, 1 Kor 14:33-35 en 1 Tim 2:8-15, het die verskille duidelik na vore getree.

Die Kommissierapport was eenstemmig daaroor dat die verskille nie te make gehad het met die erkenning van die Skrifgesag of verkeerde hermeneutiese en eksegetiese uitgangspunte en praktyke nie. In die woorde van die Kommissie is gestel: "*Die twee standpunte soos uiteengesit in hierdie Rapport rus op die Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte ooreenkomstig die leer van die kerk soos uiteengesit in punte 6 en 7. Die verskil tussen die twee standpunte lê op die vlak van eksegetiese sintese"* (10.16.1 van die Rapport). Van hierdie standpunt het die Sinode kennis geneem. Die Sinode het in sy besluitneming ook geen eksplisiete gronde gegee waarom een van die twee opsies nie aanvaarbaar sou wees nie. Twee standpunte wat albei eksegeties vanuit die Woord vasgestel is en tog duidelik verskil. Twee standpunte wat nie een in botsing is met die Belydenisskrifte nie, omdat die saak van vroue in die besondere dienste al dan nie, nie opsigself 'n belydenissaak is nie (vgl 10.16.2 van die Rapport).

Tog neem die Sinode in hierdie omstandighede 'n gewetensbindende besluit wat in die lig van bogenoemde paragrawe nie 'n wyse handeling was nie. Die gewetensbindende aard van die besluit lê veral opgesluit in die woorde: *"mag dien nie" (die Sinode het in die lig van die behandeling van die Rapport tot die oortuiging gekom dat vroue nie in die besonder dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie"* – ons onderstreping).
Hierdie gewetensbindende besluit is verder nie wys nie omdat dit die volgende implikasies insluit:

1. Die Sinode gee die versekering dat dit die wil van God is dat vroue nie in die Gereformeerde Kerke sal dien as predikante en ouderlinge nie.
2. Die Sinode gee die versekering aan lidmate dat God nie, binne sy vrymagtige wil, te enige tyd 'n vrou sal roep om in die Gereformeerde Kerke te dien as predikant of ouderling nie.
3. Aan 'n suster wat verklaar dat sy onder die besef en sekerheid is van die innerlike roeping om in die diens van predikant of ouderling te staan en dit begeer, word met sekerheid verklaar dat dit wat sy as roeping beleef en ervaar, nie van die Here af kom nie en dat die Heilige Gees dit nie in haar bewerk het nie. Dit is gevolglik 'n verkeerde en sondige begeerte wat sy moet bely en waaroor sy vermaan behoort te word.
   Gelowiges van albei standpunte (vir of teen vroue in die diens van predikant en ouderling) voel vanuit die Skrif, gelei deur die Heilige Gees, baie sterk oor daardie standpunte. Albei groepe is in hulle gewetens voor God daarvan seker en daarvan oortuig. Eksegese van leidende teoloë kon oor soveel jare nie met een duidelike eksegetiese standpunt uit die Skrif na vore kom oor hierdie saak nie.

4. Gevolgtrekking

In die lig van bogenoemde uiteensetting en motivering sou die Sinode wys gehandel het deur 'n besluit te neem wat nié die gewetens van die Kerke en die lidmate bind nie. Hiér dien die besluit van Sinode 2003, oor die vrou in die diakenamp as voorbeeld van groot wysheid – Sinode 2003 het besluit: *"die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gawes het, as diakens in die GKSA verkies en bevestig kán word"* (ons onderstreping).
Hier is geen gewetensbindende "moet" of "mag" in hierdie besluit nie, maar net "kan", wat ruimte skep en moontlikhede oopmaak vir die gewete van lidmate of Kerke.

5. Aanbeveling

Die Klassis Oostelike Pretoria versoek die Sinode nederig om sy besluit oor vroue in die besondere dienste van predikante of ouderlinge te verander en ook hiér (soos by die besluit oor die diakens) die woord "kan" te gebruik. Só sal daar geen gewetensbinding wees oor 'n saak waaroor daar sulke oortuigde, uiteenlopende standpunte is nie.

I. **KOMMISSIERAPPORT: KERKREGTELIK**

1. Opdrag

Kyk na die kerkregtelike aspekte uit al die toegewysde Beswaarskrifte ingedien op die Buitengewonde Algemene Sinode 2016 (BAS).

1.1 Al die kerkregtelike beginsels wat aangespreek moet word uit die verskillende Beswaarskrifte, moet uitgewys word (pt 4).

1.2 Kerkregtelike beginsels moet toegepas word in die konteks van elke afsonderlike Beswaarskrif (pte 5-8).

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Werkswyse

2.1 Al die Beswaarskrifte is deurgewerk, en relevante Kerkordelike aangeleenthede is geïdentifiseer en aangespreek. Die Rapport spreek oorsigtelik al die kerkregtelike sake aan wat in die Beswaarskrifte na vore kom, en daarna word al die Beswaarskrifte afsonderlik en puntsgewys beoordeel.

2.2 Ds HS Coetzee van GK Potchefstroom-Die Bult en dr J Lion-Cachet van GK Klerksdorp het by die Kommissie aangemeld ten einde toeligting te gee.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.

3. Kerkregtelike beginsels ter sprake

3.1 Sedert die reformasie is daar 'n bepaalde ampsbeskouing wat ook in ons Kerkorde sy grondslag gekry het. Van die beswaardes beredeneer dat die Sinode alleen die diskontinuïteit, en nie ook die kontinuïteit in die ampte in die Ou en die Nuwe Testament ondersoek het nie. Die vervulling van die ampte is in Christus. Daarom is daar nie 'n reglynige sprong tussen die ampte in die Ou en die Nuwe Testament nie. Ons Kerkorde gaan uit van die veronderstelling dat daar vier dienste is, naamlik professore, predikante, ouderlinge, diakens (KO, art 2).

3.2 Van die Beswaarskrifte stel dit dat die twee keuses waar tussen gekies moes word, maak dat die minderheid voor die meerderheid moet buig sonder enige aanduiding oor waarom die Sinode die een bo die ander verkies het. Daar word ook beweer dat die Sinode nie in gehoorsaamheid aan die Skrif 'n keuse kon maak nie – tog is daar 'n keuse gemaak. Dit veronderstel dat die keuse wat verkies is, die een is wat die Sinode onder leiding van die Gees bepaal het as die korrekte. Wie die oordeel nou wil oorlaat aan die plaaslike kerkraad "***om immers self in hulle verskillende omstandighede oor die saak te beslis***", maak die weg oop vir independentisme. Kerkverband waarborg juis dat ons nie weens die gebrek aan gawes oor besondere sake ons eie weg loop en sodoende die kenmerke van die ware kerk begin prysgee nie. Die weg van KO, art 31 (meerderheid besluit) het onsself as kerke met mekaar vasgemaak. Die ordelike weg kan gevolg word om dit te verander (indien die ander kerke op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde daartoe oortuig kan word).

3.3 In van die Beswaarskrifte word daar onderskeid gemaak tussen die "***in die lig van die behandeling van die Rapport***" teenoor die "***gehoorsaamheid aan die Skrif***". Dit is 'n valse onderskeid. Juis op grond van die Skrifgegewens (soos vervat in die Rapport) is daar bepaalde besluite geneem. Hier word, deur 'n woordspeling, die indruk geskep dat die Sinode nie die Skrifgegewens behoorlik in aanmerking geneem het nie.

3.4 Wanneer 'n Sinode besluite neem, word die Here gesmeek om aan die vergadering leiding te gee deur sy Gees (vgl KO, art 32). Alle Skrifverklarings, motiverings en beredenerings word in oorweging geneem voordat daar tot stemming oorgegaan word. Die besluit wat geneem word, staan, tensy die teendeel uit die Woord bewys kan word deur beswaar of appèl (KO, artt 31 & 46).

3.5 Die vereiste dat daar konsensus moet wees oor die verklaring van die Skrif, stel 'n nuwe werkswyse deur die Sinode voor. 'n Nuwe werkswyse moet deur middel van Beswaarskrif of Beskrywingspunt op die tafel gebring en getoets word. Op Sinode 2015 (Acta 2015:276, 20.4) is daar nie aan 'n Beskrywingspunt deur Streeksinode Pretoria gevolg gegee nie. Hierdie Beskrywingspunt het versoek dat besluite rondom wesenlike sake met eenstemmigheid geneem moet word. Deur nie aan hierdie Beskrywingspunt gevolg te gee nie, het die Sinode die beginsel van KO, art 31 bekragtig.

3.6 Indien daar nie op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde duidelikheid oor 'n saak is nie, word die *status quo* gehandhaaf (KO, artt 31 & 46). Die bewyslas rus op die beswaarde of die persoon wat wil verander, om op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde die teendeel te bewys (KO, artt 31 & 46). Daar word deur sommige beswaardes beweer dat die Sinode aan die kerke duidelike en gemotiveerde Skrifgronde moet gee om die *status* quo te bewys. Die Sinode is egter geen studieliggaam nie. Die kerke moet studeer en hul studie deur die Sinode laat toets. Die *onus* rus dus op beswaardes om besluite te wysig. Hulle moet met Skrifgronde duidelik en gemotiveerd aantoon waarom daar kan/mag/moet verander word.

3.7 'n Meerdere vergadering se werkswyse word deur daardie vergadering onder leiding van die Moderamen vasgestel (KO, art 35). 'n Vergadering het, byvoorbeeld, die prerogatief om bloot kennis te neem van 'n voorstel wat hy nie vir sy eie rekening wil neem nie.

3.8 Daar word beweer dat gewetensbinding plaasvind wanneer meerderheidstem, en nie Skrifgronde nie, die deurslag van besluite gee. KO, art 31 is die ooreengekome wyse waarop besware hanteer behoort te word. Die leiding van die Heilige Gees by besluitneming deur vergaderings mag nooit misken word nie (kyk Hand 15:28, en ook KO, art 32). Wanneer 'n besluit met meerderheidstem geneem word op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde, word daar nie geheers nie ('n foutiewe interpretasie van KO, art 84), want dan regeer die Skrif.

3.9 Die woord "gewetensbinding" word dikwels in die kerke verkeerdelik gebruik as synde net negatief. Besluite deur meerdere vergaderings word juis geneem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings het hul gewetens gebind deur die Openlike Verklaring af te lê. Daardeur onderneem hulle om besluite te neem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes het ook reeds, toe hulle Belydenis van geloof afgelê het, onderneem om Skrif, Belydenis en Kerkorde te honoreer.

3.10 Daar moet gewaak word om te redeneer vanuit die kollegialistiese siening dat dit die Sinode is wat besluite neem en afforseer. Wanneer kerke byeenkom in meerdere vergaderings word daar nie deur 'n "hoër vergadering" besluite op mindere vergaderings afgedwing nie, maar die kerke besluit saam op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde, in ooreenstemming met die presbiteriale kerkregeringstelsel.

3.11 Uit die beredenering van bepaalde Beswaarskrifte, kom die suggestie dat daar 'n spanning, en selfs teenstrydigheid, bestaan tussen die Skrif aan die een kant, en die Kerkorde aan die ander kant. Hierdie is 'n foutiewe redenasie aangesien die Kerkorde op die Skrif en Belydenis gebaseer is.

3.12 'n Beswaar moet behoorlik begrond word op Skrif, Belydenis en Kerkorde (KO, art 31). Die blote uitspreek van 'n opinie, (byvoorbeeld sogenaamde "***onwyse optrede***"), is geen afdoende bewys nie.

3.13 Die *onus* rus op die beswaarde om te bewys dat besluite nie volgens Skrif, Belydenis en Kerkorde is nie. Die *onus* rus dus nie op meerdere vergaderings om te bewys dat dit wel die geval is nie (KO, art 31). Die werking van die Heilige Gees moet nie by die neem van besluite misken word nie.

3.14 Daar word deur sommige beswaardes beweer dat die saak rondom die vrou nie 'n wesenlike of prinsipiële saak is nie. Sinode 2015 het egter besluit dat dit wel 'n wesenlike of prinsipiële saak is, welke besluit as vas en bindend beskou moet word (KO, art 31).

3.15 Daar word deur sommige beswaardes om verdraagsaamheid gevra om mekaar se verskillende standpunte oor die saak van die vrou te akkommodeer, aangesien die saak belangrik is, maar na hulle mening nie so belangrik is dat die eenheid in die kerk daardeur in gedrang moet kom nie. Wat wesenlike sake aanbetref, mag ons egter nie net bloot in verdraagsaamheid verskillende standpunte akkommodeer nie maar bly by Skrif, Belydenis en Kerkorde. Feitlik 'n derde van die Kerkorde handel oor die dienste. Dit dui op die belangrikheid van die dienste vir die orde binne die kerk. Dit impliseer dat die dienste 'n wesenlike saak is wat alle kerke se kerkwees raak (KO, art 1).

Besluit: Punte 3.1 tot 3.15 kennis geneem.

4. 21.8, p371: Beswaarskrif Klassis Oostelike Pretoria oor besluit van Sinode 2009 – dat vroue nie as predikant en ouderlinge mag dien nie

4.1 *Beswaargrond (p371)*

4.1.1 Die beswaardes beweer dat Sinode 2009 nie wys gehandel het deur oor die saak van die vrou as predikant of ouderling 'n gewetensbindende besluit te neem nie.

4.1.2 Beoordeling

4.1.2.1 'n Beswaar moet behoorlik moet behoorlik begrond word op Skrif, Belydenis en Kerkorde (KO, art 31). Die blote uitspreek van 'n opinie, (byvoorbeeld "onwyse optrede"), is geen bewys van gebreke in optrede nie.

4.1.2.2 Daar is reeds hieroor ‘n besluit geneem, naamlik, dat in die lig van die studiewerk uit die Woord en saamgevat in die Rapport daar besluit is om by die *status quo* oor al die jare, vanaf die Reformasie, te bly. Diegene wat hiermee verskil het, kon nie die teendeel uit die Skrif voldoende bewys nie. Die bewyslas rus op diegene wat wil verander (KO, art 31).

4.1.2.3 Die *onus* rus op die beswaarde om te bewys dat besluite nie volgens Skrif, Belydenis en Kerkorde is nie. Die *onus* rus dus nie op meerdere vergaderings om te bewys dat dit wel die geval is nie (KO, art 31). Die Sinode moes bloot stem in die lig van die motivering, aanbevelings en beredenering staande die Sinode. Onder leiding van die Gees het die Sinode ook buite die normale wyse van optrede (KO, art 32) spesiaal die Here om wysheid en insig gebid voordat daar tot stemming oorgegaan is.

4.1.2.4 Kerklike vergaderings moet besluite neem in die lig van die Skrif, Belydenis en Kerkorde. Die ordelike wyse daarvoor vasgestel en oor ooreengekom, is KO, art 31. Die besluit wat geneem is, het dus per implikasie vir die sogenaamde “tweede” standpunt, wat die *status quo* handhaaf, gekies.

4.1.2.5 Die beswaardes erken dat daar ‘n “**indringende studie gedoen is oor die saak rondom vroue in die besondere dienste**”. Die Sinode het egter onder leiding van die Heilige Gees ‘n besluit geneem op grond van die motiverings, aanbevelings en beredenerings staande die Sinode.

4.1.2.6 Kerke word gebind deur besluite wat in die verlede geneem is (KO, artt 31 & 46). Om besluite te neem kom kerke saam om in die lig van die Woord op grond van hul eenheid in Christus saam te besluit (Ef 4:1-6).

4.1.2.7 Die beswaardes bewys nie dat gewetens onnodig gebind word deur die Sinodebesluit nie.

Besluit: Punte 4.1.1 tot 4.1.2.7 kennis geneem.

4.1.3 Aanbeveling

4.1.3.1 Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

Besluit: Goedgekeur.

21.2 BESWAARSKRIF GK KRUGERSDORP OOR BESLUIT VAN SINODE 2009 "OOR SAAK VAN DIE VROU" (2015: Artt 33, 35, 245) (2016: Artt 42, 63, 65, 71, 79, 80)

2016

A. Die Beswaarskrif word gestel.
B. Ds CCA Vrey rapporteer namens die Kommissie Beswaargronde oor 1 Kor 14.
C. Ds BCG Fourie rapporteer namens die Kommissie Openbaringshistories.
D. Ds PW Kurpershoek rapporteer namens die Kommissie Beswaargronde oor 1 Timoteus 2 – Minderheidsrapport.
E. Dr DG Breed rapporteer namens die Kommissie Beswaargronde oor 1 Timoteus 2 – Meerderheidsrapport.

2015

A. Dr WC Vergeer stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Verdere hantering staan oor in afwagting van besluit tov Rapport Deputate Eenheid in Verskeidenheid (21.1).
C. **Besluit:** Verwys na Spesiale Sinode (Kyk 21.1 Rapport Deputate Eenheid en Verskeidenheid art 245 : Al die tersaaklike Beswaarskrifte handel oor die vrou in die besondere dienste. In die lig daarvan dat die Sinode besluit het dat die saak van die vrou in die besondere dienste 'n wesenlike saak is, word aanbeveel dat al die Beswaarskrifte na die Spesiale Sinode verwys word.

D. **BESWAARSKRIF**

1. Inleiding

Die GK Krugersdorp lê hiermee, ingevolge sy besluit geneem op 24 Junie 2014, onderstaande Beswaarskrif ter oorweging aan u voor. Dit is ons hoop en bede dat u die beswaargronde sal insien en die beswaar sal handhaaf.

2. Besluit waarteen beswaar gemaak word

"Die vergadering besluit volgens die goedgekeurde aanbeveling, pt 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie" (Acta 2009:667).

3. Agtergrond en beredenering

3.1 Die GK Krugersdorp het ook in 2012 'n Beswaarskrif teen dieselfde (bogenoemde) besluit aan die Sinode voorgelê. Die beswaargronde was: (a) Gewetensbinding, (b) Verreken nie Skrifgetuienis genoegsaam nie, (c) Neem nie getuienis uit die vroeë Christelike kerke genoegsaam in ag nie en (d) Teenstrydigheid in Christelike praktyk en eksegese.

3.2 Die Sinode het egter nie in 2012 ons Beswaarskrif hanteer nie, maar dit aan Deputate opgedra om "die Beswaarskrifte na te gaan en in 2015 te rapporteer" (Acta 2012:353).

3.3 Verdere besinning sedertdien oor die (bogenoemde) besluit van 2009 het nuwe beswaargronde na vore gebring. Hierdie nuwe besware is teen die eksegese (*Vrou nie in leer- en regeerdiens*) wat in die Rapport voor Sinode 2009 gedien het (Acta 2009:611-664, regterkolom). Ons het tot die oortuiging gekom dat hierdie eksegese op sleutelpunte nie die toets van Gereformeerde wetenskaplike eksegese kan deurstaan nie, en dus (volgens die Rapport se eie definisie) neerkom op "ongeoorloofde" en "onhoudbare" eksegese (Acta 2009:604).

3.4 Omdat Sinode 2009 sy besluit (dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie) "in die lig van die behandeling van die Rapport" geneem het (Acta 2009:669) kan (indien die eksegese in die Rapport inderdaad op sleutelpunte "ongeoorloof" of "onhoudbaar" bevind word) die besluit wat geneem is ook nie gehandhaaf word nie.

3.5 Derhalwe lê ons nou hierdie nuwe besware aan die Sinode vir beoordeling voor.

4. Beswaargrond 1: Die eksegese van 1 Timoteus 2:12 en die gepaardgaande gevolgtrekkings (wat 'n sentrale plek in die hele Rapport en finale toepassing beklee) is in stryd met dit wat volgens die Griekse grammatika en getuienis van die teks toelaatbaar is

4.1 In die Rapport voor die Sinode word daar (aan die hand van 'n geïdentifiseerde chiasme in 1 Timoteus 2:12) bevind: "*Dit blyk dus dat Paulus met die woorde οὐδὲ αὐθεντεῖν ἀνδρός beskryf wat vroue sal doen as hulle in die samekoms van die gemeente sou onderrig gee, naamlik dat hulle oor mans sou gesag uitoefen.*
Dit is daarom duidelik dat Paulus in 1 Timoteus 2 nie 'n algehele verbod plaas op gesagsuitoefening deur vroue in die besondere ampte nie. Vroue word in hierdie gedeelte spesifiek verbied om gesag uit te oefen deur die verkondiging van die Woord" (Acta 2009:641). Hierdie bevinding word ook herhaal in die finale gevolgtrekking (Acta 2009:650) en toepassing (Acta 2009:651) van die eksegese (*Vrou slegs in diakendiens*) in die Rapport.

4.2 Volgens hierdie eksegese word daar dus in 1 Timoteus 2:12 aan διδάσκειν (om onderrig te gee) 'n ondergeskikte, naderverklarende (bywoordelike) funksie toegeken ten opsigte van αὐθεντεῖν (om gesag uit te oefen) ("*Die opdragte in 1 Timoteus 2 aangaande die vrou in die erediens het spesifiek betrekking op die bediening van gesag deur Woordverkondiging en nie op die bediening van gesag in die algemeen nie"*(Acta 2009:651).

4.3 Uitgebreide navorsing wat onderneem is oor die gebruik van die οὐκ - οὐδὲ ("nie" – "en [ook] nie") konstruksie in die Griekse taal (soos in vers 12 gebruik word), in die hele *Corpus Graeca* (al die bekende Griekse tekste [in die Skrif en in al die ander beskikbare bronne uit die tyd van die NT]), waarin al die voorkomste van hierdie konstruksie bestudeer is, het op geen enkele voorkoms gedui waar een van die twee begrippe in hierdie konstruksie aan die ander een ondergeskik is nie. Οὐδὲ ("en [ook] nie") funksioneer in die Griekse taal konsekwent en sonder uitsondering altyd as neweskikkende voegwoord (Köstenberger, 1995:81-103). Vers 12 (letterlik weergegee met: "Ek laat 'n vrou nie toe om onderrig te gee of om oor 'n man gesag uit te oefen nie ...") kan dus nie geldig verklaar word as dat vroue deur onderrig te gee besig is om oor mans gesag uit te oefen nie. Volgens die grammaties-korrekte verstaan van die Skrifdeel word beide aktiwiteite (sowel onderrig as gesagsuitoefening) selfstandig en naas mekaar in sy geheel deur Paulus verbied en nie net gesagsuitoefening oor mans deur Woordverkondiging soos beweer word (Acta 2009:641-643) nie.

4.4 In die eksegese voor die Sinode oor 1 Timoteus 2:12 word ook (verkeerdelik) verskillende waardes aan die infinitiewe αὐθεντεῖν ("om gesag uit te oefen") en διδάσκειν ("om onderrig te gee") toegeken wanneer beweer word dat "***dit daarom duidelik* is**" dat 1 Timoteus 2 nie 'n algehele verbod op gesagsuitoefening deur vroue bevat nie, maar slegs 'n verbod op gesagsuitoefening deur die verkondiging van die Woord (Acta 2009:641-643). Hiervolgens word die infinitief διδάσκειν ([Woord]onderrig deur vroue) as ontoelaatbaar geïnterpreteer, terwyl die infinitief αὐθεντεῖν (gesagsuitoefening deur vroue) as toelaatbaar geïnterpreteer word (behalwe as dit deur Woordverkondiging geskied).

Volgens bogenoemde indringende studie (deur Köstenberger) is dit egter onmoontlik dat twee konsepte/aktiwiteite in 'n οὐκ – οὐδὲ ("nie" – "en [ook] nie") konstruksie onderskeidelik inherent negatiewe en positiewe waarde kan hê. Of die twee konsepte/aktiwiteite moet volgens die bedoeling van die outeur beide 'n inherente negatiewe waarde hê, óf die twee konsepte/aktiwiteite moet volgens die bedoeling van die outeur beide 'n positiewe waarde dra (Köstenberger, 2005:53-84).

5. Beswaargrond 2: Die voorskrifte aan vroue in 1 Timoteus 2:9-15 word verkeerdelik as voorskrifte wat op "die erediens" gefokus is, beskou

5.1 Die eksegese voor die Sinode (*Vrou slegs in diakendiens*) beweer dat die voorskrifte in 1 Timoteus 2:9-15 betrekking het op "*optrede in gemeentelike samekomste*" en stel: "*In 1 Timoteus 2:8-15 gee Paulus 'n aanduiding van hoe die gemeente se optrede "op elke plek" ordelik ingerig moet word. Hierdie "op elke plek" word in vers 8 self gekwalifiseer as elke plek waar gebid word. Dit sou dus dui op alle geleenthede waar die gemeente saamkom om te bid en te aanbid (Douma). In hedendaagse terme: by elke erediens*" (Acta 2009:640). Hierdie bevinding dat dit oor die erediens gaan, staan absoluut sentraal ten opsigte van die konklusies en aanbevelings van die Rapport (*Vrou slegs in diakendiens*):
"*Dit is duidelik dat die opdragte in 1 Timoteus 2 aangaande die vrou in die erediens betrekking het op die bediening van gesag deur Woordverkondiging en nie op die bediening van gesag in die algemeen nie ...*" (Acta 2009:643.651). Indien hierdie bevinding (dat die opdragte op die erediens betrekking het) ongeldig is, is die konklusies en toepassing van die Rapport (Acta 2009:650-651) ook ongeoorloof.

5.2 Die woorde "samekoms" en "in die erediens" (soos in die 1983-Afrikaanse Vertaling by 1 Timoteus 2:8 en 11) kom egter nie in die grondteks voor nie, maar is invoegings wat berus op 'n interpretasie van die vertalers. Die 1933/53-Vertaling gee 'n bronteksgeoriënteerde weergawe: "... op elke plek moet bid ..." en "Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid".

5.3 Die breër perikoop (1 Tim 2:1-3:16) word omarm deur 'n *inclusio* waarin die fokus op die redding van alle mense in die samelewing val (1 Tim 2:1 [gebed om redding vir "alle mense"]; 1 Tim 3:15-16 ["aan heidennasies verkondig" en "in die hele wêreld geglo"]). Die samelewing (en nie die erediens nie) is dus in hierdie gedagte-eenheid in fokus.

5.4 Die οὖν (dus) waarmee die opdragte in 2:8 ingelei word, dui op 'n gevolgtrekkende verbintenis met die voorafgaande gedeelte waarin 'n oproep gedoen word om gebede vir alle mense en gesagsdraers ter wille van "'n rustige en stil lewe" (in die samelewing) (1 Tim 2:1-2). Hierdeur kom dus die lewe in die algemene samelewing, en nie die erediens nie, direk in fokus.

5.5 Die grondteks verwys in die voorskrifte aan mans (1 Tim 2:8) bloot na "elke plek" (ἐν παντὶ τόπῳ) en nie na "by elke erediens" nie.

5.5.1 Paulus gebruik die uitdrukking ἐν παντὶ τόπῳ ("in/op elke plek") slegs op drie ander plekke in die Nuwe Testament. Elke keer het dit 'n algemene en nie-kultiese (nie-erediens) betekenis: "waar ook al" (1 Kor 1:2), "oral" (2 Kor 2:14) en "oral" (1 Tess 1:8).

5.5.2 Die blote verwysing na "gebed" in die voorskrif aan mans kan nie sonder meer tot die gevolgtrekking lei dat gemeentesamekomste (eredienste) hier ter sprake is nie. Die Nuwe Testament getuig dat daar op 'n wye verskeidenheid van plekke gebid is: Onder meer op straathoeke (Matt 6:5), in die berge (Luk 6:12), in 'n tuin (Mark 14:32), onder 'n vyeboom (Mark 11:24), in die huis (Hand 9:11), op die dakstoep (Hand 10:9), in die binnekamer (Matt 6:6), in die tronk (Hand 16:25). Dieselfde Paulus wat hier aan die woord is, roep gelowiges ook op om "sonder ophou" (dus voortdurend en oral) "te bid" (προσεύχομαι) (1 Tess 5:17).

5.5.3 Verder is die voorskrif in 1 Timoteus 2:8 dat mans "sonder toorn en twis" moet bid, ook 'n aanduiding dat gedrag in die algemene samelewing (waar toorn en twis voorkom) en nie spesifiek die erediens nie – hier in fokus is.

5.6 Nie een van die voorskrifte aan vroue in 2:9-13 het op hulle eie 'n spesifieke kultiese (erediens) gerigtheid nie.

5.6.1 Wat die voorskrifte vir vroue se kleredrag en "versiering"(1 Tim 2:9) betref – is dit hoogs onwaarskynlik dat hierdie reëls net vir die erediens sou geld en dat gelowige vroue buite die erediens hulle maar kon klee en versier soos hulle wou.

5.6.2 Die opdrag tot "goeie werke" (1 Tim 2:10) is ooglopend op die lewe buite (vóór en ná) die erediens gefokus omdat vroue nie net in die erediens tot goeie werke opgeroep word nie.

5.6.3 Alhoewel die opdragte aan vroue om nie te leer (διδάσκειν) (1 Tim 2:11) of onderrig te gee nie (μανθανέτω) (1 Tim 2:12), wel in die Nuwe Testament op gesagvolle geloofsonderrig dui, vind hierdie geloofsonderrig nie net in die erediens plaas nie. Louw & Nida (1989:I:413) definieer die begrippe as: "to provide instruction in a formal or informal setting". Paulus "leer" (διδάσκων) byvoorbeeld in Rome mense gewoon aan huis (Hand 28:31), terwyl kinders volgens 1 Timoteus 5:4 die opdrag kry om eers (aan huis) "te leer" (μανθανέτω) hoe om hulle pligte teenoor hulle eie huis na te kom.

5.6.4 Ook Paulus se verbod op gesagsuitoefening (αὐθεντεῖν) deur vroue (1 Tim 2:12) kan nie direk op die erediens betrek word nie. Die begrip αὐθεντεῖν is 'n *hapax legomenon* (enigste vermelding) in die Nuwe Testament en word in bronne buite die Bybel vir gesagsuitoefening in 'n wye verskeidenheid van kontekste gebruik (Baldwin, 2005:39-52).

5.7 Die motiverings wat Paulus vir die opdragte gee (1 Tim 2:13-15) en waarop die voorskrifte aan vroue berus, het betrekking op vroue se hele lewe en nie spesifiek hulle rol in die eredienste nie.

5.7.1 Die eerste motivering is die skeppings(volg)orde (1 Tim 2:13). Wanneer die skeppings(volg)orde as normatief en bepalend vir vroue se gedrag teenoor mans gereken word, kan die voorskrifte wat daarop berus nie net vir die kultus (erediens) geld nie. Hulle geld dan vir die vrou se totale lewe op aarde, aangesien die vrou nie net met die oog op die erediens (ná Adam) geskape is nie.

5.7.2 Die tweede motivering is die feit dat juis Eva mislei is en oortree het (1 Tim 2:14). Weereens raak hierdie optrede van Eva nie net die kultus (erediens) nie. As Eva se verleiding en oortreding bepalende implikasies vir vroue se posisie en gedrag teenoor mans het, geld die voorskrifte wat daarop berus vir die vrou se totale lewe op aarde.

5.7.3 Die derde motivering ("om kinders in die wêreld te bring" [τεκνογονίας] en in geloof, liefde en toewyding te volhard) (1 Tim 2:15) dui ook nie op sake wat spesifiek net in die erediens plaasvind nie.

5.8 Nie een van die verdere vooreistes vir ouderlinge of diakens in die breër perikoop (1 Tim 2:1–3:16) het 'n spesifieke kultiese (erediens-) fokus nie. Dit gaan in hierdie voorskrifte glad nie oor wat die ouderling of diaken (in die erediens) moet kan doen nie, maar veral oor watter soort persoon hulle (in die samelewing) moet wees. Ook in hierdie opsig is eerder die samelewing dus in die opdragte wat Paulus in die breër perikoop gee, in fokus.

6. Beswaargrond 3: Die gedagtestruktuurontleding van 1 Korintiërs 14:29-38 voldoen nie aan die vereistes van geldige Gereformeerde eksegese nie en 'n heuristiese funksie word verkeerdelik daaraan toegeken

6.1 Volgens die selfgedefinieerde hermeneutiese vertrekpunte vir geldige Gereformeerde eksegese word die riglyne van Coetzee (1988) vir gedagtestruktuurontleding deur die Rapport onderskryf (Acta 2009:608) en word gestel dat dit nodig is "om 'n skerp onderskeid te maak tussen wat in die Bybel geskryf staan en die leser se verklaring daarvan" (Acta 2009:603).

Aan afleidings uit ‘n gedagtestruktuurontleding (wat as verklaring self reeds die produk is van interpretasie) kan dus nie dieselfde heuristiese (= “ontdekkende” of “verklarende”) funksie as die Skrif self toegeken word nie, veral nie as dit as enigste bewys vir ‘n bepaalde bevinding aangebied word (soos in die Rapport voor die Sinode) nie.

6.2 ‘n Heuristiese funksie word egter wel deur die eksegese voor die Sinode (*Vroue nie leer-en regeerdiens*) aan die gedagtestruktuurontleding van 1 Korintiërs 14:29-38 toegeken, daarin dat die gedagtestruktuurontleding die enigste eksegetiese bewys is wat in die Rapport aangebied en waaruit die afleiding gemaak word dat die swyggebod beteken dat vroue “***by die beoordeling van die profesieë moet swyg***” (Acta 2009:635). Hierdie bevinding is die basis vir die eksegese, gevolgtrekking en toepassing in die hele Rapport rakende 1 Korintiërs 14:26-40 (Acta 2009:637-638).

6.3 Om die volgende redes is die houdbaarheid van die geïdentifiseerde gedagtestruktuurontleding betwyfelbaar:

6.3.1 Die gegewe gedagtestruktuurontleding ignoreer duidelike struktuurmerkers en grammatikale aanduidings (Coetzee, 1988:27-29) wat op ‘n ander indeling dui as dat dit in hierdie perikoop net oor profesieë gaan:

6.3.1.1 Die opdrag om te swyg kom drie keer in hierdie paragraaf voor, telkens by die bespreking van verskillende sake (σιγάτω [“stilbly”] [14:28]; σιγάτω [“stilbly”] [14:30]; σιγάτωσαν [“stilbly”] [14:34].

6.3.1.2 Drie voorwaardesinne tipeer in elke geval die drie verskillende situasies wat bespreek word (ἐὰν δὲ [“as”] [14:28]; ἐὰν δὲ [“maar as”] [14:30]; εἰ δέ [“as”] [14:35]).

6.3.1.3 Die invoer van die gedagte van die noodsaak aan orde in 14:33a (en die herhaling daarvan in 14:40) kan daarop dui dat ‘n bepaalde gedagtegang (oor profesie) nou voltooi is en ‘n nuwe tema (vrae tydens die samekoms) aan die orde gestel word.

6.3.2 Die *inclusio* (omarming) wat die eksegese voor die Sinode aandui (Acta 2009:635), klop nie met die teks nie omdat die begrip “orde/ordelikheid” nie in 14:26 herhaal word/voorkom nie. Vers 26 bevat wel die oproep tot “opbou” wat eerder met die vorige perikoop (14:1-25) verbind moet word. (Vgl die uitgebreide gebruik van die begrip “opbou” in 14:1,3,4,5,12,17 en 26, maar nie weer ná 14:26 nie.)

6.3.3 Die interpretasie dat 14:36 by 14:33b-35 hoort (en dus deel is van die vermaning aan vroue om by die beoordeling van profesieë te swyg), word nie deur enige (geraadpleegde) kommentare ondersteun nie, en is grammaties betwyfelbaar. Die begrip “alleen” in die uitdrukking “vir julle alleen” (εἰς ὑμᾶς μόνους) in 14:36 is in ‘n manlike meervoudsvorm wat aandui dat Paulus eerder ‘n manlike gehoor of gehoor van gemengde geslag aanspreek, en dat sy vermaning al sy opdragte tot dusvêr raak en nie net die verbod aan vroue om tydens die erediens vrae te vra nie.

6.4 Die gedagtestruktuurontleding interpreteer dus die perikoop (14:29-38) verkeerdelik as sou dit in hoofsaak net oor profesieë en die beoordeling daarvan handel. Ook inhoudelik gaan 14:27-28 duidelik oor die gebruik van tale en klanke (γλώσσῃ τις λαλεῖ). Vers 29-33a handel oor die optrede van profete en word ingelei deur προφῆται δὲ, (“wat die profete betref”) terwyl 14:33b-35 gaan oor die vra van vrae as ‘n mens iets te wete wil kom (εἰ δέ τι μαθεῖν θέλουσιν). Hierdie drie sake moet (anders as in die Rapport voor die Sinode) op grond van die geïdentifiseerde struktuurmerkers (vgl 6.3.1) in die perikoop van mekaar onderskei word, onder meer ook om die volgende verdere redes.

6.4.1 Profesie en spreek in tale word vroeër in die hoofstuk duidelik deur Paulus van mekaar onderskei en word as verskillende gawes van die Gees aangedui wat elkeen sy eie plek en orde het (vgl 1 Kor 14:3-4). Op ‘n onwetenskaplike wyse het 14:27-28 (wat handel oor die spreek in tale) egter geen plek in die gedagtestruktuurontleding in die Rapport nie.

6.4.2 Die inleidende opmerking (14:26) dat tydens gemeentesamekomste *elkeen* gewoonlik ‘n bydrae het om te lewer, stel ‘n verskeidenheid van bydraes aan die orde (nie net profesieë nie) en skep duidelik ‘n konteks waarin dit gaan oor die vraag: Wanneer kan jy jou bydrae lewer en wanneer moet jy eerder stilbly.

Gevolglik word drie sulke situasies deur Paulus bespreek (spreek in tale [14:27-28], profesie [14:29-33a] en die geleentheid om vrae te vra [33b-35]).

6.4.3 Die vra van vrae tydens eredienste (aan profete) of as bespreking (in onderskeid van die profesieë self) was in die Joodse en Hellenistiese leefwêreld bekende praktyk (Boring, 1992:496) en is as indeling dus ook kultuurhistories verantwoordbaar.

6.5 Net soos die opdragte om te swyg in 14:28 (aan die persone wat in tale spreek) en 14:30 (aan die profete wat beurtelings moet praat) in die konteks van hierdie perikoop nie as absoluut beskou kan word nie (asof hierdie persone glad nooit in die samekomste mag praat nie), is dit eksegeties inkonsekwent om (soos in die eksegese voor die Sinode) te bevind dat die opdrag aan vroue om in die samekomste te swyg (14:34), absoluut bedoel is (Acta 2009:633, 637-638). Dit is meer geloofwaardig dat hier eerder 'n spesifieke soort swyg onder bepaalde omstandighede (die stel van vrae tydens 'n samekoms) bedoel word.

7. Beswaargrond 4: Die gedagtestruktuurontleding van 1 Timoteus 2:11-12 voldoen nie aan die vereistes van Gereformeerde eksegese nie en 'n heuristiese funksie word ongeldig en verkeerdelik daaraan toegeken

7.1 Volgens die selfgedefinieerde hermeneutiese vertrekpunte vir geldige Gereformeerde eksegese in die Rapport, "is dit nodig om 'n skerp onderskeid te maak tussen wat in die Bybel geskryf staan en die leser se verklaring daarvan" (Acta 2009:642).
Aan 'n gedagtestruktuurontleding en afleidings daaruit kan dus nie dieselfde heuristiese funksie as aan die Skrif self toegeken word nie, veral nie as dit as enigste bewys vir 'n bepaalde bevinding aangebied word en die geïdentifiseerde gedagtestruktuur en bevindings daarby tegnies en hermeneuties bevraagteken kan word nie.

7.2 Die eksegese voor die Sinode steun egter in sy verklaring van 1 Timoteus 2:11-12 en die verduideliking van die samehang van διδάσκειν ("om onderrig te gee") en αὐθεντεῖν ("om gesag uit te oefen") wel baie sterk (feitlik uitsluitlik) op ***'n semi-chiastiese (oorkruis-) patroon*** wat in die teks geïdentifiseer word (Acta 2009:241) en ken sodoende 'n heuristiese funksie daaraan toe. Daar word vanuit hierdie geïdentifiseerde gedagtestruktuur gekonkludeer: "*Dit blyk dus dat Paulus met die woorde οὐδὲ αὐθεντεῖν ἀνδρός beskryf wat vroue sal doen as hulle in die samekoms van die gemeente sou onderrig gee, naamlik dat hulle oor mans sou gesag uitoefen. Dit is daarom duidelik dat Paulus in 1 Timoteus 2 nie 'n algehele verbod plaas op gesagsuitoefening deur vroue in die besondere ampte nie. Vroue word in hierdie gedeelte spesifiek verbied om gesag uit te oefen deur die verkondiging van die Woord*" (Acta 2009:641-642). Hierdie konklusie staan sentraal in die Rapport (*Vrou slegs in diakendiens*) en word deurgaans gehandhaaf (ook in die finale gevolgtrekking en toepassing) (Acta 2009:650, 651).

7.3 Die bestaan van 'n chiastiese patroon in 1 Timoteus 2:11-12 word voorts allerweë bevraagteken. Thomas Schreiner ('n bekende teenstander van vroue in die besondere diens) sê: "I question whether there is a chiasm here, because then the idea of exercising authority should have preceded teaching" (2005:216). Onder diegene wat wel 'n chiastiese patroon in 2:11-12 identifiseer, is daar ook geen eenstemmigheid oor die omvang of rangskikking van die verskillende elemente van die chiasme nie. (Vgl byvoorbeeld Barnett [1989:228-229], Fung [1987:336, Voetnoot 186], Harris [1990:340], Moo [1980:64] en Witherington [1988:120] wat almal verskil.)

7.4 Die aanvaarde metodologiese stappe vir gedagtestruktuurontleding is ook nie gevolg in die identifisering van die semi-chiastiese (oorkruis) patroon nie. Volgens Coetzee (1988:27) is die eerste stap in die ontleding van 'n gedagtestruktuur die herskryf van die teks op sodanige wyse "dat net een werkwoordstuk op een reël voorkom". Hierdie stap is ooglopend nie in die eksegese voor die Sinode gevolg nie omdat γυνὴ ἐν ἡσυχίᾳ (vroue in stilte) en ἐν πάσῃ ὑποταγῇ (in alle onderdanigheid), wat as selfstandige elemente in die geïdentifiseerde chiasme dien (Acta 2009:641), nie werkwoordstukke is nie.

7.5 Die hermeneuse van die Rapport (Vrou slegs in diakendiens) strook verder ook nie met die skematiese voorstelling van die gedagtestruktuur-patroon wat geïdentifiseer is nie. Terwyl die chiastiese patroon wat in 2:11-12 geïdentifiseer is, skematies b (onderrig ontvang) aan b (nie onderrig gee nie) verbind, en c (onderdanigheid) aan c (nie gesagsposisie inneem nie) verbind, gaan die gepaardgaande verklaring (afleiding en interpretasie) van die struktuur van 'n ander verbinding uit, naamlik 'n verbinding tussen die eerste b-c patroon (onderrig ontvang in onderdanigheid), en 'n tweede b-c patroon (nie onderrig geen nie en nie gesagsposisie inneem nie) (Acta 2009:641-643). Die skematiese struktuur wat as bewys gebied word, ondersteun dus op geen wyse die verklaring wat daarmee saamgaan nie. Die implikasie is dat die verklaring en sy gevolgtrekkings (wat 'n sleutelrol in die finale gevolgtrekking van die rapport speel) in feite nie bewys is nie.

8. Beswaargrond 5: Die eksegese van 1 Timoteus 2:13-15 identifiseer die openbaringshistorise lyn verkeerd en in stryd met bestaande uitsprake deur 'n Sinode

8.1 Die eksegese voor die Sinode beweer (by herhaling) dat die verwysings na die volgorde van die skepping en die sondeval in 1 Timoteus 2:13-14 ***'n openbaringshistoriese lyn*** verteenwoordig (Acta 2009:642).

8.2 Volgens 'n erkende definisie is openbaringsgeskiedenis "die voortgang en ontwikkeling van die openbaring van God en sy handelinge in die geskiedenis" (Janse van Rensburg, 2011:203). In hierdie verband word openbaringsgeskiedenis ook getipeer as: "God se besondere optrede tot verlossing van die mens in Christus en die ontvouing van sy raadsplan in die geskiedenis wat gekenmerk word deur voortdurende groei tot 'n vervulling in die toekoms" (Helberg, 1985:9-12). Du Toit (1974:45) gebruik die treffende beeld van 'n roosknop wat oopgaan om openbaringsgeskiedenis te beskryf. Die konstatering van 'n bepaalde feitlike volgorde by die skepping en sondeval in 1 Timoteus 2:13-14 deur die eksegese voor die Sinode kan (binne bogenoemde definisies) egter nie as 'n openbaringshistoriese lyn verstaan word nie.

8.2.1 Daar is geen voortgang of ontwikkeling in die "lyn" wat in Genesis 2-3 en 1 Timoteus 2 aangedui word nie. Die roosknop het nie oopgegaan nie. Die Christologiese vervulling en ontvouing van God se raadsplan in die redding van die mens kom glad nie in die "lyn" wat deur die eksegese voor die Sinode (Vrou slegs in diakendiens) geïdentifiseer word, aan die orde nie. Volgens die eksegese voor die Sinode was daar dus géén ontwikkeling in hierdie opsig nie.

8.2.2 'n Ander openbaringshistoriese lyn is by 'n vroeëre Sinode geïdentifiseer en deur daardie Sinode goedgekeur. Ingevolge hiervan word erken: "In Christus breek daar vir die verloste vrou 'n nuwe bedeling aan en verwerklik die Here sy oorspronklike bedoeling met die man en vrou deur die beeld van God in die mens te herstel" (Acta 1988:519).

8.2.3 Die verheffing van 'n bepaalde volgorde in die skepping en sondeval tot "openbaringshistoriese lyn" deur die eksegese voor die Sinode, gee nie blyke of erkenning aan "die nuwe bedeling" wat vir die vrou aangebreek het nie en staan dus in wese teenoor die openbaringshistoriese lyn wat by Sinode 1988 geïdentifiseer en goedgekeur is.

8.2.4 Indien die volgorde van skepping en sondeval wel tot openbaringshistoriese lyn verhef word (soos in die eksegese voor die Sinode gebeur), kan die implikasies daarvan ook nie net (selektief) beperk word tot die erediens nie, maar raak dit God se openbaring oor die totale optrede en gedrag van die gelowige vrou in kerk en samelewing. Die ernstige en wesenlik onbybelse praktiese implikasies hiervan is ooglopend.

9. Beswaargrond 6: Die eksegese van 1 Timoteus 2:13-15 wat voor die Sinode dien (Vrou slegs in diakendiens), is atomisties en hou nie rekening met die *genre* van hierdie gedeelte nie

9.1 Die eksegese voor die Sinode hanteer die gedagte-eenheid wat die motivering vir Paulus se opdragte aan vroue bevat (1 Tim 2:13-15) nie as 'n eenheid nie, maar selekteer in sy argumente op atomistiese wyse net die verwysings na die Ou-Testamentiese skepping (1 Tim 2:13) en sondeval (1 Tim 2:14) van die vrou. Die verwysing na die vrou se Nuwe-Testamentiese verlossing ("redding") in 2:15, wat integraal deel van hierdie gedagte-eenheid is, en wat 'n bepaalde kontras stel (vgl σωθήσεται δὲ) deur perspektiewe op 'n nuwe bedeling (in Christus) vir die vrou te open, word in die eksegese voor die Sinode (*Vrou net in diakendiens*) geïgnoreer (Acta 2009:642-643).

9.2 Dit gebeur mede omdat die eksegese voor die Sinode (*Vrou slegs in diakendiens*) 1 Timoteus 2:13-15 *de facto* as prosa interpreteer, terwyl hierdie verse inderdaad 'n tipologie bevat, wat tipologies verstaan moet word.

9.2.1 Dit is nie vreemd dat Paulus (as opgeleide Rabbi) tipologie gebruik nie. Hy doen dit ook as hy na Adam as tipe van Christus verwys (Rom 5:12-21) en na die vrou as tipe van die kerk (Ef 5:21-33).

9.2.2 Selfs op sigwaarde is dit duidelik dat Paulus Adam en Eva in 1 Timoteus 2:13-15 as tipes vir die gelowige man en vrou gebruik. Dit is ook nie uitgesluit dat 'n verdere (geheel of gedeeltelike) tipologiese aanduiding van Christus (Adam) en die kerk (Eva/vrou) in hierdie verse teenwoordig is nie.

9.2.3 In onderskeid van prosa, wat ontologies verklaar word, moet 'n tipologie tipologies verklaar word. Dit beteken dat met 'n ontologiese verklaring die wesenlike werklikheid in fokus is, terwyl in 'n tipologiese verklaring 'n ander (aangeduide of toekomstige) werklikheid in fokus is. Die *futurum* σωθήσεται ("sal gered word") in 2:15 vind om begryplike redes nie in die ontologiese verklaring van die eksegese voor die Sinode 'n plek nie, terwyl dit wel in 'n tipologiese verklaring 'n plek sal hê as aangeduide toekomstige werklikheid (waarin die vrou/kerk/Eva gered [sal] word deur geboorte [van Jesus Christus], 'n werklikheid waarin sy dan volhard met geloof, liefde en toewyding).

10. Beswaargrond 7: Die eksegese lees 1 Korintiërs 14:26-40 nie in sy kultuurhistoriese konteks nie

10.1 Volgens die selfgedefinieerde hermeneutiese vertrekpunte wat in die Rapport uiteengesit word, moet geldige en geoorloofde eksegese 'n Skrifdeel binne sy kultuurhistoriese konteks verklaar (Acta 2009:606) en met verrekening van die huidige konteks toepas (Acta 2009:607). Die eksegese voor Sinode 2009 (*Vrou nie in leer- en regeerdiens*) maak egter 'n direkte oorgang van die "gemeentelike samekomste" in Korinte na die eredienste vandag, sonder om die beduidende verskille tussen dié twee kontekste te verreken[1].

10.2 Die eksegese voor die Sinode stel: "*Die sogenaamde swyggebod van 1 Korintiërs 14:34 hou duidelik verband met optrede tydens gemeentelike samekomste*" (Acta 2009:633) en maak die volgende gevolgtrekking: "*Dit beteken dat vroue nie tydens die gemeentelike samekomste as voorgangers van die gemeente mag optree, onder meer deur te bid of te preek nie. Hierdie verklaring, wat wyd in Gereformeerde kringe onderskryf word, hou in dat vroulike lidmate nie in kerklike eredienste die leiding mag neem deur voor te gaan in gebed of prediking nie*" (Acta 2009:633).

10.3 Om die volgende redes moet hierdie gevolgtrekking en toepassing bevraagteken word:

10.3.1 Die eerste-eeuse "gemeentesamekomste" het verskeie elemente bevat wat nie vandag deel van die "kerklike eredienste" is nie (Barnard, 1981:105-165):

[1] Die verskil tussen destydse samekomste en hedendaagse eredienste word wel erken (Acta 2009:637) maar nie verreken nie.

10.3.1.1 Die gemeente het in die samekomste informeel saam geëet en wyn gedrink (1 Kor 11:17-22).

10.3.1.2 Spontane optrede/deelname deur die teenwoordiges in die samekoms in die vorm van "'n psalm, 'n onderwysing, 'n openbaring, 'n ongewone taal of klank, 'n uitleg daarvan" is in die samekomste toegelaat (1 Kor 14:26).

10.3.1.3 Dialogiese preek/profesie-beoordeling met vrae en bespreking het tydens die samekoms plaasgevind (1 Kor 14:29).

10.3.1.4 Verkiesing/aanwys/uitstuur van ampsdraers het tydens gemeentesamekomste plaasgevind (Hand 15:22).

10.3.2 Ook die profesieë waarvan in 1 Korintiërs sprake is, kom nie vandag meer net so as 'n liturgiese element in Gereformeerde eredienste voor nie, en kan nie sonder meer met die prediking vandag vergelyk word nie. (Profesie word deur die Rapport voor die Sinode self gedefinieer as "'n openbaring wat iemand persoonlik ontvang en oorvertel" [Acta 2009:632]. Hedendaagse prediking staan eerder in nouer verband met "lering", wat in die Rapport as "die prediking van die woord van God" gedefinieer word [Acta 2009:632].)

10.3.3 Die beoordeling/bespreking van profesieë waarvan 1 Korintiërs 14 melding maak, is dus vandag op geen manier deel van die Gereformeerde erediens / gemeentesamekomste nie, en dit is nie geldig/geoorloof om voorskrifte in verband hiermee direk (net so) op hedendaagse prediking van toepassing te maak soos in die Rapport voor die Sinode gebeur (Acta 2009:633) nie.

11. Beswaargrond 8: Die eksegese van 1 Korintiërs 14:26-40 dra ongeoorloof die gedagte van "nie-amptelike" profesieë deur vroue in die teks in

11.1 In sy wese is Gereformeerde eksegese "uitleg" van die Skrif en moet daarteen gewaak word om gedagtes op 'n ongeldige wyse in die Skrif "in te lê".

11.2 Die eksegese voor die Sinode (*Vrou nie in die leer- en regeerdiens*) stel egter in 'n poging om 1 Korintiërs 11 en 1 Korintiërs 14 te harmonieer: "*Hierdie verklaring sluit nie die moontlikheid uit dat vroue destyds profesieë van openbarings wat hulle ontvang het, spontaan en nie-amptelik in die samekomste kon uitspreek nie*" (Acta 2009:633). Die onderskeid "amptelike/nie-amptelike" profesieë word ook verder in Rapport gebruik (Acta 2009:634).

11.3 Om die volgende redes moet die beskrywing van vroue se profesieë as "nie-amptelik" as ongeldige eksegese beskou word:

11.3.1 Daar is geen aanduiding in 1 Korintiërs 11:5,13 of 1 Korintiërs 14:29-35 (of in die res van die Skrif) dat die profesieë deur vroue as minder "amptelik" as die profesieë van mans beskou is nie.

11.3.2 Die voorrang wat profesieë in die samekomste moet geniet, en goeie orde waarmee dit in die formele gemeentelike samekomste moet plaasvind, word duidelik deur Paulus onderstreep (1 Kor 14:1,5, 29-33). In die konteks van die perikoop dra geen profesie dus 'n "nie-amptelike" karakter nie.

11.3.3 Profesieë word in 1 Korintiërs 14:6 deur Paulus op dieselfde vlak (ewe-amptelik) as "kennis" (γνώσει), "lering" (διδαχῇ) en "openbaring" (ἀποκαλύψει) hanteer. Terwyl "onderwysing" (διδαχὴν) en "openbaring" (ἀποκάλυψιν) op hulle beurt weer in 1 Korintiërs 14:26 op dieselfde vlak as "'n psalm" (ψαλμὸν), "'n ongewone taal of klank" (γλῶσσαν) of "'n uitleg daarvan" (ἑρμηνείαν) hanteer word.

11.3.4 Die feit dat bogenoemde bydraes tot die samekomste (openbaring en lering ingesluit) volgens 1 Korintiërs 14:26 deur "elkeen" (ἕκαστος) hanteer kon word, spreek ook teen die gedagte dat lering in teenstelling tot profesieë amptelik was.

12. Beswaargrond 9: Die standpunt dat die swyggebod in 1 Korintiërs 14:34 betrekking het op die beoordeling van profesieë deur vroue, is eksegeties onhoudbaar

12.1 Die eksegese voor die Sinode (*Vrou nie in die leer- of regeerdiens*) stel: "*Dit blyk egter dat die "swyggebod" van 1 Kor 14:34 ook die beoordelings van profesieë behels*" (Acta 2009:634) en: "*almal mag profeteer, maar net sekeres mag beoordeel*" (Acta 2009:635).

12.2 Hierdie interpretasie is strydig met 14:29 wat aandui dat diegene wat die profesieë moet beoordeel, "die ander" (οἱ ἄλλοι) is. Daar is baie sterk aanduidings dat hierdie "die ander" as "almal" of "die res van die gemeente" verstaan moet word:

12.2.1 "Die ander" (οἱ ἄλλοι) in 14:29 hou verband met Paulus se drievoudige gebruik van die inklusiewe begrip "almal" (πάντες) in 14:31. Hy verseker die gemeente dat almal kan profeteer en sodat almal kan verstaan en almal bemoedig kan word. Hy moedig die hele gemeente ook in 14:1 aan om hulle almal op profesie toe te lê en voorsien in 14:24 'n situasie waar 'n ongelowige of buitstaander die gemeente binnekom en vind dat almal profeteer. In so 'n retoriese situasie word "die ander" duidelik bedoel as "die res van die gemeente" (dié wat nie op daardie stadium profeteer nie).

12.2.2 In 14:37 nooi Paulus ook "enigeen" (τις) (wat dink dat hulle 'n profeet of 'n ander gawe van die Gees besit) uit om sy eie uitsprake te beoordeel.

12.2.3 Die opdrag om profesieë te toets, word in 1 Tessalonisense 5:21 as deel van die algemene opdragte aan die hele gemeente gestel.

12.2.4 Ook in 1 Johannes 4:1 word die opdrag om profesieë te beoordeel aan al "die geliefdes" gegee.

12.2.5 Op geen ander plek in die Skrif word geleer dat die beoordeling van profesieë 'n eksklusiewe kerkraad(ouderling)funksie is, soos beweer word (Acta 2009:637), nie.

13. Beswaargrond 10: Die eksegese oor 1 Korintiërs 14:26-40 leer verkeerdelik en op 'n inkonsekwente wyse die universele hoofskap van alle mans oor alle vroue

13.1 Die eksegese voor die Sinode (*Vrou nie in die leer- en regeerdiens*) stel in sy eksegese van 1 Korintiërs 14:26-40: "*By gemeentelike samekomste word vroue, as gevolg van die onderdanigheid wat hulle aan hulle mans verskuldig is, nie toegelaat om te praat nie maar moet hulle swyg*" (Acta 2009:633). Duidelik word hier bevind dat onderdanigheid van die getroude vrou teenoor haar eie man hier ter sprake is.

13.2 In samevattende formulering van die eksegese word hierdie bevinding egter verander na: "*God het aan vroulike lidmate (ongekwalifiseerd) in die kerk 'n besliste opdrag tot onderdanigheid gegee, naamlik dat sy erkenning moet gee aan die man se hoofskap* **...**" (Acta 2009:637). Ook onder die gevolgtrekking en toepassing van die eksegese word gepraat van "*vroulike lidmate*" en "*vroue*" in die algemeen (Acta 2009:637-638).

13.3 Die verskuiwing wat in bogenoemde uitsprake na vore kom (van onderdanigheid aan "haar man" - na onderdanigheid aan "alle mans") is 'n wesenlike verandering en kan nie vanuit die gegewe Skrifdeel (1 Kor 14:26-40) gemotiveer word nie.

13.4 Die universele hoofskap van alle mans oor alle vroue word ook nêrens in die res van die Skrif geleer nie (Acta 2009:631).

13.5 Indien "die skeppings(volg)-orde" gebruik word om die hoofskap van alle mans oor alle vroue te motiveer (soos in die eksegese van 1 Tim 2:8-15 gebeur [Acta 2009:642]) is die onvermydelike (en on-Skriftuurlike) implikasie dat alle vroue (as gevolg van die manier waarop hulle geskape is) aan alle (selfs ook ongelowige) mans onderdanig moet wees. So 'n standpunt het vêrreikende (en onbybelse) implikasies vir vroue se rol in die samelewing vandag, en sou in praktyk beteken dat Christen-vroue dieselfde samelewings-beperkings opgelê word as wat vir Moslem-vroue geld.

14. Slot

Dit is (in die lig van bostaande besware) ons oortuiging dat die eksegese in die Rapport voor die 2009-Sinode (ingevolge waarvan plaaslike kerke daarvan weerhou word om vroulike lidmate wat oor die nodige gawes en kwalifikasies beskik, as ouderlinge en predikante te beroep) op sleutelpunte in só 'n mate onwetenskaplik en (binne die reëls van die Gereformeerde hermeneutiek) ongeoorloof/onhoudbaar is, dat geldige en bindende afleidings (in die Naam van die Here) nie met sekerheid daaruit gemaak, en lidmate en kerke se gewetens gevolglik daardeur gebind kan word nie.

BRONNELYS

ACTA van die drie en veertigste Nasionale Sinode. 1988. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

ACTA van die vyftigste Nasionale Sinode en tiende Sinode Middellande in die eerste Algemene Sinode. 2009. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

BALDWIN, H.S. 2005. An important word: Αὐθεντεῖν in 1 Timothy 2:12. (*In:* Köstenberger, AJ. & Schreiner, TR. *eds.* Women in the Church. Grand Rapids : Baker. p. 39-52.)

BARNARD, A. 1981. Die erediens. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

BARNETT, P.W. 1989. Wives and Woman's ministry (1 Timothy 2:11-15). *Evangelical Quarterly*, 61:225-238.

BORING, M.E. 1992, Prophecy (Early Christian). (*In:* Freedman, D.N. *ed.* Anchor Bible Dictionary. New York : Doubleday. p. 495-502.)

COETZEE, J.C. 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksegese van die Heilige Skrifte. (*In:* Coetzee, J.C. *red.* Koninkryk, Gees en Woord. Huldigingsbundel aangebied aan Prof Dr Lambertus Floor. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 19-37.)

DU TOIT, S. 1974. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Potcehefstroom : Pro Rege Pers.

FUNG, R.Y.K. 1987. Ministry in the New Testament. (*In*: Carson, D.A. *red*. The church in the Bible and the world. Grand Rapids : Baker. p. 154-212.)

HARRIS, T.J. 1990. Why did Paul mention Eve's deception? A Critique of PW Barnett's interpretation of 1 Timothy 2. *Evangelical Quaterley*, 62:335-352.

HELBERG, J.L. 1985. Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament. Inleiding. Th. B. gids. Potchefstroom : PU vir CHO.

JANSE VAN RENSBURG, F. 2011. *red.* Preekgeboorte. Van eksegese tot preek. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

KÖSTENBERGER, A.J. 1995. A complex sentence structure in 1 Timothy 2:12 (*In:* Köstenberger, A.J. & Baldwin, H.S. *eds.* Women in Church: A fresh analysis of 1 Timothy 2:9-15. Michigan : Baker Books. p. 81-104.)

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol. 1 & 2. Cape Town : Bible Society of South Africa.

MOO, D.J. 1980. 1 Timothy 2:11-15: Meaning and significance. *Trinity Journal,* 1:198-222.

SCHREINER, T.R. 2005. An interpretation of 1 Timothy 2:9-15. A dialogue with scholarship. (*In:* Köstenberger, AJ. & Schreiner, TR. *eds.* Women in the Church. Grand Rapids : Baker. p. 85-120.)

VAN TILBORG, S. 1996. Reading John in Ephesus. Leiden : Brill.

WITHERINGTON, B. 1988. Women in the earliest churches. Society of New Testament Studies Monograph Series 59. Cambridge : Cambridge University Press.

F. KOMMISSIERAPPORT BESWAARGRONDE OOR 1 TIMOTEUS 2 – MINDERHEIDSRAPPORT

1. Opdrag

1.1 Beoordeling van die volgende beswaargronde:

1.1.1 Beswaarskrif GK Krugersdorp 2015 (21.5): Beswaargronde 1, 2, 4, 5, 6.

1.1.2 Beswaargrond 5 van GK Krugersdorp (2015) is deur 'n afspraak met die *Kommissie Openbaringshistoriese gronde* deur hulle hanteer.

Besluit: Punte 1.1.1 en 1.1.2 kennis geneem.

2. Sake ter kennisname

2.1 Al die tersaaklike Beswaarskrifte is deurgewerk en bespreek.

2.2 Verskeie persone het voortdurend deelgeneem aan die Kommissie se werksaamhede, terwyl andere op 'n ad hoc basis toeligting aan die Kommissie gegee het.

2.3 Daar is uiteindelik by 'n punt gekom dat die lede van die Kommissie in twee groepe verdeel het, om die Meerderheids- en Minderheidsrapporte te kon saamstel.

2.4 Spesifiek ten opsigte van die Minderheidsrapport word gestel dat die tydsdruk daartoe gelei het dat nie alle punte waar verskil word, hanteer is nie, maar wel die twee belangrike beswaargronde in die beswaar van GK Krugersdorp (2015) soos hieronder aangedui.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4 kennis geneem.

3. (21.2) GK Krugersdorp 2015: *Beoordeling van beswaargrond 1*

3.1 *Bewering deur Beswaarskrif*

Die Beswaarskrif beweer dat die eksegese en gevolgtrekkings in die Rapport van 2009 in stryd is met dit wat volgens die Griekse grammatika en getuienis van die teks toelaatbaar is.

3.2 *Beredenering deur Beswaarskrif*

3.2.1 Die beswaargrond fokus op die betekenis van die woorde "*Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie"* (1 Tim 2:12).

3.2.2 Spesifiek fokus die beswaargrond oor die verhouding tussen die frase "*nié om onderrig te gee"* en die frase *"of om te heers nie"*.

3.2.3 **Die Beswaarskrif stel eerstens** dat Sinode 2009 die begrip *om onderrig te gee* gebruik om die begrip *om gesag uit te oefen* te verklaar wanneer Sinode 2009 stel:
Dit blyk dus dat Paulus met die woorde οὐδὲ αὐθεντεῖν ἀνδρός beskryf wat vroue sal doen as hulle in die samekoms van die gemeente sou onderrig gee, <u>naamlik</u> dat hulle oor mans sou gesag uitoefen.

3.2.3.1 Die Beswaarskrif beweer dat sodanige verstaan – naamlik dat een begrip die ander begrip verklaar en dus aan die ander begrip ondergeskik is – volgens die Griekse grammatika nie moontlik is nie wanneer die begrippe deur die voegwoord *en ook nie* (οὐδέ) met mekaar verbind word.

3.2.3.2 Die Beswaarskrif gebruik as bewys hiervoor die studie van Köstenberger wat – volgens die Beswaarskrif – stel dat *en ook nie* **konsekwent neweskikkend** gebruik word.

3.2.3.3 Die Beswaarskrif beweer verder dat Paulus – volgens Sinode 2009:641-643 – net een aksie verbied, naamlik gesagsuitoefening oor mans deur Woordverkondiging.

3.2.3.4 Uiteindelik beweer die Beswaarskrif dat Sinode 2009 juis hier fouteer deur te stel dat Paulus net een aktiwiteit verbied, in plaas daarvan om te besef dat twee aktiwiteite (sowel onderrig as gesagsuitoefening) deur Paulus verbied word.

3.2.4 Die Beswaarskrif stel **tweedens** dat Sinode 2009 verskillende inherente waardes aan die begrippe *om onderrig te gee* en *om gesag uit te oefen* toeken, juis wanneer gestel word:
***... dit daarom duidelik is** dat 1 Timoteus 2 nie 'n algehele verbod op gesagsuitoefening deur vroue bevat nie, maar slegs 'n verbod op gesagsuitoefening deur die verkondiging van die Woord.*

3.2.4.1 Die Beswaarskrif stel naamlik dat met hierdie uitspraak van Sinode 2009 die aktiwiteit *Woordonderrig deur vroue* as ontoelaatbaar beskou word, terwyl die aktiwiteit *gesagsuitoefening deur vroue* as toelaatbaar gesien word.

3.2.4.2 Die Beswaarskrif beweer egter dat sodanige verstaan – naamlik dat een aktiwiteit negatief en die ander positief is – volgens die Griekse grammatika nie moontlik is nie wanneer die twee aktiwiteite deel is van 'n *nie – en ook nie* konstruksie.

3.2.4.3 Die Beswaarskrif gebruik as bewys hiervoor weer die studie van Köstenberger wat – volgens die Beswaarskrif – stel dat die twee aktiwiteite in die *nie – en ook nie* – konstruksie dieselfde inherente waarde behoort te hê – beide positief of beide negatief.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.2.4.3 kennis geneem.

3.3 *Beoordeling van beswaargrond*

3.3.1 Die Beswaarskrif is korrek om te stel dat die begrip *om onderrig te gee* deur Sinode 2009 gebruik word om die begrip *om gesag uit te oefen* te verklaar. Die Rapport stel immers self onder andere:

*In die tweede b-c patroon word die onderrig (διδάσκειν) wat gegee word ook **nader omskryf** deur "nie gesagsposisisie inneem nie" (Acta 2009:653, 10.9.4.3.b)*

3.3.2 Die Beswaarskrif is korrek wanneer dit stel dat Paulus – volgens die Rapport van Sinode 2009 – net een aksie verbied. Sinode 2009:651 het naamlik pertinent gestel (10.9.6b):
*Die opdragte in 1 Timoteus 2 aangaande die vrou in die erediens het spesifiek betrekking op die bediening van gesag **deur** Woordverkondiging en nie op die bediening van gesag in die algemeen nie.*

3.3.3 Die Beswaarskrif is verder korrek wanneer dit stel dat in die Griekse grammatika *en ook nie* konsekwent neweskikkend gebruik word. Köstenberger stel naamlik in sy studie (beklemtoning deur Kommissie):
*οὐδὲ functions not as a subordinating **but as a coordinating** conjunction. (2005:66)*
*Thus, 1 Timothy 2:12 is is an instance of the first pattern, in which the exercise of **two** is prohibited ... (2005:66)*
*Kenner concurs that the contention of **the present essay** is "probably correct that "have authority" should be read as **coordinate** with teach rather than as subordinate (2005:82).*

3.3.4 Waar die begrippe *om onderrig te gee* en *om te heers* dus koördinerend gebruik word (4.3.3), kan nie gestel word dat net een aksie verbied word nie (4.3.1 en 4.3.2) en is die Beswaarskrif korrek om te stel dat die Rapport van 2009 op hierdie punt in stryd is met die Griekse grammatika.

3.3.5 Die ***tweede motivering van hierdie beswaargrond*** (4.2.4) fokus op die volgende grammatiese reël:
*Wanneer twee aktiwiteite met die **nie – en ook nie** konstruksie aan mekaar verbind word, is hierdie twee aktiwiteite of **albei** inherent positief of **albei** inherent negatief.*
Daarmee word beide dan verbied – of omdat die positiewe aktiwiteite in sekere situasies nie van pas is nie of omdat die negatiewe aktiwiteite vanselfsprekend nie gepas is nie.

3.3.6 Die Beswaarskrif is korrek om af te lei dat Sinode 2009 verskillende waardes aan *om onderrig te gee* en aan *om gesag uit te oefen* toegeken het. Indien Sinode 2009 naamlik 'n positiewe inherente waarde aan beide *om onderrig te gee* en *om gesag uit te oefen* toegeken het, moes, volgens die betrokke grammatiese reël beide die *onderrig gee* en die *gesag uitoefen* ontoelaatbaar geword het toe die spesifieke situasie (dat vroue die aksies uitvoer in die erediens) daarop toegepas is.

3.3.7 Sinode 2009 stel egter in die volgende gevolgtrekking dat wanneer die spesifieke situasie (dat vroue die aksies uitvoer in die erediens) na vore kom, een aktiwiteit wel toelaatbaar is (*om gesag uit te oefen*), terwyl die ander aktiwiteit nie toelaatbaar is nie (*om te leer*):
Die opdragte in 1 Timoteus 2 aangaande die vrou in die erediens het spesifiek betrekking op die bediening van gesag deur Woordverkondiging en nie op die bediening van gesag in die algemeen nie. Hierdie opdragte kan nie van toepassing gemaak word op die bediening van Christus se gesag in die diens van barmhartigheid nie.

3.3.8 In die lig van die grammatiese reël (4.3.5), die Sinode se teenoorstaande hantering van die toelaatbaarheid van die twee begrippe *om te leer* en *om gesag uit te oefen* (4.3.7) en die korrekte afleiding wat die Beswaarskrif hieroor maak rondom die inherente waarde wat deur die Sinode aan die twee begrippe toegeken word (4.3.6) is die Beswaarskrif korrek om te stel dat die Rapport van 2009 op hierdie punt in stryd is met die Griekse grammatika.

Besluit: Punte 3.3 tot 3.3.8 kennis geneem.

3.4 *Bevinding oor beswaargrond*

3.4.1 Die grondliggende saak in hierdie beswaargrond is die vraag of Sinode 2009 in die verklaring van die frase *Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie* (1 Tim 2:12) getrou gebly het aan dit wat volgens die Griekse grammatika en die getuienis in die teks toelaatbaar is.

3.4.2 Die Beswaarskrif het genoegsaam aangetoon dat die naderverklarende gebruik van die begrippe *om onderrig te gee* en *om te heers* grammaties onhoudbaar is, aangesien die verbinding van die begrippe deur die voegwoord *en ook nie* (*οὐδέ*) **konsekwent neweskikkend** verstaan moet word.

3.4.3 Die Beswaarskrif het ook genoegsaam aangetoon dat die teenoorstaande aarde wat aan die twee begrippe *om te leer* en *om gesag uit te oefen* toegeken is, grammaties onhoudbaar is wanneer die twee aktiwiteite deel is van 'n *nie – en ook nie* konstruksie.

Besluit: Punte 3.4.1 tot 3.4.3 kennis geneem.

3.5 *Aanbeveling*

3.5.1 Die beswaargrond slaag.

Besluit: Aanbeveling afgekeur.

4. (21.2) GK Krugersdorp 2015: *Beoordeling van beswaargrond 2*

4.1 *Bewering deur Beswaarskrif*

Die Beswaarskrif beweer in beswaargrond 2 dat die voorskrifte aan vroue in 1 Timoteus 2:9-15 verkeerdelik as voorskrifte wat op die erediens fokus, beskou word.

Besluit: Kennis geneem.

4.2 *Beredenering deur Beswaarskrif*

4.2.1 Die Beswaarskrif verwys eers na Sinode 2009 se uitspraak dat die voorskrifte in 1 Timoteus 2:9-15 op ***optrede in gemeentelike samekomste*** betrekking het en gee dan twee bevindings van Sinode 2009 waarin gestel word dat die opdragte in 1 Timoteus 2 *op die erediens* betrekking het.

4.2.2 Die Beswaarskrif stel verder dat hierdie bevinding dat 1 Timoteus 2:8-15 oor die erediens gaan, absoluut sentraal staan in die besluit van Sinode 2009.

4.2.3 Die Beswaarskrif stel dat die woorde *samekoms* (1 Tim 2:8) en *erediens* (1 Tim 2:11) nie in die Griekse teks van die Nuwe Testament voorkom nie en dus invoegings is op grond van die interpretasie van die vertalers.

4.2.4 Die Beswaarskrif beweer dat die breër perikoop (1 Tim 2:1-3:16) deur 'n *inclusio* omraam word waarin die fokus val op die redding van alle mense in die samelewing en dat gevolglik die samelewing en nie die erediens nie in hierdie gedagte-eenheid in die oog is.

4.2.5 Die Beswaarskrif beweer verder dat 1 Timoteus 2:8 deur die verbindingswoord *dus* met die voorafgaande gedeelte en spesifiek met die *rustige en stil lewe (in die samelewing)* verbind word en daarom ook die lewe in die algemene samelewing en nie in die erediens nie direk in fokus bring.

4.2.6 Die Beswaarskrif fokus ook op die betekenis van die woorde ἐν παντὶ τόπῳ in 1 Timoteus 2:8 en stel dat dit eerder as *in elke plek* en nié as *by elke erediens* nie vertaal behoort te word.

4.2.7 Die Beswaarskrif beweer verder dat die voorskrifte aan die vroue in 1 Timoteus 2:9-13 nie (net) op die erediens betrekking het nie.

4.2.8 Die Beswaarskrif beweer ook dat die motiverings vir die opdragte (soos dit in 1 Timoteus 2:13-15 na vore kom) op vroue se hele lewe betrekking het en nie spesifiek op hul rol in die erediens nie.

4.2.9 Die Beswaarskrif wys ook daarop dat die voorvereistes vir ouderlinge of diakens in die breër perikoop handel oor die tipe persoon wat hulle (in die samelewing) behoort te wees en nie oor wat hulle (in die erediens) moet doen nie.

Besluit: Punte 4.2.1 tot 4.2.9 kennis geneem.

4.3 *Beoordeling van beswaargrond*

4.3.1 Die Beswaarskrif is korrek dat in die uitdrukking in die 1983-vertaling (*by elke plek van samekoms*) die woord *samekoms* nié in 2:8 in die grondteks staan nie. Al woorde wat in 2:8 in die Griekse teks voorkom, is die woorde op elke plek (ἐν παντὶ τόπῳ). Gevolglik verwys die 1933/53-vertaling ook net na *op elke plek*. Die Griekse teks self dui dus nié aan dat dit hier om die erediens gaan nie.

4.3.2 Eweneens is die Beswaarskrif korrek dat in 2:11 die woorde in die 1983-vertaling (*in die erediens)*, nie in die grondteks staan nie – en daarom ook nie in die 1933/53-vertaling voorkom nie. Ook hier dui die Griekse teks self dus nié aan dat dit hier om die erediens gaan nie.

4.3.3 Die Beswaarskrif wys tereg op die *inclusio* wat 1 Timoteus 2:1–3:16 omraam en wat die gelowiges oproep om op 'n sekere manier in die samelewing te leef sodat die redding van die mense in die samelewing bevorder kan word. Alhoewel die inclusio nie kan impliseer dat in hierdie perikoop nié ook op optrede in die erediens gefokus kan word nie, wys dit wel dat die Beswaarskrif tereg stel dat uiteindelik die samelewing en nie die erediens nie, die fokuspunt van hierdie perikoop is.

4.3.4 Die Beswaarskrif is korrek om te wys op die sterk verbintenis tussen 1 Timoteus 2:8 en die voorafgaande 1 Timoteus 2:1-7 deur die verbindingswoord *dus* (οὖν). Dat daar dus 'n verband tussen die *gebede op elke plek* en die gebede ter wille van die samelewing is, kan nie ontken word nie. Gevolglik is die Beswaarskrif korrek om te stel dat die lewe in die samelewing hiermee in fokus kom. Tog kan uit die verbinding op sigself nie afgelei word dat die aksie van gebed wat hier in fokus is, nie tydens die eredienste plaasvind nie. Gevolglik gaan die Beswaarskrif se bewoording te ver wanneer gestel word dat uit die gebruik van die *dus* afgelei kan word dat nie die erediens direk in fokus is nie.

4.3.5 Ten opsigte van die betekenis van die woorde ἐν παντὶ τόπῳ (in elke plek) die volgende:

4.3.5.1 Die Beswaarskrif is korrek wanneer dit beklemtoon dat die woorde ἐν παντὶ τόπῳ nie opsigself as by elke erediens vertaal kan word nie.

4.3.5.2 Die Beswaarskrif is ook korrek wanneer dit daarop wys dat die woorde op drie ander plekke gebruik word ... en dat dit daar dan nie na die gemeentelike samekomste verwys nie, maar wel na lokaliteite in die wêreld.

4.3.5.3 Die Beswaarskrif wys ook tereg daarop dat daar op verskeie plekke gebid is en dat daar dus nie sonder meer gesê kan word dat dit hier net om die eredienste gaan nie.

4.3.5.4 Die Beswaarskrif is verder reg dat die gedrag (sonder toorn en twis) ook gedrag van die Christene in die algemene samelewing kan aandui, maar gaan te ver om daaruit af te lei dat dit nie ook op gedrag tydens die erediens kan dui nie.

4.3.5.5 Met die Beswaarskrif se beredenering is dit egter wel voldoende bewys (vgl 5.3.5.1–5.3.5.4) dat die begrip ἐν παντὶ τόπῳ nié noodwendig na die gemeentelike samekomste verwys nie en dat gevolglik nie kategories gestel kan word dat 1 Timoteus 2:8 na voorskrifte vir die lewe van die Christenmans **net tydens eredienste** verwys nie.

4.3.6 Ten opsigte van die vraag of die voorskrifte aan die vroue (1 Timoteus 2:9-12) op hul eie 'n spesifiek kultiese gerigtheid het, die volgende:

4.3.6.1 Die Beswaarskrif bewys genoegsaam vir elkeen van die voorskrifte aan die vroue dat die optrede waartoe die Christenvroue opgeroep word, nie net tot die erediens beperk kan word nie.

4.3.6.2 Die Beswaarskrif is dus reg dat uit die opdragte **op sigself** nie afgelei kan word dat die opdragte gerig is op optrede **spesifiek** in die erediens nie.

4.3.7 Ten opsigte van die vraag of die motiverings van die voorskrifte aan die vroue (1 Timoteus 2:13-15) die volgende:

4.3.7.1 Die Beswaarskrif bewys genoegsaam vir elkeen van die motiverings vir die voorskrifte aan die vroue dat die motiverings die vroue se hele lewe raak en nie net tot die erediens beperk kan word nie.

4.3.7.2 Die Beswaarskrif is dus reg dat uit die motiverings **op sigself** nie afgelei kan word dat die voorskrifte aan vroue in 1 Timoteus **spesifiek** op die erediens gefokus is nie.

4.3.8 In die Beswaarskrif se verwysing na die verdere voorvereistes vir ouderlinge en diakens word gefouteer wanneer gestel word dat dit glad nie gaan oor wat die ouderling of diaken (in die erediens) moet kan doen nie, maar veral oor watter persoon hulle (in die samelewing) moet wees. Alleen al die vereiste dat die ouderling bekwaam moet wees om te kan onderrig, raak wél die ouderling se optrede in die gemeente. Hierdie motivering is dus nie geldig nie.

Besluit: Punte 4.3.1 tot 4.3.8 kennis geneem.

4.4 *Bevinding oor beswaargrond*

4.4.1 Die grondliggende saak in hierdie beswaargrond is die vraag of die bevinding deur Sinode 2009 dat die voorskrifte in 1 Timoteus 2:8-15 *na optrede in gemeentelike samekomste (in die erediens)* verwys, korrek is. Sinode 2009 stel immers dat die voorskrifte aandui hoe die gemeente se optrede op *elke plek* moet wees en sê uiteindelik dat dit in hedendaagse terme op *elke erediens* dui (Acta, 2009:640).

4.4.2 Daar moet dus deur die Beswaarskrif **bewys** word dat die voorskrifte in hierdie perikoop **nié noodwendig** na optredes tydens eredienste verwys nie.

4.4.3 Die Beswaarskrif het absoluut aangetoon dat **die Griekse teks nie gebruik kan word** om te sê dat 1 Timoteus 2:8-15 noodwendig voorskrifte gee wat op die erediens fokus nie (5.3.1-5.3.2).

4.4.4 Die Beswaarskrif het genoegsaam aangetoon dat **die sintaksis en struktuur van 1 Timoteus 2 nie gebruik kan word** om te sê dat 1 Timoteus 2:8-15 noodwendig voorskrifte gee wat op die erediens fokus nie (5.3.3-5.3.4).

4.4.5 Die Beswaarskrif het genoegsaam aangetoon dat **die inhoud van 1 Timoteus 2 nie gebruik kan word** om te sê dat 1 Timoteus 2:8-15 noodwendig voorskrifte gee wat op die erediens fokus nie (5.3.5-5.3.7).

Besluit: Punte 4.4.1 tot 4.4.5 kennis geneem.

4.5 *Aanbeveling*

4.5.1 Die beswaargrond slaag.

Besluit: Aanbeveling afgekeur.

G. KOMMISSIERAPPORT BESWAARGRONDE OOR 1 TIMOTEUS 2 – MEERDERHEIDSRAPPORT

1. Opdrag

Adviseer die Sinode oor die Beswaarskrif van GK Krugersdorp mbt 1 Timoteus.

Besluit: Kennis geneem.

2. Inleidende opmerkings

Die beswaardes beweer dat hulle met die Beswaarskrif sleutelpunte van die eksegese in die 2009-Rapport weerlê (3.3 en 3.4 van die Beswaarskrif). Dit blyk egter dat die "sleutelpunte" wat in die Beswaarskrif uitgewys en betwis word, nie werklik in die 2009-Rapport sleutelpunte is nie. Weliswaar staan die eksegese van 1 Timoteus 2 en 1 Korintiërs 14 sentraal in die eksegese-deel van die Rapport, maar die aspekte daarvan wat in die Beswaarskrif opgeneem en bevraagteken word, gaan oor 'n aantal detail-aspekte van die eksegese wat nie werklik die kern van die Rapport raak nie. Die eintlike sleutelpunte van die eksegese-deel – waarby die Beswaarskrif verbystuur – is sake soos:

- Vroue word iets verbied wat mans nie verbied word nie (1 Kor 14 en 1 Tim 2);
- Die verbod behels nie blote reglementering nie maar dit raak die funksionering van man en vrou ten opsigte van mekaar (1 Kor 14);
- Dit wat verbied word, is nie willekeurig nie maar het te doen met die leer- en regeerfunksie(s) in die kerk (1 Tim 2);

- Die motivering wat in die Skrif vir hierdie beperking op die vroue gegee word, is nie tydelike en kultuurgebonde kwessies nie, maar die onveranderlike en betekenisvolle handeling van God by die skepping (1 Tim 2), en die onveranderbare en gevolgryke historiese gebeure by die sondeval (1 Tim 2), asook aspekte van die wet (Ou Testamentiese geopenbaarde wil van God) wat nog steeds vir die Nuwe Testamentiese kerke geld (1 Kor 14).

Nie een van bogenoemde sleutelpunte van die eksegese in die Rapport word deur die Beswaarskrif opgeneem en weerlê nie.

Besluit: Kennis geneem.

3. Beoordeling van beswaargronde

Beswaargrond 1 (p325)

3.1 *Bewerings deur beswaardes in beswaargrond 1*

Die Beswaarskrif beweer dat die bevinding in die 2009-Rapport se eksegese van 1 Timoteus 2:12, naamlik dat vroue *deur die verkondiging van die Woord* (διδάσκειν, "om onderrig te gee") in die gemeente gesag uitoefen (αὐθεντεῖν, "om gesag uit te oefen"), op ontoelaatbare interpretasie berus. As motivering hiervoor beroep die Beswaarskrif hom op die 1995-artikel van Köstenberger waarin hulle meen dat hy bewys dat die voegwoord οὐδὲ ("en [ook] nie"), waarmee die twee infinitiewe in vers 12 verbind word, in die Griekse taal konsekwent en sonder uitsondering altyd as neweskikkende voegwoord funksioneer. As bewysplaas verwys die Beswaarskrif na Köstenberger (1995:81-103). Daarom, sê hulle, toon die twee infinitiewe (διδάσκειν, "om onderrig te gee") en (αὐθεντεῖν, "om gesag uit te oefen") twee afsonderlike handelinge aan, wat selfstandig en naas mekaar deur Paulus verbied word en dat die een nie aan die ander ondergeskik beskou mag word nie.

Op grond hiervan beweer die Beswaarskrif dat vers 12 in die 2009-Sinoderapport nie geldig verklaar word waar dit bevind dat vroue <u>deur onderrig te gee</u> oor mans gesag uit te oefen nie.

Verder word in die Beswaarskrif beweer (en weer voer die Beswaarskrif Köstenberger, 1995:53-84, as bewysplaas aan) dat die twee konsepte wat deur die voegwoord οὐδὲ aan mekaar verbind word, beide 'n inherente negatiewe waarde moet hê, óf beide 'n inherent positiewe waarde. Volgens die Beswaarskrif kan daar nie 'n ontoelaatbare saak ("nie onderrig gee nie") aan 'n toelaatbare saak ("gesag uitoefen") verbind word, soos dit in die 2009-Sinoderapport gedoen word nie.

Die Beswaarskrif meen dat vers 12 korrek weergegee moet word met: "Ek laat 'n vrou nie toe om onderrig te gee <u>of</u> om oor 'n man gesag uit te oefen nie ...".

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Beoordeling*

3.2.1 Die beswaardes beweer in 4.3 van die Beswaarskrif dat die begrippe "onderrig gee" en "gesag uitoefen" in 1 Tim 2:12 twee selfstandige begrippe is waarin die een nie aan die ander ondergeskik is nie. As getuienis hiervoor gebruik hulle Köstenberger (1995:81-103) se stelling dat die voegwoord οὐδὲ ("en [ook] nie") in die Griekse taal konsekwent en sonder uitsondering altyd as neweskikkende voegwoord funksioneer. Die beswaargrond sê: "Volgens die grammaties-korrekte verstaan van die Skrifdeel word beide aktiwiteite (sowel onderrig as gesagsuitoefening) selfstandig en naas mekaar in sy geheel deur Paulus verbied." Daarom, beweer die beswaardes, is die 2009-Rapport se verstaan van vers 12 nie geldig nie, nl. "dat vroue deur onderrig te gee besig is om oor mans gesag uit te oefen".

Wat sê Köstenberger? Hy sê inderdaad (en handhaaf dit ook in sy artikel van 2005:55-56) dat die voegwoord οὐδὲ twee afsonderlike begrippe/aktiwiteite aan mekaar verbind. Maar, skryf hy (2005:56), jy verstaan die reël verkeerd as jy daaruit aflei dat die οὐδὲ-verbinding noodwendig twee sake/aktiwiteite sonder enige samehang langs mekaar stel (of dan "selfstandig en naas mekaar in sy geheel", soos die beswaardes in 4.3 beweer).

"However", skryf Köstenberger (2005:56), "as will be shown below, two terms can be `closely related' and yet be distinct." Hierdie stelling beskryf hy dan met die voorbeeld van *inbreek* en *steel*. Oor die aard van die "close relation" spreek Köstenberger hom uiteraard nie uit nie, omdat dit van konteks tot konteks sal verskil. Maar die aard van die samehang tussen *inbreek* en *steel*, soos hy dit in die voorbeeld op sy p56 verduidelik, wys dat die 2009-Rapport tog op geldige wyse die twee aktiwiteite in 1 Tim 2:12 aan mekaar verbind: "deur te onderrig te gee, oefen hulle gesag uit ..."). Köstenberger skryf (verwysend na sy *inbreek-steel*-voorbeeld (2005:56): "While `breaking in' and `stealing' are sequentially related and may be seen as components of essentially one event, the two activities are not so closely related as to lose their own distinctness." Hierdie verduideliking van Köstenberger pas baie goed op die 2009-Rapport se siening oor die verhouding tussen "onderrig gee" en "gesag uitoefen". Daarom is punt 4.3 van beswaargrond 1 nie geldig nie. Vermoedelik het hulle nie raakgesien nie dat Köstenberger die verhouding tussen "onderrig gee" en gesag uitoefen" op twee verskillende vlakke hanteer nie: (a) grammatikaal gesien, word die woorde selfstandig aan mekaar newegeskik sonder dat die een die ander kwalifiseer; (b) inhoudelik of saaklik beskou, beskryf dit egter komponente van een gebeurtenis. Laasgenoemde saak is nie deur die beswaardes in berekening gebring nie.

3.2.2 In 4.4 van die Beswaarskrif gaan dit oor die twee inherent positief en twee inherent negatiewe begrippe, wat ons in die vroeëre dokument deeglik bespreek het. Köstenberger (2005:58-59) gee 'n lang lys van voorbeelde uit die NT waaruit hy tot die konklusie kom (2005:60): "These examples set forth the New Testament evidence that οὐδὲ joins terms denoting activities that are both viewed either positively or negatively by the writer or the speaker." Op grond van hierdie indringende opname kom Köstenberger dan daarby uit om 1 Tim 2:12 te verstaan as: "I do not permit a woman to teach or to exercise authority over a man." Ter verduideliking skryf hy (2005:60) dat sowel "onderrig gee" en "gesag uitoefen" in Paulus se betoog in hulleself en op sigself as positiewe aktiwiteite beskou word, maar dat Paulus om redes wat uit die konteks afgelei moet word, die twee aktiwiteite verbied.

Om die geldigheid van 'n verbod op positiewe aktiwiteite te beskryf, gebruik Köstenberger die voorbeeld van 'n man wat vir sy swanger vrou sal sê: "Ek laat jou nie toe om alleen jou voertuig te bestuur nie." Daar is niks verkeerd daarmee dat sy haar motor bestuur nie, skryf hy, want op sigself is dit 'n positiewe aktiwiteit. Maar solank sy swanger is, behoort sy dit te vermy. Köstenberger skryf (2005:61: "In the light of this clarification, 1 Timothy 2:12 could legitimately be seen as an example of ... the denial of two activities that are viewed positively in and of themselves, under contextually adduced circumstances." Hierdie beredenering van Köstenberger gee goeie grond vir die 2009-Rapport se standpunt dat onderrig gee en gesag uitoefen onder ander omstandighede positiewe handelinge mag wees vir 'n vrou om uit te voer, maar onder spesiale omstandighede, in die gemeentelike samekomste (soos uit die konteks van 1 Timoteus 2:12 afgelei kan word), is dit nie vir haar toelaatbaar om dit te doen nie.

3.2.3 Bevinding

Deurdat die Beswaarskrif nie alle tersaaklike getuienis in ag geneem het nie, slaag dit nie daarin om aan te toon dat die bevinding in die Sinoderapport se eksegese van 1 Timoteus 2:12 ten opsigte van die begrippe "onderrig gee" en "gesag uitoefen" op ontoelaatbare interpretasie berus nie.

Besluit: Punte 3.2.1 tot 3.2.3 kennis geneem.

3.2.4 Aanbeveling

Die Beswaar slaag nie op Beswaargrond 1 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Beswaargrond 2 (p326)*

3.3.1 Bewering

Die Beswaarskrif beweer dat die eksegese voor Sinode 2009 verkeerdelik beweer dat die voorskrifte in 1 Timoteus 2:9-15 betrekking het op optrede in die gemeentelike samekomste. Ter ondersteuning hiervan argumenteer hulle dat die woorde "by elke samekoms" in die 1983-Afrikaanse Vertaling van 1 Timoteus 2:8 op 'n interpretasie berus, en dat die grondteks bloot na "elke plek" (ἐν παντὶ τόπῳ) verwys. Origens gebruik die Beswaarskrif verskeie argumente (vgl Beswaarskrif 5.2-5.8) uit die konteks van 1 Timoteus 2 ter ondersteuning van hulle standpunt dat dit in 1 Timoteus 2 nie oor die gemeentelike samekoms gaan nie maar oor die algemene samelewing. Op hierdie wyse meen die Beswaarskrif om die afleiding wat voor Sinode 2009 gedien het, naamlik dat vroue nie in die erediens mag "onderrig gee" en/of "gesag uitoefen" nie, eksegeties ongegrond is.

3.3.2 Beoordeling

Sonder om elke argument van die Beswaarskrif te herhaal, word dit kortliks, weer met ondersteuning uit die vakliteratuur, hieronder beoordeel:

(1) Wat die Beswaarskrif se bewering in 5.2 betref dat die verstaan van "op elke plek" (ἐν παντὶ τόπῳ) as "by elke samekoms" op interpretasie berus, moet daarop gewys word dat die beswaardes se verstaan dat die woorde na "orals in die samelewing" verwys, desgelyks op interpretasie berus. Die beswaar dat die 2009-Rapport se verstaan van ἐν παντὶ τόπῳ op interpretasie berus, is dus ongeldig.

(2) Die is wel moontlik om in 1 Timoteus 2:1–3:16 die struktuur van 'n *inclusio*-gedagtepatroon uit te wys, soos in 5.3 van die Beswaarskrif voorgestel word. Anders as wat die beswaardes beweer, is dit egter nie noodwendig so dat alles wat deur 'n *inclusio*-patroon omsluit word, oor dieselfde saak handel nie. So word 1 Korintiërs 8–10 byvoorbeeld by wyse van 'n *inlcusio* omsluit deur die gedagte van afgodsoffers (8:1-13 en 10:23-33), terwyl die gedeeltes tussenin handel oor Paulus se vryheid en regte as apostel (9:1-14), Paulus se gesindheid van selfprysgawe (9:15-27) en die waarskuwing teen oormatige selfvertroue (1:1-13). Hoewel al hierdie tussenin-dele op een of ander manier met die kwessie van afgodsoffers verband gebring kan word, gaan elkeen oor 'n selfstandige onderwerp. Dit is ook die geval in 1 Timoteus 2:1–3:16: Hoewel die omsluitende gedagte (*inclusio*) daaroor gaan dat die kerk so moet funksioneer dat dit tot die redding van alle mense in die samelewing kan bydra, word daar in die tussenin-gedeelte (2:8-3:15) gefokus op hoe die kerk op ordelike wyse ingerig moet word – in die woorde van 3:15: "hoe iemand hom moet gedra in die huis van God". Eers as die kerk ordelik volgens God se opdrag funksioneer, kan dit tot heil van die samelewing optree (vgl Van Houwelingen 2009:70-71; Groenewald 1977:35; Hendriksen (1976:102). Daarom is die *inclusio*-argument van die Beswaarskrif glad nie oortuigend nie.

(3) Binne sulke gedagtepatrone word die woordjie οὖν (dus) dikwels in tekste gebruik om die oorgang na nuwe onderafdelings binne die groter geheel aan te toon (vgl bv Ef 4:1; 4:17; 5:2). Inderdaad bou Paulus in 2:8 voort op sy opdrag in 2:1 dat die gelowiges vir alle mense moet bid, maar in 2:8 gaan hy oor tot die ordelike reëling van gebede (en daarna ook ander sake) waar die gelowiges in aanbidding saam is (vgl Gloer 2010:140; Schreiner 2005:91; Bassler 1996:54). Dat dit in 2:8 oor gebede in gemeentelike samekomste (ἐν παντὶ τόπῳ) gaan, word bevestig deur erkende eksegete en kommentatore uit die Gereformeerde wêreld, bv. Marshall (1999:437), Van Houwelingen (2009:70-71), Groenewald (1977:35) en Hendriksen (1976:102).

(4) Die Beswaarskrif beweer in 5.5.1 dat die woorde "op elke plek" (ἐν παντὶ τόπῳ) elders (drie plekke) in die Nuwe Testament nêrens na die gemeentelike samekoms verwys nie.

Tog verwys hierdie gedeeltes ook nie na die samelewing in die algemeen nie maar na die funksionering van die gemeente as sodanig, bv. 1 Korintiërs 1:2 waar Paulus sy brief rig "aan die gemeente van God wat in Korinte is ... saam met almal wat die Naam van ons Here Jesus Christus in elke plek aanroep." Die byeenkomste van die gemeente is duidelik nie by hierdie tekste uitgesluit nie. Die Beswaarskrif is dus nie op hierdie punt oortuigend nie.

(5) Die stelling in 5.5.2 van die Beswaarskrif dat gelowiges nie net in die gemeentelike samekomste nie maar ook daarbuite bid, is waar. Maar dit dien nie as bewys dat 1 Timoteus 2:8 nie na gebede in die gemeentelike samekomste verwys nie.

(6) Desgelyks is die bewering in 5.5.3 dat 2:8 nie na gemeentelike samekomste verwys nie omdat "toorn en twis" in die algemene samelewing maar nie in die gemeentelike samekomste voorgekom het nie, miskien 'n vroom maar baie ***onrealistiese*** aanname. Uit 1 Korintiërs 11:17 is dit duidelik dat daar in samekomste van die gemeente soms wel onbehoorlike dinge gebeur het.

(7) Die opmerkings in 5.6 van die Beswaarskrif dat "nie een van die voorskrifte aan vroue in 2:9-13 op hul eie 'n spesifieke kultiese (erediens) gerigtheid (het) nie", is onoortuigend omdat dit op 'n ongeldige beredenering berus, wat bekend staan as onvolledige induksie. Die vorm van onvolledige induksie wat hier gebruik word, is om te redeneer dat indien 'n begrip nie <u>noodwendig</u> op 'n saak dui nie dit <u>glad nie</u> op die saak dui nie. In alle billikheid moet egter daarop gewys word dat die begrippe in 1 Timoteus 2:12: nie in hulleself 'n spesifiek "kultiese" gerigtheid hoef te bevat om deur Paulus op die erediens van betrekking gemaak te word nie. Schreiner (2005:91-92) dui aan uit die konteks van 1 Timoteus 2 hoe die voorskrifte in 2:9-13 wel met reg op die erediens betrek kan word. In 5.6.3 gee die Beswaarskrif self toe dat bepaalde woorde in 2:12 "<u>nie net</u> op die erediens" betrekking het nie (met ander woorde: óók op die erediens betrekking het). Met betrekking tot die primêre betekenis van die *hapax legomenon* αὐθεντεῖν in 2:12 (waaroor die Beswaarskrif in 5.6.4 handel) dui Baldwin (2005:51) na 'n uitvoerige studie aan dat die woord in 2:12 ten beste vertaal kan word met "gesag aanvaar oor", en dan inderdaad op die erediens betrekking het (Schreiner, 2005:93-94).

(8) Dieselfde ongeldige redeneerwyse kom in 5.7 van die Beswaarskrif na vore. Dit redeneer dat Paulus se voorskrifte aan vroue in 1 Timoteus 2:13-15 betrekking het op vroue se hele lewe, en dat dit daarom nie op hulle rol in die eredienste van betrekking gemaak kan word nie. Sake soos die skeppings(volg)orde, die sondeval, die vrou se besondere roeping by geboorte van kinders, en 'n vroom lewe geld inderdaad vir die hele lewe. Daarmee het die Beswaarskrif egter nog glad nie aangetoon dat hierdie sake <u>nie</u> op die erediens betrekking het nie. Hierdie sake staan immers ook nie los van haar optrede in die erediens nie (soos die Beswaarskrif self toegee in die bewoording van punt 5.7.2: "nie sake wat spesifiek net in die erediens plaasvind nie"). Die verband tussen die vrou se besondere roeping ten opsigte van die geboorte van kinders en haar optrede by die erediens word duidelik aangetoon in 'n artikel deur Köstenberger (1997:107-144).

(9) Desgelyks geld die vereistes vir ouderlinge in 1 Timoteus 3:1-16 inderdaad vir hulle optrede in die breë samelewing, maar net so vir hulle optrede by en tydens die gemeentelike samekomste. Die argument in punt 5.8 van die Beswaarskrif is dus nie oortuigend nie.

(10) As bogenoemde antwoorde op die besware in die Beswaargrond 2 in ag geneem word, is dit geen verrassing nie dat kommentare en ander resente publikasies van hoog aangeskrewe teoloë die oortuiging uitspreek dat 1 Timoteus 2:9-15 nie optrede in die algemene samelewing in die oog het nie

maar wel optrede by gemeentelike samekomste (bv Gloer 2010:140; Schreiner 2005:91; Bassler 1996:54; Marshall 1999:437; Van Houwelingen 2009:70-71; Groenewald 1977:35; Hendriksen 1976:102).

3.3.3 Bevinding

Deurdat die Beswaarskrif nie alle tersaaklike getuienis in ag neem nie en ook op ongeldige beredenering berus, slaag dit nie daarin om aan te toon dat die Sinoderapport van 2009 die voorskrifte in 1 Timoteus 2:12 op die gemeentelike samekomste van toepassing maak nie.

Besluit: Punte 3.3.1 tot 3.3.3 kennis geneem.

3.3.4 Aanbeveling

Die Beswaar slaag nie op Beswaargrond 2 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *Beswaargrond 4 (p330)*

3.4.1 Bewering

Die beswaar van Beswaargrond 3 van oordrewe waarde wat aan 'n eie struktuurontleding geheg word (ongeldige toekenning van 'n heuristiese funksie) herhaal, maar hierdie keer (in Beswaargrond 4, 7.1 en 7.2) ten opsigte die eksegese van 1 Timoteus 2:13-15.

Verder word in 7.3 daarop gewys dat daar nie eenstemmigheid onder biblioloë bestaan oor hoe die struktuur van 2:13-15 daar uitsien nie.

In 7.4 word beweer dat die metodologies stappe van gedagtestruktuurontleding wat JC Coetzee voorgestel het, nie in die betrokke gedeelte van die 2009-Rapport noukeurig gevolg is nie.

In 7.5 beweer Beswaargrond 3 dat die afleidings wat in die 2009-Rapport gemaak word, nie met betrokke (semi-chiastiese) struktuurontleding klop nie.

3.4.2 Beoordeling

Wat 7.1 en 7.2 van die Beswaargrond betref, geld dieselfde opmerkings as wat hierbo in 2.3.2 gemaak is. Wanneer daar in die eksegese afleidings van 'n bepaalde gedagtestruktuurontleding gemaak word, moet altyd daarteen gewaak word om die eie bevindings nie so hoog aan te skryf dat dit feitlik met die Skrif self gelykgestel word nie. Hierdie waarskuwing beteken egter nie dat afleidings van sodanige ontledings as sodanig verdag is nie.

Ten opsigte van 7.3: Dat daar nie onder biblioloë eenstemmigheid bestaan oor hoe die struktuur van 2:13-15 verstaan moet word nie, is niks vreemds nie. In die literatuur word daar gereeld deur verskillende biblioloë ontledings van dieselfde Skrifgedeelte aangebied, en dit gebeur selde dat die ontledings in alle opsigte met mekaar ooreenkom. Die feit van meningsverskil oor hoe die struktuur van 2:13-15 presies daar uitsien, bewys dus nie dat die struktuur wat in die 2009-Rapport aangebied word noodwendig foutief is nie.

Dit blyk dat die beswaardes in 7.4 beweer dat GSO vir eksegese slegs "aanvaar" kan word indien JC Coetzee se voorgestelde metodologie van een werkwoordstuk per reël presies nagevolg word. Daar moet egter op gelet word dat prof Coetzee self geskryf het dat hy naas ander eksegete t.o.v. gedagtestruktuurontleding slegs 'n beskeie bydrae wil lewer en dat hy nie sy voorgestelde metodologie as 'n absolute reël wil stel nie (1988:25). Dat hy nie bedoel het dat die riglyn van een werkwoordstuk per reël rigoristies toegepas moet word nie, word bevestig deur voorbeelde wat Coetzee in sy artikel gee, waarin hy self nie die werkwyse van een werkwoordstuk per reël volg nie maar 'n indeling maak volgens wat hy "strofes" noem. Voorbeeld hiervan is Matteus 7:18, waarin Coetzee 'n omgekeerde parallelisme (antitetiese chiasme) identifiseer aan die hand vian 'n strofe-indeling sonder om die vereiste van afsonderlike werkwoordstukke te volg (" 'n goeie boom kan nie slegte vrugte dra nie en 'n slegte boom kan nie goeie vrugte dra nie.") (Coetzee 1988:28).

Daarom is dit duidelik dat die beswaar in 7.4 op geen manier as geldig beskou kan word nie.

Wat die beswaar in 7.5 betref: As die betrokke afdeling van die 2009-Rapport aandagtig gelees word, sal dit duidelik word dat die patroon juis nie 'n gewone chiasme nie maar 'n semi-chiasme genoem word. Dit is so gedoen omdat die twee middel-dele van die oorkruispatroon op sigself elkeen 'n parallelisme bevat. In die Rapport is dit wel nie as 'n parallelisme benoem nie, maar die uiteensetting in twee opeenvolgende pare van sinselemente wat albei in 'n b+c-patroon gerangskik is, gee dit duidelik te kenne. Anders as wat in Beswaargrond 4 beweer word, beskryf die Rapport die semi-chiastiese patroon van 2:13-15 in die patroon a–(b+c)–(b+c)–a, wat volkome in ooreenstemming met die daaropvolgende uiteensetting is.

3.4.3 Bevinding

Beswaargrond 4 beweer maar toon nie aan dat die 2009-Rapport 'n ongeldige heuristiese funksie aan sy struktuurontleding van 2:14-15 toeken nie. Verder kan die feit dat biblioloë nie oor die struktuur van 2:14-15 is nie en ook nie oor die metode van struktuurontleding eenstemmig nie, nie as geldige grond vir enige beswaar dien nie. Dit blyk ook dat die Beswaargrond op 'n onnoukeurige lees van die 2009-Rapport se struktuurontleding en afleidings berus.

Besluit: Punte 3.4.1 tot 3.4.3 kennis geneem.

3.4.4 Aanbeveling

Die Beswaar slaag nie op Beswaargrond 4 nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.5 *Beswaargrond 6 (p331)*

3.5.1 Bewering

In Beswaargrond 6 word beweer dat die 2009-Rapport 1 Timoteus 2:13-15 verkeerdelik as prosa hanteer, terwyl dit in werklikheid tipologies verstaan moet word, dit wil sê dat Adam in dié verse as tipe vir die gelowige man gebruik word en Eva as tipe vir die gelowige vrou.

3.5.2 Beoordeling

Die gedagte dat 2:13-15 tipologies verstaan moet word en selfs allegories verklaar moet word, is deur teoloë soos Alan Padgett (1997, vgl Schreiner 2005:105) voorgestel en op allerhande kreatiewe maniere uitgebou. So 'n tipologiese verstaan moet in hierdie geval egter afgewys word omdat, anders as wat in die Beswaarskrif beweer word, die teks van 2:13-15 geen blyke gee dat dit tipologies van aard is of dan tot die genre tipologie behoort nie (vgl Schreiner 2005:105; Köstenberger 1997:118, 121). Verse 13-15 word veel eerder openbaringshistories vanuit die Ou-Testamentiese gegewens oor die volgorde van gebeure by die skepping en sondeval geneem as motivering vir die verbod in vers 12 (vgl Die skakelwoord *gar* [= "want"] aan die begin van vers 13, vgl Schreiner 2005:105).

Dat Adam (en Eva) by skepping en sondeval die hele mensdom verteenwoordig het, word wel in die Skrifopenbaring duidelik gestel (vgl bv Rom 5:12-21; Ef 4:24), 'n openbaringshistoriese realiteit waarby Paulus in 2:13-15 aansluiting vind. Dit beteken egter nog nie dat die teks daarmee in geheel tipologies verstaan moet word nie.

In Beswaargrond 6 word met groot stelligheid verklaar dat 1 Timoteus 2:13-15 ongetwyfeld 'n tipologiese teks is en dat enige ander ("letterlike") lees daarvan atomisties (= buite konteks) is. Hierdie stelligheid, asof dit 'n saak is wat in die Skrif self vas staan, is 'n duidelike voorbeeld van eksegese waarin die eksegeet dieselfde heuristiese ("ontdekkende" of "verklarende") funksie aan sy eie insig toeken as aan die Skrif (vgl die Beswaardes se eie argument hieroor in 2.3.1 hierbo).

Die beswaar dat die 2009-Rapport 1 Timoteus 2:13-15 atomisties (buite konteks) verklaar, is ongeldig, aangesien die Rapport deurlopend die teks verstaan binne die konteks van die openbaringshistoriese Skriflyne waarbinne dit aangebied word (vgl Acta 2009:642).

In beswaargrond 6 (pt 9.2.3) verklaar die beswaardes met groot stelligheid dat dat daar "begryplike redes" is waarom die futurum σωθήσεται in 2:15 nie in die ontologiese verklaring van die eksegese voor die Sinode 'n plek vind nie. Dit blyk dat die beswaardes aanvaar dat σωθήσεται alleen 'n plek sal hê indien 2:15 tipologies verklaar word. Köstenberger (1997:119) toon in 'n uitgebreide studie oor 1 Timotius 2:15 aan dat baie "conservative interpreters" soos Alford, Barclay, Bowman, Foh, Hendriksen, Kelly, Moo, Schreiner, Scott, White en Witherington dat dit 2:15 daaroor gaan dat vroue geestelik gered word "by adhearing to their God-ordained role in domestic sphere. Köstenberger (1997:119) gee self 'n nie-tipologiese verklaring wanneer hy aandui dat σωθήσεται in 2:15 nie na verlossing by die wederkoms verwys nie, maar na "preservation from Satan." Hy som sy motivering vir hierdie standpunt soos volg op: "In the light of the reference to the fall in 1 Tim 2:14, the explicit reference to Satan in the close parallel in 1 Tim 5:14-15 and the impressive and substantial evidence for a "preservation from Satan" theme in the Pastorals, it appear more than justified to view Satan as the one from woman will escape or be preserved by childbearing according to 1 Tim 2:15. Die woord τεκνογονίας verwys dan nie alleen na "geboorte skenk" nie, maar na alles wat verband hou met moederskap, bv. die opvoeding van kinders (vgl Tit 2:4-5). Dit blyk uit voorgaande dat 'n nie-tipologiese verklaring van vers 15, anders as wat die beswaardes aanvaar, inderdaad inpas in die konteks van 1 Timoteus 2:11-15.

3.5.3 Bevinding

Die bewering in Beswaargrond 6 dat 1 Timoteus 2:13-15 as sodanig 'n tipologiese teks is en nie anders as tipologies verstaan mag word nie, en dat die 2009-Rapport die teks atomisties verklaar, berus op geen vaste grond nie.

Besluit: Punte 3.5.1 tot 3.5.3 kennis geneem.

3.5.4 Aanbeveling

Die Beswaar slaag nie op Beswaargrond 6 nie.

Besluit: Goedgekeur.

BRONNELYS

BALDWIN, H.S. 2005. An important word: Αὐθεντεῖν in 1 Timothy 2:12. (*In:* Köstenberger, AJ. & Schreiner, TR. *eds.* Women in the Church. Grand Rapids : Baker. p. 39-51.)

BASSLER, J.M. 1996. 1 Timothy, 2 Timothy, Titus. Abingdon New Testament Commentaries. Nashville : Abingdon.

COETZEE, J.C. 1995. Keys to God's revelation in the New Testament. Orkney : EFJS Drukkers.

GLOER, W.H. 2010. 1 & 2 Timothy – Titus. Smyth & Helwys Bible Commentary. Georgia : Smyth & Helwys.

GROENEWALD, E.P. 1977. Die Pastorale Briewe. Kaapstad : NG Kerk-uitgewers.

GRUDEM, W. 2012. Evangelical Feminism & Biblical Truth. An Analysis of more than 100 disputed questions. Illinois : Crossway.

HENDRIKSEN, W. 1976. I & II Timothy & Titus. New Testament Commentary. Edinburgh : Banner of Truth.

KÖSTENBERGER, A.J. 1997. Ascertaining women's God-ordained roles: an Interpretation of 1 Timothy 2:15. *Bulletin for Biblical Research* 7 (1997): 107-144.

KÖSTENBERGER, A.J. 2005. A Complex Sentence: The Syntax of 1 Timothy 2:12. (*In*: Köstenberger, AJ & Schreiner, TR, *eds.* Women in the Church. An analysis and application of 1 Timothy 2:9-15. Grand Rapids : Baker. P. 53-84.) (In hierdie bydrae gee Köstenberger antwoorde op kritiek en kommentaar wat deur ander teoloë gelewer is op sy bydrae in die vroeëre uitgawe van die bundel wat hy en Schreiner in 1995 laat publiseer het [vgl Köstenberger 1995 hierbo]. In hierdie tweede weergawe gee hy deeglik begronde antwoorde op kommentaar wat o.a. ook in die Krugersdorp-beswaarskrif ingesluit is.)

KÖSTENBERGER, A.J., & WILDER, T.I. 2010. Entrusted with the Gospel: Paul's Theology in the Pastoral Epistles. B&H Academic.

MARSHALL, I.H. 1999. A Critical and Exegetical Commentary on the Pastoral Epistles. International Critical Commentray. London : Clark.

SCHREINER, T.R. 2005. An Interpretation of 1 Timothy 2:9-15: A Dialogue with Scholarship. (*In*: Köstenberger, AJ & Schreiner, TR, *eds.* Women in the Church. An analysis and application of 1 Timothy 2:9-15. Grand Rapids : Baker. P. 85-120.).

VAN HOUWELINGEN, P.H.R. 2009. Timoteüs en Titus. Pastorale instructiebriefen. Commentaar op het Nieuwe Testament. Derde serie. Kampen : Kok.

H. **KOMMISSIERAPPORT: BESWAARGRONDE OOR 1 KORINTIËRS 14**

1. Opdrag

Beoordeling van die beswaargronde 3, 7, 8, 9, 10 van GK Krugersdorp teen die besluite van die Algemene Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van predikant en ouderling.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering beswaargrond 3 (21.2, 2015)

2.1 Beswaargrond 3 beweer dat die gedagtestruktuurontleding van 1 Kor 14:29-38 voldoen nie aan die vereistes van geldige Gereformeerde eksegese nie en 'n heuristiese funksie word verkeerdelik daaraan toegeken.

2.2 Die beswaargrond maak nie duidelik watter een van die twee gedagtestruktuurontledings bedoel word nie. Uit die konteks van die beswaargrond word aangeneem dat die gedagtestruktuurontleding in die regterkantste kolom bedoel word.

2.3 Daar word beweer dat die gedagtestruktuurontleding nie aan Gereformeerde eksegese voldoen nie. Dit is egter 'n gewaagde stelling aangesien gedagtestruktuurontledings van eksegeet tot eksegeet sal verskil. 'n Gedagtestruktuurontleding is 'n manier om die gedagtestruktuur van die teks konkreet te maak wat in die teks verkondig word.

2.4 'n Gedagtestruktuurontleding kan egter nie die enigste bewys en bepalende funksie hê vir die verstaan van die teks nie.

2.5 Oënskynlik blyk dit dat die Beswaarskrif gelyk het dat die gedagtestruktuurontleding die enigste bewys en bepalende funksie het, maar die die Rapport reflekteer die tersaaklike eksegese en hermeneuse van 1 Kor 14:26-40.

2.6 Alhoewel die gedagtestruktuurontleding 'n belangrike rol tot die verstaan van die teks gespeel het en die bevinding daaruit die basis vir die eksegetiese gevolgtrekking, oortuig die beredenering in die beswaargrond nie dat dit die eniste bewys en bepalende funksie is vir die verstaan van die teks nie.

2.7 Die verklaring in 10.8 moet steeds binne die konteks van die hele Rapport gelees word.

2.8 <u>Bevinding</u>

Daar word nie deur die Beswaarskrif bewys dat die gedagtestruktuurontleding nie aan die vereistes van geldige Gereformeerde eksegese voldoen nie. Die Beswaarskrif oortuig ook nie dat aan die gedagtestruktuurontleding verkeerdelik 'n heuristiese funksie toegeken word nie.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.8 kennis geneem.

2.9 <u>Aanbeveling</u>

Beswaargrond 3 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

3. Beredenering beswaargrond 7 (21.2, 2015)

3.1 Daar word beweer dat die eksegese van 1 Kor 14:26-40 nie in die kultuurhistoriese konteks gelees word nie.

3.2 Die Beswaarskrif beweer dat die eksegese voor Sinode 2009 'n direkte oorgang maak van die "gemeentelike samekomste" in Korinte na die erediens vandag. Dit blyk egter dat Sinode 2009 wel die kultuurhistoriese konteks in ag neem (vgl 10.8.4.3b, p637).

3.3 <u>Bevinding</u>

Ongeag die verskille is daar belangrike beginsels vir die eredienste in 1 Kor 14:26-40.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 kennis geneem.

3.4 <u>Aanbeveling</u>

Beswaargrond 7 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

4. Beredenering beswaargrond 8 (21.2, 2015)

4.1 Die Beswaarskrif beweer dat die eksegese van 1 Kor 14:26-40 die gedagte van "nie-amptelike" profesieë deur vroue ongeoorloof in die teks indra.

4.2 Geslag speel nie 'n rol by die gawe van profesie nie (1 Kor 11:5).

4.3 Nie almal met die profetiese gawe word egter in 'n besondere diens (amp) bevestig nie.

4.4 "Nie-amptelik" in die Rapport dui op die onderskeid tussen die gawe van profesie wat op 'n spontane wyse plaasgevind het teenoor die formele aanstelling of bevestiging van leraars (1 Tim 4:13; 2 Tim 4:5).

4.5 Bevinding

Die woord "nie-amptelik" moet binne die konteks van die hele Rapport gelees word (vgl pt 4, p590 e.v.)

Besluit: Punte 4.1 tot 4.5 kennis geneem.

4.6 Aanbeveling

Beswaargrond 8 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

5. Beredenering beswaargrond 9 (21.2, 2015)

5.1 Die Beswaarskrif beweer dat die standpunt dat die swyggebod in 1 Kor 14:34 betrekking het op die beoordeling van die profesieë deur vroue eksegeties onhoudbaar is.

5.2 In die konteks van 1 Kor 14:26-40 het die swyggebod in 1 Kor 14:34 nie betrekking op die beoordeling van profesieë in 1 Kor 14:29.

5.3 Profesieë is egter nie-amptelike spontane bekendmaak van die wil van God.

5.4 Bevinding

Die Kommissie is van oortuiging dat die beredenering van beswaargrond 9 oortuigend is met in agneming dat die beoordeling deur die vrou nie haar verhouding met haar man ingedrang bring nie.

Besluit: Punte 5.1 tot 5.4 kennis geneem.

5.5 Aanbeveling

Beswaargrond 9 slaag.

Besluit: Aanbeveling afgekeur en beswaargrond slaag nie.

6. Beredenering beswaargrond 10 (21.2, 2015)

6.1 Die Beswaarskrif beweer dat die eksegese oor 1 Kor 14:26-40 verkeerdelik en op 'n inkonsekwente wyse die universele hoofskap van alle mans oor alle vroue leer.

6.2 Daar word nie in die verklaring voor Sinode 2009 gevind dat die universele hoofskap van die man oor alle vroue geleer word nie.

6.3 Die Rapport gelees in sy geheel blyk duidelik op p633 en 637 (2009) dat gehandel word oor die vrou se erkenning van die hoofskap van haar man (vgl p637, reël 24, 25, 27, 30, 34).

6.4 Bevinding

Beswaargrond 10 bewys nie dat die Rapport van 2009 se bevinding inkonsekwent of ongeldig is nie. Dit bewys ook nie die universele hoofskap van die man oor alle vroue nie.

Besluit: Punte 6.1 tot 6.4 kennis geneem.

6.5 Aanbeveling

Beswaargrond 10 slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

7. Samevattende gevolgtrekking

Beswaargrond 9 slaag.

Beswaargronde 3, 7,8 en 10 slaag nie.

Alhoewel beswaargrond 9 slaag beoordeel die Kommissie dat dit nie genoegsaam is om die Beswaarskrif se beswaargronde oor 1 Kor 14 te laat slaag nie.

In die lig van die Kommissie se werk op 1 Kor 14 beoordeel die Kommissie dat die slot van die Beswaarskrif nie korrek is nie.

Besluit: Kennis geneem.

I. **KOMMISSIERAPPORT: OPENBARINGSHISTORIES**

1. Opdrag en mandaat

Om die Sinode van preadvies te bedien oor verskeie beswaargronde.

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering van opdrag

2.1 *GK Krugersdorp Beswaarskrif 2, 2015, Beswaargrond 5 (p331)*

2.1.1 Die eksegese in die besluit van 2009 van 1 Tim 2:13-15 identifiseer verkeerdelik 'n openbaringshistoriese lyn in konflik met 'n vroeëre goedgekeurde bevinding van 'n Sinode.

Minderheidsrapport

2.1.1.1 Die beswaardes se stelling

Die Sinode 2009 gebruik 1 Tim 2:13-14 as 'n openbaringshistoriese bewys dat die man hoof oor die vrou is. Hulle beweer dat 1 Tim 2 nie 'n openbaringshistoriese lyn verteenwoordig nie, maar dat Sinode 1988 'n openbaringshistoriese lyn geïdentifiseer het wat stel dat daar in die NT 'n nuwe en herstelde bedeling vir vroue aangebreek het. Sinode 2009 moes die beklemtoning hierop geplaas het.

2.1.1.2 Beoordeling

Die meerderheid bevind dat die beswaardes nie duidelik genoeg stel wat hulle beswaar is nie en daar is verskillende verstaansmoontlikhede van die beswaar. Die minderheidsrapporteurs het gedink dat die saak wel duidelik is, en telefonies met dr WC Vergeer gekontak om uit te vind wat die bedoeling in die beswaargrond regtig is. Die gesprek het getoon dat die minderheidsrapportlede wel die saak reg verstaan het.

2.1.1.3 Die minderheid vind dat dit duidelik is wat die argument van die beswaardes is. Die posisie van die vrou in die kerk (en samelewing) kan nie bepaal word deur die sondeval nie, maar moet bepaal word deur die skeppingsdoel van God. Die sondeval kan nie gesien word as deel van die voortgaande openbaringsgeskiedenis nie, maar is deformasie (8.2.1). Daarom kan 1 Tim 2: 13-14 nie as 'n openbaringshistoriese argument gebruik word nie (Daar is nie vooruitgang tussen Gen 2–3 en 2 Tim nie (8.2.1). Skeppingsvolgorde is nie skeppingsorde nie. Die skeppingsdoel van God met die mens is dat beide man en vrou die beeld van God sal vertoon. Die vloek van die sondeval is opgehef in Jesus en die plek van die man en vrou in die kerk word as gelykwaardig gesien. Daar breek 'n nuwe bedeling vir die vrou aan.

Getuienis hiervoor: die feit dat verwys word na en samelewing (8.2.4) maak dit duidelik dat dit gaan oor die hoofskap van die man teenoor die vrou. Indien die hoofskap van die man oor die vrou uit die sondeval verstaan word, is alle mans die hoof van alle vrouens, en kan vroue ook nie aan die algemene samelewing deelneem nie, in elk geval nie ingesagsposisies nie. Dit sal die logiese konsekwensie wees.

2.1.1.4 Bevinding

Die beswaardes voer aan dat Sinode 2009 1 Tim 2 gebruik as 'n "openbaringshistoriese lyn", wat in stryd is met die openbaringshistoriese lyn wat in 1988 aanvaar is, nl dat daar 'n nuwe bedeling vir die vrou in die NT aanbreek (8.2.3). Die beswaardes plaas dus nie nuwe argumente op die tafel nie, maar gebruik die goedgekeurde openbaringshistoriese lyne, wat deur die Sinode 1988 aanvaar is (Acta 1988:519).

Besluit: Punte 2.1.1.1 tot 2.1.1.4 kennis geneem.

2.1.1.5 Aanbeveling
Dat hierdie beswaargrond gehandhaaf word.
Besluit: Afgekeur.

Meerderheidsrapport
2.2.1 Beredenering
2.2.1.1 Daar word verwysings gebied na meer as een openbaringshistoriese lyn naamlik een uit Sinode 1988 en die een uit 2009.
2.2.1.2 In die voorgestelde lyne kan moontlik onderskei word:
Skepping – Val – Verlossing
Val – Verlossing – nuwe bedeling
2.2.1.3 Bevindinge
Die verskillende maniere om die beredenering te verstaan is uiteenlopend en selfs in direkte konflik met mekaar. Dit was dus nie moontlik om daaroor te oordeel nie.
Besluit: Punte 2.2.1.1 tot 2.2.1.3 kennis geneem.
2.2.1.4 Aanbeveling
Daar word nie gevolg gegee aan hierdie beswaargrond nie.
Besluit: Goedgekeur.

21.3 BESWAARSKRIF GK POTCHEFSTROOM-DIE BULT TEEN DIE BESLUIT VAN SINODE 2009 OOR DIE VROU IN DIE DIENSTE VAN OUDERLINGE EN PREDIKANT (2015: Artt 33, 36, 245) (2016: Artt 43, 66, 68)

2016

A. Die Beswaarskrif word gestel.
B. Dr JH Howell rapporteer namens die Kommissie Kerkregtelik.

2015

A. Ds HS Coetzee stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Verdere hantering staan oor in afwagting van besluit tov Rapport Deputate Eenheid in Verskeidenheid (21.1).
C. Besluit: Verwys na Spesiale Sinode (Kyk 21.1 Rapport Deputate Eenheid en Verskeidenheid art 245 : Al die tersaaklike Beswaarskrifte handel oor die vrou in die besondere dienste. In die lig daarvan dat die Sinode besluit het dat die saak van die vrou in die besondere dienste 'n wesenlike saak is, word aanbeveel dat al die Beswaarskrifte na die Spesiale Sinode verwys word.

D. BESWAARSKRIF

1. Besluit waarteen beswaar gemaak word

Die vergadering besluit volgens die goedgekeurde aanbeveling, 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie (Acta 2009:666-667). Kyk Bylae vir besonderhede van die besluitnemingsproses.

2. Beswaargrond

Die Sinode het 'n gewetensbindende besluit geneem, slegs volgens die oortuiging van 'n meerderheid, sonder dat afdoende Skrifgronde daarvoor te vinde is.

3. Beredenering

3.1 Die wyse waarop die Sinode tot die besluit gekom het, dui daarop dat die Sinode dit nie moontlik gevind het om 'n bindende uitspraak op duidelike Skrifgronde te lewer nie.
3.2 Na die breedvoerige bespreking deur die Sinode word oorgegaan tot besluitneming. Die aanbeveling van die Deputate in hulle Rapport dat "daar in gehoorsaamheid aan die Skrif" (Deputaterapport 10.15 en 12.10.2) tussen twee opsies gekies word, word nie tot stemming gebring nie.
3.3 In die behandeling van die Deputaterapport het die Sinode geen uitspraak of verbintenis gemaak oor 'n beoordeling van die twee uiteenlopende verklarings-moontlikhede wat rondom sekere Skrifdele in die Rapport uiteengesit is nie: daar is slegs daarvan kennis geneem (Acta:665, 12.10.1).
3.4 Die Sinode het voorts 'n Advieskommissie aangewys "om in die lig van die bespreking en die voorstelle op die tafel die Sinode te adviseer oor die verdere hantering van die saak van die vrou in die diens van ouderling en predikant" (Acta:666). Hierdie Kommissie se aanbeveling (p667, 4.2) aan die Sinode word goedgekeur, naamlik dat die bewoording van die keusemoontlikhede wat in die Deputaterapport voorgestel is, verander word deur die woorde "in gehoorsaamheid aan die Skrif" weg te laat sodat bloot by wyse van stemming gekies moes word ten gunste van of teen die oortuiging dat vroue in die besondere dienste mag dien.

3.5 Deur die goedkeuring van die aanbeveling van die Advieskommissie het die Sinode gekies om nie ‘n duidelike uitspraak op grond van die Skrif, dit wil sê "in gehoorsaamheid aan die Skrif" oor die saak te lewer nie, maar om te besluit op grond van die "oortuiging" van die Sinode.

3.6 Die gekose werkswyse dui daarop dat die Sinode, ten spyte van, of miskien juis weens die beskikbaarheid van die resultate van uitvoerige voorafgaande studie, nie duidelike bindende Skrifgronde gevind het waarop ‘n besluit oor die saak "in gehoorsaamheid aan die Skrif" geneem kon word nie.

3.7 Omdat die besluit dus bloot volgens die oortuiging van die meerderheid van die Sinodegangers geneem is, sou ‘n volgende Sinode op grond van dieselfde Kommissieverslag tot ‘n ander oortuiging kon kom.

3.8 Na ons mening is die aangewese Skriftuurlike en Gereformeerde benadering om besluite oor beginselsake op grond van duidelike Skrifgegewens te neem of, as daar nie sodanige Skrifgegewens bestaan nie, nie gewetensbindende besluite te neem nie. Hand 15, Rom 14, Rom 16:17-18, Gal 5:1-11, Kol 2, 1 Kor 8 en ons Belydenis (NGB, art 32) leer dat gelowiges nie mekaar se gewetens moet bind oor sake wat nie duidelik en wesenlik tot die geloof in die verlossing van Jesus Christus alleen staan nie.

3.9 Die gevolg van die wyse waarop die besluit geformuleer en geneem is, is dat die Sinode geen motivering vir die besluit dat vroue nie in die besondere dienste van predikant en ouderling mag dien, verskaf nie. Die besluit impliseer egter sonder motivering ‘n voorkeur vir die verklaringsopsies in die tweede kolom van die Deputaterapport. Dat die Sinode egter geen uitdruklike uitspraak oor die aard van die verskil tussen die twee standpunte maak nie, maar bloot daarvan kennis neem (Acta:666, 12.10.3), bring mee dat die Sinode nagelaat het om prinsipiële leiding oor die saak aan die kerkverband te gee.

3.10 Na ons mening kan ‘n Sinode nie met reg ‘n keuse tussen die twee stelle eksegetiese resultate wat in die Deputaterapport uiteengesit is, maak nie, omdat afdoende uitsprake oor die saak nie in die Skrifopenbaring te vinde is nie.

3.11 Daar moet daarteen gewaak word om die Skrif met hierdie vraagstuk te oorvra.

3.12 Die verskille in die Kerkverband oor die vraag of vroue in die ampte van predikant en ouderling mag dien, is na ons mening belangrik, maar nie so belangrik dat dit die eenheid van die Kerk van Christus in gedrang mag bring nie. Verskillende sienings hieroor behoort in liefde geduld te word.

4. Slotsom en versoek aan die Sinode

Die Kerkraad is van mening dat daar na al die jare se studie in die GKSA en wêreldwyd, geen duidelike Skrifmotivering gevind kon word wat so duidelik is dat ‘n gewetensbindende besluit oor die saak van die vrou in die besondere dienste van ouderling en predikant geneem kan word nie. *Gevolglik versoek die Kerkraad die Sinode om die besluit van 2009 dat vroue nie in die besondere dienste van predikant en ouderling mag dien nie, te herroep.*

5. Implikasies van die besluit

5.1 Deur die herroeping van die besluit van 2009 sal die Sinode te kenne gee dat daar geen afdoende Skrifgronde oor die vraag of vroue in die ampte van predikant en ouderling mag dien, en waarmee die gewete gebind kan word, bestaan nie.

5.2 Voorts sal dit meebring dat die kerke self verantwoordelikheid sal moet aanvaar om oor die saak te besluit of vroue in die betrokke gemeentes tot die ampte van predikant en ouderling toegelaat mag word.

E. KOMMISSIERAPPORT: KERKREGTELIK

1. Opdrag

Kyk na die kerkregtelike aspekte uit al die toegewysde Beswaarskrifte ingedien op die Buitengewonde Algemene Sinode 2016 (BAS).

1.1 Al die kerkregtelike beginsels wat aangespreek moet word uit die verskillende Beswaarskrifte, moet uitgewys word (pt 4).

1.2 Kerkregtelike beginsels moet toegepas word in die konteks van elke afsonderlike Beswaarskrif (pte 5-8).

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Werkswyse

2.1 Al die Beswaarskrifte is deurgewerk, en relevante Kerkordelike aangeleenthede is geïdentifiseer en aangespreek. Die Rapport spreek oorsigtelik al die kerkregtelike sake aan wat in die Beswaarskrifte na vore kom, en daarna word al die Beswaarskrifte afsonderlik en puntsgewys beoordeel.

2.2 Ds HS Coetzee van GK Potchefstroom-Die Bult en dr J Lion-Cachet van GK Klerksdorp het by die Kommissie aangemeld ten einde toeligting te gee.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.

3. Kerkregtelike beginsels ter sprake

3.1 Sedert die reformasie is daar 'n bepaalde ampsbeskouing wat ook in ons Kerkorde sy grondslag gekry het. Van die beswaardes beredeneer dat die Sinode alleen die diskontinuïteit, en nie ook die kontinuïteit in die ampte in die Ou en die Nuwe Testament ondersoek het nie. Die vervulling van die ampte is in Christus. Daarom is daar nie 'n reglynige sprong tussen die ampte in die Ou en die Nuwe Testament nie. Ons Kerkorde gaan uit van die veronderstelling dat daar vier dienste is, naamlik professore, predikante, ouderlinge, diakens (KO, art 2).

3.2 Van die Beswaarskrifte stel dit dat die twee keuses waar tussen gekies moes word, maak dat die minderheid voor die meerderheid moet buig sonder enige aanduiding oor waarom die Sinode die een bo die ander verkies het. Daar word ook beweer dat die Sinode nie in gehoorsaamheid aan die Skrif 'n keuse kon maak nie – tog is daar 'n keuse gemaak. Dit veronderstel dat die keuse wat verkies is, die een is wat die Sinode onder leiding van die Gees bepaal het as die korrekte. Wie die oordeel nou wil oorlaat aan die plaaslike kerkraad "***om immers self in hulle verskillende omstandighede oor die saak te beslis***", maak die weg oop vir independentisme. Kerkverband waarborg juis dat ons nie weens die gebrek aan gawes oor besondere sake ons eie weg loop en sodoende die kenmerke van die ware kerk begin prysgee nie. Die weg van KO, art 31 (meerderheid besluit) het onsself as kerke met mekaar vasgemaak. Die ordelike weg kan gevolg word om dit te verander (indien die ander kerke op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde daartoe oortuig kan word).

3.3 In van die Beswaarskrifte word daar onderskeid gemaak tussen die "***in die lig van die behandeling van die Rapport***" teenoor die "***gehoorsaamheid aan die Skrif***". Dit is 'n valse onderskeid. Juis op grond van die Skrifgegewens (soos vervat in die Rapport) is daar bepaalde besluite geneem. Hier word, deur 'n woordspeling, die indruk geskep dat die Sinode nie die Skrifgegewens behoorlik in aanmerking geneem het nie.

3.4 Wanneer 'n Sinode besluite neem, word die Here gesmeek om aan die vergadering leiding te gee deur sy Gees (vgl KO, art 32). Alle Skrifverklarings, motiverings en beredenerings word in oorweging geneem voordat daar tot stemming oorgegaan word. Die besluit wat geneem word, staan, tensy die teendeel uit die Woord bewys kan word deur beswaar of appèl (KO, artt 31 & 46).

3.5 Die vereiste dat daar konsensus moet wees oor die verklaring van die Skrif, stel 'n nuwe werkswyse deur die Sinode voor. 'n Nuwe werkswyse moet deur middel van Beswaarskrif of Beskrywingspunt op die tafel gebring en getoets word.

Op Sinode 2015 (Acta 2015:276, 20.4) is daar nie aan ‘n Beskrywingspunt deur Streeksinode Pretoria gevolg gegee nie. Hierdie Beskrywingspunt het versoek dat besluite rondom wesenlike sake met eenstemmigheid geneem moet word. Deur nie aan hierdie Beskrywingspunt gevolg te gee nie, het die Sinode die beginsel van KO, art 31 bekragtig.

3.6 Indien daar nie op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde duidelikheid oor ‘n saak is nie, word die *status quo* gehandhaaf (KO, artt 31 & 46). Die bewyslas rus op die beswaarde of die persoon wat wil verander, om op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde die teendeel te bewys (KO, artt 31 & 46). Daar word deur sommige beswaardes beweer dat die Sinode aan die kerke duidelike en gemotiveerde Skrifgronde moet gee om die *status* quo te bewys. Die Sinode is egter geen studieliggaam nie. Die kerke moet studeer en hul studie deur die Sinode laat toets. Die *onus* rus dus op beswaardes om besluite te wysig. Hulle moet met Skrifgronde duidelik en gemotiveerd aantoon waarom daar kan/mag/moet verander word.

3.7 ‘n Meerdere vergadering se werkswyse word deur daardie vergadering onder leiding van die Moderamen vasgestel (KO, art 35). ‘n Vergadering het, byvoorbeeld, die prerogatief om bloot kennis te neem van ‘n voorstel wat hy nie vir sy eie rekening wil neem nie.

3.8 Daar word beweer dat gewetensbinding plaasvind wanneer meerderheidstem, en nie Skrifgronde nie, die deurslag van besluite gee. KO, art 31 is die ooreengekome wyse waarop besware hanteer behoort te word. Die leiding van die Heilige Gees by besluitneming deur vergaderings mag nooit misken word nie (kyk Hand 15:28, en ook KO, art 32). Wanneer ‘n besluit met meerderheidstem geneem word op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde, word daar nie geheers nie (‘n foutiewe interpretasie van KO, art 84), want dan regeer die Skrif.

3.9 Die woord “gewetensbinding” word dikwels in die kerke verkeerdelik gebruik as synde net negatief. Besluite deur meerdere vergaderings word juis geneem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings het hul gewetens gebind deur die Openlike Verklaring af te lê. Daardeur onderneem hulle om besluite te neem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes het ook reeds, toe hulle Belydenis van geloof afgelê het, onderneem om Skrif, Belydenis en Kerkorde te honoreer.

3.10 Daar moet gewaak word om te redeneer vanuit die kollegialistiese siening dat dit die Sinode is wat besluite neem en afforseer. Wanneer kerke byeenkom in meerdere vergaderings word daar nie deur ‘n “hoër vergadering” besluite op mindere vergaderings afgedwing nie, maar die kerke besluit saam op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde, in ooreenstemming met die presbiteriale kerkregeringstelsel.

3.11 Uit die beredenering van bepaalde Beswaarskrifte, kom die suggestie dat daar ‘n spanning, en selfs teenstrydigheid, bestaan tussen die Skrif aan die een kant, en die Kerkorde aan die ander kant. Hierdie is ‘n foutiewe redenasie aangesien die Kerkorde op die Skrif en Belydenis gebaseer is.

3.12 ‘n Beswaar moet behoorlik begrond word op Skrif, Belydenis en Kerkorde (KO, art 31). Die blote uitspreek van ‘n opinie, (byvoorbeeld sogenaamde “***onwyse optrede***”), is geen afdoende bewys nie.

3.13 Die *onus* rus op die beswaarde om te bewys dat besluite nie volgens Skrif, Belydenis en Kerkorde is nie. Die *onus* rus dus nie op meerdere vergaderings om te bewys dat dit wel die geval is nie (KO, art 31). Die werking van die Heilige Gees moet nie by die neem van besluite misken word nie.

3.14 Daar word deur sommige beswaardes beweer dat die saak rondom die vrou nie ‘n wesenlike of prinsipiële saak is nie. Sinode 2015 het egter besluit dat dit wel ‘n wesenlike of prinsipiële saak is, welke besluit as vas en bindend beskou moet word (KO, art 31).

3.15 Daar word deur sommige beswaardes om verdraagsaamheid gevra om mekaar se verskillende standpunte oor die saak van die vrou te akkommodeer, aangesien die saak belangrik is, maar na hulle mening nie so belangrik is dat die eenheid in die kerk daardeur in gedrang moet kom nie. Wat wesenlike sake aanbetref, mag ons egter nie net bloot in verdraagsaamheid verskillende standpunte akkommodeer nie maar bly by Skrif, Belydenis en Kerkorde. Feitlik 'n derde van die Kerkorde handel oor die dienste. Dit dui op die belangrikheid van die dienste vir die orde binne die kerk. Dit impliseer dat die dienste 'n wesenlike saak is wat alle kerke se kerkwees raak (KO, art 1).

Besluit: Punte 3.1 tot 3.15 kennis geneem.

4. 21.3, p336: Beswaarskrif GK Potchefstroom-Die Bult teen die besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant

4.1 *Beswaargrond (p336)*

4.1.1 Die Beswaardes meen dat die Sinode 'n gewetensbindende besluit geneem het, slegs volgens die oortuiging van 'n meerderheid, sonder dat afdoende Skrifgronde daarvoor te vinde is.

4.2 *Beoordeling*

4.2.1 Die beswaardes beweer dat die Sinode nie 'n bindende uitspraak op duidelike Skrifgronde kon lewer nie.

4.2.1.1 Beoordeling: Die Sinode het per implikasie 'n duidelike besluit geneem. Deur sy besluit het hy vir die Skrifgetuienis (soos vervat in die Rapport) volgens die een standpunt gekies.

4.2.2 Die beswaardes beweer dat om bloot by wyse van stemming te kies, 'n ongeldige wyse is om besluite te mag neem.

4.2.2.1 Beoordeling: Hierdie siening is in stryd met KO, art 31 wat die beswaardes volgens die kerklike weg moet toets.

4.2.3 Die beswaardes beweer dat daar nie duidelike Skrifgronde gevind kon word waarop 'n besluit oor die saak in gehoorsaamheid aan die Skrif geneem kon word nie.

4.2.3.1 Beoordeling: Die beswaardes kon nie uit die Skrif aantoon dat die vrou wel in die besondere dienste bevestig mag word nie. Die onus en die bewyslas rus op die beswaardes (KO, art 31).

4.2.4 Die beswaardes beweer dat slegs op grond van 'n meerderheid besluit is en dat 'n volgende Sinode anders sou kon besluit.

4.2.4.1 Beoordeling

4.2.4.1.1 Daar word beweer dat gewetensbinding plaasvind wanneer meerderheidstem, en nie Skrifgronde nie, die deurslag van besluite gee. KO, art 31 is die ooreengekome wyse waarop besware hanteer behoort te word. Die leiding van die Heilige Gees by besluitneming deur vergaderings mag nooit misken word nie (kyk Hand 15:28 en ook KO, art 32). Wanneer 'n besluit met meerderheidstem geneem word op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde, word daar nie geheers nie (foutiewe interpretasie van KO, art 84), want dan regeer die Skrif.

4.2.4.1.2 Die woord "gewetensbinding" word dikwels in die kerke verkeerdelik gebruik as synde net negatief. Besluite deur meerdere vergaderings word juis geneem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings het hul gewetens gebind deur die Openlike Verklaring af te lê. Daardeur onderneem hulle om besluite te neem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Afgevaardigdes het ook reeds, toe hulle Belydenis van geloof afgelê het, onderneem om Skrif, Belydenis en Kerkorde te honoreer.

4.2.4.1.3 Daar moet gewaak word om te redeneer vanuit die kollegialistiese siening dat dit die Sinode is wat besluite neem en afforseer. Wanneer kerke byeenkom in meerdere vergaderings word daar nie deur 'n "hoër vergadering" besluite op mindere vergaderings afgedwing nie, maar die kerke besluit saam op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde in ooreenstemming met die Presbiteriale kerkregeringstelsel.

4.2.4.1.4 Die beswaardes beweer dat die saak rondom die vrou nie ‘n wesenlike of prinsipiële saak is nie. Sinode 2015 (Acta 2015:320, 7.3.2; 323, 2.1) het egter besluit dat dit wel ‘n wesenlike of prinsipiële saak is, welke besluit as vas en bindend beskou moet word (KO, art 31).

4.2.5 Die beswaardes beweer dat die Sinode geen motivering vir sy besluit verskaf het nie (dat vroue nie as ouderlinge of predikante mag dien nie).

4.2.5.1 Beoordeling: Die *onus* rus op die beswaarde om te bewys dat besluite nie volgens Skrif, Belydenis en Kerkorde is nie. Die *onus* rus dus nie op meerdere vergaderings om te bewys dat dit wel die geval is nie (KO, art 31). Die Sinode het op grond van die studie soos vervat in die Rapport, wat rus op die Skrif, besluit. Sou die beswaardes meen dat hulle verongelyk is, kan die weg van KO, artt 31 en 46 gevolg word.

4.2.6 Die beswaardes beweer dat ‘n Sinode nie met reg ‘n keuse tussen twee stelle eksegetiese resultate kan maak as daar nie afdoende uitsprake in die Skrif is nie.

4.2.6.1 Beoordeling: Die Sinode het per implikasie besluit vir die een interpretasie. Sou die Sinode besluit het om nie oor die saak te stem nie, sou die gevolg wees dat die *status quo* gehandhaaf moes word, aangesien die beswaardes nie in die lig van die Skrif kon bewys dat hul standpunt die korrekte is nie.

4.2.7 Die beswaardes doen ‘n beroep op verdraagsaamheid om mekaar se verskillende standpunte oor hierdie saak te akkommodeer, aangesien die saak belangrik is, “***maar nie so belangrik dat die eenheid van die Kerk van Christus in gedrang mag bring nie. Verskillende sienings hieroor behoort in liefde geduld te word.***”

4.2.7.1 Beoordeling: Sinode 2015 (Acta 2015:320, 7.3.2; 323, 2.1) het alreeds besluit dat dit wel ‘n wesenlike of prinsipiële saak is, welke besluit as vas en bindend beskou moet word (KO, art 31).

4.2.8 Wat die beswaardes se aangeduide implikasies betref, word as volg beoordeel.

4.2.8.1 Indien daar nie afdoende Skrifbewys is nie, word die *status* quo gehandhaaf (KO, art 31). Ons bly dus by dit wat vas en bindend is en by die gesonde leer wat ons goed ken (2 Tim 3:15).

4.2.8.2 Die versoek deur die beswaardes dat plaaslike kerke self moet besluit of hulle vroue in die besondere dienste wil bevestig of nie, sal lei tot ‘n verdere verbreking van die eenheid binne kerkverband (Ef 4:1-6). Daar moet binne die kerkverband gewaak word teen independentisme wat die vrywillige binding aan tesame genome besluite prysgee (vgl KO, art 31).

4.2.8.3 Die Kerkorde se eerste afdeling handel oor die dienste. Dit impliseer dat die ampte ‘n wesenlike saak is wat alle kerke se kerkwees raak. (KO, art 1).

Besluit: Punte 4.1 tot 4.2.8.3 kennis geneem.

4.3 *Aanbeveling*

4.3.1 Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

Besluit: Goedgekeur.

KOMMISSIERAPPORTE: TEMATIESE EN SINCHRONISASIE (Artt 56, 83, 84, 85, 86, 87, 88)

A. Ds JL van der Schyff rapporteer namens die Kommissie Tematiese en Sinchronisasie.

B. **EERSTE KOMMISSIERAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 Na oorleg met die Moderamen is die volgende aan die Kommissies deurgegee:

1.1.1 Elke Kommissie maak 'n aanbeveling oor die gewig van die stel beswaargronde wat na hulle verwys is.

1.1.2 Klem is daarop gelê dat die Kommissies net op die beswaargronde moet fokus.

1.1.3 Dat elke Kommissie hulle Rapport aan die Kommissie Tematiese en Sinchronisasie sal voorsien wat dit dan aan die Ordekommissie sal voorsien vir vertaling (indien nodig) en fotostatering.

1.1.4 Dat die Sinode besluite oor elkeen van die Rapporte van die onderskeie Kommissies neem.

1.1.5 Dat die Kommissie Tematiese en Sinchronisasie die inligting in die Rapporte van die onderskeie Kommissies sowel as die besluite wat die Sinode daaroor geneem het, per Beswaarskrif sal rangskik.

1.1.6 Dat die Kommissie Tematiese en Sinchronisasie voortspruitend hieruit 'n Rapport per Beswaarskrif aan die Sinode sal voorlê.

1.1.7 Die Sinode neem na aanleiding hiervan besluite oor elkeen van die Beswaarskrifte.

1.2 Die Kommissie Kerkregtelik het 'n sesde moontlike tema, naamlik "Belydenis", na aanleiding van die volgende geïdentifiseer:

1.2.1 Beswaarskrif GK Potchefstroom-Die Bult teen besluit van Sinode 2009, 21.3, 2015, Punt 3.8.

1.2.2 Beswaarskrif Klassis Oostelike Pretoria teen besluit van Sinode 2009, 21.8, 2012, Punt Motivering.

1.2.3 Beswaarskrif GK Krugersdorp teen besluit van Sinode 2009, 21.5, 2012, Beswaargrond 1, gewetensbinding.

1.3 'n Klein Kommissie bestaande uit di SD de Kock en PJ Jansen van Nieuwenhuizen is saamgestel om die verwysings in die verskillende Beswaarskrifte na die Belydenis genoem na te gaan en te weeg.

1.4 Nadat die terugvoer van die Kommissie in punt 1.3 genoem ontvang is, oordeel die Kommissie Tematies en Sinchronisasie dat dit nie nodig is om 'n Kommissie Belydenis aan te wys nie.

Motivering

1.4.1 Daar word net na die Belydenis verwys sonder dat die Belydenis as 'n beswaargrond gebruik word.

1.4.2 Die sake wat in die beswaargronde hanteer word sal steeds hanteer word, want dit is verwys na die Kommissie Kerkreg om te hanteer.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.4.2 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Dat daar nie 'n Kommissie aangewys word om aan 'n sesde moontlike tema "Belydenis" aandag te gee nie.

Besluit: Goedgekeur.

C. **TWEEDE KOMMISSIERAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1. *Opdrag*
Om die Sinode te adviseer rakende die skrywe van IPB.

1.2. Die Kommissie het die skrywe nagegaan en rapporteer die volgende aan die Sinode:

1.2.1. In die skrywe bied IPB hulle verskoning aan, omdat hulle nie die Sinode kan bywoon nie, stuur hulle groete aan die GKSA en bid hulle die Sinode seën toe.

1.2.2. Aangeheg by die brief is antwoorde op 'n vraelys wat iemand vanuit die GKSA aan hulle gestuur het.

1.2.3. Die vraelys en antwoorde handel oor die saak van die vrou in die besondere dienste.

1.2.4. Die Sinode kan slegs kennis neem van die vraelys en antwoorde op die vraelys, aangesien dit oor die saak van die vrou in die besondere dienste in die breë, terwyl die fokus van hierdie Sinode die spesifieke Beswaarskrifte is wat voor die Sinode dien.

1.2.5. Die persoon wat die vraelys aan IPB gestuur het, kan die antwoorde by die Kommissie Temas en Sinchronisasie kom afhaal.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.5 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1. Dat kennis geneem word van die skrywe.

Besluit: Goedgekeur.

D. **DERDE KOMMISSIERAPPORT OOR BESWAARSKRIF VAN GK BLOEMFONTEIN-SUID**

1. Opdrag
Om na aanleiding van die Sinode se besluite oor die temas "Openbaringshistories", "1 Korintiërs 14" en "1 Timoteus 2" die Sinode te adviseer oor die Beswaarskrif van GK Bloemfontein-Suid (21.3; 2012:347-352).

Besluit: Kennis geneem.

2. Beswaargrond 1

2.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Minderheidsrapport van Kommissie Openbaringshistories dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (3.1.4.1, art 69).

Besluit: Kennis geneem.

3. Beswaargrond 2

3.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie Openbaringshistories dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (3.2.4, art 69).

Besluit: Kennis geneem.

4. Beswaargrond 3

4.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie oor 1 Korintiërs 14 dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (3.11, art 63).

Besluit: Kennis geneem.

5. Beswaargrond 4

5.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie oor 1 Korintiërs 14 dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (4.8, art 63).

Besluit: Kennis geneem.

6. Beswaargrond 5

6.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Meerderheidsrapport van Kommissie 1 Timoteus 2 dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (5.4).

Besluit: Kennis geneem.

7. Beswaarskrif as geheel

7.1 Aanbeveling

Dat die Beswaarskrif as geheel nie slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

E. **VIERDE KOMMISSIERAPPORT OOR BESWAARSKRIF VAN GK KLERKSDORP**

1. Opdrag

Om na aanleiding van die Sinode se besluite oor die tema “Kerkregtelik” die Sinode te adviseer oor die Beswaarskrif van GK Klerksdorp (21.4; 2012:354-358).

Besluit: Kennis geneem.

2. Beswaargrond 1

2.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie Kerkregtelik dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar.

Besluit: Kennis geneem.

3. Beswaargrond 2

3.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie Kerkregtelik dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar.

Besluit: Kennis geneem.

4. Beswaargrond 3

4.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie Kerkregtelik dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar.

Besluit: Kennis geneem.

5. Beswaargrond 4

5.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie Kerkregtelik dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar.

Besluit: Kennis geneem.

6. Beswaar in geheel

6.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie Kerkregtelik dat die beswaar in geheel nie slaag nie, aanvaar.

Besluit: Kennis geneem.

F. **VYFDE KOMMISSIERAPPORT OOR BESWAARSKRIF 1 VAN GK KRUGERSDORP**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

Om na aanleiding van die Sinode se besluite oor die temas “Openbaringhistories”, “1 Timoteus 2”, “Kerkregtelik” en “Prakties” die Sinode te adviseer oor Beswaarskrif 1 van GK Krugersdorp (21.5; 2012:359-362).

Besluit: Kennis geneem.

2. Beswaargrond 1

2.1 Die Sinode het die aanbeveling van die kommissie Kerkregtelik dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (6.1.2.1, art 68).

Besluit: Kennis geneem.

3. Beswaargrond 2

3.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie Openbaringshistories dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (3.3.4, art 69).

Besluit: Kennis geneem.

4. Beswaargrond 3

4.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie Openbaringshistories dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (3.4.4, art 69).

Besluit: Kennis geneem.

5. Beswaargrond 4 (5.1)

5.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie Praktiese Uitvoerbaarheid dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (6.1, art 72).

Besluit: Kennis geneem.

6. Beswaargrond 4 (5.2)

6.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie Praktiese Uitvoerbaarheid dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (6.2, art 72).

Besluit: Kennis geneem.

7. Beswaargrond 4 (5.3)

7.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Meerderheidsrapport van Kommissie 1 Timoteus 2 dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar.

Besluit: Kennis geneem.

7.2 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie Kerkregtelik dat die beswaargrond ten opsigte van pt 5.3.3.2 nie slaag nie, aanvaar (6.2.2.1, art 68).

Besluit: Kennis geneem.

8. Beswaargrond 4 (5.4)

8.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie Praktiese Uitvoerbaarheid dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (6.3, art 72).

Besluit: Kennis geneem.

9. Beswaarskrif as geheel

9.1 Aanbeveling:

Dat die Beswaarskrif as geheel nie slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

G. **SESDE KOMMISSIERAPPORT OOR BESWAARSKRIF 2 VAN GK KRUGERSDORP**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

Om na aanleiding van die Sinode se besluite oor die temas “1 Korintiërs 14”, “Openbaringshistories” en “1 Timoteus 2” die Sinode te adviseer oor Beswaarskrif 2 van GK Krugersdorp (21.2; 2015:325-335).

Besluit: Kennis geneem.

2. Beswaargrond 1

2.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Meerderheidsrapport van Kommissie 1 Timoteus 2 dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (3.2.4).

Besluit: Kennis geneem.

3. Beswaargrond 2

3.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Meerderheidsrapport van Kommissie 1 Timoteus 2 dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (3.3.5).

Besluit: Kennis geneem.

4. Beswaargrond 3

4.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie 1 Korintiërs 14 dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (5.3, art 63).

Besluit: Kennis geneem.

5. Beswaargrond 4

5.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Meerderheidsrapport van Kommissie 1 Timoteus 2 dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (3.4.5).

Besluit: Kennis geneem.

6. Beswaargrond 5

6.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Meerderheidsrapport van Kommissie Openbaringshistories dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (3.5.4.1, art 71).

Besluit: Kennis geneem.

7. Beswaargrond 6

7.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Meerderheidsrapport van Kommissie 1 Timoteus 2 dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (3.5.5).

Besluit: Kennis geneem.

8. Beswaargrond 7

8.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie 1 Korintiërs 14 dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (6.4, art 63).

Besluit: Kennis geneem.

9. Beswaargrond 8

9.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie 1 Korintiërs 14 dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (7.6, art 63).

Besluit: Kennis geneem.

10. Beswaargrond 9

10.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie 1 Korintiërs 14 dat die beswaargrond slaag, nie aanvaar nie (8.5, art 63).

Besluit: Kennis geneem.

11. Beswaargrond 10

11.1 Die Sinode het die aanbeveling van die Kommissie 1 Korintiërs 14 dat die beswaargrond nie slaag nie, aanvaar (9.5, art 63).

Besluit: Kennis geneem.

12. Beswaarskrif as geheel

12.1 Aanbeveling

Dat die Beswaarskrif as geheel nie slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

BEDANKINGS (Art 90)
Die voorsitter, ds HJP de Beer, rig toepaslike woorde aan die volgende:

- Die Ordekommissie
- Die kosters van die Sinode
- Mnre Pieter Steyn en AJ Rechterschot van die Media
- Dr W du Plessis
- Susters van die onderskeie plaaslike kerke vir die teeskink
- Administratiewe Buro
- Tolke
- Dr HG Zwemstra wat ook getolk het
- Vertalers
- Buitelandse gaste
- Sr Mariaan Breed word deur ds CB Swanepoel bedank
- Moderamen

Die ondervoorsitter, ds C Aucamp, bedank die voorsitter, ds HJP de Beer, vir sy besonderse leiding aan die vergadering.

AFSLUITING (Art 92)
Die ondervoorsitter, ds C Aucamp, lees Johannes 17, rig enkele toepaslike woorde, doen ‘n gebed en laat sing Psalm 48 en Lifela Tsa Sione 60.

DIE SINODE VERDAAG.

INDEKS

Bladsy

A

Ad hoc kommissie
- Samesteling van kommissies....20
Afsluiting....139
Agenda
- Rapport, Buitengewone Algemene Sinode....10
Amptelike opening....1
Appèldeputate
- Rapport....49

B

Bedankings....139
Besoekers....6
Beswaarskrifte
- Ontvanklikheid van....27
- GK Potchefstroom-Die Bult teen besluite van Sinode 2015 oor “Spesiale” Sinode....29
- Streeksinode Randvaal teen besluite van Sinode 2015 oor “Spesiale” Sinode....41
- GK Bloemfontein-Suid teen die besluit van Sinode 2009 oor dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie....50
- GK Klerksdorp teen die besluit van Sinode 2009 tot die saak van die vrou in die diens van ouderlinge en predikant....62
- GK Krugersdorp (1) oor besluit van Sinode 2009 oor “Saak van die vrou”....71
- AH Klopper, AP Kruger, AH Stavast en RL Vorster oor besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die amp....84
- Klassis Oostelike Pretoria teen die besluit van Sinode 2009 – dat vroue nie as predikant en ouderlinge mag dien nie....96
- GK Krugersdorp (2) oor besluit van Sinode 2009 “oor saak van die vrou”....101
- GK Potchefstroom-Die Bult teen die besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant....128
Buitengewone Algemene Sinode
- Versoek Streeksinode Vrystaat-KwaZulu-Natal....40

D

Daaglikse presensie....5
Dagopeninge....5
Dagsluitings....5
Dankwoord....139

G

Gelukwensinge
- Meelewing....5
- Verjaarsdae/huweliksherdenkinge....5
Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid
- Beswaarskrif, teen die besluit van Sinode 2009 oor dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie....50
- Kommissierapport – Openbaringshistories....57
- Kommissierapport – Beswaargronde oor 1 Kor 14....59

- Kommissierapport – Beswaargronde oor 1 Tim 2 60
Gereformeerde Kerk Klerksdorp
- Beswaarskrif, teen die besluit van Sinode 2009 tot die saak van die vrou in die diens van ouderlinge en predikant....62
- Kommissierapport – Kerkregtelik 66
Gereformeerde Kerk Krugersdorp
- Beswaarskrif 1, oor besluit van Sinode 2009 oor “Saak van die vrou”....71
- Kommissierapport – Openbaringshistories....75
- Kommissierapport – Praktiese Uitvoerbaarheid 76
- Kommissierapport – Kerkregtelik 78
- Kommissierapport – Beswaargronde oor 1 Tim 2 81
- Beswaarskrif 2, oor besluit van Sinode 2009 “oor saak van die vrou” 101
- Kommissierapport – Beswaargronde oor 1 Tim 2, minderheidsrapport....111
- Kommissierapport – Beswaargronde oor 1 Tim 2, meerderheidsrapport....116
- Kommissierapport – Beswaargronde oor 1 Kor 14....124
- Kommissierapport – Openbaringshistories....126
Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Die Bult
- Beswaarskrif, “Spesiale” Sinodes....29
- Ordevoorstel....39
- Beswaarskrif, teen die besluit van Sinode 2009 oor die vrou in die dienste van ouderling en predikant 128
- Kommissierapport – Kerkregtelik 130
Godsdiensoefening ....
Goedkeuring
- Notules 7

I

Indeling van Beswaarskrifte
- Kommissies 19

K

Klassis Oostelike Pretoria
- Beswaarskrif, Klassis Oostelike Pretoria teen die besluit van Sinode 2009 – dat vroue nie as predikant en ouderlinge mag dien nie 96
- Kommissierapport – Kerkregtelik 97
Kommissies....19
- Ad hoc, samestelling van....20
Kommissierapporte – Tematies en Sinchronisasie 134
Konstituering 1
Kredensiebriewe....1

M

Moderamen
- Eerste rapport – ad hoc – taalpraktyk 23
- Tweede rapport – ad hoc – taalpraktyk....24
- Ordevoorstel – taalpraktyk....25
- Rapport....22
- Verkiesing....4
Mosies
- van gelukwensing 6
- van meelewing....6

N

Notule
- Goedkeuring van 7
- Register van artikels iii

O

Ontvanklikheid
- Rapport.....27
Opening 1
Openlike verklaring.....5

P

Presensie
- Daaglikse.....5
Programmering
- Rapport Deputate 12
- Aanvullende Rapport Deputate 16

R

Roepende Kerkraad
- Rapport.....8
- Aanvullende Rapport 9

S

Spesiale Sinodes
- Beswaarskrif, GK Potchefstroom-Die Bult.....29
- Beswaarskrif Streeksinode Randvaal.....41
- Rapport van die Kommissie – advies oor Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal...48

T

Taalpraktyk
- Eerste rapport – ad hoc 23
- Tweede rapport – ad hoc.....24
- Ordevoorstel 25

V

Verkiesing
- Moderamen 4
Versoek
- Streeksinode Vrystaat-KwaZulu-Natal 40
Verwelkoming.....1
- Besoekers.....6
Vrou in die amp
- Beswaarskrif, AH Klopper, AP Kruger, AH Stavast en RL Vorster oor besluit van Sinode 2003 84
- Kommissierapport.....91